




Wes-Kaapse
Regering

Gesondheid



Jaarverslag 2011
Tygerberg-hospitaal

Jaarverslag 2011 van Tygerberg-hospitaal

Visie

Gehaltegesondheid vir almal.

Missie

Om gelyke toegang tot gesondheid te bied in samewerking met die toepaslike belangegroep binne 'n gebalanseerde gesondheidstelsel wat goed bestuur word.

Waardes

Die oorkoepelende waardes wat deur die Wes-Kaapse Regering bepaal is, is:

- Deernis • Bevoegdheid • Aanspreeklikheid
- Integriteit • Deelname

Die kernwaardes wat weerspieël sal word in die manier hoe die visie en missie bereik word:

- Integriteit • Openbare aanspreeklikheid • Innovering
- Oopheid en deursigtigheid
- Toewyding aan dienste van hoë gehalte
- Respek vir mense • Uitnemendheid

INHOUD

Voorwoord	4
Boodskap van Professor Craig Househam	4
Boodskap van Dr Beth Engelbrecht	5
Boodskap van Dr Dimitri Erasmus	6
Finansies	7
Administrasie	19
Verpleging	65
Biomediese Wetenskappe	75
Kliniese Sielkunde	86
Gemeenskapsgesondheid	88
Forensiese patologie	93
Mediese Beelding en Kliniese Onkologie	95
Geneeskunde	104
Obstetrie en Ginekologie	136
Pediatrie en Kindergesondheid	151
Psigiatrie	183
Chirurgiese Wetenskappe	192
Kliniese Ingenieurswese	205
Menslike Voeding	209
Arbeidsterapie	216
Fisioterapie	219
Spraakterapie en Oudiologie	222
Vrywilligersdienste	224
Hospitaalskool	226
Statistiek	227

VOORWOORD

Boodskap van Professor Craig Househam


Hoof van Wes-Kaapse Gesondheid

Tygerberg-hospitaal het 'n spesiale en belangrike plek in die gesondheidsdienste van die Wes-Kaap. Dit is die grootste hospitaal in die provinsie, met 1 310 beddens in werking, en is in noue verbinding met die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch. Hoewel die hospitaal oud is ten opsigte van die normale lewensduur van 'n hospitaal, en dringende opknapping of vervanging benodig, lewer die personeel steeds noodsaaklike gesondheidsdienste aan 'n wye spektrum van pasiënte. Tydens my besoeke aan Tygerberg-hospitaal het die innobering en toegewytheid van die gesondheidswerkers, ondanks die feit dat die toestande by die hospitaal nie altyd optimaal is nie, my beïndruk.

Ek was verlede jaar bevoorreg om die goeie gees onder die hospitaalpersoneel te beleef by die jaarlikse HUB-bal by die hospitaal. Dit was 'n baie genotvolle aand en het gewys dat, behalwe vir hul professionele vaardighede, baie werknemers ook merkwaardige talente op die dansvloer het!

In 2011 is die eerste stappe geneem in die uitgerekte proses om Tygerberg-hospitaal te moderniseer en moontlik te vervang. Die aanstelling van 'n projekbestuurder vir die herontwikkeling van die Tygerberg-perseel het die aanvang beteken van wat aan die uiteinde 'n hospitaalopknappingsprojek van etlike miljard rand gaan wees. Dié wat reeds die nuwe Khayelitsha-hospitaal gesien het, sal besef watter verskil 'n moderne, doelgeboude hospitaal maak aan die werksomstandighede, doelmatigheid en, inderdaad, die genot van personeel. Ek vertrou dat wanneer hierdie projek uiteindelik verwerklik word, die "nuwe" Tygerberg-hospitaal die trotse tradisie van die huidige hospitaal ver in die toekoms sal indra.

Intussen gee ek erkenning aan die goeie werk van die personeel in al die afdelings van Tygerberg-hospitaal gedurende die afgelope jaar, waar 60 000 pasiënte en meer as 300 000 mense in die hospitaal se buitepasiëntdepartemente gesien is. Die hospitaal moet veral erkenning kry vir die steun wat dit aan die kern van die nuwe Khayelitsha-hospitaal verleen het deur dit vir etlike jare te huisves, en wat dit voortduur om te verleen, as die verwysingshospitaal vir die nuwe hospitaal. My innige dank aan dr. Dimitri Erasmus en sy bestuurspan wat voortgaan om die verbetering van gesondheidsdienste na te streef, vir hul harde werk en toewyding.



Boodskap van Dr Beth Engelbrecht

Adjunk-direkteur-Generaal: Sekondêre, Tersiêre en Noodsorg (Wes-Kaapse Regering Gesondheid)

Die jaar 2010 was die afsnytpunt vir die Omvattende Diensplan. Dit het gekom en gegaan, en die nuwe diensplan vir 2020 lê op die horison. Ons fokus vir die toekoms is pasiëntgesentreerde sorg, die verbetering van gesondheidsuitkomstes, en 'n organisasie en diens wat op waardes gegrond is. Hierdie elemente is kritiek om die gehalte van sorg te verbeter en is vir die Departement en die hospitaal van onskatbare waarde in ons nastrewing van nasionale kernstandaarde-akkreditasie.

Die multilaterale ooreenkoms (MLO) tussen die Wes-Kaapse Regering en die vier universitêre hoërondewysinstellings (HOI's) in die provinsie het goed gevorder, en alle partye het hulle daartoe verbind om genoeg ooreenstemming te bereik om die MLO in 2012 te sluit. Dit sal die stewige basis vorm waarop verskeie huidige ooreenkomste met die HOI's hersien gaan word, ten opsigte van toegang tot die diensplatform vir kliniese onderrig, opleiding en navorsing, en van 'n gesamentlike personeelstelsel.

Begrip van wat vir ons voorlê gee aan ons 'n nuwe uitkykpunt waaruit ons die afgelope jaar kan bekyk. Die opening van die Khayelitsha-distrikshospitaal vroeg in 2012 het die pasiëntprofiel van TBH aansienlik verander. Gesamentlike beplanning is ter voorbereiding hiervan in Geografiese Diensgebied Oos en dwarsoor die distrik gedoen, en TBH het toegesien dat verwysings en dienste gesentreerd bly op die pasiënt en op die bestuur van die impak van die skuif op TBH.

Die herskikking van dienste in die hospitaal het die kraamsaaldienste verbeter en die toevoeging van nooddokters by die noodsentrum het die nood sorg wat ons lewer, versterk. Die hospitaal het deurlopend 10 pediatriese intensiewesorg-beddens in werking gehad, en het vier bykomende hoërsorg- neonatalebeddens in diens gestel.

Opeenhopings in teater, radiologie en kritieke sorg was steeds 'n uitdaging. Stappe is gedoen om die situasie aan te spreek. Vyf operasieteaterpraktisyns het hulle ingeskryf by die tweejaar-opleidingsprogram, en die dienste van Magnetiese resonansie-beelding en Rekenaartomografie (MRI & CT) het hul werksure verleng.

Die geskenkte PET-CT is amptelik in diens gestel aan die einde van die boekjaar, wat 'n belangrike mylpaal vir die kerngeneeskundediens is

Hospitaalverworwe infeksies bied uitdagings aan beide personeel en pasiënte in enige hospitaal. Die hospitaal het steeds gefokus op die nakoming van die Beste Sorg Altyd-bondels, soos die voorkoming van ventilator-veroorsaakte longontsteking, en infeksies in die chirurgiese opset.

Die projekbestuurder vir die herbouing van Tygerberg-hospitaal is aangestel en het begin met beplanning wat vir die volgende paar jaar sal voortduur. Dit sal die neem van strategiese besluite vereis. Die ontwerp moet modern wees, die noodsentrum ruim en die algemene spesialis-beddens op so 'n manier georganiseer word dat die ganse Metro-Oos optimaal gesteun word.

TBH is 'n grootse diens met stewige fondasies in sy kliniese personeel, asook in sy bestuur en HOI-vennote. Tans word die distriksgesondheidsdienste in sy dreineringsgebied(e) stelselmatig versterk. Vir die toekoms wat voorlê op weg na 2020, omvat TBH al die elemente wat benodig word vir die reis na ons bestemming, naamlik 'n nuwe Tygerberg-hospitaal.



Boodskap van Dr Dimitri Erasmus

Hoofdirekteur: Tygerberg-hospitaal

Tygerberg-hospitaal speel steeds 'n kernrol in die lewering van spesialis- en hoogs gespesialiseerde gesondheidsdienste in die Wes-Kaap en is steeds 'n instelling van akademiese uitmuntendheid, deur middel van die vennootskap met die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.

Hierdie jaarverslag weerspieël die aktiwiteite en prestasies van 2011.

Dit was 'n besige jaar vir die hospitaal, met net meer as 61 000 toelatings en 315 000 buitepasiënt-koppe wat getel is.

Die totale besteding vir die 2011/12 finansiële jaar het R1 754 982 beloop.

Die hoofprestasies in 2011 was:

- Dr. Ludwig Martin wat as projekbeampte vir die ontwikkeling van die hospitaal-vernuwingsprojek aangestel is;
- Dr. Neshaad Schrueder wat as die Hoof van Algemene Geneeskunde aangestel is;
- Vier ekstra beddens in neonatale hoërsorg wat in gebruik geneem is;
- Langer skanderingsure vir RT- en MRB-skandering wat geïmplementeer is;
- Die nuwe hartkateteriseringsteater en kardiaale-eggokardiografie-suiteskandeerder wat in gebruik geneem is;
- belangrike toerustingaankope wat 'n mammografie-masjien, 'n neuronavigasiestelsel vir neurochirurgie en 'n tru-osmose-watersuiweringstelsel vir nierdialise ingesluit het;
- die sosiale hoogtepunte naamlik die Opedag, die jaareindfunksie vir personeel en die uitvoerende-hoof-bal.

Die volgende belangrike personeellede het in hierdie tyd afgetree:

- Mnr. Desmond Matthews: Adjunk-direkteur Ingenieursdienste;
- Me. Conelle Ford: Apteekhoof;
- Dr. Richard Muller: Bestuurder Mediese Dienste;
- Prof. Shaheen Mehtar: Spesialis in Infeksievoorkoming en -beheer.

Hul bydrae tot Tygerberg-hospitaal word besonder waardeer en ek wens hulle voorspoed toe met hul affrede.

Laastens wil ek die personeel bedank vir hul harde werk en toewyding wat gelei het tot vele prestasies en aktiwiteite soos in hierdie jaarverslag weerspieël word.



FINANSIES

Finansiële Oorsig van Tygerberg-hospitaal vir 2011/12

Direkteur: Mnr. Touflek Salie

Tygerberg-hospitaal is die grootste gesondheidsfasiliteit in die Wes-Kaap. Die hospitaal word gefinansier deur die Nasionale Tersiêre Dienstetoekenning (NTSG), die Toekenning vir die Ontwikkeling en Opleiding van Gesondheidsberoepspersone (HPDTG) en die Provinsiale Billike Deel. 'n Kleinere toekenning spruit uit die Mediumtermyn Strategietoekenning.




'n Oorsig van die hospitaal se jaarlikse finansiële uitslae vir 2011/12.

	BEGROTING	WERKLIK	AFWYKING	%
Besteding	R1 756,1 milj.	R1 755,0 milj.	R1,1 milj.	0,06%
Inkomste	R92,0 milj.	R102,0 milj.	R10,0 milj.	10,8%


Die uitslae toon dat die hospitaal daarin geslaag het om aan die immer veeleisende behoefte aan algemene en spesialissorg te voldoen binne die beperkte finansiële hulpbronne. Die werklike besteding was ietwat (R1,1 miljoen [milj.]) onder die begroting en dit met minder as 'n persentasiepunt. Die rede hiervoor was die vroeë boekafsluitings in Finansies. Desnieteenstaande sal die voortdurende pasiëntladingsdruk en die las van ongunstige plaaslike en internasionale ekonomiese faktore ten opsigte van valuta-uitruilkoerse, rentekoerse, energie-/olieprysverhogings en die hoë gesondheidsinflasie, toekomstige uitdagings wees.

Die grafiese uiteensetting van die kwartaalike uitgawes dui op 'n toename in die tweede en vierde kwartale, veroorsaak deur terugwerkende vergoeding, kapitaaltoerusting-aflewerings en die vooruitbetaling van vasgestelde rekeninge.

Tygerberg-hospitaal 2011/2012 Totale Bestedingsoorsig



Die grootste invloed van inkomste was uit die Padongelukkefonds, mediese fonds-skemas, staatsdepartemente en individuele pasiënte. Die grafiese tendense van inkomste-invloei toon 'n aansienlike styging in die laaste kwartaal, danksy die invloed van die Padongelukkefonds, wat aanleiding gegee het tot 'n oorverhaling van R10 milj. (10,9%) teen die mikpunt vir 2011/12.



'n Samevatting ter verduideliking van die bestedingsuitslae volg.

1. Personeelbesteding

PERSENEEL-BESTEDING	BEGROTING	WERKLIK	AFWYKING	%
Persal-personeel	R1 170,9 milj.	R1 174,4 milj.	R3,5 milj.	-0,3%
Gedeelde personeel	R43,2 milj.	R44,3 milj.	R1,1 milj.	-2,6%
Agentskappersoneel	R16,9 milj.	R18,7 milj.	R1,8 milj.	-10,9%
Totaal	R1 231,0 milj.	R1 237,5 milj.	R6,5 milj.	-0,5%


Die getal hospitaalpersoneel, 4 252 teen jaareinde Maart 2012, het met 22% (0,5%) toegeneem sedert April 2011, hoofsaaklik in die poskategorieë Verpleging en Medies. Dit is egter steeds 3,7% onder die goedgekeurde postelys (APL).

Die algemene Verbeterde Diensvoorwaarde-aanpassings van die salarisse van personeel is deur alle personeel verwelkom.

Dit was noodsaaklik om van 'n aansienlike hoeveelheid verpleegagentskap-personeel gebruik te maak gedurende die jaar weens die nasionale tekort aan verpleegkundiges. Die strategiese posisie is om eerder voltydse verpleegkundige ekwivalente aan te stel.

Die nuwe Gesamentlike Ooreenkoms met die universiteite en teknikons is afgehandel.

Tygerberg-hospitaal 2011/2012 Personeelvoorsieningsneigings



2. Goedere en dienste (agentskapskoste nie ingesluit nie):

	BEGROTING	WERKLIKE	AFWYKING	%
Goedere en dienste	R489,3 milj.	R482,2 milj.	R7,1 milj.	1,5%

Die onderbesteding aan goedere en dienste moet binne die konteks van die oorbesteding aan personeelkoste beskou word.

Vernaamste bestedingspatrone

	WERKLIK BESTEE IN 2010/11	WERKLIK BESTEE IN 2011/12
Laboratoriumdienste	R71,7 milj.	R66,0 milj.
Bloed en bloedprodukte	R43,3 milj.	R50,9 milj.
Apteekegoedere	R65,8 milj.	R63,1 milj.
Ingenieurswese en instandhoudingsdienste	R36,0 milj.	R35,0 milj.
Mediese/chirurgiese verbruiksartikels	R145,4 milj.	R148,5 milj.
Stoom, gas en energie	R46,7 milj.	R46,7 milj.
Steundienste	R26,5 m.	R26,5 m.


Pasiënt-aktiwiteite vergeleke met die vorige boekjaar:

	2010/11	2011/12
Pasiëntdag-ekwivalente (PDE's)	512 160	499 486
Toelatings	60 637	61 740
Pasiëntdae	375 475	375 622
Buitepasiënt-koptelling	317 300	315 264


Koste per PDE

- Totale koste per PDE R 3 537
- Laboratorium R 133
- Apteekgoedere R 127
- Bloed R 103
- Mediese voorrade R 88
- Chirurgiese voorrade R 190


Tygerberg Hospitaal - Totaal PDE's




Tygerberg-hospitaal – Buitepasiëntdepartement-koptellings



Tygerberg-hospitaal – Toelatingsneigings



Tygerberg-hospitaal – Binnepasiëntdae-neigings



3. Kapitaaltoerusting:

Benewens die voorsiening wat vir kapitaaltoerusting in die begroting gemaak is, het Tygerberg-hospitaal hospitaalraadbefondsing en skenkings soos die PET/RT-skandeerder ontvang.

Eie kapitaalfondse

R33,6 milj.

Die hoofitems wat vir kapitaaltoerusting geprioritiseer is, was:

- Mediese en verwante toerusting R27,2 milj.
- Rekenaarhardeware R3,2 milj.
- Huishoudelike toerusting en meubels R1,2 milj.

Modernisering van Tersiêre Dienste (MTD)-toekenning

R35,7 milj.

Die MTD-toekenningsfondse was steeds in die tertiêre instellings hoofsaaklik vir die modernisering van die Radiologiese beeldingstechnologie aangewend. Tygerberg-hospitaal het R13,555 milj. daarvan ontvang vir die verkryging van skope en koopstokke, die instandhouding van die Hermes-stelsel, rekenaarhardeware vir PACS/RIS, bykomstighede vir die PET/CT-skandeerder en die verdere uitbreiding van die Open Text ECM-stelsel.

Direktoraat Finansies

Hooffreke van die jaar:

- Drie bykomende personeellede het by die Finansies-span aangesluit: Assistent-direkteur: Bates, Administrasiebeampte: Bates, asook 'n verkrygingsklerk.
- Die departement het 'n ongekwalifiseerde oudit vir 2011/12 behaal, met 'n sertifikaat van die Ouditeur-Generaal vir 'n aansienlike verbetering in die ouditbevindings. Gebiede wat steeds aandag benodig, is die deurlopende voldoening aan wetlike voorskrifte en regulasies.
- Die departement het 'n gedelegeerde beheereenheid geskep en personeel aangestel om vooraf-oudits in hospitale uit te voer om die mate van voldoening aan alle wetlike regulasies vas te stel. Dit het 'n positiewe uitwerking gehad.
- Opleiding is aan nege interns aan universiteite en teknikons verskaf.
- Die hele Khayelitsha-hospitaaldienspunt by Tygerberg-hospitaal het na die perseel van die nuwe Khayelitsha-hospitaal verskuif.

Visie


Om die maatstaf te word waarteen ander finansies-departemente hulself meet.

Missie


Om voortdurend na wêreldklas beste praktyke te streef in die bestuur van finansies, voorsieningskettings en inligting (sleutel-bevoegdhede):

- Om aan die hoogste etiese standaarde, integriteit, eerlikheid, deursigtigheid en respek te voldoen en daarin te volhou.
- Om ten alle tye aan die wetgewende vereistes en regulatoriese voorskrifte en instruksies te voldoen.
- Om streng interne beheer en begrotingsinperkingsmaatreëls toe te pas.
- Om doeltreffendheid en doelmatigheid na te streef in die vaartbelyning van verkrygings- en finansiële prosesse binne optimale tydsiklusse.
- Om verhoudings, spanwerk en samehorigheid te bevorder vir die bereiking van doelwitte.
- Om bestuurs- en bedryfsinligting van gehalte te verskaf, ten einde bestuurders te bemagtig om die korrekte handelswyse te neem.

Organisatoriese Struktuur van Finansies



1. AFDELING FINANSIES



Die Departement Finansies word toenemend uitgedaag deur verskeie voldoeningsvereistes wat uit die Ouditeur-Generaal se ouditbevindinge spruit.

Dit plaas groter verantwoordelikhede op die departement om sy verpligtinge aan verskaffers na te kom deur toe te sien dat dit sy pligte doeltreffend en doelmatig nagekom word, sonder die benadeling van die regte van die verskaffer. Die toenemende uitdaging is om 'n agterstand in betalings te voorkom en toe te sien dat verskaffers binne 30 dae betaal word.

Die vernaamste uitdaging in hierdie subdirektoraat is inderdaad om die opeenhoping van werk, agterstande, die mis van betaaldatums en die laat prosessering van verskaffersrekeninge te vermy. Hierdie uitdagings is goed die hoof gebied danksy kapasiteitsbou en die toewyding van die personeel in die handhawing van 'n doeltreffende werkstandaard.

Toe die Hoof Finansiële Beampte Tygerberg-hospitaal versoek het om in Maart 2012 betalings te maak ten einde geprojekteerde besparings te bereik, het die toegewyde personeel van die Diverse Krediteure-afdeling dit reggekry om betalings ter waarde R26 milj. te doen vir Maart 2012.

Diverse Krediteure het die betaling van 52 634 fakture in die 2011/12-boekjaar hanteer.

Die gestelde mikpunt om personeelskuld met 40% te verminder, is bereik. Daar was 328 gevalle met 'n geldwaarde van R1 589 789. Slegs 143 gevalle was teen die einde van Maart 2012 onafgehandel, wat 'n verrekeningskoers van 56% weerspieël.


Bates-en-lasterekening

- Sedert die begin van die jaar is 'n geldwaarde van R535 736 met 78% na R118 452 verminder teen die jaareinde in Maart 2012.

Die eenheid het aan sy maandelikse verslagleweringvereistes voldoen, ten opsigte van, onder meer, die status van die bates-en-lasterekeninge, binnejaar-moniteringsverslae en die laai van begrotings op BAS.

Teen jaareinde was die uitstaande opgelope skuld R26 milj., vergeleke met die vorige boekjaar se R52,2 milj. Die bedrag is aansienlik verminder (met 50,2%). 'n Maandelikse olopingsvergadering is in plek om uitstaande skuld op te volg.

2. VOORSIENINGSKETINGBESTUUR: VOORRAADSTORE



Die tien voorraadstore, naamlik die Voorradestoor, Chirurgiestoor, Verbandestoor, Weggooibare-itemsstoor, Tegniese- en Kliniese-ingenieurswesestoor, Skryfbehoeftestoor, Ingenieurstoor, SSVD-stoor en die Teaterstore, waaronder die twee kombuisstore, het aankope ter waarde van R62 milj. gemaak. Die nie-voorraadhoudende pakhuis het koopopdragte ter waarde van R416 milj. geplaas. Die waarde van gestoorde voorraad aan die einde van Maart 2012 was R15 milj.

Die doel van die store, om 'n steundiens aan die hospitaalbestuur en ander eenhede te lewer deur stooradministrasie, is suksesvol bereik.

Twee suksesvolle voorraadopnames is uitgevoer, halfjaar en teen jaareinde, met minimale afwyking in voorraad. Voorraadopnames is ook deurlopend deur vier bestuurders in die verskillende store gedoen. 'n Maandelikse verpligtingsvergadering is in plek gestel om terug te rapporteer oor uitstaande bestellings.

Vir die eerste keer is 'n fisiese telling van alle items by die Ingenieurswese/Instandhoudingstore gedoen en in voorraad geplaas.


Bergingsruimte in die hoofstore is altyd 'n groot probleem, en ons het veilige akkommodasie in die laergrondverdieping van Proteahof bekom vir al ons grootmaatvoorraad.

Vir die welstand van die stoorsoneel is vloerteëls met 'n lae geraasvlak gelê teen 'n koste van R65 000.

Die installasie van swaardiensrakke, teen 'n koste van R205 000, het die potensiële pakruimte verdubbel. Dit het 'n gevoel van trots onder die personeel gekweek en die moreel 'n hupstoot gegee.

Een van drie Algemene stoorassistente het sy graad 12 suksesvol deur ABET voltooi.

3. VOORRAADKETINGBESTUUR: VERKRYGING

**Toerustingaankope**

Fondse wat beskikbaar gestel is vir kapitaaltoerusting het R33,549 milj. beloop, met 'n verdere R5 milj. vir bestaande toerusting.

'n Totaal van 31 botte (oor R500 000) ter waarde van R28 107 504,55 is in die 2011/12-boekjaar toegeken.

Vir toerustingitems tussen R100 000 en R500 000, is 38 "klein" botte op uitnodiging aanvaar en bestel, teen 'n koste van R9 473 028.

Groot kapitaaltoerusting wat in die 2011/12-boekjaar gekoop is, was:

1x digitale mammografie-eenheid teen R4,391 milj.

1x neuro-navigasiesistelsel vir Neurochirurgie teen R1,938 milj.

1x digitale pulmonêre funksie-ontledingstelsel teen R1,156 milj.


Aankope met die Mediumtermyn strategietoekenning:

Gastroënterologie-toerusting	R 2 287 580
Mobiele C-arm vir Urologie	R 983 830
PACS: rekenaartoerusting	R 1 085 264
PET/RT- bykomende laboratoriumtoerusting en meubels	R 3 785 598
	<hr/>
	R 8 142 272

Aankope van goedere en dienste

Altesaam 28 643 bestellings is in 2011/12 geplaas.

4. EENHEID VIR BATEBESTUUR



Vir die grootste deel van die boekjaar het die eenheid nie oor die nodige kapasiteit beskik ten opsigte van 'n assistent-direkteur en rekeningkunde beampte nie. Hierdie twee poste is eers onderskeidelik in Mei en Maart 2012 gevul. Die eenheid het gevolglik grootliks uit 'n Senior Administrasiebeampte, agt klerke en 'n senior algemene voorman bestaan. Ten spyte van hierdie uitdaging, het die eenheid sy jaarlikse batetelling suksesvol afgehandel en toegesien dat verouderde en stukkende bates ter waarde van R17 milj. veilig van die hand gesit is.

Die verkope van sekere uitgediende bates kon R190 000 genereer.

Die eenheid, onder die leiding van die Direkoraat Finansies, het die opening openingsbalansversoening vir beide groot en klein bates suksesvol afgehandel.

Groot bates:	9 403	R402 milj.
Klein bates:	59 558	R69,5 milj.

Die proses om bate-inventarisse onder die gebruikersdepartemente te versprei, is begin. Die doel van die lysie is om gebruikers verantwoordelik te hou vir die bates in hul afdelings. Die inventaris sal help om toesien dat bestaande toerusting optimaal gebruik word deur die gereelde fisiese opname daarvan, wat hul beveiliging en instandhouding sal bevorder.

5. EENHEID VIR INLIGTINGSBESTUUR

Die Eenheid vir Inligtingsbestuur (IMU) bestaan uit drie komponente, naamlik Finansiële kostesentrums, IT-hardeware en Pasiëntstatistieke. Die primêre funksie van die eenheid is om die inligting en data van die amptelike stelsels by Tygerberg-hospitaal te bestuur en om met beplanning en die ontplooiing van harde- en sagteware te help. Die eenheid werk nou saam met Pasiëntadministrasie om gehaltepasiëntdata te verseker. Verslag word oor pasiëntdata gelewer by die funksionelesake-eenheidvergaderings, M&E-forums en aan die NTSG.

Die Hardeware-komponent het dit reggekry om die Internetkafee weer op die been te bring. 'n Totaal van 450 rekenaars en 200 drukkers is aangekoop om die DITCOM-agterstand die hoof te bied.

Die implementering van kostesentrum verslagleweringopleiding is deur die kostesentrum-komponent gedoen, en 'n aantal eindgebruikers is in die 2011/12-boekjaar opgelei. Dit het baie eindgebruikers gehelp om die oorgang te maak van papiergebaseerde na elektroniese stelsels. Opleiding sal 'n voortdurende proses wees deur die volgende boekjaar.


Die Gatekeepers het 'n sentrale rol gespeel in die implementering van die funksionele sake-eenhede, deurdat hulle komplekse finansiële en sake-aangeleenthede ontleed, geïnterpreteer, saamgevat en aangebied het aan die bestuur van die funksionele sake-eenhede, op 'n manier wat tegelykertyd verstaanbaar en behoorlik gegrond is.

Die Pasiëntstatistieke-komponent het die gebruik van die Teatermodule op Clinicom geïmplementeer. Die

nuwe module sal teaterbestuur help met die verslaglewering oor die korrekte getal operasies wat in die teaterkompleks verrig is, asook oor die nuwe teaterverwante-elemente vir provinsiale en nasionale statistieke.

Die grootste bate van die eenheid is sy personeel, wat jonk, dinamies en toegewyd is tot die diens wat hulle aan Tygerberg-hospitaal lewer:

STRUKTUUR VAN DIE EENHEID VIR INLIGTINGSBESTUUR



2012/13: Die pad vorentoe

Die Departement van Gesondheid het die grootste sny van die Wes-Kaapse Regering se 2012/13-begroting ontvang.

Die begroting wat aan Tygerberg-hospitaal toegeken is, het in die 2012/13-boekjaar met 7,4% na R1 885,2 milj. gestyg.

KATEGORIE	2011/12 BEGROTING	2012/13 BEGROTING	TOENAME	%
Vergoeding aan werknemers	1 214,1	1 330,3	116,2	9,6%
Goedere en dienste	506,3	530,7	24,4	4,8%
Oordragte	2,1	3,2	1,1	14,4%
Kapitaaltoerusting	33,6	21,0	-12,6	-37,3%
	1 756,1	1 885,2	129,1	7,35%

Die personeelbegroting vir die goedgekeurde postelys: 4 415 poste is goedgekeur teen 'n 96,1% vullingskoers.

Goedere en dienste: nominale verhoging van 4,8%


Kapitaaltoerusting: hertoewysing

Die bykomende beddens wat toegeken moes word aan Tygerberg-hospitaal is moontlik te wyte aan die opening van die nuwe hospitaal.

ADMINISTRASIE

Adjunk-direkteur: Mnr. Phillip Wolfaardt

Die onderstaande diagram beeld die afdelings van hierdie subdirektoraat uit.



Vervolgens word die aktiwiteite van hierdie departement gelys.

Menslike Hulpbronbestuur**Assistent-direkteur: Mnr. E.C. Steyn**

Die poste binne Menslike Hulpbronbestuur is toepaslik gevul in hierdie jaar.

POS	GEVUL	VAKANT	TOTAAL
Assistent-direkteur Direkteur	1	0	1
Hoof- Admin. Beampte	4	0	4
Hoof Adminklerk	2	0	2
Admin. Beampte	4	0	4
Senior Adminklerk	24	3	27
Totaal	35	3	38

Die personeelomsetstatistiek van Tygerberg-hospitaal en die Mondgesondheidsentrum is soos volg:

Tygerberg-hospitaal

KLASSIFIKASIE	ADMINISTRASIE	BEROEPS PERSONE	TEGNIES	VERPLEGING	ALGEMEEN
Bedankings	5	33	6	41	7
Afdankings	0	0	1	3	14
Swak gesondheid	0	0	2	3	3
Aftrede op 65	5	6	2	5	7
Vroeë aftrede	3	3	2	3	20
Sterfte	0	0	2	2	11
Oorplasing uit	19	5	3	27	3
Kontrak verval	21	52	3	18	15
Totaal	53	99	21	102	80
Oorplasing in/Aanstellings	57	104	24	134	104
Verskil	+4	+5	+3	+32	+24

Die stand van poste by Tygerberg-hospitaal en die Mondgesondheidsentrum is soos volg:

Mondgesondheidsentrum

KLASSIFIKASIE	ADMINISTRASIE	BEROEPS PERSONE	TEGNIES	VERPLEGING	ALGEMEEN
Bedankings	0	1	0	0	1
Afdankings	0	0	0	0	0
Swak gesondheid	0	0	0	0	0
Aftrede op 65	0	0	1	0	0
Vroeë aftrede	0	0	0	0	2
Sterfte	0	0	0	0	0
Oorplasing uit	3	0	0	0	0
Kontrak verval	0	1	0	0	0
Totaal	3	2	1	0	3
Oorplasing in/Aanstellings	2	1	1	0	4
Verskil	-1	-1	0	0	+1

Die stand van poste by Tygerberg-hospitaal en die Mondgesondheidsentrum is soos volg:

INSTELLING	GEVUL	VAKANT	DEELTYDS
Tygerberg-hospitaal	4157	291	60
Mondgesondheidskantoor	194	6	22

Beleid en prosedure vir ongeskiktheidsverlof en swak gesondheid in die Staatsdiens (PILIR)

'n Statistiese oorsig van die PILIR-gevalle in die 2010/12-siklus vir die periode 1 Januarie 2011 tot 31 Desember 2011 vir Tygerberg-hospitaal en die Mondgesondheidsentrum volg:

Gevalletotaal		659	
<i>Afgekeur deur Soma</i>		<i>Onafgehandelde gevalle</i>	
Kortperiode-ongeskiktheid	225	Kortperiode-ongeskiktheid	73
Langperiode-ongeskiktheid	3	Langperiode-ongeskiktheid	8
Swakgesondheid-aftrede	5	Swakgesondheid-aftrede	2
Totaal	233	Totaal	83
<i>Goedgekeur deur Soma</i>		<i>Afwyking</i>	
Kortperiode-ongeskiktheid	280	Kortperiode-ongeskiktheid	20
Langperiode-ongeskiktheid	50	Langperiode-ongeskiktheid	2
Swakgesondheid-aftrede	13	Swakgesondheid-aftrede	1
Totaal	343	Totaal	23

TBH- Indiensnemingsbillikheid (EE)-statistiek, 15 Februarie 2011**Permanent – Ras en geslag**

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	603	134	469
Swart vrou	530	460	61
Kleurlingman	1046	501	545
Kleurlingvrou	908	2123	-1215
Indiërman	23	7	16
Indiërvrou	11	25	-14
Blanke man	385	186	199
Blanke vrou	309	359	-50

TBH Indiensnemingsbillikheid (EE)-statistiek, 15 Februarie 2011**Nie-permanent – Ras en geslag**

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	67	14	53
Swart vrou	59	24	35
Kleurlingman	115	39	76
Kleurlingvrou	100	81	19
Indiërman	3	17	-14
Indiërvrou	1	25	-24
Blanke man	43	102	59
Blanke vrou	34	110	-76

TBH Indiensnemingsbillikheid (EE)-statistiek, 15 November 2011

Permanent – Ras en geslag

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	606	138	468
Swart vrou	533	502	31
Kleurlingman	1050	500	550
Kleurlingvrou	912	2104	-1192
Indiërman	23	8	15
Indiërvrou	11	27	-16
Blanke man	387	184	203
Blanke vrou	310	362	-52

TBH Indiensnemingsbillikheid (EE)-statistiek, 15 November 2011

Nie-permanent – Ras en geslag

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	63	12	51
Swart vrou	56	22	34
Kleurlingman	110	34	76
Kleurlingvrou	95	73	22
Indiërman	2	18	-16
Indiërvrou	1	25	-24
Blanke man	40	101	-61
Blanke vrou	32	103	-71

Mondgesondheidsorg EE-statistiek, Januarie 2011

Permanent – Ras en geslag

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	23	3	20
Swart vrou	20	13	7
Kleurlingman	39	29	10
Kleurlingvrou	34	63	-29
Indiërman	1	2	-1
Indiërvrou	0	1	-1
Blanke man	15	11	4
Blanke vrou	12	22	-10

Mondgesondheidsorg EE-statistiek, Januarie 2011**Nie-permanent – Ras en geslag**

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	7	5	2
Swart vrou	6	3	3
Kleurlingman	12	10	2
Kleurlingvrou	11	19	-8
Indiërman	0	2	-2
Indiërvrou	0	0	0
Blanke man	5	4	1
Blanke vrou	4	1	3

Mondgesondheidsorg EE-statistiek, Februarie 2011**Permanent – Ras en geslag**

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	23	3	20
Swart vrou	20	12	8
Kleurlingman	40	28	12
Kleurlingvrou	35	64	-29
Indiërman	1	2	-1
Indiërvrou	0	2	-2
Blanke man	15	12	3
Blanke vrou	12	22	-10

Mondgesondheidsorg EE-statistiek, Februarie 2011**Nie-permanent – Ras en geslag**

KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Swart man	4	6	-2
Swart vrou	3	2	1
Kleurlingman	7	6	1
Kleurlingvrou	6	2	4
Indiërman	0	2	-2
Indiërvrou	0	0	0
Blanke man	3	4	-1
Blanke vrou	2	2	0

Menslike Hulpbronbestuur: Werkspraktyke**Assistent-Direkteur: Me. B. Houston**

POS	GEVUL	VAKANT	TOTAAL	KOMMENTAAR
Assistent-Direkteur	1	0	1	Een kontrakaanstelling in die Admin. Klerk-pos sal permanent gevul word in April 2012.
Senior Admin	3	0	3	
Admin. Beampte	1	0	1	
Admin. Klerk	6	0	6	
Totaal	11	0	11	

Werwing- en keuringstatistiek

Totale poste geadverteer	137
Totale aanstellings gedoen	624
Getal onderhoudvergaderings	176
Deeltyds/kontrak	333
Permanent/proeftyd	291

Personeelbeheer

Die goedgekeurde postelys (GPL) soos op 1 April 2011 word op die bladsye wat volg weergegee.


SUBGROEP EN SALARISVLAK (SV)	KOSTE PER POS (R'000)	2011/12 GOED-GEKEURDE GETAL POSTE	SUBGROEP	KOSTE PER POS (R'000)	2011/12 GOED-GEKEURDE GETAL POSTE
Bestuur Salarisvlak (SV) 9-10	301	18	Tegniese Wetenskaplikes SV 7-8	213	2
Bestuur SV 11-12	648	12	Tegniese Wetenskaplike SV 9-10	318	7
Bestuur SBS	817	2	Tegniese Wetenskaplike SV 11-12	466	7
Mediese Interns	366	86	Tegniese Wetenskaplike SV 13	712	2
Mediese Beampte Gemeenskapsdiens	628	1	Admin SV 1-5	127	287
Mediese Beampte Graad 1	628	48	Admin SV 6	168	203
Mediese Beampte Graad 2	628	16	Admin SV 7-8	215	65
Mediese Beampte Graad 3	628	26	Tegniese Wetenskaplike SV 3-6	194	
Mediese Spesialis Graad 1	942	65	Sekretarisse SV 3-7	172	3
Mediese Spesialis Graad 2	942	16	Store Admin SV 2-6	134	5
Mediese Spesialis Graad 3	942	38	Store Admin SV 7	199	3
Mediese Subspesialis Graad 1	942	15	Ambagspersone SV 05-10	194	21
Mediese Subspesialis Graad 2	942	9	Ingenieurs SV 3-6	100	1
Mediese Subspesialis Graad 3	942	7	Ingenieurs SV 7-8	208	12
Farmakologie SV 11-12	777	1	Ingenieurs SV 9-10	296	8
Kliniese Assistent	647	212	Ingenieurs SV 11-12	444	1
Senior Kliniese Assistent	942	3	Nutsman SV 3-4	112	20
Algemene Professionele Verpleegkundige	219	352	Senior Administratiewe Beampte SV 03-7	140	29
Spesialis- Professionele Verpleegkundige	308	380	Huishoudelik SV 1-2	84	171
Stafverpleegkundige	153	356	Huishoudelik SV 3-6	99	272
Verpleegassistent	128	740	Huishoudelik SV 7-8	236	1
Kliniese Sielkundige SV 6	152	4	Huishoudelik SV 9-10	244	1
Kliniese Sielkundige SV 9-12	346	4	Drywers SL 2-6	110	11
Dieetkundige SV 6-8	207	16	Voedseldienste SV 1-2	84	57
Arbeidsterapie SV 3-6	163	7	Voedseldienste SV 3-6	103	64
Arbeidsterapie 7-8	214	11	Voedseldienste SV 7-8	191	7
Arbeidsterapie SL 9-10	322	1	Voedseldienste SV 9	279	1
Oogkundige SL 6-8	188	1	Algemene werkers SV 1-2	87	20
Apteek SV 9-12	306	29	Algemene werkers SV 3-5	99	37
Fisioterapeut SV 4-6	162	1	Terreinwerkers SV 1-2	69	3
Fisioterapeut SV 7-8	212	18	Bodes SV 1-2	87	11
Fisioterapeut SV 9-10	344	1	Bodes SV 3-4	91	11
Radiografis SV 3-6	163	11	Operateurs SV 2	86	2
Radiografis SV 7-8	229	92	Operateurs SV 3-6	120	81
Radiografis SV 9-11	323	3	Portiere SV 1-2	83	76
Maatskaplike Werkers SV 6-8	117	3	Portiere SV 3-4	96	50
Maatskaplike Werkers SV 9-10	273	18	Sekuriteit SV 3-6	117	27
Spraakterapie SV 6-8	190	12	Sekuriteit SV 7-8	199	1
Kliniese Tegnoloog SV 3-6	89	5	Skakelbord SV 3-6	134	17
Kliniese Tegnoloog SV 7-8	230	21	Skakelbord SV 7	204	1
Kliniese Tegnoloog SV 9-10	313	16	Vakmanne SV 1-3	85	32
Mediese Tegnoloog SV 7-8	226	11	Tiksters SV 3-6	161	45
Mediese Tegnoloog SV 9-10	306	2	Groototaal		4 364

Die goedgekeurde poste bykomend tot die GPL:

SUBGROEP EN SALARISVLAK (SL) OF GRAAD (G)	KOSTE PER POS (R'000)	2011/12 GETAL GOEDGEKEURDE POSTE
Bestuur SV 9-10	328	2
Mediese Kliniese Hoof	1,398	4
Mediese Beampte G1-3	721	8
Mediese Beampte G1-3	989	4
Mediese Subspesialis G1-3	1,125	2
Kliniese Assistent	669	14
Senior Kliniese Assistent	890	15
Algemene Professionele Verpleegkundige	241	31
Spesialis Professionele Verpleegkundige	339	52
Stafverpleegkundige	166	52
Verpleegassistent	133	67
Dieetkundiges G1-3	285	1
Aptek G1-3	465	3
Radiografiste G1-3	292	5
Admin SV 1-6	164	7
Admin SV 7-8	238	2
Nutsman SL 3-6	123	1
Huishoudelik SV 1-6	105	10
Groototaal		280

Diensbillikheidstatistiek


Tabel 1: Permanente Personeel: Ras / Geslag / Gestremtheid



TABEL 1: PERMANENTE PERSONEEL: RAS / GESLAG / GESTREMDHEID

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras	Swart	1138	640	498
	Kleurling	1962	2604	-642
	Indiër	34	35	-1
	Blank	698	546	152
Gestremdheid	Persone met gestremdheid		18	
Geslag	Mans	2066	830	1236
	Vroue	1767	2995	-1228

Tabel 2: Permanente Personeel: Ras en Geslag




	SM	SV	KM	KV	IM	IV	BM	BV
MIKPUNT	605.614	532.787	1050.242	912.254	22.998	11.499	387.133	310.473
HUIDIGE EE	138	502	500	2104	8	27	184	362
GAPING	467.614	30.787	550.242	-1191.746	14.998	-15.501	203.133	-51.527

TABEL 2: PERMANENTE PERSONEEL: RAS EN GESLAG

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras en getal	Swart man	606	138	468
	Swart vrou	533	502	31
	Kleurlingman	1050	500	550
	Kleurlingvrou	912	2104	-1192
	Indiërman	23	8	15
	Indiërvrou	11	27	-16
	Blanke man	387	184	203
	Blanke vrou	310	362	-52

Tabel 3: Nie-permanente Personeel: Ras / Geslag / Gestremdheid




	SWART	KLEURLING	INDIËR	BLANKE	PMG	MAN	VROU
MIKPUNT	118.8	204.8	3.6	72.8		215.6	184.4
HUIDIGE EE	34	107	43	204	0	165	223
GAPING	84.8	97.8	-39.4	-131.2		50.6	-38.6

TABEL 3: NIE-PERMANENTE PERSONEEL: RAS / GESLAG / GESTREMDHEID

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras	Swart	119	34	85
	Kleurling	205	107	98
	Indiër	4	43	-39
	Blank	73	204	-131
Gestremdheid	Persone met gestremdheid		0	
Geslag	Man	216	165	51
	Vrou	184	223	-39

Tabel 4: Nie-permanente Personeel: Ras en geslag




	SM	SV	KM	KV	IM	IV	BM	BV
MIKPUNT	63.2	55.6	109.6	95.2	2.4	1.2	40.4	32.4
HUIDIGE EE	12	22	34	73	18	25	101	103
GAPING	51.2	33.6	75.6	22.2	-15.6	-23.8	-60.6	-70.6

TABEL 4: NIE-PERMANENTE PERSONEEL: RAS EN GESLAG

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras en geslag	Swart man	63	12	51
	Swart man	56	22	34
	Kleurlingman	110	34	76
	Kleurlingvrou	95	73	22
	Indiërman	2	18	-16
	Indiërvrou	1	25	-24
	Blanke man	40	101	-61
	Blanke vrou	32	103	-71

Tabel 5: Alle Personeel: Ras / Geslag / Gestremdheid




	SWART	KLEURLING	INDIËR	BLANKE	PMG	MAN	VROU
MIKPUNT	1257.201	2167.296	38.097	770.406		2281.587	1951.413
HUIDIGE EE	674	2711	78	750	18	995	3218
GAPING	583.201	-543.704	-39.903	20.406		1286.587	-1266.587

TABEL 5: ALLE PERSONEEL: RAS / GESLAG / GESTREEMDHEID

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras	Swart	1257	674	583
	Kleurling	2167	2711	-544
	Indiër	38	78	-40
	Blank	770	750	20
Gestremdheid	Persone met gestremdheid		18	
Geslag	Man	2282	995	1287
	Vrou	1951	3218	-1267

Tabel 6: Alle Personeel: Ras en geslag



	SM	SV	KM	KV	IM	IV	BM	BV
MIKPUNT	668.814	588.387	1159.842	1007.454	25.398	12.699	427.533	342.873
HUIDIGE EE	150	524	534	2177	26	52	285	465
GAPING	518.814	64.387	625.842	-1169.546	-0.602	-39.301	142.533	-122.127

TABEL 6: ALLE PERSONEEL: RAS EN GESLAG

	KATEGORIE	MIKPUNT	HUIDIGE EE	GAPING
Ras en geslag	Swart man	669	150	519
	Swart vrou	588	524	64
	Kleurlingman	1160	534	626
	Kleurlingvrou	1007	2177	-1170
	Indiërman	25	26	-1
	Indiërvrou	13	52	-39
	Blanke man	428	285	143
	Blanke vrou	343	465	-122

Samevatting van salarislakke

SALARISVLAK	PRESTASIE VAL ONDER VOLKOME DOELTREFFEND	GETAL WERKNEMERS WAT KWALIFISEER	GETAL WERKNEMERS BY INSTELLING	PERSENTASIE WERKNEMERS WAT KWALIFISEER
Vlakke 1-2	(0% - 99%)	56	356	15,73
Vlakke 3-5	7	370	1700	21,76
Vlakke 6-8	3	215	999	21,52
Vlakke 9-10	0	125	600	20,83
Vlakke 11-12	1	45	575	7,83
Totaal	16	811	4230	19,17

Samevatting van beroepsgroeperinge

BEROEPSGROEPERING	PRESTASIE VAL ONDER VOLKOME DOELTREFFEND	GETAL WERKNEMERS WAT KWALIFISEER	GETAL WERKNEMERS BY INSTELLING	PERSENTASIE WERKNEMERS WAT KWALIFISEER
Medies	1	44	582	7,56
Verpleging	1	357	1809	19,73
Administrasie	13	358	1584	22,60
Sosiale Wetenskap	1	52	255	20,39
Totaal	16	811	4230	19,17
Total	16	811	4230	19,17

Samevatting van verteenwoordiging (ras, geslag en gestremdheid)

BILLIKHEID	PRESTASIE VAL ONDER VOLKOME DOELTREFFEND	GETAL WERKNEMERS WAT KWALIFISEER	GETAL WERKNEMERS BY INSTELLING	PERSENTASIE WERKNEMERS WAT KWALIFISEER
Kleurlingman (KM)	4	105	549	19,13
Kleurlingvrou (KV)	6	456	2199	20,74
Blanke man (BM)	2	37	293	12,63
Blanke vrou (BV)	1	75	495	15,15
Swart man (SM)	1	30	142	21,13
Swart vrou (SV)	2	103	455	22,64
Indiërman (AM)	0	1	50	2,00
Indiërvrou (AV)	0	4	47	8,51
Persone met gestremdheid (PMG)	0	0	0	0,00
Totaal	16	811	4230	19,17

Arbeidsverhoudinge**Mnr. R. Japhta****Informele dissiplinêre optrede**

	MANS				VROUE				TOTAAL
	S	K	I	B	S	K	I	B	
Dissiplinêre optrede									
Korrektiewe berading	0	1	0	0	0	0	0	1	2
Mondelinge waarskuwing	0	4	0	0	2	3	0	1	11
Geskrewe waarskuwing	7	13	0	0	6	19	0	2	46
Finale geskrewe waarskuwing	9	15	0	2	3	21	0	0	50
Totaal	16	33	0	2	11	43	0	4	109

Formele dissiplinêre verhore gefinaliseer

UITKOMSTES VAN DISSIPLINÊRE VERHORE	AANTAL
Finale geskrewe waarskuwing	3
Skorsing sonder salaris	4
Demovering	0
Afdankings	13
Onskuldig	3
Sake teruggetrek	1
Sake afgewys	0
Verhoor hangend	9
Totaal	33
Appèl teen afdanking hangend	2

Soorte wangedrag aangespreek by dissiplinêre verhore

SOORTE WANGEDRAG	AANTAL	DEPARTEMENT
Afwesig van werk sonder rede of toestemming	17	Voedseldienste, Verpleging, Huishoudelik, Kliniese Ingenieursdienste, Portierdienste
Diensweiering	1	Pasiëntadministrasie
Nalatigheid	1	Pasiëntadministrasie
Aanranding of dreigemente van aanranding	1	Steundienste
Vervalsing van siektesertifikate	5	SSVD, Tikster, Mediese en Saalklerk
Ongemagtigde verwydering van staatseiendom	3	Store, Voedseldienste
Middelmisbruik	2	Sekuriteitsdienste
Seksuele teistering	3	Ingenieursdienste, Portierdienste
Totaal	33	

Griewe ingedien

SOORTE GRIEWE	AANTAL
SPMS-griewe ontvang	15
SPMS-griewe opgelos	6
PILIR-griewe ontvang	6
PILIR-griewe opgelos	5
OSD-griewe ontvang	31
OSD-griewe opgelos	28
Ander griewe ontvang nie te make met SPMS, PILIR of OSD nie	44
Ander griewe opgelos nie te make met SPMS, PILIR of OSD nie	29
Gesamentlike griewe ontvang	3
Gesamentlike griewe opgelos	2
Totaal ontvang	99
Totaal opgelos	70

Griewe hangend

VLAK	AANTAL
Hangend by instelling	14
Hangend by hoofkantoor	15
Hangend by Staatsdiens-kommissie	0
Totaal	29

Geskille

VLAK	AANTAL
Geskille verklaar	7
Geskille van die hand gewys	0
Geskille onttrek	0
Geskille wat dooiepunt bereik het	1
Ooreenkomste bereik	0
Geskille gefinaliseer	1
Geskille hangend	5

Opleiding

Getal werknemers opgelei	1057
Persentasie werknemers opgelei	26,3

Voorsorgskorsings

Getal werknemers geskors	3
Getal mense wie se skorsing 60 dae oorskry het	0
Getal werknemers steeds geskors teen 31 Desember 2010	0

Vergelykende statistiek:

INFORMELE DISSIPLINE		
	2010	2011
Korrektiewe berading	4	2
Mondelinge waarskuwings	2	11
Geskrewe waarskuwings	69	46
Finale geskrewe waarskuwings	47	50

FORMELE DISSIPLINE		
	2010	2011
Geskrewe waarskuwings	0	0
Finale geskrewe waarskuwings	5	3
Skorsing sonder vergoeding	20	4
Demovering	0	0
Afdanking	3	13
Onskuldig	2	3
Sake teruggetrek	4	1
Sake van die hand gewys	1	0

GRIEWE		
	2010	2011
SPMS	13	15
OSD	0	31
Ander griewe	37	44
PILIR	5	6

DISPUTE		
	2010	2011
Dispute verklaar	9	7
Dispute van die hand gewys	1	0
Dispute onttrek	1	0
Dispute wat 'n dooiepunt bereik het	1	1
Ooreenkomste bereik	1	0
Dispute gefinaliseer	4	1
Dispute hangend	5	5

OPLEIDING		
	2010	2011
Getal werknemers opgelei	923	1057
Persentasie werknemers opgelei	23	26.3
Personeel	4005	4055

Kursusse aangebied en bygewoon

2010	2011
Aanbiedings oor afwesigheid	Aanbiedings oor afwesigheid
Gedragkode en dissiplinêre prosedure	Gedragkode en dissiplinêre prosedure
Voorsittende en ondersoekbeamptes	Voorsittende en ondersoekbeamptes
Informele dissiplinêre prosedure	Informele dissiplinêre prosedure
Griefprosedure	Griefprosedure
Inleiding tot arbeidswetgewing	Middelmisbruik
Jaarlikse seminaar oor arbeidswetgewing	Jaarlikse seminaar oor arbeidswetgewing
Induksie	Inleiding tot arbeidsverhoudinge
Gemassifiseerde induksie	Seksuele teistering
Seksuele teistering	Dissiplinêre vaardighede
PERSAL	Versoening en arbitrasie
PILIR	Bedrogvoorkoming
	Verslagskrywing

SKORSING AS VOORSORGMAATREËL		
	2010	2011
Werknemers geskors	4	3

Prestasies

Opleiding het van 23 na 26,3% geklim.

Inligtingssessies vir personeel en toesighouers het tot 'n afname in informele dissiplinêre optrede gelei.

Menslike Hulpbronontwikkeling

Assistent-Direkteur: Me. J. Johnson

Leerlingskappe 2010/11

Diagnostiese radiografie

Elf (11) leerlinge is tans in die program. Vier (4) leerlinge voltooi tans hul finale jaar en sewe (7) is in hul tweede jaar.

Daar was geen nuwe innames vir 2011/12 nie.

Befondsing: Gesondheid- en Welsyn-SETA

Apteek

Basiese aptekersassistente

Vyf (5) werkende (18.1) leerlinge volg tans die kursus.

Befondsing: Khet'impilo-opleiding

Na-basiese aptekersassitente

Vier (4) werklose (18.2) leerlinge volg tans die kursus.

Befondsing: Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)

Beurse

Twee-en-vyftig (52) werknemers het deeltydse beurse ontvang vir 2011, met 'n beraamde begroting van R680 234,50. Hierdie begunstigdes werk in die volgende gebiede: Verpleging, Administrasiesteun, en Beroepspersone. Die beurse word deur die Direkoraat: MHO befonds.

Agtien (18) Administratiewe Steun- en Beroepspersoon-beursaansoeke is vir 2012 ontvang, waarvan twaalf (12) goedgekeur is. Verpleegbeurse word steeds goedgekeur.

Volwasse Verdere Onderwys en Opleiding (Graad 12)

Twee-en-sestig (62) leerlinge het ingeskryf vir Graad 12-klasse.

Ses-en-twintig personeellede het ingeskryf vir klasse om in Mei/Junie 2012 eksamens te skryf.

Internskap

Uitgebreide Openbare Werke-program

Drie (3) datavaslegger-interns werk voltyds en twee (2) het nie hul kontrakte hernu nie. Tans is 17 interns dus in diens van die hospitaal.

Hoër onderwys en verdere onderwys

Drie (3) Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT)-studente in Menslike hulpbronbestuur is die geleentheid gebied om ondervindingsopleiding vir

drie (3) maande te ontvang tussen April en Junie 2011. Hierdie studente het blootstelling ontvang in personeel- en werkspraktyke, arbeidsverhoudinge en mensehulpbronontwikkeling (MHO).

Generiese interns (agtien maande-ondervindingsprogram)

Hierdie studente benodig 'n agtienmaande-internskap om hul diploma of sertifikaat te voltooi. Vyftien (15) studente van Northlink-college en KSUT is by Ingenieursdienste, Finansies en MHO geplaas. Sewe (7) studente het permanente werk by Gesondheid bekom, vyf (5) studente is besig met hul internskap.

Opleiding

Vaardighedefonds en die Provinsiale Opleidingsinstituut

Ondanks uitdagings, soos die verlies van personeel by MHO weens oorplasinge en die veranderinge in die verkrygingsprosesse, het die opleidingstatistiek verbeter. Die funksie word tans uitgebrei en inisieer nuwe programme wat kostedoeltreffend is, soos inligtingsessies. Opleiding sluit in interne gekoördineerde kortkursusse, vaardighedsprogramme, eksterne en interne werkwinkels, kongresse/konferensies en opleiding wat deur die Provinsiale Opleidingsinstituut aangebied word.

Besteding: R802 861,21

Getal opleidingsingrypings: 3 167

Getal werknemers opgelei: 1784

iMOCOMP-befondsing (verbetering en instandhouding van bevoegdheids- beroepspersone)

Fondse is vanuit die Direkoraat: MHO as bykomende finansiering toegeken ten einde voortdurend die vaardighede van gesondheidsberoepspersone op te bou om die las van siekte aan te spreek.

MHO-komitee

Die MHO se beleid en mandaat is aan inethouers voorgelê. Beide dokumente is gereed vir goedkeuring.

Personeelwelstandsprogram (EAP)

Die hospitaal sien steeds om na sy personeel deur van die dienste, verkry deur Hoofkantoor, van ICAS, 'n onafhanklike verskaffer van berading en raad, gebruik te maak. Gevalle wat dikwels voorgekom het, het verband gehou met verhoudingskwessies, regs kwessies, kinder- en gesinsorg, spanning,

sielkundige probleme en psigiatriese siekte en geldbestuur. Die verhouding tussen die interne EAP en ICAS is steeds 'n lewensvatbare opsie.

Benuttingskoers

Oor die drie kwartale van 2011 (April tot Desember) is 136 gevalle hanteer. In die periode April tot Desember 2010 is 227 gevalle hanteer, wat dui op 'n afname in die gebruik van die dienste. Dit word aanbeveel dat bestuurs- en verwysingsdienste aangemoedig word en ook dat meer werknemersbewusmakingsessies gehou word.

Die heersende tendens is dat die meeste van die gevalle uit probleme buite die werksopset spruit, byvoorbeeld verhoudingskwessies, wat boaan die lys van gevalle in elke kwartaal van 2011 was. Ingedeel volgens geslag, gee die data te kenne dat vroue meer geneig is om hulp te kry vir hul probleme as mans. Daar was verder 'n toename in sielkundige probleme en psigiatriese kwessies weens depressie en angsversteurings.

'n Groep-traumaberadingsessie het plaasgevind na 'n personeellid uit sy of haar pligte geskors is. Dit is gedoen om werknemers die geleentheid te gee om hul gevoelens uit te druk en die probleemareas te hanteer sodat normalisering kon plaasvind om werksaamheid te herstel.

'n Verdere ontleding van die benuttingskoers, soos uitgebeeld in die tabel, toon dat die grootste getal gevalle onder verpleegkundiges was, wat ooreenstem met vorige bevindinge. Sekere verpleegrigtings is uitgewys as 'n hoë risiko vir die gesondheid en welstand van personeel.

Benutting per afdeling in 2011

AFDELING	Q 1-GEVALLE	Q 2-GEVALLE	Q 3-GEVALLE	TOTAAL
Kliniese Verpleegkundiges	19	14	15	48
Administratief	14	9	15	38
Steundienste	12	8	13	33
Klinies Ander	7	1	9	17
Totaal	52	32	52	136

HR Connect

HR Connect fokus op die kwalifikasies en vaardighede binne Gesondheid en personeellede het vraelyste voltooi. Die resultate van die assessering sal in 2012 bekendgemaak word.

Uitdagings was:

- die verlies van drie van die departement se vyf personeellede binne twee maande weens oorplasinge;
- die nie-voldoening aan die vereiste prosesse en prosedures, byvoorbeeld vir befondsingsaansoeke, veral deur senior personeel;
- te min senior personeel woon opleiding by;
- die nie-bywoning van Staatsdiensinduksie vir salarislakke 6 tot 12, veral deur mediese personeel.
- veranderinge aan die verkrygingsprosesse, wat veroorsaak het dat mikpunte nie bereik is nie.

Prestasies was:

- die verbeterde bywoning en toewyding van die MHO-komiteeëde;
- 'n toename in personeel wat leerprogramme bywoon;
- versterkte inter-regeringsverhoudinge met organisasies soos die pensioenfonds vir regeringswerknemers en die regering se mediese fonds;
- die suksesvolle implementering van die internskapprogram waardeur interns permanent aangestel word;
- die voortsetting van opleiding, ondanks die tekort aan personeel by MHO.

JAARLIKSE BESTEDINGSVERSLAG 2011

OPLEIDING	KREDIET-DRAEND	NIE-KREDIET-DRAEND
Vier-en-twintigste Jaarlikse Arbeidswetgewingskonferensie		11 165,87
Drie bodkomitees		6 940,00
Dertigste Konferensie oor die Prioriteite van Perinatale Sorg		2 420,50
Vyftigste SAAPMB ¹ -en-SARPA ² -kongres		10 007,00
'n Praktiese lende-rehabilitasie-werkswinkel		200,00
A2B Gesigte van Angs en Ekostelsels van Verandering-werkswinkel		2 000,00
Gevorderde Hart- Lewensondersteuning		5 000,00
Gevorderde SSVD -kursus		12 000,00
Gevorderde Neonatale Lewensondersteuning		39 750,00
Gevorderde Pediatrisie Lewensondersteuning		15 750,00
Gevorderde Trauma- Lewensondersteuning		6 050,00
Toegepaste Terapie van Hipertensiewe Kardiovaskulêre Siekte		2 700,00
Balansherstel-oefeninge		650,00
Basiese Intensiewe sorg-kursus		4 300,00
Basiese Lewensondersteuning		26 250,00
Basiese Sterilisasiekursus		12 000,00
Basiese Rolstoelsit-kursus		2 000,00
Bobath-kursus: Werkswinkel oor motoriese spierinkoördinasie (ataksie)		750,00
Borsvoeding en Skenkersmelk in die Hospitaal		600,00
CAPS ³ -opleiding		500,00
Loopbaanvoorigtigingskursus	7 500,00	
Breinverlamingswinkels		2 100,00
Serviksrehabilitasie		600,00
Kliniesebeheerkonferensie		13 296,08
Kognitiewe Gedragsterapie-werkswinkel		7 000,00
Versoening en Arbitrasie		6 140,61
Konflikhantering		12 298,00
Voortgesette Mediese Opleiding		3 260,00
Hoe om 'n respekvolle werkplek te skep		21 375,00
Huidige Etiese Kwessies in 'n Kliniese Omset		700,00
Sistiese Fibrose-werkswinkel		120,00
Bespeuring en Diagnose van Vroeë Borskanker		30 813,65
Diabetessorg vir Gesondheidsberoepspersone		8 950,00
Droënaaldterapie Module 2		2 100,00
Doeltreffende Kommunikasie		16 946,10
Oor-Neus-en-Keel-konferensie		14 976,00
Estro-IMRT ⁴ -terugvoeringskursus		13 523,93
Efiek		880,00
Die Evaluering van Kognitiewe en Gedragsbehoefes		250,00
Noodhulp	8 540,00	
Eerste Suid-Afrikaanse Verpleegkundige Konferensie		4 000,00
Funksionele kapasiteit-evaluering		9 000,00
Graad A CAPS-opleiding		500,00
Praktiese Werkswinkel oor Objektiewe Meetinstrumente		750,00

¹ SAAPMB: Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie

² SARPA: Suid-Afrikaanse Stralingsbeskerminingsvereniging

³ SSVD: Sentrale Steriele Voorraaddepartement

⁴ CAPS: Nasionale Kurrikulum-assesseringsbeleidstelling

JAARLIKSE BESTEDINGSVERSLAG 2011

OPLEIDING	KREDIET-DRAEND	NIE-KREDIET-DRAEND
Hoofpynkurses		1 150,00
Gesondheidsinformatika in Suid-Afrika		2 150,00
Gesondheidsorglewering in 'n Hulpbronbeperte Omgewing-konferensie		8 790,00
Hospitaalvereniging van Suid-Afrika-konferensie		4 000,00
Innoverende Bestuur in die Staatsdiens		500,00
Intermediêre Kursus in Dekontaminasie en Sterilisasie		18 000,00
Intermediêre Sitkursus		1 250,00
Intra-uterienapparaat		5 000,00
Die Uitvoering van Ondersoeke en die Skryf van Verslae 2011		6 822,90
Kombuisskoonmaker		26 000,00
Knie-en-enkel-rehabilitasie		600,00
Arbeidshofverrigtinge-werkswinkel		13 765,80
Arbeidsverhoudinge-opleiding		2 600,00
Limfedeeem-werkswinkel		250,00
Die Bestuur van Elektriese Sones in die Hospitaal		13 676,58
Bestuur met 'n Plan		3 328,50
Mentorskap en Afrigting	3 306,00	
MS Adobe Photoshop Vlak 1		12 000,00
MS Adobe Photoshop Vlak 2		12 000,00
Ms Excel 2007 Vlak 1		11 200,00
Ms Excel 2007 Vlak 2		10 800,00
Ms Excel 2007 Vlak 3		10 800,00
MS PowerPoint 2007 Vlak 1		9 200,00
MS PowerPoint 2007 Vlak 2		6 400,00
MS Word 2007 Vlak 1		9 600,00
MS Word 2007 Vlak 2		8 800,00
MS Word 2007 Vlak 3		8 800,00
Multimodaliteitsbespeuring en -diagnose van borsiektes		2 212,96
Spier-skelet-opleiding		3 546,50
Nasionale Toekening vir Tersiêre Dienste		12 444,80
Nasionale Forum vir Spraakterapie en Oudiologie		2 677,50
Ndiyeva- Oudiologie en Gehoor-Spraak-konferensie		2 850,00
Neonatale Kardiologie vir Pediatrie		450,00
Neonatale KPR		150,00
Verpleegonderwyskonferensie		12 842,90
Beroepsgebaseerde Praktyk: Bou op Prestasiekomponente en Werksverrigting		700,00
Optimale Droënaaldterapie		2 100,00
Pediatriese en Neonatale Resussitasie		3 200,00
Pediatriese Lewensondersteuning		1 500,00
Pynbestuur		1 800,00
Stapelbord-hyswa vir Beginners		1 686,00
Stapelbord-hyswa-verrissingskursus		1 674,00

JAARLIKSE BESTEDINGSVERSLAG 2011

OPLEIDING	KREDIET-DRAEND	NIE-KREDIET-DRAEND
Werkswinkel in Praktiese Strategieë		2 000,00
Projekbestuur	7 200,00	
Staatsdiensopleidingsplatform		7 093,00
Gehalteversekeringswerkswinkel		15 000,00
Gehaltebestuur	25 456,20	
Refleksologie en Bipolêre Gemoedsversteuring		200,00
Rehabilitasiewerkswinkel		1 000,00
RSSA se noodsaaklike kursus in MDCT ⁵ 2011		7 679,00
Sitwerkswinkel – Rolstoele en Karretjies		2 000,00
Sensitiewe Vroedvrouery-simposium		450,00
Forensiese Patologie van Seksuele Aanranding		2 400,00
Kortkursus in Ondergraadse Kliniese Toesighouding		4 500,00
Vaardigheidsontwikkelingsfasilitering	11,400,00	
SORSA ⁶ -RSSA 2011-beeldingskongres		9 443,00
Suid-Afrikaanse Brandwondvereniging-konferensie		2 000,00
Spanning/Gehardheidsbestuur		24 568,80
Strukturele Pesbeheer		27 000,00
Subtiële Bewegingsprobleme en Postuurbeheer – 'n Neuro-ontwikkelingsterapie (NDT)-benadering		245,00
Tanya Bell- Onderste Kwart-kursus		1 700,00
Spanbou		7 137,00
Die Beroepsgesondheidswet van 1993 en die Regulasies en Standaarde vir Elektriese Veiligheid		7 522,86
Die Padongelukfondse en Skuldinvordering in Suid-Afrika		100,00
Die behandeling van traumatiese tendon- en senuwees-amepersingsbetersings		1 200,00
Tydsbestuur		12 036,00
Behandeling van traumatiese senuwee en tendonbetersings		2 000,00
Vroue in bestuur		2 900,00
Totaal	63 402,20	728 105,84
Groottotaal		791 508,04

⁵ IMRT: Intensiteitgemoduleerde stralingsterapie

⁶ RSSA MDCT: Radiologie vereniging van Suid-Afrika; Multidetektor-RT-skandering

LEERLINGSKAPPE

DIAGNOSTIESE RADIOGRAFIE	HWSETA-BEFONDSING	1% BEFONDSING
Klasfooie	93 500,00	
Uniformtoelae	11 000,00	
Stipendium	198 000,00	
1%		38 500,00
BASIESE APTEKERSASSISTENT	HWSETA-BEFONDSING	1% BEFONDSING
Toelae	68 400,00	
INGESKREWE VERPLEEGKUNDIGE	HWSETA-BEFONDSING	1% BEFONDSING
Toelae	10 000,00	
Totaal	370 900,00	38 500,00
Groottotaal		409 400,00

SPYSENIERING		
Februarie / Maart 2011	Koekies	154,00
	Verversings	1 191,30
	Proviand	79,32
April 2011	Proviand	146,07
Mei 2011	Verversings	1 407,90
	Koekies	466,40
	Proviand	437,79
Junie 2011	Verversings	1 028,85
	Koekies	230,75
	Proviand	145,00
Julie 2011	Verversings	1 482,00
	Koekies	230,95
	Proviand	128,90
September 2011	Koekies	376,40
	Verversings	1 137,15
November 2011	Koekies	
	Verversings	2 508,00
	Proviand	202,39
Totaal		11 353,17

INTERNSKAPPE	
Uitgebreide Openbare Werke-program	528 300,00
Nasionale Diploma: Ketelmakery	9 000,00
Nasionale Diploma: Ondernemingsbestuur	15 000,00
Nasionale Diploma: Finansiële Bestuur	24 000,00
Diploma: Mensehulpbronbestuur	13 500,00
Nasionale Diploma: Kantoorbestuur en -tegnologie	7 500,00
Nasionale Diploma: Openbare Bestuur	37 500,00
Totaal	634 800,00

IMOCOMP-BEFONDSING	
Neonatologie-seminaar	1 200,00
Suid-Afrikaanse Brandwond- verenigingskonferensie	9 230,00
Nasionale Kangaroo-moeder- sorg-werkswinkel	2 000,00
Totaal	12 430,00

Internasionale uitreikprogramme

Verskeie programme en inisiatiewe is in hierdie verslagjaar onderneem ten opsigte van sosiale verantwoordelikheid.

Nederland

Het twee besoeke van Nederlandse gesondheidsbestuurders gekoördineer, wat die totaal 46 maak.

Studentplasing

Medies	4
Verpleging	4

Verenigde Koninkryk

Nasionale Gesondheidsdiens (NHS) – het bystand ten opsigte van gemeenskapsgesondheid-vennootskapsprojekte geïdentifiseer: Groote Schuur-hospitaal.

China

Het die besoek van 'n Chinese gesondheidsbestuurder gekoördineer.

Mosambiek

Afvaardiging: Bystand aan Oos-Kaap en Gauteng
Hospitaalraad van Tygerberg-hospitaal
Carel Du Toit-sentrum

Kommunikasie & Openbare Betrekkinge

Me. L.C. Pienaar

Die kommunikasiekantoor speel steeds 'n sentrale rol in interne en eksterne kommunikasie, waaronder op die gebied van: skakeling met die media, publikasies, bemarking, openbare betrekkinge, spesiale byeenkomste, ontvangs van skenkings, spesiale besoeke, skakeling met plaaslike gemeenskappe, internasionale besoekers en glanspersoonlikhede.

Spesiale besoeke

Die kantoor werk ten noueste saam met die verskeie departemente om toe te sien dat plaaslike en internasionale besoeke glad verloop. Internasionale besoeke, spesiale besoeke en glanspersoonlikhede het die volgende ingesluit:

Me. Patricia de Lille	13 Januarie en 10 Desember
Nederlandse afvaardiging	16 Februarie
Mnr. Breyton Paulse	11 Maart
Gesondheidsminister Theuns Botha	4 Maart en 6 Mei
Taipei-afvaardiging	27 Mei
Locville-tweeling	21 Desember

Spesiale geleenthede

Opedag	11 Maart
Wêreld- Nierdag	11 Maart
Internasionale Verpleegdag	12 Mei
Mandeladag	18 Julie
Vrouedag	5 Augustus
TygerBeer se Pienk-en-Blou-veldtog vir Kinderbewusmaking	12 Augustus
Jaarlikse Lentekonsert	9 September
TB-bewusmakingsdag	3 September
Opening van Losiesfasiliteit	20 September
Personeelwelstandsdag	12 & 14 Oktober
Infeksievoorkoming- en -beheer-dag	2 November
Hartman-lesingstoekennings	10 November
Jaarlikse Verplegings eedseremonie	11 November
HUB-bal	12 November
Smile-week	16 November
Diabetes- Ope Dag	17 November
Jaarlikse Kersfees-Kinderpartytjie	26 November

Pasiëntadministrasie

Me. J. Jooste

Mediese Rekords

Me. M. Xontana

PERSONEEL	TOTAAL
Senior Admin Beampte	1
Hoofklerk	1
Hulpbeampte	1
Senior Klerk	58
Data-invoerder, vakante pos	2
Bode	6

Hoogtepunte

Beskikking van onaktiewe lêers en onaktiewe afgestorwe lêers

Soos voorgeskryf deur Argiewe, het die afdeling tweeduisend onaktiewe lêers en drieduisend onaktiewe afgestorwe lêers wat hul behoudperiode van vyf jaar bereik het.

Samevoeging van duplikaatlêers

Honderde duplikaatlêers is suksesvol verenig gedurende die jaar. In September 2011 het die Hospitaalinnligtingstelsel (HIS)-verslag 105 pare duplikaatlêers vermeld, waarvan 83 opgespoor en suksesvol verenig is.

Redes waarom duplikaatlêers geskep word

- Lêers word in geslote kantore geberg.
- Bestaande lêers kan nie opgespoor word nie.

Optrede

- Die afdeling versoek 'n maandelikse verslag en duplikaatlêers moet onmiddellik verenig word.
- Liasseerklerke moet duplikaatlêers identifiseer tydens liasseerwerk.
- Die naspeuring van lêers deur die Clinicom-oorplasingfunksie te gebruik.

Redes waarom pasiënte meer as een pasiëntnommer kan hê

- Die pasiënt is in verskillende hospitale opgeneem.
- Ontvangsklerke spel nie die pasiënte se vanne korrek nie.
- Pasiënte verskaf 'n ander naam, bv. die Engelse naam van 'n Xhosa-persoon, eerder as die naam wat in hul identiteitsdokument (ID) aangeteken is.

Optrede

- In 2011 is talle soortgelyke gevalle uitgewys en reggestel.
- Die gebruik van ID's is noodsaaklik, dog steeds 'n uitdaging – 'n gemiddeld van 40% van pasiënte toon nie hul ID's by toelating/konsultasie nie.

Verkorting van wagtye van pasiënte

Die tyd wat dit neem vir 'n lêer om sy bestemming te bereik word daaglik gemonitor. Die Hoof Administratiewe Klerk doen gereelde steekproewe by die lêeraanvraagarea om die ad hoc-versoeke om lêers te monitor.

Redes waarom lêers moontlik langer kan vat om dienspunte te bereik:

- Die hoeveelheid inloop- of ad hoc-lêerversoeke is groot.
- Die lêer bereik die verkeerde drukkerbestemming – wat sonder enige verklaarbare rede gebeur.
- Uitstaande lêers – lêers word nie weer ingehandig by Mediese Rekords binne die voorgeskrewe periode nie.
- Soms het een pasiënt meer as een afspraak per dag.
- Die lêers word op verskillende plekke by Mediese Rekords geberg.

- Lêers word van hul stoorplek verwyder vir oudits.
- Lêers word nie korrek geïasseer nie.

Die skepping van broodnodige ruimte

Talle X-strale wat die behoudperiode van vyf jaar bereik het is mee weggedoen – dit verbeter die netheid van die omgewing en skep bykomende plek.

Registers volgens die Nasionale Argief en Rekorddiens (NARS)

Afgestorwe register: sertifikaat 15/1/4/3

Beskikkingsregister: sertifikaat 15/1/4/3

Verlagboek

Uitdagings

- Die toename in die dikte van lêers verminder die beskikbare ruimte.
- Onaktiewe interne lêers by X-blok.
- 'n Tekort aan bykomende bergplek om pasiëntlêers te stoor.


Pasiëntontvangsdienste

Buitepasiëntdepartement (BPD)

Mnr. R. Mouton

DATUM	ONDERWERP	PERSONEEL
Junie	CLINICOM	6
Julie	CLINICOM	10
Aug	Induksie	14
Aug	Stelselveranderinge	Allesomvattend
Sep	Kliënttevredenheid	Allesomvattend
Oktober	CLINICOM	2
Oktober	Kassiere	3


Besoeke in 2011



ICD10 Statistiek

(ICD staan vir Internasionale Klassifisering van Siekte)

MAAND	BPD ICD 10-KODERING
Apr	92,3%
Mei	93,4%
Jun	92,5%
Jul	92,9%
Aug	92,6%
Sep	92,2%
Oktober	93,6%
Nov	94,9%
Des	91,7%



Voorkoming van laertarif-herklassifiserings

Mediese skema-inligting word deur 'n elektroniese dataraakvlak nagegaan om korrektheid en tydige betalings te verseker.

Kassier Statistieke

MAAND	INKOMSTE
Apr	R 180 572,00
Mei	R 219 662,00
Jun	R 246 919,00
Julie	R 219 941,00
Aug	R 223 962,00
Sept	R 247 049,00
Oktober	R 279 255,00
Nov	R 286 907,00
Des	R 145 957,00

ID-nommerstrategieë

Kontroleer weekliks deur personeel en maandelikse verslae moet deur toesighouers saamgestel word vir Senior Administratiewe Beampte en saamgevat word.

Die ID's van beide pasiënte en debiteure word op die stelsel:

- Hulpbronne: Daaglikse faktuurnaspeuringslyste en Clinicom- Monitering
- Vergelyk brondata met Clinicomdata
- Samestelling en aanbieding van statistiek

Uitdaging

Debiteur reeds as pasiënt op stelsel – ID word nie aanvaar in DT-veld nie (word in notaveld ingevoer).

Tans in bespreking met Clinicom-databestuurder in hierdie verband.

Wagtydstrategie (lêeraanvraag) Strategieë

Lêeraanvraag-opnames

- Lukrake insameling van Lêeraanvraagstrokie en tye;
- Data-invoering op Microsoft Excel;
- Ontleding en interpretasie van data;
- Verslaglewering en aanbieding van bevindinge.

Rapportering van aangevraagde lêers wat langer as 30 minute neem om vanaf Mediese Rekords te bekom.

Bykomende monitering

- Die nagaan van besprekings en lêers
- Die monitering van die naspeuring van gevallenotas
- Inloopmonitering van statistiek.

Wagtydstatistiek

DATUM	BINNE 30 MIN	LANGER AS 30 MIN
10/05/2011	81%	19%
22/08/2011	12%	88% (versoek deur masjienfout vertraag)
29/08/2011	27%	73% (versoek deur masjienfout vertraag)

DATUM	BINNE 30 MIN	LANGER AS 30 MIN
05/09/2011	81%	19%
12/09/2011	86%	14%
19/09/2011	84%	16%
28/09/2011	91%	9%
20/10/2011	92%	8%
30/11/2011	86%	14%

Wagtydstrategie

- Lukrake nagaan van pasiëntnommers by ontvangste en klinieke op 'n gegewe datum en plek;
- Fokus: Bereken die verhouding van pasiënte in klinieke in verhouding tot pasiënte by ontvangswagarea, uitgedruk as 'n persentasie;
- Toesighouers versamel en verskaf data;
- SAO – teken data aan, som dit op en bereken dit;
- Daar word verslag gelewer oor die bevindinge aan die ASD.

Pasiëntontvangsdienste

Nooddienste

Hulpbronne

Senior Administratiewe Klerk	43
Hoof Administratiewe Klerk	4
Senior Administratiewe Klerk	1

Samevatting

Die Pasiëntontvangsdienst van Nooddienste is 'n subafdeling van Pasiëntadministrasie en is verantwoordelik die administratiewe steun van die 24-uur Nooddiensafdelings van die hospitaal.

WAGTYDSTATISTIEK: ONTVANGSTE EN KLINIEKE

DATUM	TYD	GETAL ONTVANGSTE (LUKRAKE STEEKPROEWE)	PASIËNTE IN ONTVANGS	GETAL EN PERSENTASIE PASIËNTE IN KLINIEKE
21/09/2011	10:00	4	62	286 82%
22/09/2011	10:00	4	61	305 83%
19/10/2011	10:00	11	92	554 85%
26(27)/10/2011	10:00	11	45	557 92%
17/11/2011	10:00	6	17	217 92%
30/11/2011	10:00	11	148	699 82%

Verantwoordelikhede

Ons lewer 'n administratiewe steundiens aan die volgende 24-uur-nooddepartemente:



Hoogtepunte

Die invoering van ICD-kodes op die fakture het tot meer as 95% verbeter teen die einde van Desember. Die invoering van ID-nommers het ook verbetering getoon.

Dienste wat nie opgeteken word nie word ook weekliks op datum gebring.

Wagtye: lêerversoeke vir Nood van Mediese Rekords:

WAGTYD	MINUTE	GROOTTOTAAL
<30 minute	0 tot 29	786
>30 minute	30+	424
Totaal		1210

Binnepasiëntdienste

Me. B. Williams

Personeel

DIENSAREAS	TOTAAL
Privaatsaal (RGP)D4	1
Plastiese Chirurgie D3	1
Dagchirurgie	1
Ander sale	37
Kinderhospitaal	10

HULPBRONNE	TOTAAL
Senior Admin Beampte	1
Hoofklerk	1
Saalklerke	49
Tolk	1
Vakante pos	1

Uitdagings vir 2011

1. Die saalbedieners werk in verskillende sale.
2. Na-uurse pasiënte in G Grond nie toegelaat tot die stelsel nie.
3. Buitelandse pasiënte – sonder/verstrykte verblyfpermitte.
4. ICD10-kodering – dit bly 'n uitdaging onder kliniese personeel.
5. Pasiënte wat tuis gesterf het en die opdatering van hul inligting op Clinicom.
6. Bedbesettingskoers in sale met meer as een vlak van sorg – die eiening van pasiënte.

2.1 Saalbedieners:

Saalnaam	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES
D1 Vaskulêre Chirurgie	15	3	32	28	39	50	19	33	19	50	64	46
D7 Oftalmologie	39	26	31	39	43	40	41	44	33	38	31	56
G1 Neonatale Geneeskunde	1	2	2	4	13	2	7	3	4	12	23	8
G4 Pediatriese Chirurgie	16	11	6	14	12	8	11	14	19	12	29	6
G5 Oor, Neus en Keel	8	4	15	15	9	13	10	11	12	5	7	38
G9 Ped Interne Geneeskunde	12	5	6	4	3	5	4	12	15	8	5	9
Groottotaal	91	51	92	104	119	118	92	117	102	125	159	30


Pasiënte word in sale gesien vir opvolgbesoeke. Hierdie praktyke skep talle administratiewe uitdagings.

2.2 Na-uurse toelatings tot G Grond word nie amptelik aangeteken nie

Ondanks die na-uurse diens gelewer deur skofpersoneel, ontdek die dagklerk steeds pasiënte die volgende dag wat nie amptelik tot die saal toegelaat is nie.

Die uitslae van rekordhouding wat sedert Oktober 2011 in werking is, is soos volg.

MAAND	TOTAAL
19-20 Augustus	48
Oktober	93
November	62
Desember	47
Groototaal:	250



Prosedure vir pasiënte wat tuis of na-ure by G-Grond gesterf het

- Daar word toegesien dat alle na-uurse sterftes op die stelsel geregistreer word in die Pediatrisiese Noodsaal – die verpleegpersoneel moet die skoftoesighouer kontak oor sulke gevalle.
- Rekords en registers van pasiënte wat tuis gesterf het, word by Toelatings E1, Regsgeneeskunde en Gene Louw gedoen.
- Administratiewe personeel sien toe dat inligting aangestuur word na Mediese Rekords sodat pasiëntrekords in Clinicom opgedateer kan word.

Hoogtepunte

• Toerusting:

Die binnepasiëntafdeling het bykomende rekenaars by E4-ontvangs gekry, opgraderings van die rekenaars in amper al die sale is gedoen, en 25 nuwe Sato-drukkers bespoedig nou die druk van plakkers in sale.

Die afdeling het ook 35 verwarmers, 40 waaiers, 28 hoërugstoele en vyf rekenaarstoele ontvang.

• SMS'e in Dagchirurgie:

SMS-toerusting was in werking gedurende Oktober en opgegradeer op 5 Desember 2011 om die Saalklerk in staat te stel om boodskappe aan 20 verskillende pasiënte gelyk te stuur.


• Gehalte-assessering – Pasiënte wat in die hospitaal gesterf het:

Altesame 883 gevalle van Maart tot Augustus 2011 is ondersoek en alle gevalle is as gestorwe geregistreer op die stelsel.

ICD 10: Persentasie Binnepasiënte

(ICD staan vir Internasionale Klassifisering van Siekte)


MAAND	PERSENTASIE GEKODEER	TOTAAL SALE MET 100% KODERING
Januarie	83,79	8
Februarie	83,48	6
Maart	81,15	7
April	78,9	7
Mei	85,45	8
Junie	85,07	6
Julie	88,62	11
Augustus	96,24	18
September	94,45	16
Oktober	96,81	27
November	98,77	33
Desember	91,44	16




Totale toelatings met en sonder interne oorplasinge, Januarie tot Desember 2011

MAAND	TOELATINGS	MAAND	TOELATINGS + INTERNE OORPLASINGS
Januarie	6499	Januarie	7522
Februarie	6520	Februarie	7498
Maart	7371	Maart	8513
April	6562	April	7486
Mei	7057	Mei	8097
Junie	6949	Junie	7950
Julie	7153	Julie	8163
Augustus	7160	Augustus	8211
September	6948	September	7952
Oktober	7242	Oktober	8260
November	7059	November	8076
Desember	6284	Desember	7211

Toelatings en interne oorplasinge



Toelatings



Slotsom

- Ons visie en missie is om deurlopend dienste van 'n hoë standaard aan pasiënte, die publiek en kliniese departemente te lewer.
- Ons streef daarna om 'n 80% en hoër binnepasiënt ICD 10-koderingskoers te handhaaf.
- Ons ondersoek meganismes om die akkurate selektering van Spesialiteite te verseker.
- Die monitering van gestorwe pasiënte sal voortduur.
- Die monitering van pasiëntstatistiek sal ook voortduur.

Hospitaalgelde

Mnr. J. Jordaan en Mnr. R. James

Hoogtepunte

Die vereniging van BAS en HIS (fakturering) was suksesvol in hierdie boekjaar. Foute wat tydens hierdie proses aan die lig gekom het, is reggestel.

'n Oudit wat deur die Ouditeur-Generaal uitgevoer is, is sonder negatiewe terugvoer afgesluit.

Oortydpligte is vir 5240 gevalle uitgevoer sonder optrede of skorsings op die stelsel. Die meeste van die geïdentifiseerde gevalle is in die proses om aan die skuldinvorderaars oorhandig te word.

Skuldenaars met foutiewe langtermynrekeninge is geïdentifiseer en die nodige krediet is gegee.

Vanaf 1 Julie 2001 is vier klerke gekies om opvolgwerk met agterstallige rekeninge van debiteure sonder mediese fonds te doen. Hierdie taakspan is geskep om maandeliks aan die volgende aandag te gee:

teruggestuurde pos, rekeninge wat vir langer as 120 dae agterstallig is en die skedule vir telefoniese kontak met debiteure. Die betaling van rekeninge wat vir langer as 120 dae agterstallig is, is nagegaan en alle optrede en skorsings is daarna afgeskryf en oorhandig aan die skuldinvorderaars om verhaal te word.

SMS-boodskappe is ook van hierdie instelling aan debiteure gestuur om hulle aan hul agterstallige rekeninge te herinner.

'n Nuwe weergawe van die rekeningontvangsstelsel is in November 2011 geïmplementeer. Dit is gedoen om toe te sien dat die Clinicom-stelsel versoenbaar is met die rekeningontvangsstelsel. Veranderinge aan inligting in die een stelsel sal nou vanself verander word op die ander.

'n Debiet/kredietkaart-gerief is in Januarie 2009 aangebring. Die jaarlikse invordering van inkomste wat hierdie gerief gefasiliteer het, word in die volgende tabel weergegee:

JAAR	BEDRAG
2009	R227 809,13
2010	R747 692,63
2011	R818 633,09

Uitstaande dokumente wat ingehandig moet word ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (COIDA) het probleme veroorsaak omdat mediese verslae in die besonder nie tydig ingehandig word nie. Gevolglik is uitbetalings aan hierdie gevalle verlaag.

Die kwessie is bespreek en magtiging is ontvang om twee mediese praktisyns aan te stel om aandag te gee aan hierdie gevalle en agterstallige verslae te voltooi.

Twee mediese praktisyns is vir 'n twee maande periode aangestel om agterstallige verslae te voltooi.

'n Skandeerder vir dokumente is bekom, wat die versending van dokumente aan Alexander Forbes bespoedig het.

Op 11 Julie 2011 is daar met lede van die SAPD vergader en vorderingsverslae oor agterstallige gelde is voortdurend ontvang. Betalings van hierdie

rekeninge het danksy die vergadering verbeter.

Vordering met bestorwe boedelgevalle:

Die uitstaande bedrae van bestorwe boedelgevalle het drasties verminder omdat die Padongelukkefonds- en beroepsbeseringsgevalle verkeerdelikingesluit is by die bestorweboedelverslag.

Magtiging is versoek en bekom van die Meester van die Hooggeregshof om toegang tot hul webblad te bekom. Agterstallige gevalle is op hul webblad ondersoek en onsuksesvolle gevalle is vir kwytstelling ingedien.

Die opvolg van mediese fondse

Suksesvolle elektroniese eise het soos volg toegeneem:


JAAR	BINNE-PASIËNTE	BUIE-PASIËNTE	ALLE GEVALLE	TOTAAL BRUTO	GEMIDDEL-DE GETAL DAE OM AF TE SLUIT	GEMIDDEL-DE GETAL GEVALLE PER MAAND	GEMIDDELDE WAARDE PER MAAND
2011	1725	12093	13818	R33,380,041	24	1115	R3 524 911
2010	1648	8467	10115	R31,080,347	31	1055	R3 267 654
2009	1516	7890	9406	R29,563,617	31.92	941	R2 956 352
2008	1480	8492	9972	R32,071,093	29.38	831	R2 672 591

Uitdagings met die elektroniese dataraakvlak (EDI)

Tygerberg is die voorloper in die getal gevalle wat deur die EDI ingedien word aan mediese skemas. Ons het 'n afname in die persentasie foute gehad danksy die harde werk van personeel en die prosedures wat in plek gestel is. Die harde werk het

wekelijkse EDI-vergaderings behels waar afgekeurde gevalle onder die loep geneem is. Uitdagings is dat mediese skemas nie hul kaarthouerlêers opdateer by Medikredit nie, wat tot 'n toename in die persentasie foute gelei het. Die verkeerde raakvlak tussen Medikredit en HST het gelei tot ongeldige afkeurings.

Mediese Skemas




Hoogtepunte

Kredietbedrae het aansienlik geval van ongeveer R1,9 miljoen na R327 000. Die totale inkomste wat vir mediese skemas geskep is, was uitsonderlik goed. In

Desember was dit ongeveer R3 miljoen meer as die mikpunt wat deur Hoofkantoor gestel is. Die opvolg van mediese skemas het 100% behaal in die skoon ouditprojek. GEMS se inkomste het verbeter.

Verkrygings vs. Inkomste



Uitdagings

Transmed het alle aanpassingsbriewe vir duplikaateise afgekeur.

Samwumed-Gevalle wat afgekeur is omdat fondse uitgeput is, is ondersoek. Baie van hierdie gevalle was gevalle van Voorgeskrewe MinimumVoordele (VMV). VMV-briewe is sonder enige sukses aan Samwumed gestuur.

Talle probleme is met GEMS se inbelsentrum ondervind deur lede van hierdie skema se Sapphire-en Beryl-planne. Dit het nie net 'n administratiewe las op die Departement Hospitaalgelde geplaas nie, maar het gelei tot 'n laer inkomste vir die hospitaal.


Uitdagings

Die Padongelukfonds is steeds die grootste oorsaak van uitstaande bedrae. Die uitstaande bedrag weergegee op die stelsel was R160 266 177 op 31 Desember 2011.

Bogenoemde verteenwoordig 77,77% van die totale uitstaande bedrag, wat R206 070 547 was.

'n Prosedure is in plek gestel om rekeninge aan die Padongelukkefonds op te kort in gevalle waar prostese uitgereik is en die rekeninge nie binne 14 dae na die diens ontvang is nie.

Die uitstaande bedrag vergeleke met die totale uitstaande bedrag het soos volg toegeneem:




Tot op hede is 'n bedrag van R10 502 936 van AFACT ontvang ten opsigte van Padongeluksfonds-eise in die huidige boekjaar. Dit is R4 832 889,00 minder as in die vorige boekjaar.

Werklike inkomste teenoor die inkomste-mikpunt 2011/12

	APRIL	MEI	JUNIE	JULIE	AUGUSTUS
Padongelukkefonds:					
Inkomste	R2 803 101	R2 859 435	R3 574 515	R4 485 612	R4 716 440
Mikpunt	R2 228 666	R4 457 333	R6 685 999	R8 914 666	R11 143 333
Regeringsdepartemente:					
Inkomste	R220 394	R528 210	R1 442 240	R2 018 712	R2 401 141
Mikpunt	R333 333	R666 666	R999 999	R1 333 333	R1 666 666
Mediese Skemas:					
Inkomste	R3 116 573	R5 859 918	R9 521 923	R13 400 828	R18 307 659
Mikpunt	R3 000 000	R6 000 000	R9 000 000	R12 000 000	R15 000 000
Ander:					
Inkomste	R1 151 651	R2 282 544	R4 717 741	R5 898 272	R7 580 672
Mikpunt	R1 263 500	R2 527 000	R3 790 500	R5 054 000	R6 317 500
Totaal:					
Inkomste	R7 291 719	R11 473 773	R19 256 419	R25 803 494	R33 005 912
Mikpunt	R6 825 500	R13 651 000	R20 476 500	R27 302 000	R34 127 500

Die gemiddelde inkomste per maand vergeleke met vorige boekjare:

2004/05	2005/06	2006/07	2007/08
R4 461 691,33	R4 603 416,66	R4 958 333,33	R8 277 069,83
2008/09	2009/10	2010/11	2011/12
R6 723 345,00	R5 708 743,00	R6 208 088,00	R6 749 410,84



	SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER	DESEMBER
Padongelukkefonds:				
Inkomste	R5 781 894	R6 248 012	R8 498 695	R10 502 936
Mikpunt	R13 371 999	R15 600 666	R17 829 33	R20 057 999
Regeringsdepartemente:				
Inkomste	R2 959 597	R3 259 859	R3 607 161	R3 796 746
Mikpunt	R1 999 999	R2 333 333	R2 666 666	R2 999 999
Mediese Skemas:				
Inkomste	R22 018 380	R26 443 072	R30 151 002	R33 377 406
Mikpunt	R18 000 000	R21 000 000	R24 000 000	R27 000 000
Ander:				
Inkomste	R9 040 411	R10 414 046	R11 698 384	R13 067 610
Mikpunt	R7 581 000	R8 844 500	R10 108 000	R11 371 500
Totaal:				
Inkomste	R39 800 282	R46 364 989	R53 955 242	R60 744 698
Mikpunt	R40 953 000	R47 778 500	R54 604 000	R61 429 500

Gevallebestuur

Meetbare doelwitte

- voorafgoedkeuring vir alle elektiewe gevalle;
- uitdagings van voorafgoedkeuring;
- om voorgeskrewe minimumvoordele (VMV's) te verduidelik en VMV-uitdagings;
- kortbetalings vir die Nasionale Gesondheidslaboratorium;
- mediese skema pasiënt-statistiek;
- suksesse;
- opleiding;
- dissiplinêr.

Voorafgoedkeuring

- Mediese skema-goedkeuring beteken 'n verbeterde kans vir betaling;
- Daaglikse opdatings en nagaan van privaat pasiëntlyste om te verseker dat alle mediese skema pasiënte goedkeuring het
- Toekomstige toelatings/konsultasies – bevestigingsklere moet goedkeuring bevestig voor toelating.
- Doeltreffende kommunikasie met kliniese departemente oor mediese skema-goedkeuring/

afkeuring – 'n ingryping by die Ortopediese Departement (heup- en knieervangings) is in hierdie verband afgehandel en dieselfde ingryping word volgende by Oftalmologie aangepak.

Uitdagings

- Mediese skemas weier om buitepasiëntdienste, bv. MRI's en RT-skanderings, goed te keur wanneer dit op 'n binnepasiëntgrondslag gedoen word sonder grondige redes.
- Die pasiënte wat van hierdie dienste gebruik maak, moet dan die koste daarvan dra sonder finansiële bystand.
- Mediese skemas versoek toenemend motiveringsbriewe vir die verlenging van verblyf. Dit plaas 'n ekstra las op klinici.

Vorgeskrewe minimumvoordele (VMV's)

- VMV's is die minimum, teenoor die maksimum, gesondheidsorgvoordele wat gedek moet word deur elke mediese skema in Suid-Afrika. Hierdie voordele word voorgeskryf deur die Minister van Gesondheid soos vereis deur die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet 131 van 1998).

Wat word gedek?

- enige mediese noodtoestand;
- 270 siektes wat diagnose-en-behandelingspare of DTP's genoem word, waaronder kanker en hipertensie;
- 26 chroniese toestande op die chroniese siektelys, oftewel CDL, waaronder diabetes, epilepsie en asma;
- mediese skemas, veral die Primecure-planne, betaal nie graag vir alle VMV-toestande nie;
- gevallebestuur werk ten nouste saam met die mediese skemas se opvolgafdeling om betaling te laat geskied.

NAAM VAN MEDIESE SKEMA	TOTALE GETAL BINNEPASIËNTE
Transmed	601
GEMS	159
Discovery	129
Pro Sano	21
POLMED	49
MOTO Health	25
Ander (skemas)	677
GROOTTOTAAL	1661

Kortbetalings aan die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste

'n Vergadering met die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste (NGLD) is gehou en deur al die tersaaklike partye bygewoon. Daar is ooreengekom dat die departement die NGLD daagliks sal voorsien van alle binnepatiëntgoedkeuring-besonderhede, ten einde toe te sien dat hul rekeninge betaal word.

Wanneer heup- of knieervangingspatiënte, onder meer, vir goedkeuring kom, word hulle versoek deur Gevallebestuur om met hul mediese skema in verbinding te tree vir goedkeuring van NGLD-dekking. Dit word ook uiteengesit op ons kosteberamingdokument.

Suksesse

- Vanaf 8 Augustus 2011 het die afdeling begin om binnepatiënt- ICD 10-kodes op Clinicom in te voer.
- Die EDI-verwerplys toon dat daar 'n afname in die ICD 10-kodeverwerpings is.
- Akkurate VMV-kodering sien toe dat die hospitaal betaling van die mediese skemas ontvang.
- Gevallebestuur word oorval met algemene

navrae en navrae oor rekeninge. Alle navrae vir die jaar is suksesvol opgelos, wat 'n positiewe uitwerking op inkomsteskepping gehad het.

Steundienste**Mnr. A.J.M. Harmse**

Hierdie komponent lewer 'n 24-uur- interne sekuriteitsdiens.

Menslike hulpbronne

Toesighouer	1
Hoof- Sekuriteitsbeampte	Vakant
Senior Sekuriteitsbeampte	8
Sekuriteitsbeampte	17

Statistiek van gerapporteerde gevalle in 2011:

Dreigende gedrag	35
Aanranding/mishandeling	32
Gebruik van wapens	0
Bomdreigemente	0
Diefstal/inbrake	72
Wanordelike gedrag	0
Skade aan persoonlike eiendom	1
Elektriese foute/waterlekkasies	167
Motorvoertuigongelukke	34
Weerbarstige besoekers	412
Weerbarstige pasiënte	103
Wegloperpatiënte	206
Helikopterlandings	134
Ongeslote deure	121
Vure	12

Personeelbestuur

Die personeel is benoem vir opleiding en het opleiding ontvang in velde verwant aan hul werkdoelwitte.

Kursusse is suksesvol voltooi, waaronder opleiding in basiese onderwys en opleiding aan volwassenes (ABET), ondernemingsontwikkelingsprogram, menslike hulpbronbestuur, basiese toesighouding, die pligte van ondersoekbeamptes en die pligte van gesondheidsveiligheidsbeamptes. Dit het hulle die voordeel gebied om verder aan die KSUT te studeer.

'n Sekuriteitskursus om die personeel in staat te stel om te registreer as 'n sekuriteitsdiensverskaffer deur die Regulerende Owerheid vir die Private Sekuriteitsbedryf (PSIRA).

Privaat sekuriteit

Kontrakbestuurder	1
Terreinbestuurders	3
Gewapende reaksie	6
Bakkiebestuurder	1
	1
Motorfiets	61 dagskof 48 nagskof 59 onderbroke skof

Pasiëntvervoer

Pasiëntvervoer is die funksie van Nooddienste, oftewel die Mediese Noodvervoer- en Reddingsorganisasie (METRO), en word deur Healthnet hanteer. Die kantoor van pasiëntvervoer word gehuisves in die H-gang op die grondverdieping.

Ingang nommer 4 word nou gebruik as die nuwe wagkamer, wat 20 ontslane pasiënte kan akkommodeer. Danksy die wagkamer beset ontslane pasiënte nie hospitaalbeddens vir langer as wat nodig is nie.

Struikelblokke

Omdat ambulanse dikwels nie onbeskikbaar is nie, moet pasiënte soms wag vir vervoer na ontslag.

Omdat prosedures verkeerd gevolg word deur personeel, is pasiënte wat na ander hospitale vervoer moes word, herskeduleer, iets wat sporadies gebeur het. Die gevolg daarvan is die finansiële las wat gedra moet word by ontslag van die pasiënt.

Daar is ook pasiënte wat in die omtrek woon en self by die hospitaal kom, maar dit dan gerieflik ag om te verwag dat die vervoerdepartement (Healthnet) hulle na hulle huis terugvervoer.

Dienslewering

Hulpbronne

Senior Administratiewe Klerk	1
------------------------------	---

Uitdagings

Die waggeriode en die ambulanse het 'n negatiewe uitwerking op die vervoer van pasiënte en op verpleegpersoneel wat siek pasiënte van ander hospitale na Tygerberg-hospitaal vergesel.

Healthnet-bestuurders is nie bereid om ontslane kinders te vervoer sonder 'n volwassene wat hulle vergesel nie, wat veroorsaak dat beddens vir langer as wat nodig is beset word. In baie van hierdie gevalle is die ma's steeds in die hospitaal.

Daar is tans net een Senior Administratiewe Klerk aangewys aan die departement. Hierdie situasie is problematies wanneer jaarlikse of siekteverlof deur die persoon geneem word.

Portierdienste word benodig om te help met dienslewering.

Eksterne Skoonmaakdienste

Mnr. R de Jager

Diensverskaffer

Die lewering van 'n gesondheidsrisiko-afvalverwyderingsdiens word tans verskaf deur Solid Waste Technologies, wat ongeveer 9,2 ton mediese afval per maand verbrand.

Waste Mart is verantwoordelik vir die verwydering van die hospitaal se huishoudelike afval.

Finansiële struikelblokke

Vandat die rekening-afdeling oorgedra is na Rand Trust, bereik fakture ons nie tydig nie.

Dienslewering

Ooreenkomstig artikel 6(2)(n) van die Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Gesondheidsorgafval, 2007 (Wet 7 van 2007), moet ons binne 180 dae van die inwerkingtreding van die Regulasies tot die Wet registreer as 'n genereerder.

Ons sal as sulks registreer wanneer die Departement van Omgewingsake die Regulasies in werking stel.

Personeelbestuur

Positief

'n Gemiddeld van 9,2 ton mediese afval wat per maand in ons instelling gegenereer word, is suksesvol van beskik en 'n beskikingsertifikaat is van die vervoerder, Solid Waste Technologies, ontvang.

Negatief

Een beampte het sy siekteverlof uitgeput en die Pillar-toepassing gebruik.

Moniteringsmaatreëls

'n Databasis is geskep om die bewegings van ons gesondheidsrisiko-afval van ons bergingsfasiliteit na die behandelingsfasiliteit te monitor.

Algemene struikelblokke

Die skeiding van afval in sale moet dringend aangespreek word, want gesondheidsrisiko-afval word steeds in ons huishoudelike afval gevind, wat 'n nadelige uitwerking op ons gemeenskap kan hê.

Lykshuis

Finansiële prestasie

Die departement het dit onnodig geag om enige bykomende toerusting aan te koop. Gevolglik is besteding verlaag.

'n Bedrag van R21 000 is deur die begrafnisondernemers betaal na streng beheermaatreëls ingestel is om betalings wat deur begrafnisondernemers vir die voltooië "B"-vorms (verassingsvorms) gemaak is.

Personeelbestuur:

Positiewe aspekte

Die portier wat by die lykshuis gestasioneer is, is vertrouwd met die basiese pligte van die lykshuisklerk, en is gevolglik van groot hulp wanneer laasgenoemde met verlof is.

Vergaderings is met die begrafniskontraakteur gehou om problematiese kwessies ten opsigte van verassings te bespreek.

Die medici kan 'n klop op die skouer kry vir hul doeltreffende en doelmatige voltooiing van die nuwe sterftesertifikate wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is; dit het begrafnisreëlings bespoedig.

Negatiewe aspekte

Daar is 'n ophoud met die voltooiing van onderskeidelik "B"- en "D"-vorms vir die verassing van armoediges en die versoeke vir post mortems.

Vervoerbandtonnel

Finansiële prestasie

Die departement het dit onnodig geag om enige bykomende toerusting aan te koop. Gevolglik is besteding verlaag.

Finansiële struikelblokke

Die tonnelstelsel word tans in stand gehou deur 'n privaat kontraakteur/tegnikus wat verantwoordelik is vir enige herstelwerk.

Omdat daar net een tegnikus is wat die stelsel instandhou, word dienslewering gekniehalter, bv. wanneer daar 'n blokkasie in 'n pyp is wat monsters, bestem vir die laboratorium, vervoer.

Dit is verder nie kostedoeltreffend om 'n tegnikus na-ure in te roep vir herstelwerk nie, aangesien die fooi dan aansienlik hoër is.

Dienslewering

Die departement se fokus is op die bevordering van bedryfsdoeltreffendheid in pasiëntsorg.

Die departement bestaan uit slegs 5 operateurs wat die diens aan die hele Tygerberg-hospitaal lewer.

Personeelbestuur

Positiewe aspekte

Inligtingsessies is gehou oor die personeelprestasiemoniteringstelsel (SPMS), die Batho Pele-beginsels en noodhulp.

Die departement het vantevore sy werk verrig sonder 'n onmiddellike toesighouer. Tans is 'n hoofportier egter aangestel om toesig te hou oor die departement.

Negatiewe aspekte

Weens die feit dat die stelsel verouderd is en sekere onderdele gevolglik nie beskikbaar is nie, bereik proefbuis soms nie hul bestemming nie. Dit veroorsaak verskeie probleme vir die operateur op saalvlak.

Higiëne

Die stelsel word gereeld herstel en skoongemaak.

Portierdienste

Mnr. R de Jager

Finansiële prestasie

Altesaam 39 professionele saalpatiënt-trollies en 50 rolstoele is aangeskaf om die afgeskrewe trollies en rolstoele te vervang. Hierdie aanskaffing het 'n positiewe bydrae tot die verbetering van dienslewering gemaak, veral by die Departement Interne Geneeskunde (CID).

Dienslewering

Die departement het 'n pluimpie gekry vir die doeltreffende steun wat dit aan die Smile-week verleen het, waartydens 28 kinders 'n glimlag ontvang het.

Personeelbestuur

Positiewe aspekte

Alle vakatures in die departement is gevul.

Negatiewe aspekte

Ongeveer 16% van die portiere het hul siekteverlof uitgeput en die Pillar-toepassing gebruik.

Ongemagtigde en ongekommunikeerde afwesigheid het van 24% na 29% gestyg, hoofsaaklik weens die feit dat personeel se siekteverlof uitgeput was.

Opleiding

Een beampte het 'n elektriese kursus by KSUT voltooi en vyf portiere het geregistreer om hul Graad 12 te voltooi.

'n Ander beampte het by Unisa ingeskryf om 'n B-graad in sosiale ontwikkeling te voltooi.

'n Totaal van ses beamptes het 'n basiese noodhulpprogram voltooi en agt portiere het 'n kliëntediens-werkswinkel bygewoon. Ses beamptes het 'n konflikthanteringskursus bygewoon.

Moniteringsmaatreëls

Weens die toename in afwesigheid is 'n stelsel geïmplementeer waar personeel 'n vorm moes invul by terugkeer na werk, waarin hulle hul afwesigheid moes verduidelik. Die datums van afwesigheid is vir drie opeenvolgende maande op die vorm aangebring. Die toesighouer het hierdie instrument gebruik om patrone van afwesigheid te ondersoek en het dissiplinêre stappe gedoen. Sedert die implementering van die vorm het teenwoordigheid na 100% gestyg.

Vergaderings is twee keer per maand met die toesighouer gehou om ongemagtigde afwesigheid uit te wis.

Telefoonskakelbord en Radiokamer

Mnr L van Renen

Telefoonskakelbord

Tygerberg-hospitaal se telefoonskakelbord gebruik 'n Philips Electronics-skakelbord, wat 24 uur per dag in werking is.

Die skakelbord word beman deur een Hoof Telekommunikasie-operateur en 17 Telekommunikasie-operateurs. Die telefoonskakelbord bestaan uit agt konsoles, waarvan een vir Doktersnavrae gebruik word. Ses van die agt konsoles hanteer tussen 4 000 en 12 000 inkomende oproepe per dag. Uitgaande oproepe beloop ongeveer 14 000, waarvan die skakelbord ongeveer die helfte hanteer. Hierdie totaal sluit ongeveer 5 000 selfoonoproepe en hooflynoproepe in.

Radiokamer

Die twee operateurs in die radiokamer hanteer ongeveer 4 000 oproepe vir deurskakeling tussen 7:00 en 16:00 bedags. Die operateur wat die konsole by Doktersnavrae bedryf, hanteer ongeveer 1 000 oproepe per dag.

Selfoonboodskapstelsel

Tygerberg Hospitaal gebruik ook 'n selfoonboodskap-

stelsel (SMS) om met dokters wat nie bliepers het nie of wat gebrekkige bliepers het, in verbinding te tree.

Die SMS-stelsel word ook gebruik om met ander personeel wat nie bliepers het nie, in verbinding te tree. Ongeveer 100 SMS'e word per dag gestuur, teen 'n koste van ongeveer R5 500 per maand.

Die totale getal uitgaande oproepe in die 2011-boekjaar was 4 408 644, teen 'n koste van R3 284 006,29.

Verblyf

Mnr. E.C. Steyn en Me. C.B. Johnson

Dokterskwartiere

	Kamers
Enkelkamers	40
Eenslaapkamer-woonstelle	36
Tweeslaapkamer-woonstelle	5

Proteahof

Proteahof bestaan uit drie torings wat tydelike en permanente verblyf verskaf aan personeel en studente wat by Tygerberg-hospitaal werk of studeer.

Daar is 479 beddens in totaal en die kamers wissel tussen enkelkamers tot tweeslaapkamer-woonstelle.

Honderd-en-vyftig (41,8% van die totaal) permanente huurders word in Proteahof gehuisves, waarvan die meerderheid uit die verpleegdepartement kom. Die eerste verdieping in Toring 3 is aan die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) toegewys, om te help met die herstel van pasiënte. Twee verdiepings in Toring 3 (40 beddens) is toegewys aan die Nooddiensdepartement.

Altesaam 18 huurders het in 2011 in Proteahof ingetrek, en 54 het uitgetrek.

Enkelkamers/beddens	192
(taskamers ingesluit)	254 beddens
Dubbelkamers	6
Eenslaapkamer-woonstelle	4 beddens
Tweeslaapkamer-woonstelle	1
Enkelkamer met sitkamer	

Drukkery

Mnr. W. Adonis

Oorsig

Die sleutelfunksie van hierdie departement is om 'n doeltreffende hoëvolume- afdruk- en drukwerkdiens te lewer. Twee Riso-masjiene doen al die hoëvolume-drukwerk van vorms, wat in getal tussen gemiddeld 1 000 en 20 000 afdrukke wissel, vir die store, sale en klinieke. Afdrukke van handleidings, memorandum, kennisgewings en vorms word op twee hoëvolume-Minolta Bizhub-drukkers, modelle 920 en 1050, gedoen. Afdrukwerk van pasiëntlêers word met die uiterste vertroulikheid hanteer. Die departement verskaf verder afrondingswerk op versoek, byvoorbeeld sorteer- kram-, vasgom- gaatjiedruk-, sny- en lamineerwerk. Die identifikasiedokument-afdeling hanteer die maak van identiteitskaarte vir nuwe werknemers, asook waar daar van rang of van verander is. Verlore en gesteelde kaarte word teen 'n koste vervang. Die departement doen ook drukwerk vir die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste, waarvoor 'n fooi gehef word.

Hulpbronne

Hoofklerk	1
Hoofoperateurs	4
Tikster	1

Uitsette

ID-foto's geneem	1 065
Afdrukke	3 320 446
Drukwerk	4 560 550
Lamineerwerk	2 500

Dienslewering

Die departement verkeer by tye onder druk om hoë volumes werk te hanteer wanneer een of twee beampies afwesig is weens die neem van jaarlikse verlof of siekteverlof. In sulke tye pas die personeel, wat bestaan uit vier operateurs en een toesighouer, hul kennis en ondervinding toe om al die produksiepunte te dek.

Sporadiese bedryfsteurings vind plaas weens die ouderdom van die Riso-drukmasjiene. Die onbeskikbaarheid van onderdele en die swak reaksietyd veroorsaak dan soms 'n werkstilstand van etlike uur of dae, wat weer 'n werksagterstand teweegbring. Om toe te sien dat dienslewering doeltreffend is, word dringende werk dan herprogrammeer na die afrolmasjiene ten einde spertye te haal. Dit is egter nie 'n kostedoeltreffende

oplossing nie, veral nie wanneer dit gereeld moet gebeur nie.

Die opgradering van die Riso-masjiene deur middel van hul verhuring, word vir 2012 oorweeg. Dit sal bydra tot kostedoeltreffende dienslewering aan die instelling.

Tuindienste

Finansiële prestasie

Drie trekkers was buite werking en in die proses om afgeskryf te word, maar is eerder herstel teen 'n redelike bedrag.

Personeelbestuur

Twee algemene assistente is aangestel.

Algemeen

Die pompstelsel van die swembaddens is herstel, maar die swembaddens kan nog nie in werking gestel word nie omdat hulle opgegradeer moet word.

Ons het probeer om aan die probleem met die toenemende molbevolking op ons perseel aandag te gee, maar daar is steeds baie wat gedoen moet word.

Vervoer

Mnr. A. Zas

Oorsig

Die hoof funksie van die komponent is om 'n doeltreffende en doelmatige motorvervoerdienste te lewer.

Die departement het 30 voertuie.

Menslike hulpbronne

Hoofklerk	1
Senior Klerk	1
Drywers	9

Dienslewering

Die versoeke om vervoer na verskeie bestemmings plaas soms druk op die komponent weens die onvoldoende getal drywers tot ons beskikking, waarvoor die redes gewoonlik siekte of verskeie soorte verlof is.

Nog 'n struikelblok is wanneer voertuie bespreek word by die regeringsmotorhawe vir verpligte dienste, en hierdie voertuie dan ongedaan raak.

Die personeel gebruik hul kennis en ervaring van die verskeie vervoerbestemmings en die kortste, veiligste roetes daarheen om 'n uitmuntende diens te lewer.

Pesbeheer

Mnr E. De Wee

Oorsig

Die funksie van die Pesbeheerdepartement is om toe te sien dat die hospitaalgebou (sale, kelder, kombuis en administrasiegebou) asook die ander geboue op die perseel (Proteahof, Disahof, dokterskwartiere, die Carel du Toit-skool, X-blok en die Fakulteit Tandheekkunde) pesvry gehou word.

Menslike hulpbronne

Hoof-Hulpbeampte	1
Senior Hulpbeampte	3

Dienslewering

Die beamptes werk gedurende die week op programme, op 'n roterende grondslag.

Die kombuise word weekliks gefumigeer (Dinsdae en/of Donderdae, snags).

Die beamptes fumigeer ook gereeld die kelderverdieping onder die kombuis om toe te sien dat die omgewing pesvry bly.

Om te voldoen aan die Gesondheids- en Veiligheidsstandaarde, is 100 peutervrye aasstasies aangekoop en op strategiese plekke geplaas om rot- en muisaktiwiteite in die instelling te bekamp.

Argief/Poskamer

Mnr. L. Potgieter

Register

Die Argief/Poskamer hanteer alle inkomende pos van Tygerberg-hospitaal.

Menslike hulpbronne

Hoofklerk	1
Senior Klerk	1

Dienslewering

'n Gemiddeld van 250 fakse word maandeliks deur die eenheid versend, met inagneming van die feit dat verskeie departemente/komponente oor hul eie faksmasjiene beskik.

Argief

Die liasseerstelsel in die Argiefdepartement word bedryf volgens die reëls van die Departement van Gesondheid.

Hierdie stelsel word voortdurend opgedateer soos en wanneer benodig.

Bodes in die poskamer

Die bodes dien die hele Tygerberg-hospitaal, wat die omringende geboue insluit, asook die versameling en aflewering van dokumente van en na Hoofkantoor in die middestad.

Mensehulpbronne

Hoofbode	1
Bodes	9 (7 by Tygerberg-hospitaal en 2 in die Gene Louw-gebou)

Een van hospitaalbodes versamel en lewer daagliks pos en ander dokumente af tussen die volgende instansies:

Proteahof, Tygerberg-wassery, Forensiese Dienste, Disahof, Sarleh Dollie-verpleegkollege, FPD-lykshuis, Ravensmead-daghospitaal, Mediese Nooddienste

Algemeen

Ou en stukkende meubels word steeds gebruik omdat dit nog nie vervang is met nuwe meubels nie.

Voedseldienste

Me. N.M. Bekwa

Opsomming van aktiwiteite

Ons verskaf maaltye aan alle binnepatiënte volgens die Voedseldienstebeleid.

Die gemiddelde koste per maaltyd per persoon is R17,51.

Daagliks word 'n totaal van 1 200 pasiënte (spesiale diëte en normale diëte ingesluit) van maaltye voorsien. In die 2011-boekjaar is 'n totaal van 1 297 790 maaltye voorsien.

'n Hoë vlak van higiëne word gehandhaaf en alle voedseldiensriglyne word gevolg.

Menslike hulpbronne

Assistent-direkteur	1
Voedseldiensbestuurders	7
Hoof-Voedseldienstoesighouers	3
Senior Toesighouers	28
Voedseldienshulpe vlak 1 en 2	85
Senior Administratiewe Klerke	4
Pronto	8 per skof

Infrastruktuurontwikkeling

'n Skottelgoedwasser gaan in Maart 2012 geïnstalleer word. Bain-maries en lou-oonde is aangeskaf om etes warm te hou. 'n totaal van 14 nuwe kostrollies is in gebruik geneem en werk bevredigend.

Vennootskappe

Ons het plaaslike vennootskappe met die provinsiale hospitale van die Wes-Kaapasook Oos-Kaap. Ons werk ook saam met die Geïntegreerde Voedingsprogram (INP) en die onderwys-instansies verantwoordelik vir ons afdeling se personeelontwikkeling, onder meer Northlink-kollege, die Instituut vir die Blindes en Unisa.

Prestasies

Ons het 100% behaal in die volgende kategorieë van die 2011-voedseldiensoudit: spyskaart-implementering en maaltydbestelling; personeelbestuur en beleidnakoming. Punte wat wissel tussen 83% en 85% is behaal vir ontvangs en berging, voorbereiding en maaltyduitreiking.

Daar was ook 'n vermindering in die getal gevalle wat na arbeidsbetrekkinge verwys moes word.

Onderrig en opleiding

Een Senior Administratiewe Klerk het 'n Diploma in Openbare Administrasie ontvang aan KSUT. Twee Voedseldienstehulp is tans geregistreer vir 'n graad in maatskaplike werk.

Die statistiek vir interne opleiding kan van menslike hulpbronne bekom word.

Hoogtepunte

Soos reeds genoem, is die gemiddelde koste per persoon per maaltyd R17,51, en kosteberekenings word betyds by die INP ingedien.

Die getal werknemers wat laat opdaag vir werk het verminder, asook die voorkoms van afwesigheid.

Higiëne-monsters en voedselmonsters word wekeliks na die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste gestuur, om toe te sien dat ons die uitslae ontvang voordat 'n dis gebruik word (die tydigte reaksie van die laboratorium maak laasgenoemde moontlik).

Die rotering van werknemers na verskillende gebiede binne die eenheid vir beroepsblootstelling werp vrugte af.

Vakatures is geadverteer en gevul binne die vasgestelde tyd.

Maandelikse vergaderings is met die hoofstore gehou om toe te sien dat voorraad nie uitgeput word nie. Dit het ons begrip van hul kontroleringstelsels

verbeter en gevolglik word bestellings vroegtydig gemaak om ruimte vir kontrolering te laat.

Sleutel- kontroleregisters is in plek om toe te sien dat die aangewese werknemers die store en yskaste oopmaak.

Registers word daaglik nagegaan deur die produksiebestuurder.

Die reaksie van topbestuur by die evaluering van maaltye het ook verbeter.

Maatskaplike Werk

Me. M. de Jager

Samevatting

Ons grootste uitdaging was om voort te gaan om 'n omvattende, holistiese maatskaplike werk-diens te lewer met die klem op steun, uitreiking, voorkoming, opleiding en die bemagtiging van vroue en kinders.

Onder die mylpale wat gedurende die jaar bereik is, is:

- 'n Hoogs suksesvolle terapeutiese uitreiksessie is gehou vir 50 moeders van getraumatiseerde kinders by die TygerBeer-opleidingsentrum, as 'n deel van die Pienk-en-Blou-veldtog vir Kinderbewusmaking op 12 Augustus 2011. 'n Projek wat daarop gemik was om die selfbeeld van moeders op te bou, is suksesvol van stapel gestuur gedurende Vrouemaand.
- Die hoë voorkoms van trauma onder kinders het 'n spesiale ingryping vir voorkoming genoodsaak. Die bewusmakingsveldtog TygerBeer Kom Ons Hou Hande Vas is na-uurs vanaf 10 Desember 2011 gedurende die Desember-skoolvakansie by die Tygervallei-winkelsentrum deur vrywilligers van die Departement van Maatskaplike Werk aangebied en was 'n nuwe mylpaal wat bereik is.
- Psigososiale dienste is aan 210 nuwe verwysde personeellede gelewer deur die interne eenheid vir steun aan personeel. Dit het 798 konsultasies behels. Die getal personeellede wat deur groepsessies bereik is, was 229.
- Drie vakatures in maatskaplike werk is gevul.

Menslike hulpbronne

Maatskaplike Werkbestuurder	1
Maatskaplike Werktoesighouer	3
Maatskaplike Werkproduksie	18
Klerke	2

Uitsette

Die Departement van Maatskaplike Werk is verantwoordelik vir die psigososiale welstand van binne- en buitepasiënte van Tygerberg-hospitaal, die Tygerberg-kinderhospitaal, Gene Louw-gebou pasiënte vir stralingsonkologie, gehoorgestremde pasiënte van die Carel du Toit-sentrum, getraumatiseerde kinders by die TygerBeer maatskaplike werk-eenheid en hul gesinne, en die interne verwysings deur die personeelondersteuningsprogram. Maatskaplike werkers lewer dienste in die vorm van individuele terapeutiese werk met pasiënte, groepwerk met pasiënte en gesinne, gemeenskapsuitreikprogramme binne en buite die hospitaal asook in die gemeenskap. Dit het 32 787 konsultasies met pasiënte bedra.

Baie tyd word aan administratiewe take bestee wanneer daar probleme is met die ontslag van pasiënte, aansoeke om maatskaplike toelae en met die beskerming van kwesbare kinders.

Skakeling met ander gesondheidsvakgebiede binne die hospitaal is die kern tot die lewering van doeltreffende maatskaplike werk-dienste. In hierdie verband hou ons weeklikse kindermishandelingsvergaderings, gereelde vergaderings oor diabetes-, nier- en onkologiepasiënte en woon saalrondes en gevalle-groepsbesprekings by.

Die uitwerking van armoede, werkloosheid en die uitdagende sosio-ekonomiese omgewing het verdere uitdagings aan maatskaplike werk-dienste gehad. Wanneer gesinne wat onder die spanning van hierdie faktore is, gekonfronteer word met sekondêre krisisse veroorsaak deur siekte en trauma, word meer komplekse ingrypings benodig.

Die Departement van Maatskaplike Werk het ook 'n Personeelondersteuningseenheid wat krisisberading en groepringrypings behartig vir die personeel van die Tygerberg-hospitaalkompleks, asook ontwikkeling en bewusmakingsprogramme. 'n Verslag oor hierdie eenheid verskyn aan die einde van hierdie hoofstuk.

Die departement het ook verantwoordelikheid geneem vir die opleiding en toesig van die Maatskaplike Werker van Khayelitsha-distrikshospitaal en was betrokke met die strategiese beplanning van maatskaplike werk-dienste in die nuwe hospitaal, die ontwikkeling van maatskaplikewerk-protokolle en die daarstelling van 'n doeltreffende administrasiestelsel.

By die TygerBeer Maatskaplike Werk-eenheid vir getraumatiseerde kinders is 'n bykomende 463 nuwe

verwysings ontvang vanuit die gemeenskap. Die meeste van hierdie verwysings was van maatskaplike werk-agentskappe, die polisie, howe met betrekking tot seksuele misdrywe en daghospitale. Meer as 50% van die verwysings het terapeutiese dienste vir seksueel mishandelde kinders aangevra.

Groepwerk het ingesluit:

- veiligheidsbewusmakingsgroepe vir kinders;
- 'n steungroep vir tienerslagoffers van seksuele mishandeling;
- voorligtingsgroepe aan ouers van getraumatiseerde kinders;
- fasilitering van 'n groep vir ouers van outistiese kinders, tesame met Spraakterapie;
- steungroepe vir laringektomie-pasiënte;
- ouervoorligting aan Kangaroo-moeders;
- groepwerk met brandwondpasiënte.

Infrastruktuurontwikkeling

Die departement het steeds reuse probleme met die Clinicom-stelsel en die beskikbaarheid van rekenaars. Vyf rekenaars moet steeds opgegradeer word. 'n Aantal maatskaplike werkers is gestuur vir rekenaaropleiding in MS Word, Excel en PowerPoint.

Die verpligte berging van maatskaplike werk-lêers vir minstens vyf jaar veroorsaak probleme weens die gebrek aan veilige stoorplek binne die departement. Dit is onder die aandag van die gepaste persone gebring en daar word op 'n antwoord gewag.

Die afstand wat maatskaplike werkers moet dek tussen hul kantore en die sale, gepaardgaande met die ondoeltreffende hysbakstelsel, het steeds 'n negatiewe uitwerking op dienslewering.

Gemeenskapsuitreikprogramme

- Die Departement Maatskaplike Werk bied 'n 24-uur-per-dag konsultasiediens aan beroepspersone wat met kinders werk.
- 'n Uitgebreide welsynsprogram word aan pasiënte verskaf wat vervoer, kos, toiletartikels, komberse en klere benodig.
- Die Food for Thought-program maak voorsiening vir ouers wat by hul kinders sit en nie toegang tot maaltye by Proteahof het nie.
- Vrywilligers word opgelei en gebruik vir administratiewe take, bystand aan bewusmakingsprogramme, die teddiebeerprojek, die sortering van geskenkte speelgoed en klere, die opmaak van kospakke en toiletartikels en ander algemene take.

- Gesondheidsorgwerkers vanuit die gemeenskap woon weeklikse kindermishandeling-spanvergaderings by op 'n ad hoc-grondslag.
- Tersaaklike onderwerpe word bespreek by die tweeweeklikse Kindermishandeling-taakspan, benewens die gevallebesprekings.
- 'n Hulpbronsentrum by die TygerBeer-eenheid is in werking. Dit verskaf inligting oor kindermishandeling en kliniese werk met kinders, asook aan ouers van kinders wat die eenheid besoek.
- Die Departement Maatskaplike Werk steun die Vereniging van Down se sindroom om 'n weeklikse steundiens aan ouers van kinders met Down se sindroom of ander ontwikkelingsgestremdhede aan te bied.
- Deelname aan Tygerberg-hospitaal se opedag.
- Gereelde skakeling met die SAPD en spesiale howe vir seksuele misdrywe.
- Jaarlikse Oorlewingsvieringe word vir kinderpasiënte en hul gesinne gehou.
- Steungroep vir kinderpasiënte gedurende die Paastyd.
- Uitreik na 'n groep by 'n affreesentrum oor die rol van 'n maatskaplike werker in die behandeling van getraumatiseerde kinders.
- Die departement was die gasheer van lede van opleidingsinstansies in Denemarke.
- 'n Hoogs suksesvolle terapeutiese uitreiksessie vir 50 moeders van getraumatiseerde kinders is by die TygerBeer-opleidingsentrum gehou as 'n deel van die Pienk-en-Blou-veldtog vir Kinderbewusmaking op 12 Augustus 2012.
- 'n Projek wat daarop gemik was om die selfbeeld van moeders op te bou is suksesvol van stapel gestuur gedurende Vrouemaand.
- 'n Sorggroep vir getraumatiseerde kinders en hul ouers, met 'n Lentekoors-tema is op 2 September 2011 vir kinders gehou met die steun van die Internasionale Hotelskool.
- Die departement was die gasheer van leerders van Settlers High School vir hul gemeenskaps-uitreik-program.
- 'n Steun-werkswinkel is gehou vir 25 moeders van pasiënte op 'n voedings- en psigososiale gesondheidsprogram.
- 'n Steun- werkswinkel is vir 33 Kangaroo-moeders gehou, met die tema "Gee om vir Jouself".
- Gemeenskaps- uitreikprogramme is oor naweke by winkelsentrums in Parklands en Edgemead gehou.
- Skakeling met die Kinderkankervereniging is gehou oor die behoeftes van kinder-onkologiepasiënte.
- Opvoedkundige vermaak is van 3 tot 5 Oktober 2011 aan leerders van die Elsiesrivier-nasorgsentrum aangebied.
- 'n Opvoedkundige werkswinkel vir die ouers van nuwe pasiënte by die TygerBeer-eenheid is aangebied.
- Die Pienk-en-Blou-bewusmakingspretloop is op 5 November 2011 gehou.
- Die hoë voorkoms van trauma by kinders het 'n spesiale ingryping vir voorkoming genoodsaak. Die bewusmakingsveldtog "TygerBeer Kom Ons Hou Hande Vas," is na-uurs vanaf 10 Desember 2011 gedurende die Desember- skoolvakansie by die Tygervallei-winkelsentrum deur vrywilligers van die Departement Maatskaplike Werk aangebied en was 'n nuwe mylpaal wat bereik is.
- Die Departement Maatskaplike Werk het die volgende besoekers ontvang:
 - Verpleegkundiges van die Universiteit van die Vrystaat.
 - 'n Maatskaplike werker van Nieu-Seeland.
 - 'n Maatskaplike werker van Gauteng.
 - Verteenwoordigers van opleidingsinstansies in Denemarke.
- Bystand is gelewer met die jaareindfunksie vir hospitaalpersoneel.

Samewerking en vennootskappe

- Die departement skakel met die volgende staatsdepartemente: die Departemente van Justisie, Sosiale Ontwikkeling, Binnelandse Sake, Arbeid, Polisie en Onderwys, met die Fonds vir die Gesondheidsorg van Klerevervaardigers en ander instansies;
- Skakeling met die Hospievereniging;
- Lidmaatskap van die Raad op Maatskaplikewerk-beroepe van Suid-Afrika (SACSSP);
- Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike Werkers in die Privaat praktyk (SAASWIPP);
- Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Onkologie-Maatskaplike Werk-forum;
- Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Vereniging vir Speeltherapie;
- Lidmaatskap van die Nierstigting;
- Skakeling met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sosiale Welsyn (SASSA) in Bellville, oor pensioene.

- Skakeling met die Departement van Onderwys oor gemeenskapsuitreikprojekte by skole
- Skakeling met die Kinderkankervereniging (CHOC) is gehou oor die behoeftes van kinder-onkologie pasiënte.

Prestasies met betrekking tot navorsingsaktiwiteite

- Deelname aan 'n deurlopende studie van tuisgebaseerde behandeling van kinder-neurotuberkulose.
- Steyn, H. *The Laryngectomy Patient's View of Social Work Support Services in a Hospital Setting. Social Work*; 2010, 46(1).

Inisiatiewe/prestasies rakende onderwys

Voorgraads

- Maatskaplike Werk II, Universiteit van Kaapstad (UK), 2 studente
- MB.Ch.B.V, Universiteit Stellenbosch (US), 180 studente
- Werkskadu-studente van Fairmont High School, 2 studente

Nagraads

- M.Diac. Speeltherapie, Unisa.
- B.A. Sielkunde, UWK, 2 studente.
- B.A. Hons. Sielkunde, UWK, 1 student.
- B.A. Hons. Sielkunde, Unisa, 2 studente.
- B. Sielkunde, UFS, 1 student.
- M. Kliniese Sielkunde, 4 studente.

Die volgende opleiding is aangebied:

- Oriëntering van 'n Onkologie-verpleegkundige oor die rol van die maatskaplike werker in pediatriese onkologie;
- Deelname in Tygerberg-hospitaal-induksieprogram vir nuwe dokters;
- Die Rol van die Maatskaplike Werker in die Hantering van Kindermishandeling;
- Die nuwe Kinderwet;
- Die rol van die maatskaplike werker in die Departement van Kinderpsigiatrie met betrekking tot die Kinderwet;
- M.B.Ch.B.V-studente vir die module: Siekte en die Gesin;
- Ouervaardighede aangebied aan ouers van getraumatiseerde kinders;
- Opleiding van Teologie-studente, Universiteit Stellenbosch;
- Opleiding in Trauma-berading;

- Werkswinkel vir voogsorgmoeders van die provinsiale Departement van Sosiale Ontwikkeling;
- Die rol van die Maatskaplike Werker, aangebied aan verpleegkundiges in die privaat sektor;
- Kinderbeskerming, aangebied aan studente en maatskaplike werkers by die TygerBeer-eenheid;
- Kleiwerk as 'n hulpmiddel in Gestalt- speeltherapie;
- Die behoefte van laringektomie pasiënte aan 'n steungroep binne 'n hospitaalopset: 'n maatskaplike werk-perspektief aangebied by die Onkologie-forum;
- Kommunikasie deur handpoppe;
- Die rol van die Maatskaplike Werker in die Rumatologie-eenheid;
- Die rol van die Maatskaplike Werker ten opsigte van die keuringsvereistes van pasiënte vir dialis;
- Sien ook die opleiding gedoen deur die Personeelondersteuningseenheid.

Personeelontwikkeling

Die volgende personeelontwikkeling-sessies is gereël en bygewoon:

- Seminaar oor Stresbestuur;
- Die nuwe Kinderwet;
- Bywoning van die Tweede Internasionale Pediatriese Onkologie-konferensie;
- Vroeë Kinderontwikkeling;
- Rouberading;
- Die Maatskaplike Werker as 'n Geestesgesondheidspraktisyn-werkswinkel, aangebied deur die Departement Maatskaplike Werk, Stikland-hospitaal;
- Kommunikasie deur handpoppe;
- Besoeke deur Tygerberg-hospies;
- Besoek aan Stikland-hospitaal oor middelmisbruik;
- Kliniese Toesighouding, aangebied deur die Departement Maatskaplike Werk, UK (2 maatskaplike werkers);
- Oriëntering van drie nuwe maatskaplike werkers;
- Hartseer en rou;
- Behandeling van post-traumatiese stresversteuring by seksueel mishandelde kinders;
- Somatiese en Sensoriese Bewustheid in Speeltherapie met Getraumatiseerde Kinders
- Diploma in Verslawing word deur een Maatskaplike Werker aan die US gevolg;
- 'n Aantal maatskaplike werkers is vir rekenaaropleiding in MS Word, Excel en

PowerPoint gestuur;

- Werkswinkel oor die Departement van Onderwys se beleid oor middelmisbruik, seksuele mishandeling en tienerswangerskappe
- Kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede, aangebied deur ICAS;
- 'n Inligtingsessie oor die Regeringswerknemers-pensioenfonds (GEPF), aangebied deur ICAS;
- Kognitiewe Gedragsterapie en Gehardheid;
- Oorsig van terapeutiese dienste in skole;
- Motiverings- en lagterapie.

Slotsom

Ten spyte van die vele uitdagings wat ons in die gesig staar ten opsigte van die sosio-ekonomiese omstandighede van ons pasiënte, die tekort aan hulpbronne in die gemeenskap asook interne strukturele uitdagings, het ons daarin geslaag om 'n omvattende diens aan die pasiënte, hul gesinne en die personeel van Tygerberg-hospitaal en die omliggende gemeenskappe te lewer.

Personeelondersteuningseenheid

Departement van Maatskaplike Werk



Inleiding

Die Personeelondersteuningseenheid is die liggaam waardeur maatskaplike dienste aan werknemers en hul onmiddellike gesinne gelewer word. Dit is ook 'n instrument vir die vroeë bespeuring van probleme en vroeë ingryping. Hierbenewens is dit 'n hanteringsinstrument vir die bestuur van werknemers met probleemgedrag.

Benutting van dienste

Die benuttingskoers vir die 2011-boekjaar was 14%. Afsonderlike dienste is aan 319 werknemers gelewer en 'n bykomende 229 werknemers is deur groepwerk, aanbiedings en opleiding bereik. Die benuttingskoers het die afgelope jaar gestyg, hoofsaaklik omdat meer mense deur die groepwerk bereik is. Dit was veral die Departement Verpleegdienste wat die Personeelondersteuningseenheid gebruik het vir praatjies oor motivering, stresshantering, spanbou, ens. Baie van die werknemers wat afsonderlik behandel is, is meer as een keer gesien. Die getal kontakte met werknemers was 798.

Afsonderlike werk

Individuele dienste word saamgevat in Tabel 1. Die personeelondersteuningseenheid is beskikbaar aan alle werknemers en hul gesinne wat beradingsdienste

benodig. 'n Vertroulike korttermyn diens word gelewer, en waar nodig word werknemers verwys na hulpbronne in die gemeenskap vir verdere bystand.

Minder individuele dienste is vanjaar gelewer vergeleke met laasjaar. Hoewel die getal kliënte wat behandel is konstant gebly het, het die getal bywonings gedaal.

Tabel 1: Individuele werk: benutting

Gevalle behandel	319
Sessies bygewoon	798
Getal nuwe gevalle geopen	210
Opvolgssessies bygewoon	109
Onderhoude gevoer	565
Korrespondensie	137
Konsultasies: Bestuur	88
Konsultasies: Ander	50
Telefoniese berading	43
Verslae	39
Notas	389
Telefoonoproepe	228

Kliëntstatistiek

Meer vroue as mans het van die dienste gebruik gemaak, maar dit weerspieël die geslagsverspreiding in die hospitaal.

Tabel 2: Geslag

GESLAG	AANTAL	%
Vroulik	241	76
Manlik	78	24
Totaal	319	100

Die ouderdomsverspreiding van kliënte word in Tabel 3 saamgevat.

Tabel 3: Ouderdom

OUERDOM	AANTAL	%
41 tot 50 jaar	128	40
31 tot 40 jaar	79	25
20 tot 30 jaar	47	15
51 tot 60 jaar	57	18
61 tot 65 jaar	5	1
<20 jaar	1	1*
Totaal	319	100

*Afgerond

Die meerderheid van gebruikers was Afrikaanssprekend, soos aangedui in Tabel 4.

Tabel 4: Taal

TAAL	AANTAL	%
Afrikaans	252	79
Xhosa	55	17
Engels	6	2
Ander	6	2
Totaal	319	100

Tabel 5 dui aan dat 47% van die werknemers wat die diens benut het, reeds vir langer as 10 jaar in die hospitaal werk.

Tabel 5: Jare in diens

TJARE IN DIENS	AANTAL	%
> 10 jaar	149	47
2,1 tot 5 jaar	43	13
5,1 tot 10 jaar	21	7
1,1 tot 2 jaar	49	15
< 1 jaar	37	12
Onbekend	20	6
Totaal	319	100

Algemene werkers het 42% uitgemaak van die werknemers wat van die Personeelondersteuningseenheid se dienste gebruik gemaak het. Ander kategorieë was verpleegpersoneel, administratiewe personeel en professionele werkers.

Tabel 6: Personeelkategorie

PERSONEELKATEGORIE	AANTAL	%
Algemeen	136	42
Verpleging	122	38
Administratief	53	17
Tegnies	7	2
Professioneel	1	1
Totaal	319	100

Formele verwysings word as 'n deel van die dissiplinêre proses hanteer. Drie-en-sestig werknemers is formeel verwys. Die meeste werknemers (253) wat die dienste gebruik het, is informeel verwys. Dit dui daarop dat die Personeelondersteuningseenheid deur werknemers aanvaar word. Baie werknemers raadpleeg die eenheid op die aanbeveling van hul kollegas wat baat gevind het by die diens. Toesighouers gebruik ook die diens gereeld, soos gesien kan word in Tabel 7, wat daarop dui dat die diens ook onder bestuurders in die hospitaal aanvaar word. Daar kan op die bemerking onder gesinslede,

by georganiseerde arbeid en die personeelgesondheidskliniek verbeter word.

Tabel 7: Verwysings na die Personeelondersteuningseenheid

VERWYS DEUR	AANTAL	%
Self	174	55
Toesighouer, informeel	76	24
Toesighouer, formeel	63	20
Gesinslede	2	1
Ander	4	1
Totaal	319	100*

*Afgerond

Die probleme waarvoor die diens aangevra is, word in Tabel 8 saamgevat. Die algemeenste probleme het verband gehou met die gesin, die werk en emosionele kwessies.

Tabel 8: Probleme waarvoor diens aangevra is

PROBLEEM	GETAL	%
Gesinsprobleme	86	21
Werkverwant	75	18
Emosionele probleme	74	18
Probleemgedrag: kinders	34	8
Alkoholprobleme	30	7
Huweliksprobleme	28	7
Finansiële probleme	24	6
Middelmisbruik	23	6
Kindersorg	10	2
Egskeiding	10	2
Kinderonderhoud	9	2
Ander	11	3
Totaal	414	100

Werknemers word na hulpbronne in die gemeenskap verwys vir hulp, waar nodig. Die meeste verwysings was na welsynsorganisasies in die gemeenskap en ICAS.

Tabel 9: Verwysings na hulpbronne in die gemeenskap

VERWYS NA	AANTAL	%
Welsynsorganisasies	15	18
ICAS	14	17
Rehabilitasieklinieke	8	10
Mediese dienste	5	6
Regsdiens	13	16
TygerBeer-eenheid vir getraumatiseerde kinders	6	7
TBH-Psigiatrie	10	12
Privaat psigiatrie	6	7
Finansiële dienste	2	2
Sielkundige in privaat praktyk	3	4
Totaal	82	100

Een-honderd-en-sewentig gevalle is suksesvol afgesluit.

Groepwerk-aanbiedings

'n Groot getal werknemers is deur groepwerk en -aanbiedings bereik. Die onderwerpe wat bespreek is, word in Tabel 10 uiteengesit.

Tabel 10: Groepwerk en aanbiedings

ONDERWERP	GETAL
Trauma-ondersteuning	90
Gesindhede in die werkplek	48
Oriëntering by eenheid	38
Spanbou	20
Motivering	14
Uitbranding	12
Streshantering	7
Totaal	229


Slotsom

Uit die bostaande inligting is dit duidelik dat die Personeelondersteuningseenheid 'n omvattende diens aan die werknemers van die hospitaal lewer, wat afsonderlike sessies en groepsessies op gemeenskapsvlak insluit.

VERPLEGING

Verpleegdienste

Hoof van Verpleging: Ms RM Basson



SAMEVATTING

Gedurende 2011 het Verpleegdienste hom op die werwing van gekwalifiseerde verpleegkundiges (alle kategorieë) en die vul van vakante poste toegespits, ten einde kliniese dienste te handhaaf en bykomende dienste, soos benodig, te open. Dit het vrugte afgewerp, aangesien die getal nuwe aanstellings die getal verpleegkundiges wat die dienste verlaat weens bedanking, oorplasing en uittrede, oorskry het.

Die verpleegdienste bestaan uit kliniese en nie-kliniese modules:

Kliniese modules

Intensiewe sorgseenheid
Chirurgie
Pediatrie
Teater
Geneeskunde/Psigiatrie/Onkologie
Trauma en Nooddienste
Privaat sale
Obstetrie en Ginekologie
Buitepasiëntdienste

Nie-kliniese modules

Sentrale Steriele voorraad-departement (SSVD)
Verpleegskool
Steundienste (Huishouding)
Verpleeg-informatika
Crèche

Verpleeg- en Steunhulpbronne

POSTE (1 JANUARIE 2011)	GEVUL
Verpleegdienstebestuurder	1
Adjunk-bestuurders: Verpleging	2
Assistent-bestuurders: Verpleging	11
Bedbestuurders	2
Professionele Verpleegkundiges	718
Stafverpleegkundiges	349
Verpleegassistent	790
Operateurs (SSVD)	64
Senior Huishoudingspersoneel	40
Huishoudingspersoneel	21
Huishoudingshulpe	337

Bedankings (2011)

Professioneel	30
Stafverpleegkundiges	8
Verpleegassistente	10

Aanstellings (2011)

Professioneel	129
Stafverpleegkundiges	33
Verpleegassistente	48

PRESTASIES

Verpleegdienste het onder meer die volgende bereik:

- die implementering en ontplooiing van die Beste Sorg Altyd-inisiatiewe intensiewe sorgeenhede
- die werwing en aanstellings van verpleegpersoneel om bykomende dienste te skep vir die verandering in dreineringsgebiede
- kliniese opleiding van verpleegkundiges wat deur verskeie verpleegonderwys-instellings geplaas is in kliniese dienste.

INTERNE GENEESKUNDE**1. Modulehoof**

Me. S. D. Henry - Assistent-bestuurder: Verpleging

2. Dienste

- Die Interne Geneeskunde-module bestaan uit die eenhede en sale van Interne Geneeskunde, Psigiatrie en Onkologie.
- Die module bevat vier mediese sale, een metaboliese eenheid, een dermatologie- en een neurologie-saal.
- Psigiatrie het twee binnepasiënt-sale en twee buitepasiënt-departemente, naamlik Kinderpsigiatrie en Psigiatrie vir Volwassenes.
- Onkologie het twee binnepasiënt-sale en vyf buitepasiënt-departemente.

3. Getal beddens

Interne Geneeskunde	152 beddens
Psigiatrie	41 beddens
Onkologie	47 beddens

4. Personeel

Geregistreeerde Professionele Verpleegkundige	72
Geregistreeerde Stafverpleegkundige	42
Geregistreeerde Verpleegassistent	87
Moduleklerk	3
Huishoudingstoeshouers	12
Huishoudingshulpe	48

5. Hoogtepunte van die jaar

- Die Hartman-toekeningseremonie het in September 2011 plaasgevind. Die verpleegkundiges wat by die geleentheid toekennings ontvang het vir kliniese uitnemendheid is: Geregistreeerde Verpleegkundige N. Windvogel, Stafverpleegkundige Y. Swartz, en Verpleegassistent M. Lewies.
- Personeelontwikkeling het onder al die personeelkategorieë plaasgevind.
- Een Geregistreeerde Verpleegkundige het haar studies in gevorderde psigiatrie aan die Universiteit Stellenbosch voltooi.
- Vier Geregistreeerde Verpleegkundiges het hul studie in verpleegadministrasie voltooi.
- Die Welstand-bewusmakingsdag is op 7 Oktober 2011 gehou.
- Die Psigiatrie- Opedag is op 9 September 2011 gehou.
- Die Onkologie- Opedag is op 29 Julie 2011 gehou.
- 'n Kermis is in Oktober 2011 gehou.

OBSTETRIE EN GINEKOLOGIE**1. Modulehoof**

Me. J. R. Sapto - Assistent-bestuurder

2. Dienste

- C2A Kraamsaal
- C2A Oos – Voorgeboorte, Nageboorte, en Spesiale Sorg
- C2A Hoë sorg
- C2A Herstelkamer
- F2M Voorgeboorte
- J2 Moeders en Babas
- J5 Moeders en Babas
- J4 Ginekologie
- FG Ginekologie en Onkologie
- Borsvoedingskliniek

- Buitepasiënte: Hoë Risiko-kliniek, Tienerkliniek, Spesiale Sorg, Nuwe Besprekings en Diabetes-kliniek, Fetale Evaluasie en Sonar
- Gesinsbeplanningskliniek.

3. Personeel

Assistent-bestuurder: Verpleging	1
Professionele Verpleërs	87
Toegelate Verpleërs	46
Verpleegassistente	86

4. **Getal beddens** 187

5. **Gemiddelde bedbesetting** 78,58%

6. Hoogtepunte van die jaar

- Die hospitaal het sy MBVI-status vir die derde keer behou, danksy die toewyding van al die personeel in die nakoming van die Babavoedingsbeleid.
- Die aanstelling van die Professionele Verpleegkundige vir die program vir die voorkoming van moeder-na-kind MIV-oordrag (PMTCT) het die nakoming van die PMTCT-protokol verbeter.
- Die herorganisering van beddens in Obstetrie en Ginekologie het die bedbesettingskoers en sorg in die eenheid verbeter.
- Die departement het aan die hospitaalse opedag deelgeneem. Daar was groot belangstelling van die publiek na die inligting oor Gesinsbeplanning en Babavoeding.
- Die weeklikse gehalteversekeringsvergadering met die Vlak 2-hoof gee erkenning aan uitnemendheid en bied tekortkominge die hoof.

7. Akademies

- In 2011 het vier Professionele Verpleegkundiges hul Diploma in Gevorderde Vroedvrouery bekom, en een die Diploma in Intensiewe Sorg.
- Drie Verpleegassistente het die oorbruggingskursus na Stafverpleegkundige suksesvol voltooi.
- Vier verpleegkundiges het toekennings vir kliniese uitnemendheid by die Hartman-gedenklesing se toekenningsremonie ontvang.
- Een Professionele Verpleegkundige is vir die provinsiale Cecilia Makiwane-toekenning benoem en het die hospitaal by die spoggeleentheid verteenwoordig.
- Die hoogs doeltreffende opleidingskomitee vir verpleegkundiges en steunpersoneel in die module het altesaam 42 onderwerpe by die weeklikse modulêre indiensopleiding behandel.

8. Spesiale skenkings

- Die vrywillige hulpdiens het gehelp om 'n pasiëntvriendelike omgewing te skep deur gordyne vir C2A te borg en televisiestelle vir die sale Grond en J4.

9. Spesiale geleenthede

- Twee suksesvolle spanbou-geleenthede is gehou.
- Suksesvolle programme is op Internasionale Verpleegkundedag en Internasionale Vroedvrouedag in Mei 2011 gehou.
- Die personeel het uitgereik na pasiënte by die apteek en hulle met verversings getraakteer op Mandeladag.

CHIRURGIE

1. Modulehoof

Mnr. R. de Bruyn

2. Dienste

SAAL	BEDDENS	DIENS
Saal D1	22	Vaskulêre Chirurgie – 15 beddens,
		Abdominale Chirurgie – 7 beddens
Saal D2	31	Abdominale Chirurgie – 16 beddens
		Kop, nek en bors – 8 beddens
		Vaskulêre Chirurgie – 7 beddens
Saal D3	24	Plastiese Chirurgie
Saal D5	31	Kop-, Nek- en Bors-chirurgie
Saal D6	31	Urologie
Saal D7	31	Oogchirurgie (spesialis)
Saal G5	19	Oor-, Neus- en Keel-chirurgie (2 pediatriese beddens)
Totaal:		189

3. **Getal beddens** 189

4. Gemiddelde bedbesetting

D1 = 93% D2 = 62%
 D3 = 73% D5 = 76%
 D6 = 70% D7 = 67%
 G5 = 78%

5. Hoogtepunte van die jaar

Die volgende beamptes het Hartman-toekennings vir kliniese uitnemendheid ontvang:

- Professionele Verpleegkundige-kategorie: Professionele Verpleegkundige W. Goosen
- Ingeskrewe Verpleegkundige-kategorie: Stafverpleegkundige T. Fennie
- Verpleegassistent-kategorie: Verpleegassistentente C. Bull en C. Oranje
- Saal D3 het die Infeksievoorkoming en -Beheer-toekenning vir higiëne ontvang.

Die Smile-week-uitreikprogram aan kinders met 'n gesplete lip of verhemelte is van 14 tot 18 November 2011 gehou. Deur die Smile-stigting is 'n wondsoorg-werkswinkel ook gereël, wat verpleegkundiges van Tygerberg- en ander hospitale bygewoon het.

NOOD EN ORTOPEDIE

1. Modulehoof

Me. Sophia Kleinsmith

2. Dienste

Nood en Ortopedie, Dagchirurgie, Privaat Saal

3. Getal beddens:

- Hoërsorg: 10 Mediese Nood, Saal F1
- Intensiewe-sorgeenheid (ICU): 4 beddens Resussitasie
- Privaat saal: 28 beddens
- Ortopedie-sale: 123 beddens
- Dagchirurgie-sale: 15 beddens
- Trauma-saal: 30 beddens
- Trauma-eenheid: 20 trollies
- Chirurgiese Nood: 25 beddens (Saal C1D)
- Mediese Nood-oornagsaal: 16 beddens.

5. Gemiddelde bedbesetting

• Resussitasie-eenheid	104%
• Chirurgiese Nood	181%
• Mediese Nood	81%
• Trauma-saal	76%
• Privaat saal	71%
• A3 Oos Ortopediese saal	88%
• A3 Wes Ortopediese saal	91%
• F4 Ortopediese saal	63%
• J6 Ortopediese saal	82%

Totale pasiënte hanteer in:

• Trauma, Ongeluk en Nood	17 997
• Dagchirurgie-eenheid	2 089

6. Hoogtepunte van die jaar

Drie Professionele Verpleegkundiges, drie Ingeskrewe Verpleegkundiges en drie Ingeskrewe Verpleeg-assistente is vir die Hartman-toekenning vir kliniese uitnemendheid benoem.

'n Spanbou-sessie is by Ratanga Junction gehou.

Veiligheidshekke is in al die Ortopedie-sale geïnstalleer.

Verpleegskool

1. Personeel

Hoof van Verpleegskool: Me. H Loubser	1
Dosent PN-D2	2
Dosent PN-D1	2
Dosent Professionele Verpleegkunde vakante pos: 1 beampte is bevorder	(1)
Klerk	2
Intern	1
Totaal	8

2. Opleiding

2.1 Verpleeghulp (R2176)

Geen opleiding word tans by Tygerberg-hospitaal in hierdie program gedoen nie.

2.1.2 2.1.2 Kliniese Verpleeghulp (R2176)

Sarepta-tehuis vir bejaardes

Tien leerling-verpleeghulpe het insidentele kliniese plasings by Tygerberg-hospitaal ontvang.

Begeleiding is deur die personeel van Sarepta-tehuis as die geakkrediteerde verpleegopleidingsinstansie gehanteer.

Die kliniese plasing van die leerlinge is deur die hoof gekoördineer, 'n funksie wat aan een van die dosente oorgedra is.

Healthnicon

Twintig leerling-verpleeghulpe het insidentele kliniese plasings in Tygerberg Akademiese Hospitaal ontvang.

Begeleiding is deur die Healthnicon as die geakkrediteerde verpleegopleidingsinstansie gehanteer.

Die kliniese plasing van die leerders is gekoördineer deur die hoof van die verpleegskool, 'n funksie wat aan een van die dosente oorgedra is.

2. 1.3 Toelatingseksamen (R2175)

Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV)-eksamens is volgens skedule afgelê, drie keer deur die jaar.

Altesaam vier kandidate is in die verpleegskool geakkommodeer vir teoretiese en kliniese voorbereiding. Die slaagkoers was 100% vir 2011.

3. Verpleeghulp na Stafverpleegkundige (R2175)

3.1 Toelatingstoets tot die program

Van die 265 kandidate wat die toelatingstoets afgelê het, het 162 studente (61%) geslaag.

3.2 Verpleegskool van Tygerberg-hospitaal

Ses-en-vyftig verpleegkundiges het hul opleiding in 2011 begin, en 'n totaal van 52 (98%) het hul opleiding in 2011 voltooi. Een kandidaat moet 'n hereksamen in Mei 2012 aflê.

Leerlinge uit Tygerberg hospitaal, gemeenskaps-gesondheidsentrums, Geassosieerde Psigiatrisie Hospitale en ereleerlinge is in die opleidingsprogram geakkommodeer. Teoretiese en kliniese opleiding is deur die verpleegskool hanteer.

4. Stafverpleegkundige na Professionele Verpleegkundige (R683)

4.1 Verpleegskool van die Wes-Kaapse Rehabilitasiesentrum

Agt eerstejaar- en sewe tweedejaarstudente is deur personeel van Tygerberg-hospitaal se verpleegskool begelei. Die kliniese koördinerings, begeleidings en administrasie is deur een van die dosente van die verpleegskool gehanteer.

4.2 Healthnicon

Drie studente in hul tweedejaar is geakkommodeer, om in 2012 te voltooi.

Begeleiding is deur die personeel van Healthnicon as die geakkrediteerde verpleeginstansie gehanteer.

4.3 Groote Schuur-hospitaal

Twee studente in hul tweede jaar is geakkommodeer, om in 2012 te voltooi. Die studente is vir die volle twee jaar by Groote Schuur-hospitaal geakkommodeer.

4.4 Tygerberg Hospitaal Verpleegskool

Die nodige dokumente vir die akkreditasie-aansoek is by die SARV ingedien.

Dit was nodig om 'n paar veranderinge aan te bring, en die kurrikulum is weer in November 2011 ingedien.

5. Vierdejaaropleiding vir Professionele Verpleegkundige (R425)

In 2011 is voorgraadse verpleegkundiges aan die Wes-Kaapse Verpleegkollege en die Universiteit van Wes-Kaapland by die hospitaal geakkommodeer.

Die kliniese plasing van meer as 400 studentverpleegkundiges per maand het baie leergeleenthede by Tygerberg-hospitaal beteken. Studente is volgens hul leerbehoefte en beskikbare geleenthede geakkommodeer.

6. Ander studente

6.1 VERPLEEGSTUDENTE

6.1.1 Diploma in Verpleegadministrasie:

Agtien na-basiese Professionele Verpleegkundige-studente is in Augustus 2011 vir kliniese bestuur geakkommodeer. Hulle het 'n geskeduleerde program gevolg.

6.1.2 Kritieke Sorg-verpleging

Een Professionele Verpleegkundige in Kritieke Sorg aan die Universiteit Stellenbosch en nege aan die Wes-Kaapse Verpleegkollege is in die hospitaal geakkommodeer.

6.1.3 Diploma in Vroedvrouery (R254)

Twaalf studente in die Diploma in Vroedvrouery en tien van die Wes-Kaapse Verpleegkollege is geakkommodeer.

6.1.4 Diploma in Verpleging (Gevorderde Verloskunde en Neonatologie)

Sewe-en-twintig studente aan die Universiteit Stellenbosch is in hierdie kursus geakkommodeer.

6.1.5 Diploma in Gevorderde Psigiatrisie Verpleegkunde

Een student aan die Universiteit Stellenbosch is in hierdie kursus geakkommodeer.

6.1.6 Diploma in Onkologiese Verpleging

Twee studente aan die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT) is in die Departement Onkologie geakkommodeer.

6.1.7 Diploma in Verpleegkunde (Palliatiewe Sorg)

Twee studente is vir een dag per student toegelaat om verpleegkundiges in onkologie en stoma-sorg rond te volg.

6.1.8 Diploma in Operasiesaalverpleegkunde

Vier studente aan die Wes-Kaapse Verpleegkollege is vir die Diploma in Operasiesaalverpleegkunde geakkommodeer.

6.1.9 Diploma in Mediese en Chirurgiese

Verpleegkunde: Trauma/Nood

Ses studente aan die Wes-Kaapse Verpleegkollege is in die noodgebiede van Tygerberg-hospitaal geakkommodeer.

6.1.10 Diploma in Kinderverpleegkunde

Twee studente aan die Universiteit van Kaapstad is in die Pediatriese Departement geakkommodeer.

6.1.11 Diploma in Verpleegonderwyskunde

Twee studente aan die verpleegskool is vir verpleegpraktika geakkommodeer.

6.2 NIE-VERPLEEGKUNDE-STUDENTE

6.2.1 M.Th.-studente

Agt studente is in nood- en kardiologie-eenhede geakkommodeer.

6.2.2 Radiografiestudente

Ses-en-veertig radiografiestudente aan die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie is vir vier dae vir waarneming geakkommodeer – twee dae in die sale en twee dae in die operasiesaal.

6.2.3 M.B.Ch.B. III

'n Hospitaal-oriënteringslesing is aan derdejaar-mediese studente aan die Universiteit Stellenbosch gegee.

6.2.4 B. Arbeidsterapie

Inleiding tot Verpleegkunde is aan B.Occ.-studente aan die Universiteit Stellenbosch aangebied om die studente met die hospitaal se saalroetine en verpleegpraktyk vertrou te maak.

7. Indiensopleiding

7.1 Maandelikse generiese indiensopleiding is gedoen. Altesaam 503 beamptes het dit bygewoon.

7.2 Opdaterings aan kliniese vaardighede is gehou, en is deur 75 Verpleeghulpe, 12 Stafverpleegkundiges en drie Professionele Verpleegkundiges bygewoon.

7.3 Daar was meer as honderd besoekers aan die verpleegskool se stalletjie by die hospitaal se opedag.

8. Induksie

In 2011 is 175 beamptes in induksie geakkommodeer, soos deur die verpleegskool gekoördineer.

9. Spesiale geleentheid

9.1 Die Hartman-gedenklesing is op 21 September 2011 gehou, met Dr. A. Muller as die gasspreker.

9.2 'n Eedafleggingseremonie vir stafverpleegkundiges is op 22 September 2011 gehou. Me. F. Africa, Direkteur van Verpleegkunde in die Wes-Kaap, was die gas.

10. Situasië-ontleding

'n Situasië-ontleding is gehou om Tygerberg-hospitaal as 'n kliniese fasiliteit vir die volgende verpleegonderwys-instellings en -kursusse te akkrediteer:

Wes-Kaapse Verpleegkollege

Diploma in Gevorderde Vroedvrouery en Neonatologie (R212)

Diploma in Vroedvrouery (R254)

Diploma in Ortopediese Verpleegkunde

Medi Clinic

Diploma in Vroedvrouery (R254)

Universiteit van Wes-Kaapland

Diploma in Gevorderde Vroedvrouery en Neonatologie (R212)

Verpleegskool van Tygerberg-hospitaal

Diploma in Algemene Verpleegkunde ingevolge R683

11. Gemeenskapsdienspraktisyns

Sewe-en-veertig gemeenskapsdiens- verpleegpraktisyns het hul gemeenskapsdiensjaar in 2011 begin. Die beamptes is geroteer volgens 'n kliniese plasingrooster om hulle blootstelling te gee aan die verskillende dissiplines, waaronder algemene verpleging, obstetrie, pediatrie, psigiatrie, kritieke sorg en nooddienste.

'n Self-assesseringsloodstudie van kliniese en bestuursvaardighede is uitgevoer. Die uitkomst was dat gemeenskapsdienspraktisyns meer mentorskap, professionele leiding en opleiding benodig om hulself as bekwaam te kan beskou.

12 Inisiatiewe ter bevordering van 'n positiewe ingesteldheid

ICAS het op 31 Maart 2011 'n sessie oor erbarmingsuitputting aangebied, ter ondersteuning van die personeel by die verpleegskool.

'n Jaareindfunksie-aandete is gehou as 'n spanboupoging.

Die voorstelleboksie is aan die muur langs die biblioteek gemonteer, maar is nog nie in werking nie.

Die *High Tea* by Mount Nelson-hotel is op 14 Mei 2011 genuttig.

'n Formele boomplantgeleentheid het in November 2011 plaasgevind. 'n Koorsboom is op die kampus geplant as 'n simbool van hoop en om bewusmaking oor koolstofvoetspore te bevorder. Die boom vaar goed.

Die volgende uitreik-aktiwiteite is gedoen:

- Koffie en muffins is in Maart 2011 aan die Telefoonskakelbordspan gegee.
- Koffie en Paasbolletjies is in April 2011 aan die terrein- en kampuspersoneel uitgedeel.
- Koffie en muffins is in Mei 2011 onder die skoolleerlinge uitgedeel.
- 'n Soet-en-sout-bord is in Junie 2011 aan die Drukkery gegee.
- Ons karwagte en skoonmaakpersoneel is in Julie 2012 met sop getrakteer.
- Verrassingspakkies is in August 2011 aan areabestuurders gegee.

13. Navorsing

'n Kliënttevredenheidsopname is onder leerlinge in die verpleegskool gedoen. Die terugvoer was positief en leerlinge is blykbaar tevrede met die diens wat hulle in die verpleegskool ontvang.

14. Infrastruktuur

Weens die rioolvloed in A Grond, is die matte in die hoof se kantoor en die biblioteek beskadig. Vir byna ses maande moes die hoof uit 'n ander kantoor werk en is die klerk ook verplaas. Hierdie ongerief het 'n negatiewe uitwerking op bestuur en tydsbestuur gehad.

BUITEPASIËNTDEPARTEMENT

1. Modulehoof

Mara Majiedt, Assistent-Verpleegbestuurder

2. Uitset:

Die buitepasiëntdepartement het in 2011 aan 225 052 pasiënte diens gelewer.

3. Samevatting

Die departement bestaan uit 23 dienspunte.

Die klinieke het gedeeltelike herstrukturering ondergaan, met etlike dienspunte wat nou gekombineerde diens aanbied. Die diens wat gelewer word, word hieronder volgens verdieping gelys:

DERDE VLOER: Ginekologiekliniek

Dienste:

Teater:

Beëindiging van swangerskap (TOP) – 925

Klein chirurgiese prosedures – histeroskopie-ledigings

Voor- en naberading vir TOP

Ginekologiese diens, waaronder 'n onkologiediens en onvrugbaarheidskliniek.

VIERDE VLOER: X-strale

Van basiese tot meer gevorderde diagnostiese ondersoekprosedures – sonars, gerekenariseerde tomografie (RT)-skanderings, asook magnetiese-resonansiebeelding (MRI)-skanderings.

VYFDE VLOER:

Borskliniek:

Borskliniek, Tiroïed-kliniek, Abdominale Onkologie

Oor, Neus, en Keel (ENT)-kliniek

Kollaterale chirurgie:

- Neurochirurgie
- Abdominale Chirurgie
- Vaskulêre Chirurgie
- Brandwonde
- Pediatriese Chirurgie
- Anorektale Herstel/Dilatasie-kliniek
- Plastiese Chirurgie en Maksillofasiale, Gesplete verhemelte- en Gesplete lip-herstel
- Traumachirurgie

Stomasorgkliniek

'n Diens wat deur verpleegkundiges bestuur word en die enigste diens wat op 'n binnepatiënt- en buitepatiëntgrondslag aangebied word.

SESDE VLOER:

Urologie-kliniek

- Prostaat
- Besnyding
- Onkologie
- Ereksie-disfunksie
- Eshwell-teater

ORTOPEDIESE KLINIEK

Algemene en Trauma-ortopedie

GESPESIALISEERDE KLINIEKE:

Pediatriese Ortopedie, Handchirurgie, Handkliniek, Heup- en Knie-kliniek, Chiropodie, Skouerkliniek, Rugpatologie en Voetkliniek

SEWENDE VLOER:

Offalmologie-kliniek

Gespesialiseerde klinieke:

- Diabetes
- Epilepsie
- Neurologie

- Respiratories
- Rumatologie
- Lupus
- Nefrologie
- Allergie

Gastroënterologie en Hepatologie

- Gastroskopiese
- Kolonoskopiese
- Endoskopiese Stenting
- Manometriese Ondersoeke
- Perkutane Gastrostomieë

AGTSTE VLOER:

Interne Geneeskunde

Kardiologie, waaronder EKG- en Eggo-dienste

Dermatologie

Infeksiesiektes

Personeelgesondheid, waaronder Beroepsgesondheidsiektes-kliniek

NEGENDE VLOER:

Hematologie – Beenmurgbiopsie

TIENDE VLOER:

Kerngeneeskunde – verskeie skanderings: tiroïed-beendere-, brandwagknoop-, PET-, beendere-, en melkskanderings, en renogramme.

5. Hoogtepunte van die jaar

- Afsluiting van die veldtog vir MIV-berading en –toetse.
- Die onkologie-wagkamer is deur Tera Kok en koe gevef. Skilderye is geskenk en nuwe stoele is vir die wagkamer geborg.
- In X-strale is die mammogram-masjien vervang.
- Die Chirurgiedepartement het 'n uitreikprogram na Eersterivier-hospitaal begin.
- Die stomakliniek het 'n opedag gehou op 11 November 2011, wat 'n groot sukses was.
- Die Borskliniek het 'n skenking van die Pink Lady-appelorganisasie ontvang. Die skenking is aangewend om vir die vervoer van Borsonkologie-pasiënte na en van die hospitaal te betaal. Die Pienk-veldtog (Pink Drive) het in Junie 2011 afgeskop. Die diens is in 'n groot, pienk vragmotor, toegerus met 'n mammogram-masjien, na die gemeenskappe geneem. Hierdie inisiatief het ten doel om bewusmaking van Vrouegesondheid te kweek.
- Die Hartman-gedenklesing het op 10 November 2011 plaasgevind. Verpleegkundiges het

toekennings vir kliniese uitnemendheid ontvang. Die ontvangers is deur hul portuur benoem.

- Die Eenheid vir Gastroënterologie en Hepatologie het twee endoskopiese wasmasjiene bekom. Bouwerk is steeds aan die gang. Kolonoskopie het ook 'n prosesseerder en ligbron ontvang. Die verpleegpersoneel van hierdie eenheid het die jaarlikse SAGES-kongres van 12 tot 16 April 2011.
- Rumatologiekliniek: Kamer 701 is opgegradeer na 'n ultraklankkamer, met behulp van skenkings deur Abbott Laboratories. Die verpleegpersoneel was aktief betrokke by bewusmaking van die publiek by opedae, byvoorbeeld Osteoartritisdag (26 August 2012) en Internasionale Rumatologiedag (12 Oktober 2012). Aktiwiteite is in die kliniek en in die hoofapteek se waggebied gehou.
- Beroepsgesondheid: Dokters, mediese studente, en verpleegstudente, in hierdie volgorde, maak die grootste gedeelte van die spatgevallen en naaldprikbeserings in die hospitaal uit. Onderskeidelik 133, 97 en 75 personeellede is geïmmuniseer teen hepatitis B, H.N., en masels en tetanus.
- Huidige navorsing van volwassenes in die Infeksiesiekteskliniek:
 - 'n HPV-studie om die insidensie van HPV asook servikskanker onder MIV-positiewe vroue vas te stel.
 - 'n PMTCT-studie: van die virale lading voor aanvang op teenretrovirusterapie en na geboorte.
 - 'n Hepatitis B-studie: Monitoring van die insidensie van hepatitis B-infeksie en MIV-koïnfeksie.
 - Nefrologiestudie: Monitoring van die insidensie en omvang van niersiekte onder MIV-geïnfekteerde pasiënte.
- Kerngeneeskunde:
 - Die voltooiing van die nuwe PET-sentrum in die Gene Louw-gebou – die installering van die PET/RT-kamera.
 - Opgradering van die gamma-kamera op die tiende verdieping deur die byvoeging van 'n RT-komponent.
- Eenheid vir die Beheer en Voorkoming van Infeksie (UIPC):
 - Belangrike besoekers: me. Salma Khamassi van die WGO het die UIPC van 4 tot 7 April 2011 besoek.
 - Dr. E. Kamuri en me. Theresa Mwangi, van

Kenyata-hospitaal in Kenia, het ook die eenheid in Augustus 2011 besoek. Hulle het waardevolle inligting en waaktoesig-protokolle bekom om terug te neem, vir hul hospitaal aan te pas en te implementeer.

- Die Infeksievoorkoming en -beheer (IPC)-oorlewingspakkie is in Januarie 2011 van stapel gestuur en versprei.
- IPC-beleide is op die I-skyf beskikbaar gestel.
- Verspreiding van verskeie inligtingsbrosjures aan die gemeenskap.

6. Noemenswaardige statistieke

- 925 TOP's is uitgevoer, waarvan 477 deur verpleegkundiges en 222 deur 'n dokter.
- X-strale: 1 773 sonars en 18 144 skanderings is geneem.
- Altesaam 8 164 pasiënte is deur een Geregistreerde Verpleegkundige en twee Ingeskrewe verpleegkundiges by die Stomakliniek behandel.
- Ten opsigte van beroepsgeondheid het die meerderheid van die gerapporteerde 328 beroepsbeserings vir 2011 uit spatgevallen of naaldprikke van dokters (113), mediese studente (97) en studentverpleegkundiges (75) bestaan.
 - 'n Berigte 18 personeellede het pulmonêre tuberkulose aan diens opgedoen.
- Infeksiesiektes:
 - Totale pasiëntbesoeke: 18 218;
 - Oorplasinge uit: 384 volwasse en 67 pediatriese pasiënte;
 - Die gerapporteerde getal nuwe MIV-positiewe pasiënte was 491 in 2011.

TEATER

1. Modulehoof

Mnr. R. E. Visagie, Assistent- Verpleegbestuurder,

Samevatting

- Die eenheid lewer 'n bevoegde, veilige, deernisvolle en etiese gesondheidsdiens aan hospitale en klinieke in die dreineringsgebied.
- Die eenheid hanteer 'n gemiddeld van 45 gevalle per dag in die algemene teaters, en 35 gevalle per dag in die noodteaters.

Personeel

Areabestuurder	2
Professionele Verpleegkundige	87
Stafverpleegkundige	35
Verpleegassistent	72
Admin. Klerk	4
Algemene Assistent	38
Huishouers	4

Dienste

- 25 teaters vir elektiewe gevalle
- 1 kateterisasielaboratorium
- 1 radiologieteater
- 4 noodteaters
- 1 dekontaminasieteater vir bestraling

Kommentaar op uitsette

- 26 351 gevalle is in 2011 hanteer.

Infrastruktuurontwikkeling

Die beplanning vir die opgradering van die derdeverdieping-teaters en die personeelskamers, om die moraal van personeel te lig, geniet voorrang.

Hoogtepunte van die jaar

- Hartman-toekennings is oorhandig aan:
 - Me. N. Sam, Professionele Verpleegkundige
 - Me. M. Swartz, Stafverpleegkundige
 - Me. F. Skippers, Verpleegassistent
- Strategiese-beplanningssessies is in die module gehou.
- Die paraatheid van die bestralingsdekontaminasieteater is op 3 November 2011 met die hulp van Eskom getoets.
- Al drie die studente in die nuwe kursus vir Operasiesaal-praktisyn, wat in Februarie 2011 begin het, het hul eerstejaar-eksamen geslaag, met onderskeiding in hul praktika.
- Die tweede groep van vyf het in Februarie 2012 begin.

SSVD

Modulehoof

Mnr. M.R. Schuller

Sentrale Sterielevoorraad-departement (SSVD)-dienste word aan Tygerberg-hospitaal se teaters, sale en klinieke gelewer.

Personeel

SSVD-bestuurder	1
Admin. Klerk	1
Eerste Operateurs	7
Senior Huishoudster	1
Operateurs	49
Algemene Stoorassistent	5
Linnestoorassistente	5
Huishoudinghulpe	6
Totaal	75

Toerusting

Ontsmetters x 10

Steris-ontsmetwasmasjiene: 1 x enkelkompartement, 2 x multikompartement

Sterilisasië-uitsette

Skinkborde ontsmet:

6 439 (2010) – 6 880 (2011) gemiddeld per maand

Etileenoksied (EO)-ontsmetting:

16 679 (2010) – 5 674 (2011) gemiddeld per maand

Opleiding en ontwikkeling:

IPC- basiese ontsmettingskursus

Drie operateurs het geslaag, en een het nie.

IPC- intermediêre kursus

Twee toesighouers het geslaag.

IPC- gevorderde kursus

Die uitslae van die twee toesighouers is nog uitstaande.

Hoogtepunte van die jaar

Die vermindering van items vir EO-ontsmetting.

BIOMEDIËSE WETENSKAPPE

Departement van Biomediese Wetenskappe

Prof. Paul D. van Helden

Opsomming

Die Afdeling van Molekulêre Biologie en Menslike Genetika

Kliniese dienste

- een respiratoriese buitepasiëntdepartement-kliniek per week
- een brongoskopiese teatersessie per week
- sewe weke per jaar op bystand-plig vir mediese-waakeenhede, insluitend saalronde, konsultasiediens (saalverwysings), bystand na-ure en saalrondes naweke.


Kliniese-genetika- en Genetiese Beradingsdienste word in Tabel 1 aangedui.

Tabel 1: Kliniese-genetika- en Genetiese Beradingsklinieke

KLINIEK	FREKWENSIE
TBH voorgeboortelike berading	2/week
TBH pediatries geneties	1/week
TBH hemofilie	1/ maand
TBH neurogenetika	1/3de maand
TBH kankerbera-dingsdiens	2/maand
TBH gesplete verhemelte	2/maand
Uitreik aan vlak 2-hospitale	gereeld
Uitreik na LSEN-skole	gereeld

Direkte pasiënt- en gemeenskapsvoordeel

1. Kardiovaskulêre (KV) siektes: Direkte DNA-gebaseerde toetse is beskikbaar vir hipertrofiese kardiomiopatie (HKM), lang QT-sindroom (LQTS) en progressiewe familie hartblok tipe I (PFHBTI). Inligting word ook beskikbaar gestel aan Voorkom Arritmiese Kardiale Voorvalle (PACE) vir pasiënt- en gesinsgebaseerde berading. Inligting vir die leek word ook op hul webwerf beskikbaar gestel.
2. Die behandelingsuitkoms van pasiënte met ekstra medikasieweerstandige TB (XDR-TB) lei dikwels tot 'n situasie waar behandeling misluk, gevolg deur sterfte. Ons het in samewerking met



Dokters sonder Grense (MSF) onderneem om die weerstandsprofiel te bepaal van pasiënte wat terapeuties behoeftig is. Hierdie inligting word gebruik om behandelingsopsies aan te pas en om te dien as aansporing vir die deernisvolle gebruik van teen-TB medikasie wat steeds in fase 2 en 3 van proefnemings is.

3. Ons steun die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste (NHLS) met genotipering en help met die diagnose van gevalle van problematiese TB en medikasieweerstandige TB. Ons is gevra om te help om die onderliggende redes vir die lae spesifisiteit van die kultuur-gebaseerde toets vir etionamied te bepaal.
4. Ons steun die NHLS in die onderrig van BSc Honneurs-studente (mnr. D. Hart) asook PhD-studente (mnr. Barnard).
5. Ons werk saam met die NHLS om die nuwe "sensitire"-plaatmetode vir medikasievatbaarheidstoetse en om die minimum inhiberende konsentrasie (MSK) te bepaal vir beide eerste- en tweedelyn teen-TB medikasie te evalueer.
6. Ons werk saam met die NHLS om die uitkoms van die Xpert MTB/RIF-toets in KwaZulu-Natal te evalueer met die doel om die waargenome verhoging in MDR-TB-gevalle in een distriksmunisipaliteit te beheer.
7. 'n Beleidsinstruksie is in Augustus 2011 bekendgestel, wat die sterk verband tussen mutasies in die inhA-promotor en weerstand teen isoniasied en etionamied dokumenteer. Ons het in hierdie instruksie-voorstelle gemaak dat hierdie inligting by die diagnostieke verslag ingesluit moet word. Ons het ook riglyne vir klinici voorgestel oor hoe om pasiënte te behandel volgens roetine-resultate van MTBDRplus-genotipering.

8. Ons het 'n dokument vir die nasionale Departement van Landbou geskryf (op versoek van daardie departement) wat die situasie met die diagnose van ongewone mikobakterie in diersiektes verduidelik. Hierdie werk het voortgeduur en uitgebrei en sal as 'n verklarende dokument in die portuuroorsig-literatuur in 2012 verskyn.
9. Ons doen gespesialiseerde diagnostiek vir kritieke dierspesies vir die Nasionale Soölogiese Tuine (NZG) en SANParke, en gee hulle dienooreenkomstig raad.
10. Die organisasie FIND, wat deur die Gates-stigting gesteun word, vra gereeld een van ons personeellede, me. A. Jordaan (Universiteit Stellenbosch), om na Afrika-lande te reis om diagnostiese opleiding in hul nuwe kommersiële molekulêre-diagnostieke essai te bied.
11. Die Kliniese Genetika en Genetiese Beradingsdiens maak voorsiening vir sorg en voorkoming van geboortegebreke en genetiese siektes in die dreineringsgebied van die Tygerberg-hospitaal (Kaapse Metro-Oos, en die Wynland-, Overberg-, en Weskus-distrik van die Wes-Kaap).

Laboratorium-werk:

Polimerasie-kettingreaksie (PKR) – soortgelyk van mikobakterie-tuberkulose-soorte wat studie-deelnemers besmet

IS6110 DNA-vingerafdrukkneming van mikobakterie-tuberkulose-soorte wat studieddeelnemers besmet.

Uitkoms van interferon gamma-vrystelling essai-toetse in die immunologie-laboratorium vir Tygerberg-hospitaal-pasiënte – hoofsaaklik vir pediatriese-onkologie-pasiënte.

Opleiding

MBChB I: 8 immunologie-lesings

MBChB II: 6 immunologie-lesings

DIE AFDELING ANATOMIE EN HISTOLOGIE

Opleiding

Eerste semester:

MBChB II

MMed

Spraakterapie III

Tweede semester:

Tandheelkunde

Arbeidsterapie II

Fisioterapie II

Spraakterapie III (Kliniese Neurologie)

Onderrigure per week = 5

Toets of eksamen opgestel, uitgedeel, gemerk, punte geprosesser = 6 per semester

Kliniese werk:

Genetiese berading

Aktief by Mfuleni-kliniek waar sy pasiënte op 'n weeklikse basis vir TB behandel (2 dae per week)

DIE AFDELING MEDIESE FISIOLOGIE

Opleiding

Die Afdeling Mediese Fisiologie is hoofsaaklik verantwoordelik vir onderrig en opleiding van voorgraadse (MBChB, BChD, BSc Fisioterapie, Arbeidsterapie, Dieetkunde) en nagraadse studente (BscHon, MSc, Mmed) by die Fakulteit vir Gesondheidswetenskappe.

Navorsing

Die twee hoof- navorsingsvelde sluit die Kardiovaskulêre Navorsingsgroep en die Reproductiewe-fisiologie Navorsingsgroep in.

Kliniese dienste

- Een respiratoriese kliniek per week
- een brongoskopie-teatersessie per week
- agt weke per jaar op bystand vir mediese waakeenheid, insluitend saalrondes, konsultasiedienste (saalverwysings), na-ure op bystand en saalrondes naweke
- aktiewe deelname aan opleiding van kliniese assistente

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor Hoofspesialis	5	5
Spesialis	4	3
Kliniese assistent (net getal)	4	2
Mediese Beampte	2	2

POSTE (SESSIONEEL – UUR PER WEEK)		
Spesialiste		
Deeltydse poste	2	2
Locum-poste		
Voltydse ekwivalente		
Getal beddens (bruikbaar):		

Buitepasiëntbesoeke, Spesialisklinieke, Opnames, Teaterprosedures:

- spesialisklinieke (pulmonologie): een kliniek elke week
- brongoskopie-teaterlys: een middag en een voldag-teaterlys per week
- 56 dae na-ure bystand in waakeenheid vir elk van die twee spesialiste

Kliniese Genetika en Genetiese Berading:

- Twee kliniese assistente in kliniese genetika is aangestel.
- Prof. Greetje de Jong en prof. Denis Viljoen werk in sessionele poste.
- 'n Deeltydse genetiese berader en genetiese-beradingsintern is by die personeelgetal gevoeg.
- Met die steun en hulp van die Departement van Obstetrie en Ginekologie is 'n kliniese-genetika-gebied in Tygerberg-hospitaal aan die einde van 2011 geopen. Dit sluit twee konsultasiekamers in en versterk die profiel van genetika as 'n kliniese vakrigting.
- Die NHLS-laboratorium by Tygerberg-hospitaal is steeds in 'n onvoldoende toestand, grootliks as gevolg van die groter probleme binne die NHLS.

Tabel 2: Kliniese Genetika en Genetiese Beradingskonsultasie 2011

KLINIEK	FREKWENSIE	PASIËNTE GESIEN
TBH beoordeling van doodgebore babas	daaglik	742
TBH voorgeboortelike fetale afwykingsberading	1/week	824 totaal (724 eerste besoek)
TBH voorgeboortelike Downsindroom-berading	1/week	
TBH pediatriese genetika	1/week	410 totaal (163 eerste besoek)
TBH hemofilie	1/ maand	12
TBH kanker-genetika diens	1/ maand	40 borskanker 14 kolon- kanker
TBH neurogenetika-kliniek	1/3 maande (gest. Aug 2011)	10 gesinne

KLINIEK	FREKWENSIE	PASIËNTE GESIEN
TBH gesplete verhemelte	2/maand	60
Uitreik aan LSEN-skole	Gereeld	170
Totaal		2 282

Dit is duidelik dat aansienlike getalle pasiënte uit 'n wye reeks lewenstadiums en van alle sorgvlakke voordeel trek uit die kliniese-genetika- en genetiese beradingsdiens.

Die beoordeling van doodgebore babas neem die akkurate toeskrywing van doodsoorsake in aanmerking, wat implikasies het vir obstetriese en genetiese hantering van toekomstige swangerskappe.

Die omvang van die diens het gedurende 2011 vergroot om vermeerderde getalle volwasse pasiënte (veral vir kanker en neurogenetiese siektes) en verhoogde getalle pasiënte, wat hoofsaaklik deur genetiese beradings eerder as net deur kliniese genetici, gesien word.

Kommentaar op uitset

Kliniese-genetika- en Genetiese Beradingsdienste brei uit en gebruik verhogend supermoderne genetiese toetse en beradingsbenaderings om 'n voorste diens te lewer. Dit sluit in om toegang tot toetse in die privaatsektor of oorsee te fasiliteer waar toetse nie deur die NHLS beskikbaar is nie (dit is veral belangrik gegewe die vreeslike toestand van die NHLS).

'n Belangrike prioriteit vir die kliniese-genetiese diens is om kliniese assistente in kliniese genetika vir die FCMG deel 1-eksamens voor te berei – hierdie proses het begin.

Ons het Quantiferon-toetse vir Tygerberg-hospitaal uitgevoer wanneer versoek, i.e. vir Pediatriese Onkologie. Dit is 'n gespesialiseerde toets vir TB-infeksie wat nie deur die staatsektor beskikbaar is nie.

Gemeenskapsuitreikprogramme

DIE AFDELING MOLEKULÊRE BIOLOGIE EN MENSLIKE GENETIKA

Uitreikaktiwiteite (aan die breër publiek)

Verlag van Prof. V. Corfield se uitreikaktiwiteite in 2011:

Prof. Corfield het haar betrokkenheid by uitreikaktiwiteite voortgesit wat die algemene publiek betrek by groter bewustheid en waardering van biomediese

wetenskappe. Sy het sedert 1998 steun en aansporing vir hierdie werk van verskeie belanghebbendes ontvang en het die deelname van ander aan hierdie geleenthede aktief aangemoedig. Baie van hierdie aktiwiteite is onderneem met "uitreikbefondsing" van die CMCB of met die gemeenskapskakelkantoor of die navorsingsvertolkingskantoor van die Mediese Navorsingsraad (MRC), voorheen met me. Khalipha Ramahlape en meer onlangs met me. Benita Mayosi.

Die voltooiing van fase 3 van die Wellcome Trust Internasionale Betrekking (WTIE)-toekenning wat aan prof. Corfield (hoofontvanger) toegeken is in vennootskap met die MNT Sciencentre, Kaapstad, was 'n hoogtepunt van 2011. Die eerste twee fases van die projek getiteld *Catalysing partnerships: the role of science centres as intermediaries between the public and scientists in engagement with biomedical sciences in South Africa*, het wetenskapsentrums en wetenskaplikes byeengebring om kwessies rakende biomediese wetenskappe meer toeganklik vir die algemene publiek te maak. Streekswerksessies wat in 2010 gehou is, het 'n mengelmoes van wetenskaplikes van plaaslike en navorsingsinstellings en van wetenskapsentrums dwarsoor die streek (insluitend wetenskapsentrums in landelike gebiede) byeengebring. Verskeie MNR-werknemers asook nagraadse studente en personeel van MNR-sentrums of -eenhede in die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en Gauteng, het hierdie werksessies bygewoon.

Gevolglik is 'n suksesvolle uitkoms van die projek die beplande "saai-effek" met die onafhanklike ontwikkeling van bestaande en nuwe openbaredeelname-aktiwiteite dwarsoor die land. Gevolglik in 2011 is die werksessies, *The Trouble with TB*, *HIV comes to the party*, *The DNA Detective*, *what's in your genes?*, *TIK's Tricks*, *Enzyme Antics* en *Basic Biotechnology*, en die uitstallings, *The Trouble with TB* en *The Skin you're in* (almal oorspronklik deur prof. Corfield ontwikkel), soms deur prof. Corfield aangebied, maar oor die algemeen deur ander by, onder meer, die Kaapstadse Wetenskapsentrum, die Giyani-wetenskapsentrum (Limpopo), die Gateway-wetenskapsentrum en die wetenskapsentrums by die universiteite van Pretoria, Limpopo, KwaZulu-Natal en Zululand.

Die laaste fase 3 van die projek is in Desember 2011 voltooi met die produksie van 'n *Handbook for South African Science Centre Communicators* en 'n webwerf met 'n elektroniese weergawe van die handleiding en steunmateriaal het (<http://www.saastec.co.za/scibiologa.htm>), wat die doel bereik

het om ander te bemagtig om betrokke te raak by die bevordering van openbare bewustheid en deelname aan biogeneeskunde, en by die ondersoek van die etiese- en samelewingskwessies wat deur nuwe tegnologieë aan die lig kom.

Nog 'n hoogtepunt van wetenskapsdeelname-aktiwiteite in 2011 was prof. Corfield se deelname aan die sesde Jaarlikse Wetenskapsentrum Wêreldkonferensie wat in Kaapstad gehou is. Sy is uitgenooi om aan twee paneelbesprekings deel te neem. Vir die eerste een het sy 'n praatjie met die titel, *Can 'Science and Society' be squeezed into a one-size-fits-all science centre experience?* gelewer waarin sy die behoefte ondersoek om aktiwiteite aan te pas vir teikengroepe wat kultureel of op taalgebied verskillend is. Die titel van die tweede bydrae, *Promoting women in science centres across cultures; the contribution of science centres*, het die wyses ondersoek waarop wetenskapsentrums kan help om die ingesteldheid te verander en bewustheid te skep onder jong meisie-leerlinge oor loopbane in wetenskap en tegnologie. Die twee plakkate wat deur prof. Corfield aangebied is, het die rol van die organisasie Suid-Afrikaanse vroue in Wetenskap en Tegnologie (SAWISE), wat die rol van vroue in die wetenskappe en ingenieurswese wil versterk, en die doelwitte van die WTIE-toekenning geskets en was onderskeidelik getiteld *SAWISE: South African sisters in science and engineering network with science centres* en *Catalysing partnerships: can science centres bridge the gap and promote dialogue between scientists and the public in biomedicine?*.

'n Interessante byvoordeel van die WTIE-werksessies wat in fase 2 aangebied is, was die verdere ontwikkeling deur prof. Corfield in 2011 van die gebruik van die moordraaisel-genre om die algemene publiek te betrek by die wetenskap wat forensiese DNA-ondersoeke stut en die etiese kwessies wat hierdie tegnologie te sprake bring. Prof. Corfield het 'n aantal speurverhaal-scenario's geskryf wat gebruik is in openbare deelname-aktiwiteite, naamlik by Scifest Afrika 2011, die Universiteit van Limpopo Wetenskapsentrum se skoleprogram en by die algemene jaarvergadering (AJV) van SAWISE.

Prof. Corfield was in 2011 betrokke by ander aktiwiteite wat die openbare bewustheid van verskeie aspekte van die wetenskap bevorder het. Een hiervan is die voortgesette bekendstelling van die DNA-projek, 'n organisasie wat bewustheid wil skep oor die belangrikheid van DNA-forensiese bewyse deur vele aktiwiteite. In 2011 het prof. Corfield lesings

aangebied vir die DNA-projek aan die Third Age-universiteit, die Nasionale Vervolgingsgesag en aan die maatskappy wat verantwoordelik is om die projek se advertensiemateriaal te ontwikkel. Sy was ook betrokke by 'n werksessie, DNA CSO, wat sy gehelp ontwikkel het, en aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens, buurtwag-groepe, sentrums vir verkragting en vrouemishandeling en skole aangebied het. Prof. Corfield het verdere opleidingsprojekte gelei met die Program vir Openbare Begrip van Biotegnologie (PUB), naamlik die fasilitering en assessering van die program in Basiese Biotegnologie van die Universiteit van Limpopo Wetenskapsentrum en sy het die assessering van mediaverslae oor biotegnologie vir die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (SAASTA) onderneem.

In 2011, in antwoord op die behoefte om bewustheid te skep oor die reeks gesondheidsverwante loopbane wat aan skoolleerlinge beskikbaar is, het prof. Corfield 'n voorlegging bygewerk wat sy voorheen voorberei het, getiteld *Careers in Health Care*. Sy het hierdie praatjie aan die oorbruggingsprogram van die Universiteit Stellenbosch aangebied en dit beskikbaar gestel aan die MNR se Navorsingsvertalingskantoor – wat dit by Limpopo se 2001 Eding-wetenskapsfees aangebied het. Sy het ook SAWISE se geleentheid “Ontmoet-'n-vroulike-wetenskaplike” vir skoolleerders beplan.

Die werksessie oor mondelinge voorleggings, wat voorheen deur prof. Corfield ontwikkel is, is ook bygewerk en is twee keer in 2011 aangebied as deel van die Universiteit Stellenbosch se Navorsings- en Kapasiteitsontwikkelingskantoor se program om personeel en senior studente te onderrig en aan die BSc Honneurs-studente van die Sentrum vir Molekulêre- en Selbiologie (CMCB). Daarbenewens is 'n korter weergawe, getiteld *101 tips for a pitch perfect presentation*, by 'n SAWISE-werksessie en by die Tweejaarlikse Konferensie vir Vroue in Ingenieurswese (Gauteng) aangebied.

Die Kliniese-genetika- en Genetiese Beradingsdiens:

Die groep het nou bande gesluit met die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR), 'n NRO wat op Fetale Alkoholsindroom (FAS) fokus, 'n toestand van groot openbare gesondheidsbelang in die Wes-Kaap. Dr. Urban is 'n raadslid van FARR en ons werk saam met FARR en andere om FAS na te vors en uit te lig. As deel van sy fokus op gestremdheid, bied die Kliniese Genetika en Genetiese Beradingsgroep steeds uitreikdienste aan skole vir leerders met spesiale opvoedingsbehoefte (LSEN-skole).

Die Afdeling Anatomie en Histologie

Die afdeling was gasheer vir drie ortopediese chirurgie van België en Nederland wat opleiding in ortopediese skouerchirurgie by die Kaapse Skouerkliniek (dr. Joe de Beer) ontvang het en navorsing gedoen het (kadawers) oor 'n verskeidenheid onderwerpe oor skouers, heupe en knieë, wat in 2012 vir publikasie ingedien is.

Altesame 6 000 graad 11- en graad 12-leerders van 120 skole in die Wes-Kaap het die Morfologie-museum se opvoedkundige program bygewoon.

Altesame 35 CPD-geakkrediteerde kadawer-gebaseerde chirurgiese heropleidingswerksessies is aan ortopediese chirurgie en neurochirurgie aangebied, wat deur die voorste vervaardigers van chirurgiese inplantings en toerusting (Orthomed, Accumed, Medtronic, Zimmer, Werkomed, SA Biomedical, Southern Medical, Stryker, Ortho-Surgical Implants, Smith and Nephew, Johnson & Johnson, Earth Medical, Orthogate, Bloomberg Medical, Bicifix, Adcock-Ingram) geborg is. Die werksessies is aan 200 chirurgie aangebied (konserwatiewe beraming, waarskynlik meer).

DIE AFDELING MEDIËSE FISILOGIE

Gemeenskapsuitreikprogramme

Prof. Hans Strijdom was betrokke by die bekendstelling van 'n gemeenskapsuitreikprogram met kollegas van die Departement van Gesinsgeneeskunde by die Etafeni-dagsorgsentrum in Nyanga.

Verskeie personeellede is beoordelaars vir die streekseindrondes in die Escom Expo vir Jong Wetenskaplikes. Die doel van hierdie kompetisie is om bewusmaking vir die wetenskappe onder alle skoolkinders te skep.

Verskeie personeellede is betrokke by die mentor- en/of tutorprogram van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Prof. Barbara Huisasmen is ook betrokke by die Vroue in Wetenskap-loopbaanontwikkelingsmentorprogram.

Prof. Andreas Diacon is betrokke by die kliniesediens-komponent van die Departement van Interne Geneeskunde by Tygerberg-hospitaal waar hy 'n merkwaardige bydrae maak tot dienslewering en studentonderrig (voorgraads en nagraads). Hy hanteer en beman navorsingsklinieke by verskeie gesondheidsorgfasiliteite en dra by tot gesondheidsorg by studiedeelnemers.

VENNOOTSAPPE**Nasionaal****Die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika**

IIDMM, Universiteit van Kaapstad (UK): samewerking op Gates Grand Challenge-projek

Longinstituut, UK: samewerking op diagnostiese- en biomerker-projekte

K-RITH (KwaZulu-Natal): Dr. Adrie Steyn, samewerking op biomerker- en TB-immunologie-werk

MNR Durban: Dr. Alexander Pym, samewerking op kapasiteitsontwikkelingstoekenning

Kliniese Genetika en Genetiese Berading:

Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR): samewerking op navorsing oor epidemiologie en voorkoming van FAS.

Sentrum vir Gesondheidsbeleid, Universiteit van die Witwatersrand: samewerking op navorsing oor epidemiologie en die voorkoming van FAS.

Op diensvlak, samewerking met die Groote School Kliniese Genetiese Diens om gesondheidsorg aan die Wes-Kaap te bied.

Die Afdeling Anatomie en Histologie

Samewerking met dr. Helen Cox van MSF, Khayelitsha

Die Afdeling Mediese Fisiologie

Die Hartnavorsingslaboratorium, onder leiding van prof. Amanda Lochner, behou noue bande met die Kaapse Hartsentrum (Hatter-instituut, Universiteit van Kaapstad), die Siekte-seingroep (Fisiologiese Wetenskappe, Universiteit Stellenbosch), die Fisiologie-skool (Universiteit van die Witwatersrand), Mediese Biowetenskappe (Universiteit van Wes-Kaapland) en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.

Die Voortplantingsfisiologie-navorsingsgroep, onder leiding van prof. Stefan du Plessis, werk aktief saam met die navorsingsgroepe van prof. Gerhard van der Horst (Mediese Biowetenskappe, Universiteit van Tegnologie).

Prof. Andreas Diacon, saam met dr. Sven Friedrich, skep 'n nuwe navorsingsplatform vir TB-diagnostiek. Dr. Diacon is ook steeds betrokke by kliniese navorsing by die Departement van Geneeskunde.

Privaat sektor**Die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika** (Prof. Gerhard Walzl)

Dr. Johan Theron, Panorama Medi-Clinic: sarkoïdise-projek

Die Afdeling Mediese Fisiologie

Prof. Barbara Huisamen is 'n lid van 'n samewerkende studie met die KMMO ConbrioBrands om aansprake oor die oor-die-toonbank teendiabetiese middel Diavite te staaf. Hulle ondersoek tans die teenhipertensiewe uitwerking van hierdie medikasie in 'n rotmodel van hipertensie wat deur 'n hoëvet-dieet veroorsaak is.

Prof. Andreas Diacon ondersoek nuwe teentuberkulose-agense en gesondheidsreëls in samewerking met medikasievervaardigers en internasionale vennote.

Internasionaal**Die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika** (Prof. Gerhard Walzl)

Max Planck-instituut vir Infeksie-biologie, Berlyn, Duitsland – prof. Stefan Kaufmann, biomerker-projek.

MNR, Gambië – dr. Martin Ota, biomerker-projek.
Case Western Reserve-universiteit, Cleveland, Amerika – prof. Henry Boom, biomerker-projek.

Leiden-universiteit, Nederland – prof. Tom Ottenhoff, biomerker-projek

Makarere-universiteit, Uganda – prof. Harriet Mayanja, biomerker-projek

Londense Skool vir Higiëne en Tropiese Geneeskunde, Brittanje – prof. Hazel Dockrell, biomerker-projek

Amhauer Hansen-instituut, Addis Abeba, Etiopië – dr. Abraham Aseffa, biomerker-projek.

Etiopiese Instituut vir Gesondheids- en Voedingsnavorsing, Addis Abeba, dr. Kabebe, biomerker-projek.

Karonga-voorkomingstudie, Malawi – dr. Mia Crampin, biomerker-projek.

NIH, Maryland, Amerika – dr. Clifton Barry, biomerker-projek.

Universiteit van Namibië – dr. M. van de Vyver – biomerker-projek.

Die Afdeling Anatomie en Histologie

Prof. Willie Vorster, Universiteit van Namibië, stigting van 'n onderrigplatform in anatomie en die verskaffing van kadawers.

Uitruil van akademiese en tegniese personeel vir kapasiteitsontwikkeling en navorsing.

Die Afdeling Mediese Fisiologie

Prof. A Lochner is betrokke by 'n gesamentlike projek met prof. K. Ytrehus van die Departement van Fisiologie, Universiteit van Tromsø, Noorweë. Die projek is getiteld *The effects of melatonin on the ischaemic heart*, en dit word geborg deur 'n gesamentlike navorsingstoekenning onder die Suid-Afrika-Noorweë-program oor navorsingsamewerking.

Prof. Stefan du Plessis werk baie saam met dr. Ashok Agarwal, direkteur van die Voortplantingsnavorsingsentrum, Cleveland, Ohio, Amerika. Hy is ook betrokke by gesamentlike projekte met dr. Dr. Alex Varghese (Indië), asook drs. Charles Kimwele en Kavo Linge van die Universiteit van Nairobi, Kenia.

Prof. Stefan du Plessis het deelgeneem as 'n internasionale fakulteitslid in die somer-intern-program van die Sentrum vir Voortplantingsnavorsing by Cleveland-kliniek, Ohio, Amerika.

Prof. Andreas Diacon het sy navorsingsaktiwiteite rakende nuwe teentuberkulose-agense en gesondheidsreëls voortgesit in samewerking met medikasieervaardigers en internasionale vennote. Die Universiteit Stellenbosch-gebaseerde deel van die projek het nou gegroei tot 13 lede wat toetse op speeksel-monsters uitvoer wat by verskeie navorsingspersele in Kaapstad ingesamel word, insluitend Delft, Mfuleni, Brooklyn-borshospitaal en Intercare-hospitaal. Prof. Diacon is ook steeds betrokke by kliniese navorsing by die Departement van Geneeskunde en lewer kliniese dienste.

Die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika

Publikasies: portuuroorsig-navorsingsartikels:	63
Boeke:	1
Hoofstukke in boeke:	3
Konferensie-referate:	25 (12 plaaslik, 13 internasionaal)
Konferensie-plakkate:	41
PhD-graduandi:	4
MSc-graduandi:	3

Die Afdeling Anatomie en Histologie

Publikasies: portuuroorsig-navorsingsartikels:	7
Konferensie-referate:	8 (6 nasionaal, 2 internasionaal)
Konferensie-plakkate:	12
PhD-graduandi:	1
Portuuroorsig-manuskripte:	3, en 3 opsommings in konferensieverrigtinge

Die Afdeling Mediese Fisiologie

Publikasies: portuuroorsig-navorsingsartikels:	26
Hoofstukke in boeke:	3
Konferensie-referate:	15
Konferensie-plakkate:	14
PhD-graduandi:	1
MSc-graduandi:	1

ONDERRIG EN OPLEIDING (VOORGRAADS, NA-GRAADS EN ELEKTIEWE STUDENTE).

Kursusse wat personeel of studente in 2011 bygewoon het:

- Mee. L. Vos en N. Steyn het die werksessie oor Wetenskaplike Skryfvaardighede op 16 en 17 Mei 2011 bygewoon wat op die Tygerberg-kampus gehou is.
- Mnr. Paulin Essone Ndong het 'n werksessie oor Konferensie-voorleggingsvaardighede bygewoon wat prof. Elly Grossman op 14 en 15 Julie 2011 by die Universiteit Stellenbosch aangebied het.
- Me. Andrea Gutschmidt het 'n kursus in gevorderde vloeisitometrie – FloCyte-steeksopleidingsprogram bygewoon wat op 25 Oktober 2011 by die UK deur FloCyte-medewerkes gehou is.
- Mardelle Schoeman en Chantelle Scott (genetiese berader en genetiese-beradingsintern) het 'n kursus oor kwalitatiewe navorsing bygewoon.
- Dr. Shantal Windvogel het in 2011 PREDAC, 'n praktiese benadering tot opvoeding in die T-opsie, voorleggingstegnieke, die PREDAC-minikonferensie en die kursus van die Kaapse Konsortium vir Hoër Opvoeding oor Assessering in Hoër Opvoeding bygewoon.
- Amande Genis het 'n opleidingskursus oor Proteomika bygewoon wat deur die Sentrale Analitiese Fasiliteit aangebied is.
- Dr. Edna Marais het 'n werksessie bygewoon oor Buigbare Assessering en Webstudies – toekomstige opsies vir e-assessering, wat deur die Sentrum vir Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch gereël is.

- Stefanie Malan het 'n Novartis-internskap in medikasie-ontdekking (1 Julie 2011 tot 30 September 2011) ontvang.
- Jomien Mouton het die Wellcome Trust Gevorderde Kursus (proteïen-interaksies en –netwerke) op die Genome-kampus, Cambridge, Brittanje, bygewoon.
- Jomien Mouton het die konfokale-mikroskoop-werksessie op 29 September 2011 by die Departement van Biologie, Universiteit van Kaapstad (prof. Dirk Laing), bygewoon.
- Carin de Villiers, Nastassja Steyn en Jomien Mouton het die konfokale-mikroskoop-werksessie op 9 September 2011 by die Departement van Menslike Biologie, Universiteit van Kaapstad, bygewoon.
- Ilse Uys het die 6de Toegepaste-genetika-werksessie op 26 Oktober by Tygerberg bygewoon.
- Mnr. Keith Siame, me. Anzaam Dippenaar, me. Mae Newton-Foot en me. Louise Vos het in Mei 2011 'n proteomika-werksessie by die Tygerberg-kampus bygewoon, wat deur dr. Salome Smith aangebied is.
- Mee. Mae Newton-Foot en Nastassja Steyn het 'n kursus in fluoresserende mikroskopie op 2 en 3 Junie 2011 by CAF op die hoofkampus bygewoon.
- Drs. André Loxton en Daleen Krien het op 24 Mei 2011 'n werksessie oor konferensie-aanbiedingsvaardighede aan die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Studie (STIAS), Universiteit Stellenbosch, bygewoon.
- Prof. Rob Warren het in 2011 toegang verkry tot 'n aanlyn-kursus, *Good Clinical Practise*.
- Me. Marisa Klopper het in April 2011 die kursus in Basiese Epidemiologie wat deur dr. Jo Barnes aangebied is by die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise (SACEMA), bygewoon.
- Me. Michelle Daya het in Maart 2011 die tweedag-werksessie van die Europese Bio-informatika-instituut (EBI) by UWK bygewoon.
- Me. Michelle Daya het in Junie 2011 die 16de Summer-instituut in Statistiese Genetika, in Seattle, Washington, Amerika, bygewoon.
- Me. Nikki le Roux het van 6 tot 13 Augustus 2011 die EMBO praktiese kursus Computational Biology: Genomes, Cells and Systems wat in Reykjavik, Ysland, aangebied is, bygewoon.
- Me. Anzaam Dippenaar het vanaf 12 tot 15 September 2011 'n kursus in *High throughput sequencing in disease studies* by die Londense Skool vir Higiëne en Tropiese Geneeskunde (LSHTM) bygewoon.
- Dr. Bienyameen Baker het in September 2011 'n internasionale werksessie vir nagraadse toesighouers aan die Universiteit Stellenbosch bygewoon.
- Dr. Janine Blankenberg het op 24 Augustus 2011 'n werksessie in toekenning-skrywe aan die Universiteit Stellenbosch bygewoon.
- Dr. Janine Blankenberg het vanaf 31 Oktober tot 2 November 2011 die Wellcome Trust-kursus *Working with the Human Genome Sequence* in Kenia bygewoon.
- Dr. Jannie Blankenberg het vanaf 21 tot 25 November 2011 die werksessie, *Science Meets the Media* by die Universiteit Stellenbosch bygewoon.

Navorsingsinterns (MNR-geborg)

1. Me. N.C. Ngombane (navorsingsintern) het vir haar derde jaar van haar MSc-grad geregistreer in 2011 gegraduateer.
2. Me. P. Seepe (navorsingsintern) het in 2011 vir die eerste jaar van haar PhD-grad geregistreer.

Loopbaanontwikkeling van graduandi

Dit word gedoen deur kontrakposisies aan te bied deur toekenning-befondsing te gebruik en dit word beskou as een van belangrikste aktiwiteite in die CMVB. Dit is deur aktiwiteite soos hierdie dat Suid-Afrika die kapasiteit kan behou wat hy opgelei het. Dit bied ook individue die geleentheid om vaardighede te gebruik en ondervinding op te doen.

Die Afdeling Mediese Fisiologie

ONDERRIG

Voorgraadse onderrig van:

MBCb eerste-, tweede- en derdejaar-studente

BChD-eerste- en tweedejaar-studente

Geallieerde gesondheid tweedejaar-studente (BSc Fisioterapie-, Arbeidsterapie-, Dieetkunde-studente)

Nagraadse onderrig:

BScHon (MedSci)

MMed studente

Onderrig in nagraadse navorsing:

MSc studente

Die afdeling het in 2011 1 PhD-student, 1 MSc-student en 11 BSc Honneurs-studente opgelewer.

Prof. Stefan du Plessis is as eksterne eksaminator by die Geneeskundeskool by die Universiteit van Namibië aangestel.

Verskeie personeellede het as eksterne eksaminators en moderators vir ander universiteite (plaaslik asook internasionaal) opgetree.

Proff. Hans Strijdom en Stefan du Plessis het as interne eksaminators vir MBChB IV en MBChB V elektiewe portefeuljes opgetree.

Prof. Hans Strijdom dien op die Keuringskomitee vir MBChB-riglyne asook die Komitee vir Nagraadse Opleiding. Hy dien ook op die uitvoerende rade van die Farmaseutiese Vereniging van Suid-Afrika (PSSA) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kardiovaskulêre Navorsing (SASCAR).

Die Afdeling Anatomie en Histologie

MBChB Jaar 1 tot 5

BChD Jaar 1 en 2

Geallieerde gesondheid tweedejaar-studente (BSc Fisioterapie-, Arbeidsterapie-, Dieetkunde-studente)

Nagraadse onderrig:

BScHon (MedSci)

MMed-studente

Herskoling van spesialiste in die nuutste chirurgiese tegnieke in heupvervanging, bekken-rekonstruksie, skouerherstel en die stabilisering van die werwelkolom is aan 200 chirurge per jaar aangebied, en is deur die voorste verskaffers van chirurgiese toerusting en inplantings geborg.

Onderrig in nagraadse navorsing:

1 PhD, 2 MSc en 3 Honneurs-studente

Prof. B.J. Page is eksterne eksaminator in Anatomie by die Universiteit van Namibië, Wots en die Walter Sisulu-universiteit, asook hoofeksaminator vir Anatomie vir die MFOS SA Tandheelkunde-kollege.

Dr. Sanet Kotse is eksterne eksaminator by die UP se Fakulteit van Veeartsenykundige Wetenskappe (Anatomie).

Die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika

Tegniese vorderings

- In al ons projekte verbeter en bevorder ons tegnologie, en probeer die nuutste tegnologie gebruik. Dus, byvoorbeeld, het ons vermoë om DNA-volgordebepaling te doen en data te hanteer geweldig verbeter. Ander voorbeelde word hieronder gegee.
- Ons het twee klein robotstasies om te help met grootskaalse PCR-toetse om arbeidsdoeltreffendheid te vermeerder.

- Ons het heel-genoom-amplifikasie (WGA) bekendgestel sodat ons minimale monsters maksimaal kan gebruik.
- Ons het 'n nuwe metode ontwikkel vir die opsporing van transrenale DNA vir die diagnose van TB.
- Ons het 'n vervoerbottel of medium vir die vervoer van fynnaald-biopsie-aspirasies vir die diagnose van TB óf deur kultuur of die Xpert MTB/RIF-essai.
- Ons het ons vermoë uitgebrei om Immunologie-werk te doen en ons het nuwe instrumente wat meer as 30 sitokiene in 'n enkele monster kan meet.
- Ons het een outomatiese Western-kladstasie wat tydwende Western-blotte kan doen en wat gewoonlik deur studente of tegnisi gedoen word. Dit het die aantal manure wat spandeer word op Western-blotte, grootliks verminder.
- Ons het 'n supermoderne Orbitrap-stelsel verkry vir proteomika-werk.
- Ons het werk in nanotegnologie bekendgestel.
- Ons is die verkose eenheid vir soortvorming-diagnostiek van nie-tuberkuleuse micobakterie.
- Ons is die verkose sentrum vir kliniese TB-proefnemings.

Deelname aan gesondheids- of wetenskapsbeleidsontwikkelingsprosesse (bv. konsultasiedienste, werksessies, openbare verhore, ens.)

- Verskeie lede van die CMCB het deelgeneem aan verskeie werksessies met die nasionale Departement van Gesondheid, Oos-Kaapse en Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en die NHLS rakende XDR-TB en 'n plan om hierdie probleem aan te spreek.
- NC Gey van Pittius het bygedra tot die Universiteit Stellenbosch se Beleid rakende die Uitbuiting van Intellektuele Eiendom.
- Die MNR-beleidsinstruksie getiteld *Current standard drug regimens facilitate the evolution of extensively drug-resistant tuberculosis: Recommendations for improvements*, is in Augustus 2011 voorberei en sal hopelik binnekort uitgereik word.
- 'n Riglyn vir die diagnose van tuberkulose limfadenitis deur die Xpert MTB/RIF-toets is ontwikkel en ingedien by die Departement van Gesondheid vir goedkeuring.

Ander aktiwiteite vir die ontwikkeling van navorsingskapasiteit

- Prof. Warren het in 2011 'n praatjie gelewer oor TB aan lede van die SANW by die Youngsfield militêre basis.

- Prof. Warren het in 2011 twee lesings in die MBChB-module oor Infeksies en Kliniese Immunologie aangebied. Die titel was Molecular Epidemiology of Drug Resistant TB in South Africa.
 - Daar was verskeie radio-, TV-, en koerant-onderhoude, plaaslik en oorsee. Aas gevolg van die oorweldigende administratiewe las en opportunistiese onderhoude is egter geen akkurate rekords gehou nie.
 - N. du Plessis het op 2 Desember 2011 by die Nuwe Stemme in die Wetenskap-seminaar 'n referaat gelewer, getiteld *Worms and Tuberculosis: Do co-infections shape disease outcome?*
 - L. Kleynhans het op 2 Desember 2011 by die Nuwe Stemme in die Wetenskap-seminaar 'n referaat gelewer, getiteld *Injectable contraceptives: Good or bad?*
 - Die SUN-IRG het in Oktober 2011 'n werksessie oor databasis-, statistiek- en Excel-opleiding vir die Afrika-Europese Tuberkulose-seminaar in Addis Ababa vir Afrika-wetenskaplikes gereël.
 - Die SUN-IRG het in Oktober 2011 'n kapasiteitsontwikkeling- en netwerkvorming-vergadering tussen EDCTP-befondsde TB-, malaria- en MIV-navorsingsnetwerke in Addis Abeba gedurende die EDCTP-forum gereël.
- Gesondheid en Vennote se Organiseerde Sentrum vir Verpersoonlike Genetiese Geneeskunde in Cambridge, Amerika.
8. G. Louw het in Augustus 2011 by die Akademiese Jaardag van die Universiteit Stellenbosch die eerste prys gewen in die aansteeklike-siektesessie vir 'n voorlegging deur 'n jong navorser jonger as 35.
 9. 'n Aantal studiebeurse is toegeken om die 8ste Internasionale Konferensie oor die Patogenese van Mikobakterie-infeksies in Stockholm, Swede, vanaf 30 Junie tot 3 Julie 2011 by te woon.
 10. NC Gey van Pittius is verkies as 'n lid van die Wetenskap-akademie van Suid-Afrika (ASSAf).
 11. K. Siame het die Basiese Wetenskappe Beste Plakkaat-prys gewen by die 54ste Akademiese Jaardag van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch met 'n plakkaat-voorlegging getiteld *Investigating the genome variation and evolution of Group 1 M. tuberculosis strains*.
 12. L. Bloem het tweede plek gewen vir die PhD-plakkaat-voorleggingskategorie by die 4de MNR-mediese navorsingsdag op 15 Oktober.
 13. EG Hoal het 'n B2-beoordeling by die NNS (2011) gekry.
 14. S. Malan het die Novartis-internskap in medikasie-ontdekking en kliniese navorsing in Basel, Switserland, vanaf 1 Julie 2011 tot 30 September 2011 gekry.
 15. N. le Roex het 'n toekenning ontvang om die rekenaarbiologie-kursus van die Europese Molekulêre Biologie Organisasie (EMBO), getiteld *Computational Biology: Genomes, Cells and Systems* in Reykjavik, Ysland, vanaf 6 tot 13 Augustus 2011 by te woon.
 16. L. Ehlers het die toekenning ontvang vir die Beste Plakkaat-voorlegging in die kategorie Basiese Wetenskappe vir Effect of TB Treatment on Metabolic Hormone Profiles wat vanaf 17 tot 18 Augustus 2011 by die Jaarlikse Akademiese Jaardag in Kaapstad, Suid-Afrika, voorgelê is.
 17. L. Kleynhans – *Medroxyprogesterone acetate alters cytokine expression in response to Mycobacterium Bovis BCG in vitro and in PBMCs of contraceptive users* – was die plakkaat-wenner by die Aansteeklike-siektesessie by die Akademiese Jaardag, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch, Kaapstad, vanaf 17 tot 18 Augustus 2011.
 18. J. Blanckenberg het die DRD Reistoekenning:

Toekennings en eerbewyse

1. N. Carstens het in Oktober 2011 by die Basiese Wetenskappe-sessie by die 12de Jaarlikse Kongres van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging in Oos-Londen die eerste prys ontvang vir die plakkaat-voorlegging.
2. J. Mouton het in Augustus 2011 by die 55ste Jaarlikse Akademiese Jaardag van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Stellenbosch, die eerste prys vir die Basiese Wetenskappe-sessie gewen.
3. J. Mouton het in 2011 die Rektorstoekenning vir Algemene Diens ontvang.
4. I. Uys het by die MNR-navorsingskonferensie 2011 op 19 en 20 Oktober 2011 die eerste prys gewen vir plakkaat-aanbieding (MSc-kategorie).
5. N. McGregor het by die MBR-navorsingskonferensie 2011 op 19 en 20 Oktober 2011 die eerste prys gewen vir plakkaat-aanbieding (PhD-kategorie).
6. Stefanie Malan het 'n drie-maande Novartis-internskap in medikasie-ontdekking (1 Julie 2011 tot 30 September 2011) ontvang.
7. G. Louw het as 'n nadoktorale studiegenoot besoek afgelê by die Harvard Skool vir Openbare

Navorsingsbesoek Oorsee ontvang om 'n GEO-PD-vergadering vanaf 19 tot 21 September 2011 in Chicago, Amerika, by te woon.

19. L Ehlers het die studiebeurs van Harry Crossley-stigting vir 2010-2011, ter waarde van R14 000, ontvang vir *Investigation of the underlying molecular mechanisms of immune modulation by the contraceptive Medroxyprogesterone acetate (MPA) on immune response to mycobacteria*.
20. M Salie (2011) - Deutscher Akademischer Austausch Dienst-Nasionale Navorsingstugting (DAAD-NRF) Gesamentlike Studiebeurs in die land.
21. M Salie (2001) - Columbia-universiteit-Suidelike Afrika Fogarty VIGS- en TB-opleidings- en navorsingsprogram.
22. M Salie (2011) - Harry Crossley-stigting (projekbefondsing).
23. C Wagman (2011) - Nasionale Navorsingstigting Skaars-vaardighede-studiebeurs.
24. C Wagman (2011) - Universiteit Stellenbosch se Nagraadse Merietebeurs
25. G Walzl was genooi na die AERAS entstof-navorsing-werksessie in Kopenhagen in Desember 2011.
26. G Walzl was in 2011 'n werkgroep-lid van Endpoints- en Biomerker-werkgroepe van die Kritieke Pad na Nuwe TB-medikasie-gesondheidsreël en is die taak opgelê om 'n witskrif oor gasheer-biomerkers vir TB-medikasie-behandeling op te stel.
27. G Walzl was in 2011 'n lid van die kern- skryfgroep van die Internasionale Padkaart vir Tuberkulose-navorsing, wat gesamentlik deur die Stop TB-vennootskap en die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) opgestel is.

Die Afdeling Mediese Fisiologie

Toekennings en eerbewyse

Hans Strijdom en Stefan du Plessis het in 2011 die Universiteit Stellenbosch Rektorstoekenning vir Uitmuntendheid in Dienslewering ontvang.

Die Beste 2010 Nagraadse Student by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe wat op navorsing gebaseerd is, is in Augustus 2011 by 'n geleentheid aan Llewelen Rapulung toekegeken.

Twee van ons nagraadse studente is onder die top drie beste mondelinge voorleggings by die 39ste PSSA-konferensie geplaas, met Margot Flint wat uiteindelik as die algehele wenner van die Wyndham-kompetisie aangewys is. Twee van ons nagraadse

studente is by dieselfde konferensie in die top drie van die Johnny van der Walt-plakkaatkompetisie geplaas, met Amanda Genis wat algeheel in die eerste plek aangewys is.

Retha Erwee het die prys vir die beste mondelinge voorlegging deur 'n basiese wetenskaplike jonger as 35 ontvang in die Moeder- en Vrouegesondheid-kategorie by die 55ste Akademiese Jaardag van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch. Corli Westcott was die naaswenner in die Basiese Wetenskappe-afdeling by dieselfde vergadering.

Prof. Stefan du Plessis het die Sijo Parekattil-toekenning vir Uitmuntendheid in Voorplatingsnavorsing van die Cleveland-kliniek in Ohio, Amerika, ontvang.

Amanda Lochner het 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir haar lewenslange bydrae tot kardiovaskulêre navorsing.

Die Afdeling Anatomie en Histologie

Prof. B.J. Page, Vusi April en Paul Pretorius het in November 2011 die Universiteit Stellenbosch Rektorstoekenning vir Uitmuntendheid in Dienslewering ontvang.

KLINIESE SELKUNDE

Kliniese
Sielkunde

Dr. D. Alexander



Opsomming

Die Departement Kliniese Sielkunde bied 'n diens aan binne- en buitepasiënte deur die Volwasse Psigiatrie-eenheid en Kinder- en Gesinspsigiatrie-eenheid. Daar is ook 'n Mediese Sielkunde-eenheid wat in ALF geleë is en nou saam met die Skakel-psigiatrie-diens werk, maar ook 'n diens aan die hele hospitaal lewer. Daar is geen administratiewe steunpersoneel wat met Mediese Sielkunde verbind is nie en sommige administratiewe funksies word na personeel in Volwasse Psigiatrie (JLG) en Kinderpsigiatrie (JLG) onderskeidelik herlei. Die basis van die sielkundige wat kliniese dienste in die Volwassene Psigiatrie-eenheid bied, is in saal JLG en die basis van die sielkundige wat dienste in die Kinder- en Gesinspsigiatrie-eenheid bied, is in FLG. Die dienste wat deur die Sielkunde-departement gebied word, sluit die beoordeling, diagnose, behandeling en verwysing in van pasiënte en hul gesinne na toepaslike verwysingsagente.

Buiten die lewering van kliniese dienste, sluit 'n groot deel van ons werk die kliniese toesigging van kliniesielkundige-interns en kliniese assistente in psigiatrie in, asook die onderrig van mediese studente, kliniese assistente in psigiatrie, verpleegstudente en studente in geallieerde gesondheidsberoepes en kliniese-sielkunde-interns in. Navorsingsaktiwiteite is tans beperk weens verminderde personeelgetalle.

'n Pos in die Kinder- en Gesinseenheid was in 2011 steeds nie gevul nie weens onvoldoende fondse. Die senior sielkundige in die eenheid het in April 2011 bedank, terwyl die nuwe ampsdraer eers in September 2011 begin het. Die pos is in die tussentyd deur 'n sielkundige gevul wat op kontrak was. Twee kontrakwerkers het 20 diensure per week in die twee ongevulde sielkunde-intern-poste gelewer.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Hoofsielkundige	1	1
Senior Kliniese Sielkundige	4	3
Intern (net getal)	5	3
Mediese Beampte		

POSTE (SESSIONEEL – AANTAL UUR PER WEEK)

Spesialiste		
Deeltydse poste	0	2 (20 uur in intern-pos)
Locum-poste		
Voltydse ekwivalente		
Getal beddens (bruikbaar):	N/A	

Uitsetbron:

KLINIESE SELKUNDE-DIENSTE – STATISTIEK

	BUIEPASIËNTE	BINNEPASIËNTE	ANDER
Pasiënte	1218	322	
Konsultasies	1998	887.50	
Uur	3464	1590.75	
Ander ure			4873.75

Psigometriese Evaluerings

	BUIEPASIËNTE	BINNEPASIËNTE
Pasiënte	90	48
Ure	362	136.5

Kommentaar op uitset

Die drie dienseenhede vir kliniese sielkunde bied spesialisdiens wat van aard arbeidsintensief en tydrowend is. Dit het onvermydelik een of ander impak op die sielkunde-uitset met betrekking tot pasiëntgetalle as gevolg van die aard van die diens. Elke pasiënt-konsultasie neem 1 tot 1½ uur per sessie en herhaalsessies oor 'n tyd van maande kan vereis word, afhangend van die pasiënt se behoeftes en omstandighede. Buiten direkte pasiëntkontak is daar gereelde kontak met die gesin en ander bronne om inligting in te samel of behandeling te verskaf om 'n sistematiese benadering tot pasiëntsorg te verseker. Psigometriese en neurosielkundige beoordeling kan van drie tot tien uur neem om te verwerk. Ten spyte van die tyd- en mannekrag-uitdagings is hierdie dienste uiters belangrik om toepaslike behandelings- en rehabilitasie-planne vir die toepaslike plasing en verwysing van pasiënte asook die psigo-opvoeding van gesinne en die gemeenskap in te lig. Daar is

'n onvoldoende aantal sielkundiges om die reuse aanvraag te hanteer, ten spyte daarvan dat alternatiewe terapie soos groepsterapie gebruik word. Senior personeel word ook vereis om 'n reeks take uit te voer, wat 'n impak het op die tyd tot hul beskikking vir direkte pasiëntkontak.

Infrastruktuurontwikkeling

Die opgradering van die neurosielkundige toetsmateriaal duur voort asook die aanvulling van die uitgedunde voorraad rekordvorms. Dit is 'n voortgesette proses omdat toetsmateriaal verouderd raak en nuwe toetse gedurig vervaardig word.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Kliniese sielkunde-interns is aangewys vir gemeenskapsklinieke in die Bellville-, Kraaifontein-, Delft- en Elsie-rivier-gebied waar hulle een middag (drie uur) per week gewerk het.

Die volgende voorleggings is buite kantoorure gemaak:

1. *Keeping your brain healthy and fit* as deel van Geestegesondheidsbewusmakingsweek by Blaauwberg Netcare-hospitaal en Neurocognitive Sequelae of Substance Abuse aan arbeidsterapeute van privaat en ander instellings
2. Sielkunde-werksessies wat gefokus het op denkvaardighede-opleiding aan para-atlete ter voorbereiding vir die Wêreldkampioenskapstoernooi in Nieu-Seeland en die Paralimpiese Spele in 2012
3. *The use of Positive Psychology in the rehabilitation of patient's with head injuries* aan neurosielkundiges in die privaat sektor by hul maandelikse vergadering.

Vennootskappe

Universiteit van Wes-Kaapland – Onderrig van Neurosielkunde aan die Magister-studente in Kliniese- en Beradingsielkundige.

Prestasies

1. Eksterne eksaminator vir PhD-tesis.
2. Massey-universiteit, Nieu-Seeland – PhD-eksamen.
3. Mede-studieleier vir PhD-tesis.
4. Mede-studieleier vir Magister-tesis.
5. Bywoning van primêre praktika-kursus in REBT (Albert Ellis-instituut), Kaapstad, Maart 2011.
6. Navorsingsamewerking met LGH: indiening van navorsingsvoorstel: *Validity and clinical utility of the Montreal Cognitive Assessment (MoCA) as an assessment of cognitive impairment in a South African population.*

7. Registrasie vir PhD in Psigiatrie: *Neurocognition and disordered thinking: Its association, temporal stability and treatment outcomes in first episode psychosis*

Onderrig en Opleiding

Buiten die akademiese programme van die Departement Sielkunde en die Departement Psigiatrie, onderneem ons departement die onderrig van sielkunde aan die volgende voorgraadse en nagraadse studente: MBChB I, Grondslagfase, II, III, IV en V (middelrotasie) en (laatrofasie); PAT AGB, BSc Dieetkunde III; M (Fisioterapie); MMed (Psigiatrie); Sielkunde 178 Deel 1 en 2 en M Verpleegkunde.

Senior sielkundiges in ons departement hou ook toesig oor die opleiding van kliniesielkundige-interns en kliniese assistente in psigiatrie.

Besondere prestasies

Dienste is aan die volgende komitees gelewer:

Intern:

Universiteit Stellenbosch Gesondheidswetenskappe-fakulteitsraad;

Universiteit Stellenbosch Gesondheidsnavorsing-etiekkomitee (HREC);

Nagraadse Komitee (Departement Psigiatrie);

MBChB Psigiatrie-departement-opleidingskomitee;

Psigoterapie-komitee.

Ekstern:

Saskok se mediese kommissie (sielkunde-vertegenwoordiger);

Internasionale Driekamp Unie Para-driekamp-komitee;

Senior personelede kon 'n werksessie oor doeltreffende onderrigpraktyke asook 'n werksessie oor behandelingsmetodes, wat nuttig is vir die hospitaalomgewing, bywoon.

Ons was ook gelukkig om 'n praatjie oor Neurobiologie en Psigoterapie deur Lucy Biven by die Rooi Kruis-hospitaal CFU by te woon;

'n Artikel oor bipolarêre versteuring is vir die Tygerberg-nuusbrief, Onder Ons, geskryf en 'n resensie vir 'n sielkunde-vaktydskrif van 'n pasgepubliseerde teks oor eetversteurings is geskryf;

Die 16de Internasionale Konferensie van die Vereniging van Sielkunde en Psigiatrie vir Volwassenes en Kinders, Griekeland.

Titel van referate:

- *Mind the gap: Enhancing sport performance*
- *Concussion in early adolescent rugby players: Impact on cognitive and academic performance.*

GEMEENSKAPSGESONDHEID

Afdeling Gemeenskapsgesondheid: Beroepsgesondheidskliniek

Dr. Sydney Carstens

Opsomming

Die Geringe ongesteldhede-kliniek bied 'n konsultasiediens (primêre mediese sorg) aan werknemers wat aan diens is. Dit verseker dat werknemers nie lang tye van die werk moet wegbly om 'n mediese praktisyn te sien nie.

Die Beroepsgesondheidskliniek sien hoofsaaklik werknemers van Tygerberg-hospitaal en die provinsiale regering van die Wes-Kaap (gesondheidsdepartement). Daar is egter vele ooreenkomste met ander organisasies, bv. die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens (NHLS), wat toelaat dat dienste (van die Beroepsgesondheidskliniek) ook aan hul werknemers gelewer word.

Die dienste wat deur die Beroepsgesondheidskliniek gelewer word, sluit ook die hantering van arm pasiënte van binne die staatsektor in wat met beroepsiektes gediagnoseer is.

Dienste wat by hierdie kliniek gelewer word, dek die hele beroepsgesondheid-spektrum insluitend werkplek-risiko-identifisering en risiko-assessering, individuele risikogebaseerde mediese waaktoesig (bv. bloed-loodvlakke in loodwerkers, voorafgeplasing- mediese evaluering van werkers wat aan ioniserende straling blootgestel is, bv. radiografiste), hantering van werkers met beroepsiektes, asook diegene met chroniese beserings wat beroepsverwant is (sonograwe met karpaletonnelsindroom) – van akute hantering tot die evaluering van aangetaste funksionering om toepaslike werkplasing te bepaal of die aanpassing van werkaktiwiteite. Insette word ook gelewer in ander spesialis- buitepasiëntklinieke, bv. die Dermatologie-kliniek.

Alle werknemers met naaldprik- of spatselbeserings sal by die kliniek gesien word vir berading, serum-evaluering en die voorsiening van teenretrovirus-nablootstellingsvoorbehoeding (hierdie diens word na-uurs deur die mediese ongevalle-saal F1 gelewer). Verdere opvolgkonsultasies vir hierdie werknemers sal egter by die Beroepsgesondheidskliniek wees.



Hulpbronne

Hoofspesialis/Hoof van Kliniese Eenheid:

Dr. S.E. Carstens, MB,ChB; MMed Comm Health; FCPHM (SA) Occ Med

Spesialis: Dr WAJ Meintjes – MB,ChB (Pret), DOM (Stell); FCPHM(SA) Occ Med; MMed (Occ Med)

Kliniese assistente in Beroepsgeneeskunde:

Dr. Z. Essop (SANW); Dr. J. Ayuk (Kameroen)

Senior mediese beampte: Dr L Joseph, BSc; MB,ChB

Beroepsgesondheidsverpleegpraktisyn:

Sr. D.M. Arendse; Diploma in Verpleging; B.Tech (Beroepsgesondheid); Diploma in Verpleegbestuur

Geregistreeerde verpleegpraktisyn:

Sr. J.W. Samuels, Diploma in Verpleging

Stafverpleegkundige: Ms. Cornelius

Administratiewe steun: Ms. Damonse

Uitsetbron

Besoeke aan Geringe ongesteldhede-kliniek:

Altesame 1 493 pasiënte is by die geringe ongesteldhede-kliniek gesien.

Besoeke aan Beroepsgesondheidskliniek:

Altesame 2 124 persone is by die Beroepsgesondheids-kliniek gesien. Die konsultasies het die voorafplasing-mediese ondersoeke, fiksheid-vir-werk-beoordelings en gestremdheid-hantering, en die hantering van beroepsiektes en beroepsbeserings (bv. naaldprik-beserings en beroepstuberkulose) ingesluit.

Kommentaar

Die Beroepsgesondheidskliniek het steeds 'n geleide vermeerdering in verwysings van ander kliniese vakrigtings asook ander openbare gesondheidsinstellings in die Wes-Kaap.

Infrastruktuurontwikkeling

Nuwe diagnostiese toerusting, insluitend nuwe oor-, neus- en keel-stelle (ONK-stelle), is aangeskaf.

Prestasies

Referate by internasionale konferensies

1. **Meintjes, WAJ.** *International harmonization of training and accreditation in diving and hyperbaric medicine.* 17de Internasionale Kongres van Hiperbariese Geneeskunde. Kaapstad, 16 tot 19 Maart 2011.
2. **Meintjes, WAJ.** *Occupational diving medicine.* 17de Internasionale Kongres van Hiperbariese Geneeskunde. Kaapstad, 16 tot 19 Maart 2011.
3. **Meintjes, WAJ.** *Occupational aspects of hyperbaric tunnelling.* 17de Internasionale Kongres van Hiperbariese Geneeskunde. Kaapstad, 16 tot 19 Maart 2011.

Onderrig en Opleiding

- Daar is twee kliniese assistente in die graadprogram MMed (Beroepsgeneeskunde) wat in die kliniek werk.
- Twee studente van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie wat vir 'n basiese kursus in beroepsgesondheid ingeskryf het, is met kliniese leiding gehelp. Net so is twee mediese studente van Holland georiënteer aangaande die voorsiening van beroepsgesondheidsdiens by Tygerberg-hospitaal.
- Sr. Arendse was in April 2011 een van die sprekers by 'n werksessie oor inspuiting-veiligheid by die Tygerberg-kampus van die Universiteit Stellenbosch.
- Die PEP-protokol vir personeellede van Tygerberg-hospitaal is hersien en in November 2011 geïmplementeer.

Personeel in die departement het toesig gehou oor die volgende navorsingsprojekte van studente:

1. Vela, BK. 2011. *A cross-sectional study describing all divers seen at a private medical practice in Dubai, UAE.* [vir die graad BScMedScHons (Onderwater Geneeskunde).]
2. Kharb, M. 2011. *A prospective evaluation of male fertility changes in saturation divers.* [vir die graad

BScMedScHons (Onderwater Geneeskunde).]

3. Mandic, T. 2011. *A survey of antimalarial use and its effects in recreational divers.* [vir die graad BScMedScHons (Onderwater Geneeskunde).]
4. Niewoudt, F. 2011. *A case study on the diving medical examination of a recreational diver with type 1 diabetes.* . [vir die graad BScMedScHons (Onderwater Geneeskunde).]

Besondere prestasies

- Dr. Carstens se ampstermyn as Hoof van die Gemeenskapsgesondheid-eenheid by die Universiteit Stellenbosch is met nog 'n jaar verleng (2011).
- Dr. Meintjes is as die voorsitter van die Gesondheidsnavorsing-etiekkomitee verkies.
- Dr. Meintjes is versoek om op die Komitee vir Nagraadse Opleiding van die Universiteit Stellenbosch te dien.

Afdeling Gemeenskapsgesondheid:

Eenheid vir Infeksievoorkoming en –beheer (EIVB)

Hoof van Department: Dr. Sydney Carstens

Opsomming

Die Afdeling Gemeenskapsgesondheid in die Departement van Interdissiplinêre Gesondheid, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch (US), het die EIVB in 2004 gestig. In 2006 het die eenheid 'n akademiese eenheid geword wat by Tygerberg-hospitaal geplaas is. Die EIVB is die eerste akademiese eenheid van sy soort in Afrika. Prof. Shaheen Mehtar, 'n mediese mikrobioloog met baie jare se ondervinding in die vakgebied van Infeksievoorkoming en –beheer (IVB) is die hoof van die eenheid. Prof. Mehtar word knap bygestaan deur vier IVB Kliniese programkoördineerders (KPK's) waarvan een die Nagraadse Diploma in IVB verwerf het en die ander 'n sesmaande-kortkursus in Fundamentals of IPC voltooi het.

Die EIVB bied agt universiteitsgeregistreerde en geakkrediteerde opleidingskursusse in IVB en verwante vakke aan. Sr. Marina Aucamp koördineer die kursusse. Sy het diepgaande internasionale ondervinding en kwalifikasies in IVB. Buiten Suid-Afrika het die EIVB sy onderrig- en navorsingsprogramme na Namibië, Swaziland en Zimbabwe uitgebrei.

Die EIVB lei en neem deel aan verskeie navorsingsprogramme wat hoofsaaklik betrekking het op TB/IVB en intervensies wat gepas is vir lae- en middelinkomstelande, met klem op die versterking van geïntegreerde gesondheids- en gemeenskapstelsels.

Dr. Frederick Marais bestuur die programme. Hy het internasionale ondervinding in geïntegreerde TB/MIV-programontwikkeling, diensverskaffing en deelnemende benaderings in die IVB-vakgebied.

Die IVB-span bied kliniese dienste en dit is gebaseer op die uitkoms van waaktoesig (in samewerking met die Departement Mikrobiologie) wat by Tygerberg-hospitaal uitgevoer word.

In sy kort bestaan was die EIVB bevordelik om 'n kostebesparende IVB-program op te stel, om 'n steriele diensdepartement te ontwerp en te steun, en was betrokke by 'n Brandeendheid-vernuywingsprogram. Op provinsiale, nasionale en internasionale vlakke gee die EIVB raad oor kwessies wat IVB-verwant is.

Die EIVB fokus op, en is 'n voorstander van, geïntegreerde navorsing, opleiding en die voorsiening van kliniese dienste aan gesondheidsorgfasiliteite (GSF'e) en gemeenskappe in IVB, insluitend TB en virusse wat deur bloed oorgedra word.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor: Mediese spesialis	1	Gevul (befonds deur TBH)
IVB-verpleegkundiges: Kliniese programkoördineerders	4	Gevul (befonds deur TBH)
Administrasiebeampte (Databasis-administrasie)	1	Gevul (befonds deur TBH)
Senior Administrasieklerk	1	Gevul (befonds deur TBH)
Senior Mediese Beampte	1	Gevul (befonds deur TBH)
Opleidingskoördineerder	1	Gevul (befonds deur TBH)
Administrasiebeampte	1	Gevul (befonds deur TBH)

POSTE (DEELTYDS)		
Senior dosent (50% FTE)	1	Gevul (befonds deur TBH)
Opleidingsadministrateur (50% FTE)	1	Gevul (befonds deur US)

Uitsetbron

Verskaffing van kliniese diens:

Die EIVB is basies 'n kliniese dienseenheid wat 'n uitgebreide IVB-diens dwarsoor sale en mediese spesialiteite lewer. Die rol van die EIVB is verstrekend, insluitend: interpretasie van die daaglikse patogeenverslag; gereelde saalrondes met individuele pasiënt-opvolgbesoeke wanneer aangedui; konsultasie vir en rigting in die kliniese hantering van pasiënte; antibiotika-hofmeesterskap; uitbreek-hantering en leiding in die hantering van nuwe sigbare infeksies, IVB-risikobeoordelings en identifisering van gebiede vir IVB-versterking; aansporing van IVB-oudits, waaktoesig en operasionele navorsing, en interpretasie van die data; beleidsontwikkeling en die ontwikkeling van kliniese riglyne; direkte skakeling met die Departement Mikrobiologie, NHLS, Hoof van Mediese Spesialiteite by Tygerberg-hospitaal, en met die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, en lei en dien op vele IVB-verwante komitees op plaaslik, nasionale en internasionale vlak, en indiensopleiding en akademiese opleiding. Die omvang, rolle en verantwoordelikhede van die mediese en verpleegspesialiste in IVB is in ooreenstemming met beide die Nasionale Infeksievoorkoming en -beheer Beleid en Strategie (Departement van Gesondheid, 2007) en die Nasionale Kernstandaarde (Departement van Gesondheid, 2011). Een van die stappe in 2011 was die uitbreiding van IVB na die gemeenskapstrukture as deel van die visie van Wes-Kaapse Regering en die Universiteit Stellenbosch.

Die EIVB-databestuur formuleer die daaglikse patogeenverslag, wat gebaseer is op elektroniese data van die mikrobiologie-en-immunologie-laboratorium (NHLS). Hierdie verslag help die EIVB-kliniese span om die toepaslike kliniese hantering van individuele pasiënte te lei en oor toesig te hou, om die uitbreking van infeksies in verskeie sale te monitor, en om te bepaal of beheermaatreëls doeltreffend is om HAI's te verminder. Die EIVB dra by tot 'n groot afname in HAI by Tygerberg-hospitaal, wat gelei het tot aansienlike kostebesparings. In samewerking met die Sentrale Data-pakhuis (NHLS) in 2011 het die aanmeldingstelsel (vir die samestelling van die daaglikse patogeenverslag) baie verbeter en dit is baie meer akkuraat. Dit weerspieël ook 'n afname in HAI.

Daar was geen groot uitbreking in 2011 nie, maar 'n intensiewe studie na die MRSA oor die ortopediese platform wat ondersoek na chirurgiese prosedures en steriele dienste vereis het, wat nou reggestel is. Die stamme is op 'n 84%-ooreenkoms getipeer. Daar

was 'n diepgaande ondersoek na *Pseudomonas aeruginosa* – hoogs-antibiotikaweerstandig in die Brandwond-eenheid van bloedkultuur en dit het gelei tot 'n 76%-mortaliteit. Dit word nou beheer en is deel van waaktoesig.

Die EIVB het in 2011 verskeie IVB-verwante geleenthede by Tygerberg-hospitaal aangebied en daaraan deelgeneem, insluitend:

- Wêreldwye Handigiëne-dag soos deur die WGO aanbeveel, wat die rol van handigiëne in die voorkoming van HAI beklemtoon
- Provinsiale IVB-dag, 'n jaarlikse geleentheid sedert 2008, is 'n platform om brandende onderwerpe in IVB te bespreek en word baie goed bygewoon (150 deelnemers)

Bron: Alle DPR-data word op 'n SUN SQL-bediener geberg en is beskikbaar aan gekwalifiseerde navorsers vir verdere ontleding.

Verwysings:

Departement van Gesondheid. 2007. *The National Infection Prevention and Control Policy & Strategy*. Nasionale Departement van Gesondheid, Republiek van Suid-Afrika.

Departement van Gesondheid. 2011. *National Core Standards: for Health Establishments in South Africa*. Nasionale Departement van Gesondheid, Republiek van Suid-Afrika.

Kommentaar

Die EIVB is 'n baie klein eenheid met 'n personeeltekort, veral in navorsing, opleiding en databestuur. Ondanks die onderbefondsing en tekort aan permanente personeel het die EIVB uitstekend gevaar met die gegewe hulpbronne.

Infrastruktuurontwikkeling

Die EIVB het in 2011 'n drukker vir die opleidingskoördineerder en vir die senior mediese beampte, SURMEPI-projek, aangekoop.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

'n Personeellid verteenwoordig die EIVB as 'n lid van die gemeenskapsgebaseerde Kaapse NRO's: TB/MIV-sorgvereniging en TADSA. Die EIVB het ook die vierde IVB-dag (konferensie) by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op 18 Oktober 2011 vir 180 deelnemers van 41 instellings, hoofsaaklik in die Wes-Kaap, gehou.

Vennootskappe

Nasionaal:

Voortgesette werk met die Department van Gesondheid: Wes-Kaapse Regering, die nasionale Department van Gesondheid, en die Wes-Kaapse provinsiale IVB-komitee.

Voortgesette werk met die HSRC.

Internasionaal:

Die EIVB is die hoofkantoor van die Infeksievoorkoming en -beheer Afrika-netwerk (ICAN), wat tans 107 lede van 10 Afrika-lande het. Prof. Shaheen Mehtar is die stigter en die voorsitter van IPCAN. Die uitbreiding van onderrig en opleiding, asook gesamentlike projekte, word voortgesit.

Program vir Toepaslike Tegnologie in Gesondheid (PATH), Washington DC: befondsde navorsing.

CDC/PEPFAR: befondsde navorsing.

URC/Namibië: befondsde navorsingsingryping.

UC Berkeley, Amerika: stigting van 'n samewerkende gemeenskapsgebaseerde/deelnemende navorsing en opvoedkundige vennootskap.

Alberta-universiteit, Kanada: stigting van 'n samewerkende gemeenskapsgebaseerde/deelnemende navorsing en opvoedkundige vennootskap.

Vereniging vir Hospitaal-infeksie bied beurse aan studente om die kursus Nagraadse Diploma in Infeksiebeheer by te woon.

Besoeke aan verskeie SAOG-lande (insluitend Swaziland en Namibië) vir IVB-opleiding en oudits.

Privaat sektor:

Medi-Clinic: befondsing van IVB-opleidings-koördineerder-pos vir nog twee jaar tot Augustus 2014 en raadgewer aan Medi-Clinic oor kwessies wat IVB-verwant is.

Diens op rade en komitees:

WGO-taakleier: taakgroep oor ontsmetting en sterilisasie.

WGO-kerngroep vir wêreldwye bondgenootskap oor pasiëntveiligheid.

WGO-voorsitter van subkomitee; wêreldwye netwerk oor inspuitsveiligheid.

MNR-toelaagkomitee.

Nasionale advieskomitee oor immunisasie.

Nasionale advieskomitee oor IVB.

Provinsiale IVB-komitee.

Werkgroep oor Afvalbestuur.

WGO/SIGN – voorsitter van vergadering oor inspuittingsveiligheid.

WGO/SIGN – voorsitter van Beste Praktyk in Flebotomie.

Tygerberg-hospitaal Infeksiebeheerkomitee.

Setrum vir Aansteeklike Siektes.

Voorsitter – Infeksievoorkoming en –beheer Afrika-netwerk.

Komiteelid: TB/MIV-sorgorganisasie, Kaapstad.

Komiteelid: TADSA, Kaapstad.

Prestasies

Projekte:

Die EIVB is steeds aktief betrokke by onderrigverwante en operasionele (kliniese) navorsing. Die 2011-opleidingsingryping-projekte het die volgende ingesluit: Die bevordering van TB-IVB in openbare gesondheidsorgfasiliteite in die Wes-Kaap, die bevordering van TB-IVB in Swaziland en die Universiteit Stellenbosch Mediese Opleidingsvennootskap-inisiatief (SURMEPI). Die doel van die IVB-komponent van die SURMEPI-program is om IVB-kapasiteit van landelike gesondheidsorgwerkers te ontwikkel, om IVB-opleiding vir voorgraadse mediese studente te herontwerp en om nagraadse opleiding en navorsing in IVB te bevorder. Dit is 'n vyfjaarprojek wat nou met die US se Landelike Kliniese Skool in die Kaapse Wynland-distrik sal saamwerk.

Publikasies

Sissolak D, Marais F, and Mehtar S. 2011. *TB infection prevention and control experiences of South African nurses – a phenomenological study*. BMC Public Health, 11: 262.

Mehtar S, Marais F, and Aucamp M. 2011. *From policy to practice – education in infection prevention and control*. International Journal of Infection Control, doi: 10.3396/ijic.V7i2.016.11 (in druk).

Referate:

Die EIVB het verskeie referate by plaaslike, nasionale en internasionale konferensies gelewer.

Onderrig en Opleiding


Die EIVB het 'n reeks IVB-verwante opleidingskursusse op plaaslike, nasionale en internasionale vlak aangebied. Die kursusse en studentgetalle het die volgende ingesluit: modules van die Nagraadse Diploma in Infeksiebeheer (n=4); Grondbeginsels van IVB (n=23); Inleiding tot IVB vir Gesondheidswerkers (n=54); Ontsmetting en Sterilisasie; Basies (n=13); Intermediër (n=17) en Gevorderde SSD (n=5); Opleiding vir die Opleier in IVB (n=11); TB-IVB vir Laboratoriumwerkers (n=19). Die Tygerberg-hospitaal-indiensopleidingskursusse en deelnemers het die volgende ingesluit: TB-opleiding vir verpleegpersoneel (n=16), IVB-opleiding vir eerstejaar verpleegstudente (n=30), IVB-opleiding vir teaterwetenskap-studente (n=10), Beginsels vir die hantering van longtuberkulose-pasiënte (n=70), Handigiëne (n=134), Masels-opleiding (n=55), IVB vir algemene hulp/huishoudelike personeel (n=81), eerstejaar radiografie-studente (KPUT n=37), na-basiese trauma- en kritieke sorgstudente (WKVK n=0), en na-basiese verpleegadministrasie-studente (SUN en KPUT n=12).

Die EIVB was toesighouer vir altesame 6 studente in die graad Magister in Verpleging aan die Universiteit Stellenbosch.

FORENSIESEPATOLOGIE

Patologie: Afdeling Geregte Geneeskunde**Prof. Shabbir Ahmed Wadee****Opsomming**

Vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2011 was daar 2 754 toelatings tot die Tygerberg Akademiese Kompleks, Forensiese- atologiesedienste-fasiliteit, oftewel die lykshuis. Van hierdie was 1 509 sterftes weens onnatuurlike oorsake, 821 weens natuurlike oorsake en 382 word tans ondersoek. In alle onnatuurlike gevalle wat ondersoek word, asook sommige natuurlike gevalle, was formele en volledige lykskouings met die nodige spesiale ondersoeke en toetse gedoen, indien nodig. Na afloop van die lykskouings is weefsel geprosesseer vir histologiese analise and prosessering deur die hoof- mediese tegnoloog in die histologieselaboratorium. Weefsel is geneem van 1 100 gevalle van die Tygerberg-forensiesedienste-fasiliteit, oftewel lykshuis, en 103 gevalle van verwysingsentra (71 gevalle vanaf Paarl, 5 gevalle vanaf Stellenbosch, 10 gevalle vanaf Worcester en 17 gevalle vanaf George), bestaande uit altesaam 1 203 gevalle. Die gevolg was dat 16 748 blokke vanaf Tygerberg, 357 vanaf Paarl, 50 vanaf Stellenbosch, 109 vanaf Worcester en 287 vanaf George geprosesseer is. Altesaam 15 893 Hemotoksillien-en-eosienkleurings (H&E-kleurings) vanaf Tygerberg, 357, 50 vanaf Stellenbosch, 109 vanaf Worcester en 287 vanaf George, is uitgevoer. Altesaam 234 spesiale histologiese kleurings is uitgevoer in gevalle waar 'n meer spesifieke oorsaak van dood benodig was. In uitgesoekte gevalle, waar die brein, rugmurg en ander verwante areas beseer is, word breine vir ongeveer drie weke in formalien gefikseer en gehou vir 'n formele breinsny-vergadering met die neuropatoloë, proff. Richard Hewlett en dr. Dan Zaharie. Altesaam 148 sulke gevalle is makroskopies ondersoek by weeklikse breinsnyvergaderings en breinweefsel is geprosesseer vir histologiese ondersoek, indien nodig. Vierdejaar- en vyfdejaar mediese studente, elektiewe mediese studente, radiografie-studente, kliniese assistente, roterende anatomiese patologiese assistente, asook ander is geakkommodeer en opgelei tydens hierdie vergaderings. Bykomend was 'n maandelikse nagraadse opleidingsbreinsnyvergadering met die Afdeling Neurochirurgie, gehou vir opinies vanaf Prof. B. Hartszenberg, en akademiese en kliniese personeel. Gedurende 2011 is 57 geregte doodsondersoekdossiere ontvang vir tweede opinies. Sommige van die gevalle was in die



afdeling ondersoek, terwyl ander dossiere verwys is vir 'n tweede spesialiteitsopinie van spesialiste in die omliggende area. Verwysings was vanaf die Direkoraat vir Openbare Vervolgings en ander vanaf ondersoekbeamptes van die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Altesaam 118 dagvaardigings vir hofbywonings by die hooggeregshof asook verskeie streekshowe was ontvang vir die lewering van getuies van professionele mediese opinies voortspruitend uit lykskouings, wat deur mediese personeel in die afdeling gedoen was.

Altesame 416 telefoonkonsultasies is deur mediese personeel in die afdeling hanteer en 30 moord- en/of doodstoneelbesoeke is gedoen.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Hoof van Kliniese Departement	1	1
Hoof van Kliniese Eenheid	1	1
Senior Spesialis	1	1
Kliniese Assistent	6	6
Mediese Beamptes	2	2
Hoof- Mediese Tegnoloog	1	1
Lab-assistent	1	1
Eerste Tikster	1	1
Administratiewe Beampte	1	1
Senior Administrasieklerk	1	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)		
POSTE	AANTAL	GEVUL
Spesialiste (sessioneel)	3	4 uur p/w

Kommentaar

Met die toenemende bevolkingsontwikkeling in die area, en 'n hoë koers van moord en motorvoertuigongelukke, bly lykskouingsgetalle aanhoudend hoog. Indien mediese personeel met verlot is, word lykskouings ook in Paarl, Stellenbosch en Worcester-forensiese patologiese-fasiliteit of lykshuis gedoen indien nodig. Met die vermeerdering van die lykskouingsgetalle en kliniese assistente in opleiding, is daar 'n gepaardgaande verhoging in histologiegevalle.

Infrastruktuurontwikkeling

Die opleiding van die Forensiese patologie-beamptes is 'n voortdurende proses, insluitend oordrag van praktiese ondervinding en inforasietegnologie. Dit word gesamentlik gedoen deur senior spesialiste van die afdelings Geregte Geneeskunde van Tygerberg en Kaapstad, en die fakultete Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch en Kaapstad.

Die Hoof van die Kliniese Departement, prof. S.A. Wadee, die Hoof van die Kliniese Afdeling, dr. J.J. Dempers, en Senior Spesialis dr. Lene Burger speel 'n raadgewende rol in die instandhouding van die Tygerberg Forensiese patologiese-laboratoriumfasiliteit, oftewel lykshuis.

As 'n lid van die Nasionale Forensiese patologiese Akademie Subkomitee het prof. Wadee, die Afdelingshoof, verskeie geskeduleerde vergaderings buite Kaapstad bygewoon en ook 'n bydraende rol in die skryf van riglyne vir die Medies-Geregte Doodsondersoeke en Forensiese patologiese dienste in Suid-Afrika gespeel. Prof. Wadee het ook 'n bydraende rol gespeel in die opstel van die verskillende regulasies rakende die Nasionale Gesondheidswet betreffende Forensiese patologiese dienste in Suid-Afrika. Dit was addisioneel tot die sesmaandelikse geskeduleerde vergaderings in Pretoria van die Nasionale Forensiese patologiese dienste-komitee. Hierdie vergaderings is ook bygewoon in samewerking met die Nasionale Departement van Gesondheid en die afdelingshoofde van Geregte Geneeskunde, Fakultete van Gesondheidswetenskappe, nasionaal en verwante rolspelers.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Dr. J.J. Dempers het 'n Forensiese patologiese-Reisende seminar onderneem na die meeste stede dwarsoor die land. Die seminar is hoog op prys gestel en goed ontvang.

Dr. E.H. Burger het 'n praatjie oor die voltooiing van Doodskennisgewingsvorme aan interns by Tygerberg-hospitaal aangebied. Soortgelyke praatjies is in samewerking met die Mediese Navorsingsraad by hospitale, openbaar en privaat, gelewer.

Vennootskappe

Internasionaal

Die Afdeling is aktief betrokke by die PASS/Safe Passage Study oor die uitwerking van moeders se alkoholverbruik gedurende swangerskap en stilgeboortes. Dit is in samewerking met Anatomiese Patologie, Neuropatologie, Obstetrie en Ginekologie, asook Pediatrie by die Fakulteit Mediese en Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch, die departemente Patologie en Neuropatologie by Harvard-universiteit in Boston, Amerika, die departemente Psigiatrie en Pediatrie by Columbia-universiteit in New York, en die departemente Patologie by die Universiteite na Noord- en Suid-Dakota, Noord- en Suid-Dakota, Amerika.

Prestasies

Vier artikels is aanvaar en gepubliseer in aanvaarbare nasionale and internasionale vaktydskrifte.

Onderrig en Opleiding

Voorgaads:

Gedurende 2011 is 114 MBChB IV- en 65 MBChB V studente opgelei in die voorgaads module Geregte Geneeskunde. Die lesings vir die tweeweeklikse akademiese rotasie vir MBChB IV-studente is ook hersien en gestandaardiseer. Die voorgaads module bestaan uit onderrig aan klein groepies van ongeveer 10 tot 12 studente per groep, wat ongeveer twee weke in die afdeling spandeer en intensiewe groepsopleiding ontvang. Dit word hoofsaaklik hanteer deur professionele personeel en ook die hulp van administratiewe personeel. Positiewe terugvoering is ontvang vanaf voorgaads studente vir die module, onderneem deur die Afdeling en Fakulteit.

Nagraads:

Ses kliniese assistente asook 2 mediese beamptes van die Afdeling Geregte Geneeskunde het spesialis forensiese opleiding in verskeie jare, 1 to 4, ondergaan.

Twee kliniese assistente van Anatomiese Patologie het twee maande in die afdeling gespandeer as roterende kliniese assistente in die Nagraadse Outopsietegniese module. Opleiding en toesig oor hulle is behartig deur die senior spesialis van die Forensiese patologie-afdeling.

Twee kliniese assistente het hul MMed Forensiese Patologie Deel 1 suksesvol voltooi.

Twee kliniese assistente het hul MMed Forensiese Patologie Deel 2 oftewel die FC for Path (SA) by die Kollege vir Forensiese Patoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol voltooi.

Die FPD Regsgeneeskunde-lykshuis was ook die ontmoetingsplek vir die finale lykskouing-eksamen in die Mmed Anatomiese Patologie Deel II-eksamen met die samewerking en hulp van die tegniese en administrasiepersoneel.

Elektiewe:

Drie elektiewe studente is onderrig en opgelei deur mediese personeel in die Afdeling.

Drie interne elektiewe mediese studente van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch, is geakkommodeer in die 2011-program.

Forensiese patologie-beamptes:

Die opleiding van die nuwe tegniese personeel is 'n voortdurende proses, insluitend die oordrag van praktiese vaardigheid en inligtingstechnologie-opleiding. Dit word gesamentlik onderneem deur die afdelings Geregtelike Geneeskunde, Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad.

Werkskadu-blootstelling:

Drie leerlinge van omliggende hoërskole in Kaapstad het tyd in die Afdeling en Histologie-laboratorium gespandeer en ook die tyd gebruik om ondervinding in sekere aspekte van geregtelike geneeskunde op te doen. Hulle oorweeg Geneeskunde as hul beroepskeuse.

Besondere prestasies

- Dr. J. Dempers – IAP Nasionale Reisende Forensiese Seminaar in 2011.
- Dr. Lene Burger – opleiding in die voltooiing van Doodskennisgewingvorms provinsiaal in 2011, en nou nasionaal in samewerking met die Nasionale Komitee vir Burgerlike Registrasie en Bevolkingstatistiek waarby Statistiek Suid-Afrika betrokke is, die Departement van Binnelandse Sake, en Gesondheids- en Mediese Navorsingsraad vir 'n nasionale program.

Mediese Beelding en Kliniese Onkologie

Mediese Beelding en Kliniese Onkologie

Prof. Annare Ellmann

Opsomming

Kerngeneeskunde is steeds aktief betrokke by al drie ons kernbesigheidsareas, nl. dienslewering, leer en onderrig, en navorsing. Verskeie geneeshere, wetenskaplikes en radiografe uit Afrika het nagraadse opleiding ontvang. Deur ons langstaande samewerking met die Internasionale Atomiese-energie-agentskap (IAEA) is ons betrokke by verskeie IAEA-aktiwiteite. Prof. S. Rubow is bv. die Suid-Afrikaanse eweknie vir 'n radiofarmasieprojek oor die verbetering van radiofarmasiepraktyke in Afrika. Dienslewering is gedurig onder druk as gevolg van mannekrag- en toerustingstekorte.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor / Hoofspesialis	1	1
Spesialis	2	2
Kliniese assistent (net getal)	3	3 + 2 botallig
Radio-apteker	1	1
Radiografiste (Assistent-direkteur)	1	1
Radiografiste hoof	4	4
Radiografiste senior	6	6
Radiografiste gemeenskapsdiens	3	3

Uitset

TIPE STUDIES	AANTAL
Kardiaal: GSPECT	1107
Kardiaal: Miokardiale Perfusiebeelding	1029
Kardiaal: Ventrikulêre funksie	103
Serebrale Perfusie en Reseptorbeelding	65
Vloeistudies	232
Galliumflikkergrafie	31
Gastro-intestinale en Hepatobiliêre studies	123
Hematologiese Studies	17



TIPE STUDIES	AANTAL
Infeksiebeelding	73
Longflikkergrafie: Perfusie	111
Longflikkergrafie: Ventilasio	146
Limfbeelding	118
Flikkergrafie: Ander	155
PET-RT-studies	382
Nierflikkergrafie	29
Renaal: GFR-bepalings	90
Renografie	236
Oorplantingsrenografie	63
Skeletflikkergrafie	1648
EFERT/RT-studies	701
Tiroïedkliniek Eerste Besoeke	257
Tiroïedkliniek Opvolge	531
Tiroïed I-131 Terapie	185
Tiroïedflikkergrafie	273
Tiroïedopnames	272
Tiroïed: Heelliggaam-jodiumflikkergrafie	39
Endokrien (ander)	69
Tomografie (allerlei)	1471
Totaal	9556

Kommentaar op uitset

In 2011 is pasiëntgetalle 15% hoër, terwyl die aantal prosedures ook met 15% toegeneem het. Die getal privaat pasiënte (H2, H3, privaat) het verder toegeneem (10%), met die gevolglike generering van rekeninge van R872 192, 'n toename van 27%.

PET-RT-skandering is steeds by die privaat praktyk in Panorama gedoen, en het 'n bestendige groei getoon, met 24% meer studies in 2011 teenoor 2010. Van die middel van 2011 is betekenisvol meer gesinchroniseerde hartflikkergramme vir die evaluering van ventrikulêre funksie voor en na chemoterapie gedoen, spesifiek vir pasiënte wat kardiotoxisiese chemoterapiemiddels ontvang.

Daar is deurlopende noue samewerking met kliniese kollegas deur die deelname aan gereelde multidissiplinêre vergaderings met Stralingsonkologie, Pulmonologie, Hematologie, Radiologie en Psigiatrie. Kerngeneeskunde is steeds die enigste sentrum in Suid-Afrika wat Datscan- en SISCOM-studies doen. Dit lei tot verwysings van so ver as Gauteng.

Daar was 'n redelik hoë kansellasiesyfer van 13% van besprekings, hoewel dit ietwat laer is as die 15% van 2010. Verder is 11% van die studies nie met 'n enkele besoek voltooi nie, teenoor die 15% in 2010. Hoewel hierdie aanvaarbaar is vir die minderheid studies moet dit nie die geval wees in so 'n groot persentasie nie. Sekere uitdagings staar die afdeling in die gesig, wat verband hou met pasiëntbesprekings as gevolg van 'n aantal faktore, insluitend probleme om die hospitaal te kontak en vervoerkwessies (veral die plattelandse pasiënte). In 'n poging om hierdie probleme te oorkom, doen personeel baie moeite om pasiënte te kontak om afsprake te bevestig en te verseker dat hulle betyds opdaag en reg voorberei is vir hul ondersoek.

Mediese Fisika

Hoof van Afdeling: Dr. Wilhelm Groenewald.

Opsomming

Die Afdeling Mediese Fisika het in die afgelope jaar op 'n wye front bydraes gelewer en verpligtinge nagekom ten opsigte van die toepassing van ioniseerstraling en opleiding in die gebruik van straling in die hospitaal en die Fakulteit. Die uitmuntende bydraes was betrokkenheid van mediese fisici by die beplanning vir die PET-RT-sentrum vir die Wes-Kaap en die implementering van nuwe programmatuur op die CMS-pasiëntbeplanningsrekenaars in Stralingsonkologie.

Mediese Fisika het sy diensverpligtinge teenoor die afdelings Stralingsonkologie, Kerngeneeskunde en Diagnostiese Radiologie nagekom, die stralingsmonitordiens aan stralingswerkers in Tygerberg Hospitaal onderhou en toesig gehou oor die veilige gebruik van LASER-toestelle. Radiologiese en Mediese Fisika is gedoseer aan kliniese assistente, studente in mediese fisika en student radiografiste.

Mediese fisici was internasionaal veral betrokke by die werksaamhede van die Internasionale Atomiese-energie-agentskap (IAEA) in Afrika. 'n Aantal kursusse en vergaderings is bygewoon. Personeel van die afdeling het veral aktief aan twee IAEA-projekte deelgeneem, nl. Mediese Fisika ter ondersteuning van Kankerhantering op die Vasteland van Afrika en Inligtings- en Kommunikasietegnologie.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Senior Bestuurder: Mediese Fisika	1	1
Adjunk-bestuurder	1	1
Assistent-bestuurder	1	1
Mediese Fisikus	2	2
Intern Mediese Fisikus	1	1
Stralingslaboratorium- tegnoloog	1	5/8 Kontrak
Mediese Tegnoloog	1	1
Radiograaf	2	1
Hulpdiens	1	1
Sekretaresse	1	1

Uitset

MEDIËSE FISIKA EN DOSIMETRIE	
Gehalteversekeringsprosedures op radioterapie-eenhede	260
Pasiënt-behandelingsplanne nagesien	2659
Pasiënt-behandelingskaarte nagesien	2283
Radionuklied-toedienings	16
Stralingsmonitors uitgereik aan Tygerberg Hospitaal-personeel	5200
In vivo diode dosimetriestelsel-kalibrasies	150
Stabiliteitstoetse op dosimeters	12
Bragiterapieprosedures nagesien	606

KERNGENEESKUNDE

Stabiliteitstoetse op dosimeters	312
Gehaltekontrole-prosedures	1650

STRALINGSTEGNOLOGIE-LABORATORIUM

Allooi afskermingsfilters	6
Gipsafdrukke	10
Bytblokke	60
Wasopbouings	20
Spesiale toestelle	6

Kommentaar op uitset

Aangesien Mediese Fisika 'n diensverskaffer aan Kerngeneeskunde, Stralingsonkologie en Diagnostiese Radiologie is, word die aantal Mediese Fisika-prosedures in die algemeen bepaal deur die aktiwiteite van bogenoemde afdelings.

STRALINGSONKOLOGIE**Hoof van Afdeling (waarnemend): Dr. Magda Heunis****Opsomming**

Die afdeling bied die volle spektrum onkologiese dienste, insluitende radiochirurgie, protonterapie en neutronterapie deur die samewerking met iThemba LABS.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor	1	0
Hoof Kliniese Eenheid	1	1
Spesialis	4	4
Kliniese assistent	5 + 2 (botallig)	7
Mediese beamptes	6	6
Radiografiste	22	20 + 1 kontak- pos

POSTE (SESSIONAAL – GETAL UUR PER WEEK)

POSTE	AANTAL	GEVUL
Locum-poste	1 (20 uur per week)	1 (20 uur per week)

Uitset**TEATERPROSEDURES**

Nuwe pasiënte per jaar:	1 750
Buitepasiëntbesoeke:	18 184
Spesialisklinieke:	6
Toelatings:	1 532
Teaterprosedures:	181
Beplande pasiënte:	2 283
Gesimuleerde en geskandeerde pasiënte:	3 680
Toerustingstatistiek (getal beplanningsvelde):	59 953
Chemoterapie-toedienings:	7 377
S-buis-inplasings (X-blok-teater):	116
S-buis-behandelingsprosedures:	606

Livelihood is 'n rekordhoudingstelsel wat as 'n proefstudie by Onkologie begin is. Dit was hoogs suksesvol en skakel goed in by die hoofstelsel van Tygerberg Hospitaal.

Die program is in die proses om uitgebrei te word.

Kommentaar op uitset

Uitsette in terme van masjiene word beperk as gevolg van 'n tekort aan radiografiste, wat weer tot lang waglyste lei.

Uitsette in terme van chemoterapie is beperk deur die tekort aan "moderne" onkologiestelsels, beperkte spasie, tekort aan susters wat in onkologie opgelei is en die gebruik van ou medikasieskedules.

Uitsette in terme van navorsing en publikasies is beperk as gevolg van 'n vaardigheidstekort.

RADIODIAGNOSE**Hoof van Afdeling: Prof. Richard Pitcher****Opsomming**

Altesame 175 298 ondersoekte is in die jaar uitgevoer, wat 'n verhoging van 91% in breë dienslewering verteenwoordig. Daar was 'n verhoging van 13,8% in die na-ursee dienslading met 62 523 studies – 35,6% van die totale werkslading wat buite kantoorure uitgevoer is.

'n Ekstra konsultasie-radioloog is by die permanente personeelkorps gevoeg.

MRB-skanderingstye is verleng verby gewone werksure om dienslewering tussen 16:00 en 19:00 op Dinsdae tot Donderdae in te sluit. Wagtye vir binnepasiënte vir MRB is van 13 tot sewe werksdae verminder.

Die RT-diens is uitgebrei om roetine-gebruik van die Noodeenheid-skandeerder in gewone werksure in te sluit. Binnepasiënte se wagtye vir RT-skanderings is van 10 na drie werksdae verminder en wagtye vir buitepasiënte is verminder van 40 na 13 werksdae.

Die afdeling het twee nuwe ultraklank-masjiene aangekoop, wat die dienskapasiteit in die volgende jaar aansienlik sal verbeter, veral met betrekking tot die mobiele ultraklank-diens.

Die afdeling trek steeds ernorme voordeel uit die akademiese mentorskap van prof. Jan Lotz, wat 'n botallige Ad Hominem-medeprofessorskap het wat deur die Privaat Radiologiese Gilde befonds word.

Die afdeling was baie gelukkig om die dienste van dr. David Legge, 'n afgetrede lersse intervensie-radioloog, te hê. Dr. Legge het ses maande vrywillig in die Afdeling gewerk en onskatbare kliniese toesighouding aan kliniese assistente gebied, wat hul vaskulêre rotasie gedoen het.

Die befondsing van die Departement van Onderwys het voorsiening gemaak vir die deelydse aanstelling van prof. Richard Hewlett, wie se uitmuntende onderrig en kliniese toesighouding neuroradiologie-opleiding baie verbeter het. Die Departement van Onderwys het die aanvanklike beplanning gefasiliteer om prof. Hewlett se lewenslange neuroradiologie-onderrigleër by ons departement se digitale argief te inkorporeer.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Medeprofessor/ Hoofspesialis	1	1
Botallige Medeprofessor/ Hoofspesialis	1	1
Eerste Spesialis	0	0
Spesialiste	8	8
Kliniese assistente	20	20
Botallige kliniese assistente	2	2

SESSIONALE SPESIALIS-POSTE (UUR PER WEEK)		
	AANTAL	GEVUL
Spesialiste	1 (5 uur))	1 (5 uur))
Vrywilliger	1 (20 uur))	1 (20 uur))
Voltydse ekwivalente		

Uitset

2011	
RT-skandering	18 144 (6,4%)
Arteriografie/ Intervensionele Radiologie	4 292 (-2,9%)
Ultraklank	11 773 (5,8%)
Borskaste	60 488 (7,2%)
Algemene ondersoeke	67 134 (11,8%)
Spesiale ondersoeke	7 348 (4,6%)
Mammografie	3 159 (56,6%)
MRI	2 960 (15,3)
Totale Ondersoeke	175 298
Totale Pasiënte	140 479
Binnepasiënte	50,73%
Buitepasiënte	49,27%
Kinders (<14 jaar)	20,46%

Kommentaar op uitset

Terwyl buitepasiënte se wagtye vir MRB-skanderings net ietwat verminder het van 110 na 100 werksdae, moet dit beskou word binne die konteks van 'n verhoging van 15% in pasiëntlading en dienslewering.

Die duidelike verhoging in mammografie-uitsette is onwaar en net 'n weerspieëling van 'n verandering in die faktuur-gebruik, wat behels dat 'n bilaterale mammogram as twee ondersoeke ingevoer word.

Kerngeneeskunde

Infrastruktuurontwikkeling

Die ontvangs van 'n PET-RT-skandeerder wat deur NTP Radiopharmaceuticals geskenk is, was 'n groot ontwikkeling vir die Wes-Kaapse Regering in Junie 2012, en die bou van die PET-RT-sentrum wat in September 2011 begin is met befondsing van die Departement Gesondheid. 'n Ervare radiografis om die sentrum te bestuur, is in Januarie 2012 aangestel.

Een van die bestaande dubbelkop-gammakameras is na 'n SPEC-RT-stelsel opgradeer. Dit stel Kerngeneeskunde in staat om meer SPEC-RT-skanderings te doen om skade wat op die vlakbeelde of die SPECT opgespoor is, beter te lokaliseer.

Gemeenskapsuitreikprogramme

Kerngeneeskunde het 'n aktiewe opleidingsprogram vir Afrika-studente. Versoeke word gereeld ontvang

deur die IAEA vir spesialis-opleiding in Interne Geneeskunde van fisici en ander wetenskaplikes van Afrika, maar ook direk van studente. Hierdie studente word nie deur Wes-Kaapse Regering of die Universiteit Stellenbosch vergoed nie, maar speel 'n belangrike rol in die handhawing van 'n kliniese diens in die afdeling. Ongelukkig kan baie van hierdie moontlike studente nie aanvaar word nie, gegewe die beperkte getal spesialiste in Kerngeneeskunde by Tygerberg Hospitaal.

Vennootskappe

Nasionaal

Profs. Warwick en Ellman het op die Raad vir die Kollege van Kerngeneeskunde (CNP) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suider-Afrika (CMSA), met prof. Ellmann wat as die voorsitter van die CNP tot Oktober 2011 gedien het, en prof. Warwick wat as die sekretaris waargeneem het en ook vanaf Oktober 2011 op die senaat van die CMSA gedien het. Prof. Warwick was ook 'n lid van die advieskomitee vir Neuroendokriene gewasse vir Novartis. Daar is 'n navorsingsamewerking met prof. D. Stein van Psigiatrie by die Universiteit van Kaapstad. Prof. S. Rubow het op die komitee van die Medisynebeheerraad van Suid-Afrika gedien.

Profs. Ellmann, Warwick en Rubow het aan die aktiwiteite van die Inisiatief van Kerntegnologieë in Geneeskunde en die Biowetenskappe (NTEMBl), bedryf word onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Kernenergie korporasie (Necsa). Prof. Rubow het die groep gelei wat 'n verslag oor Radio-aptikerswese as skaars vaardigheid in Suid-Afrika vir NTEMBl voorberei het.

Profs. Rubow en Ellmann was betrokke by die opleiding van radiografie-studente by die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie (KSUT).

Privaat sektor

Daar is goeie interaksie tussen Kerngeneeskunde en privaat Kerngeneeskunde-praktyke. Die samewerking met die privaat PET-konsortium is in 2011 voortgesit. Privaat praktyke maak soms van ons fasiliteite gebruik. Die afdeling se konsultante, insluitend die radioapteker, is van tyd tot tyd deur privaat kerngeneeskunde fisici gekonsulteer vir opinies oor sommige van hul moeilike gevalle. Prof. Warwick en prof. Ellmann is ook lede van 'n multidissiplinêre groep vir die optimale bestuur van gastro-entero-pankreatiese neuroendokriene gewasse (GEPNET). Dit is 'n aktiwiteit met gesamentlik betrokkeheid van kollegas van die privaat sektor en akademiese hospitale in die Wes-Kaap. Daar is 'n groot behoefte

aan sulke samewerking omdat die hantering van hierdie gewasse ingewikkeld is en baiekeer insette van baie spesialiteite verg.

Internasionaal

Daar is voortgesette noue samewerking met prof. D. Dupont van die Laboratorium vir Kognitiewe Neurlogie en Mediese Beeldvormingsentrum van die Katolieke Universiteit, België. Daar is ook minder formele kliniese wisselwerking met 'n aantal kundiges internasionaal en op 'n ad hoc-basis om te help met die hantering van moeilike of ongewone gevalle.

Prof. Ellmann is deur die IAEA uitgenooi om die IAEA raad te gee oor personeelmodel in Stralingsgeneeskunde, en het twee vergaderings bygewoon as deel van 'n internasionale kundige groep.

Prof. Rubow is uitgenooi om by 'n Afrika-streekopleidingskursus oor Gehaltebeheer en Gehaltstelsels in Radioaptikerswese te doseer in Uganda in Julie 2012, onder die beskerming van die IAEA. As projekkoördineerder vir Suid-Afrika het prof. Rubow ook deelgeneem aan die middeltermyn projekkoördineringsvergadering van die AFRA-projek Versterking en Uitbreiding van Radioaptikerswese-dienste in Afrika in Augustus 2011.

Prestasies

Prof. Ellman het 'n bydrae gelewer tot 'n IAEA-publikasie in hul Human Health Series (number 18), getiteld *Nuclear Cardiology: Its role in cost-effective care*.

Die volgende artikels is gepubliseer:

Warwick J.M., Sathekge M.M. *PET/CT scanning with a high HIV/AIDS prevalence*. **Transf Apheres Sci** 2011; 44:167-172.

Warwick J.M., Rubow S., Du Toit M., Beetge E., Carey P., Dupont P. *The role of CT based attenuation correction and collimator blurring correction in striatal SPECT quantification*. **International Journal of Molecular Imaging** 2011: Article ID 195037

Ding J., Chen H., Liao W., Warwick J.M., Duan X., Qiu C., Zhang W., Gong Q. *Disrupted Functional Connectivity in Social Anxiety Disorder: A Resting State fMRI Study*. **Magn Reson Imaging** 2011; 29:701-711.

By die afdeling se navorsingsvergadering aan die begin van 2012 het die afdeling twee projekte ingedien vir oorsig of ondersoek, 19 voltooide projekte wat bygewerk moet word, 13 projekte wat tans data-insameling en/of -analise ondergaan, en twee nuwe projekte wat in die proses van protokolontwikkeling en/of -goedkeuring is.

Ander

Kerngeneeskunde is betrokke by 'n multisentrum-gekoördineerde navorsingsprojek van die IAEA, waaraan nege lande deelneem, wat die *Longitudinal monitoring of complicated osteomyelitis by SPECT/CT in diabetic foot, post traumatic osteomyelitis with or without metal implants and endo-prosthesis joints infections*. Dr. N. Korowlay is die Tygerberg-studieleier.

Prof. Ellmann, saam met medewerkers drs. Venesen Pillay (kliniese assistent vir Kerngeneeskunde), Hennie Botha en Haynes van der Merwe (ginekologiespesialiste), is betrokke by 'n multisentrum-gekoördineerde navorsingsprojek van die IAEA waaraan 11 lande deelneem, wat *The use of sentinel lymph node detection in breast, melanoma, head & neck and pelvic cancers*, ondersoek. Prof. Ellmann is die Tygerberg-studieleier.

Onderrig en Opleiding

Kerngeneeskunde is betrokke by die oriëntasie van MBChB I-studente, en by lesings en middel- kliniese rotasie van MBChB-studente.

Een student het die studiegenootskap van die Kollege vir Kernfisici van die Kolleges vir Geneeskunde Suid-Afrika voltooi. Drie studente van Afrika het hul studies vir die MSc in Mediese Wetenskappe (Kerngeneeskunde) voortgesit, en een student het die MSc in Mediese Wetenskappe (Kerngeneeskunde) verwerf.

Daar is voortgesette akademiese aktiwiteite, insluitend gereelde gekombineerde Kerngeneeskunde-vergaderings met Groote Schuur- en Rooi Kruis-hospitaal, vergaderings met Radiologie, Vaktydskrifklub-vergaderings, seminare en kliniese multidissiplinêre vergaderings.

Besondere prestasies

Die IAEA het 'n nasionale projek gesteun om menslike hulpbronn kapasiteit in PET-RT te ontwikkel. As deel van die projek het Kerngeneeskunde Valencia Marcus (radiografis) gestuur vir 'n driemaande lange studiegenootskap-opleiding in die Guys en St Thomas-hospitaal in Londen, Brittanje.

MEDIESE FISIKA

Infrastruktuurontwikkeling

Mediese Fisika speel 'n belangrike rol in die aankoop en ingebruikname van nuwe stralingstoerusting. In hierdie verband kan die geslaagde spesifisering en tenderprosedure vir die PET-RT-skandeerder vir Kerngeneeskunde en die ingebruikname van die opgradering van programmatuur vir die CMS XIO-behandelingsbeplanningsrekenaars in Stralingsonkologie genoem word.

Gemeenskapsuitreikprogramme

Mediese Fisika handhaaf aktiewe betrokkenheid in die vestiging en funksionering van die Raadgewende Sentrum vir Mediese Stralingsnoodgevallen van Suid-Afrika (REMACSA). REMACSA kan via die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum geaktiveer word in die geval van 'n radiologiese voorval.

Prestasies

Die personeel van Mediese Fisika het een voorlegging by 'n internasionale kongres, twee voorleggings by 'n nasionale kongres en twee voorleggings en een plakkaat by die Akademiese Jaardag van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied.

Onderrig en Opleiding

Kursusse in Radiologiese Fisika is aangebied aan MMed- en MSc-studente in Kerngeneeskunde, MMed-studente in Stralingsonkologie, MMed-studente in Diagnostiese Radiologie en Diploma en Btech-studente in Radiografie. Studente wat die BSc Honneurs-kursus (Mediese Fisika) volg, is onderrig in teoretiese en praktiese aspekte van Mediese Fisika.

Besondere prestasies

IAEA-aktiwiteite: Mediese Fisika het in die afgelope jaar aktief deelgeneem aan die aktiwiteite van die IAEA onder die AFRA-ooreenkoms (*die African Regional Co-operative Agreement for Research, Development and Training related to Nuclear Science and Technology*).

Tumelu Moalosi het die gesamentlike ICTP-IAEA Skool vir Gevorderde Radioterapietechniek, met die klem op beelding en behandelingsbeplanning, vanaf 4 tot 8 April 2011 in Trieste, Italië, bygewoon. Hy het ook 'n driemaande- IAEA-genootskap in Kerngeneeskunde Fisika in Sidney, Australië, vanaf November 2011 tot Februarie 2012, meegemaak.

Anne-Mari Rossouw het die 3de AFRA-ICT-werkswinkel en Projekkoördineringsvergadering vanaf 31 Oktober to 4 November 2011 in Abuja, Nigerië, bygewoon.

Hannelie MacGregor het die IAEA-streeksopleidingskursus oor *Gehalteversekering in die Fisiese en Tegnieke Aspekte van Radioterapie* vanaf 12 tot 23 September in Argonne, Illinois, Amerika, bygewoon.

Mohlapoli Mohlapholi het die IAEA-AFRA-streeksopleidingskursus oor Ingebruikname van *Lineêre Versnellers en Behandelingbeplanningstelselgebruik in Radioterapie* vanaf 26 tot 30 September 2011 in Abuja, Nigerië, bygewoon.

Lelanie Nolan het die IAEA-AFRA-streeksopleidingskursus oor *Kernkardiologie, Geteikende Terapie en Infeksie* vanaf 5 tot 9 Desember 2011 in Rose Belle, Mauritius, bygewoon.

STRALINGSONKOLOGIE

Infrastruktuurontwikkeling

Intensiteitgemoduleerde stralingsterapie (IMRT) is begin, en behandeling hang van verdere personeelopleiding af.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Daar was internasionale samewerking deur die opleiding van 'n botallige kliniese assistent van Uganda.

Die oornagfasiliteit in Protea-hof funksioneer suksesvol in samewerking met Kansa. Pasiënte wat van ver kom en daagliks behandeling nodig het, maar nie so siek is dat hulle in die hospitaal opgeneem moet word nie, kan daar bly. Hierdie fasiliteit het 20 beddens, verskaf kos en help met maatskaplike steun en vervoer.

Vennootskappe

Voortgesette kliniese program by iThemba LABS, Faure. As 'n satellietentrum van Tygerberg Onkologie kry iThemba LABS erkenning van die Raad op Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGBSA).

Privaat sektor en internasionaal

Deelname aan internasionale kliniese eksperimente:

Vennootskap tussen Onkologie-eenheid, Pulmonologie en Calypso-navorsing, wat in Seattle, Amerika, gebaseer is.

Suksesvolle kandidaat vir studiegenootskap by Colombia-universiteit: D43 opvoedkundige toelaag: samewerking tussen Colombia en Suid-Afrika vir MIV-verwante kwaadaardighede.

Suid-Afrikaanse samewerking vir MIV-verwante kwaadaardige gewasse.

Prestasies

Vaktydskrif-artikels (gesubsideer)

Barnardt P., Fourie A.E. *A Metastatic unclassified trophoblastic tumour with spontaneous bilateral pneumothoraces.* **South African Journal of Obstetrics and Gynaecology** 2011; 3(2):76-78.

Barnardt P., Narinesingh D. *Primary Breast Lymphoma And HIV/AIDS.* **Southern African Journal of HIV Medicine** 2011; 41:21-22.

Barnardt P. *The Radiological appearance of metastatic cystic lesions.* **SA Journal of Radiology** 2011; 15(4):131-132.

Simonds H.M., Wright J.D., Du Toit N., Neugut A.I., Jacobson S. *Completion of and Early Response to Chemoradiation Among Human Immunodeficiency Virus (HIV)-Positive and HIV-Negative Patients With Locally Advanced Cervical Carcinoma in South Africa.* **Cancer Research** 2011.

Hoofstukke in boeke

Simonds H.M. *Non-surgical treatment for malignant gynaecological conditions.* In **Clinical Gynaecology**, Juta, Cape Town, South Africa, 2011: 609-613.

Onderrig en Opleiding

- Die departement bied twee opleidingsdae aan vierde- en vyfdejaar mediese studente.
- Ons het vyf kliniese assistente en twee botallige kliniese assistente van Kenia en Uganda wat onderskeidelik deur die Keniaanse regering en die IAEA befonds word.

RADIODIAGNOSE

Infrastruktuurontwikkeling

Befondsing van die Departement van Onderwys het dit moontlik gemaak dat twee digitale diagnostiese werkstasies aangekoop kon word om konsultant-toesighouding van gewone-film rapportering te verbeter. Klein verbeteringe aan die fakulteitskantoorruimte het 'n toegewyde gewone film-rapporteringstutoriaalkamer geskep.

Gemeenskapsuitreikprogramme

Dr. Georg Wagenaar was 'n genooide spreker in die volgende opvoedkundige uitreik-inisiatiewe:

- Lesings aan algemene praktisyns en mediese beamptes in Swellendam oor *Basiese bors-straalinterpretasie* (25 Maart 2011) en *X-strale van die nek en boonste ledemaat* (14 April 2011.)
- Lesing aan algemene praktisyns en mediese beamptes in George (22 September 2011) oor

Basiese benadering tot die lumbale ruggraat en pelvis en X-strale van die laer ledemaat.

Ons afdeling het met Wes-Kaapse Regering, die Tygerberg-hospitaal-borskliniek en PinkDrive saamgewerk op 'n proef mammografie-ondersoek-projek in die Oostelike Metropool.

Botallige kliniese-assistent-opleiding vir Afrika

- Die afdeling het Dr. Natasha Tjongarero (Namibië) in 2011 opgelei.
- Poste vir botallige kliniese assistent vir 2012 is aan Dr. Joseph Kabongo (Zambië) en Dr. Archan Patel (Indië) toegeken.
- Poste vir botallige mediese beamptes vir 2012 is aan Dr. P. Ngoya (Tanzanië), Dr. P. Champiti-Binuli (Malawi), dr. T. Maboreke (Namibië) en Dr. F. Bah (Sierra Leone) toegeken.

Vennootskappe

Internasionaal:

Besoekende dosente aan die departement:

- Dr. Oliver Wieben, assistent-professor, Departemente van Mediese Fisika en Radiologie, Universiteit van Wisconsin-Madison, Maart 2011.
- Dr. George Sofis, Radiologiese Vennote van Fredericksburg, Amerika, Maart 2011.
- Dr. David Legge, Ierse intervensionele/vaskulêre radioloog, het ses maande as vrywilliger in die departement deurgebring en kliniese toesighouding en onderrig aan die kliniese assistente gebied.

Nasionaal:

Kollege vir Radioloë, Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika

- Prof. Richard Pitcher was die sameroeper van die Augustus-Oktober 2011 FC Rad (Diag) SA Deel I en II-eksamens, is sekretaris van die Kollege vir Radioloë, 2011 tot 2014, en sal vir dieselfde tydperk as die voorsitter van die Onderrigkomitee van die Kollege vir Radioloë dien.
- Prof. Jan Lotz was eksaminator vir die Augustus-Oktober 2011 FC Rad (Diag) SA Deel I Anatomie- en Fisika-eksamen, en moderator vir die Augustus-Oktober 2011 FC Rad (Diag) SA Deel II-eksamen.
- Dr. Christelle Ackermann was eksaminator vir die Augustus-Oktober 2011 FC Rad (Diag) SA Deel II-eksamen.

Privaat sektor:

'n Botallige Ad Hominem-medeprofessorskap en Hoofspesialis-pos word deur die Suid-Afrikaanse Privaat Radiologiese Gilde toegestaan.

Provinsiaal:

Die 3 Tesla Magnetieseresonansiebeelding (MRB), Universiteit van Kaapstad se Breinbeeldingsentrum (CUBIC), 'n gesamentlike inisiatief tussen die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch, wat deels deur Siemens befonds word, verteenwoordig samewerking tussen die universiteite in die Wes-Kaap en privaat ondernemings. Prof. Pitcher dien op die Bestuurskomitee en die Wetenskaplike Advieskomitee.

'n Driemaandelange Pediatrisiese Radiologie-rotasie vir kliniese assistente van die Universiteit Stellenbosch is by Rooi Kruis-oorlogghedenkospitaal vir Kinders gevestig, insamewerking met die Afdeling Pediatrisiese Radiologie aan die Universiteit van Kaapstad. Dit was uiters suksesvol en het die grondslag gelê vir verdere onderrig- en navorsingsamewerking met die Universiteit van Kaapstad.

Prestasie

Publikasies

- 16 internasionale publikasies;
- 2 internasionale verrigtinge;
- 25 nasionale voorleggings;
- 20 nasionale verrigtinge;
- 4 nasionale publikasies nie gesubsideer.

Ander

- 2 Magistergrade suksesvol voltooi;
- 5 Magister- navorsingsprojekte voltooi;
- 8 Magister- navorsingsprojekte aan die gang;
- 1 Doktorale navorsingprojek aan die gang;

Onderrig en Opleiding

Voorgaadse onderrig:

Kliniese rotasies

- Vier didaktiese radiologie-lesings aan tweedejaarstudente word by die voorgaadse kurrikulum geïnkorporeer.
- Gedurende die vierde of vyfde voorgaadse jaar in middel-kliniese rotasie bring studente 'n week in Mediese Beeldvorming en Kliniese Onkologie deur, word aan Radiologie, Kerngeneeskunde en Kliniese Onkologie blootgestel, en voltooi 'n projek en einde-van-blok-assessering.

Nagraadse onderrig:

Modulêre Akademiese Program

Hierdie didaktiese nagraade onderrigprogram is in sy vierde bedryfsjaar, met verdere verfyning en uitbreiding van die akademiese program. Die volgende besoekende dosente is ingesluit:

- Dr. C. Koegelenberg, Departement van Interne Geneeskunde, Universiteit Stellenbosch, *Acute Pulmonary Embolism*, 19 Januarie 2011.
- Dr. Qonita Said-Hartley, Konsultant-radioloog, Universiteit van Kaapstad, *An approach to high resolution CT*, 26 Januarie 2011.
- Dr. Christelle Buisson, Afdeling Pediatriese Nefrologie, Universiteit Stellenbosch, *Paediatric Nephrology*, 23 Februarie 2011.
- Dr. Oliver Wieben, Universiteit van Wisconsin-Madison, *MR Angiography – the past, present and future*, 2 Maart 2011.
- Dr. Veejay Daya, radioloog in privaat praktyk, Kaapstad, *Cardiac MRI*, 9 Maart 2011.
- Dr. Derek Solomons, radioloog in privaat praktyk, *Barium study – Techniques and Interpretation*, 16 Maart 2011.
- Dr. Antony Levy, radioloog in privaat praktyk, *CT and MR enterography*, 23 Maart 2011
- Prof. Stephen Beningfield, Hoof van die Afdeling Radiologie, Universiteit van Kaapstad, *Hepatobiliary imaging*, 4 Mei 2011
- Dr. Tracy Kilborn, Hoof van die Afdeling Pediatriese Radiologie, Rooi Kruis-oorloggedenkospitaal vir Kinders en die Universiteit van Kaapstad. *Hips to be paired* (September 2011) and *Langerhans cell histiocytosis* (12 Oktober 2011).
- Dr. Pierre Goussard, Paediatric Pulmonologist, Universiteit Stellenbosch, *The role of paediatric bronchoscopy*, 5 Oktober 2011

Spesiale Nagraadse Studente

Nege spesiale nagraadse studente is in 2011 by die Afdeling Radiodiagnose by die Universiteit Stellenbosch ingeskryf.

Kliniese assistent-getalle

Twintig nagraadse studente (kliniese assistente) en een botallige kliniese assistent ondergaan tans opleiding. Die kliniese assistent:konsultant-verhouding is tans 2.6:1.

Drie kandidate het die studiegenootskap van die Kollege vir Radioloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol voltooi. Twee kandidate was suksesvol in die Magistergraad vir Geneeskunde, Radiologiese Diagnose, Universiteit Stellenbosch.

Opvoedkundige navorsing

'n Navorsingsprojek word tans beplan om die finalejaar-kliniese assistente se kennis te evalueer van die stralingsdosis en stralingsrisiko van radiologiese ondersoeke, wat algemeen vesoek word.

Internasionale voorgraadse studente

Twee internasionale voorgraadse elektiewe studente het in 2011 tyd in ons departement deurgebring:

- Dr. Ivan Norval vanaf 28 Februarie tot 18 Maart 2011;
- Nikola Lohse vanaf 22 Augustus tot 11 Desember 2011.

Besondere prestasies

Prof. Pitcher het op die Provinsiale PACS-RIS-stuurkomitee gedien en was die voorsitter van die Bodevaluasiekomitee van die streeks- en distrikshospitaal PACS-RIS-tende.

Radiologiese publikasies

Suid-Afrikaanse vaktydskrif vir Radiologie

- Prof. Jan Lotz is die hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse Vaktydskrif vir Radiologie
- Prof. Richard Pitcher en dr. Christelle Ackermann het op die redaksie van die Suid-Afrikaanse Vaktydskrif vir Radiologie gedien.

Suid-Afrikaanse Mediese Vaktydskrif

Prof. Pitcher was 'n genooide resensent vir die South African Medical Journal.

Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika

Prof. Pitcher het as 'n Akademiese Verteenwoordiger op die Uitvoerende Komitee van die Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika gedien.

Nasionale Toekennings

- Die Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika se Reisende Toekenning vir die beste mondelinge voorlegging van 'n kliniese assistent-navorsingsprojek is by die vereniging se nasionale kongres in Augustus 2011 aan dr. Braham van der Merwe toegeken.
- Die Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika se Plakkaatprys is in Augustus 2011 by die vereniging se nasionale kongres aan dr. Hein Els toegeken.

GENEESKUNDE

Departement Geneeskunde**Professor M.R. Moosa****Opsomming**

Die Departement Geneeskunde het 'n produktiewe jaar gehad, ten opsigte van beide sy akademiese en diensmandate. Ons het in vele aktiwiteitsfere uitgeblyk en lede van die departement beklee steeds invloedryke posisies in die fakulteit en op nasionale en internasionale vlak.

Onder die grootste hoogtepunte van die jaar was die aansluiting van die Sentrum vir Mediese Etiek en Regte (CMEL) by die departement, vanaf Oktober 2011. Die departement het 'n suksesvolle strategiesebepanningswerkswinkel in Julie 2011 gehou, en drie personeellede het hul doktorsgrade bekom. Aan die dienskant was hoogtepunte die inwerkingtrekking van die nuwe hartkateterisasie-laboratorium, geskenk deur die D.G. Murray Trust, en die installering van 'n nuwe tru-osmose-stelsel in die Nier-eenheid. MIV het steeds 'n reuse uitwerking op die dienste wat deur die departement gelewer word. Onder die baanbrekers het dr. Weich die eerste invoeging van 'n transkateter-trikuspidklep in Afrika behartig, en het prof. Bolliger twee eerste-in-'n-mens-studies gepubliseer.

Personeel

Dr. Nesdaad Schrueder het by die departement aangesluit, om die leisels by dr. Andy Parrish as die hoof van die Afdeling vir Algemene Interne Geneeskunde oor te neem. Dr. Annemarie de Kock het in Oktober uitgetree, en haar pos is deur dr. Abu Mowlana gevul. Daar word met genoegdoening vermeld dat al die vakante konsultant- en kliniese-assistent-poste met min oponthoud gevul is. Minder verblydend is die feit dat die departement se finansiële beampte, me. Sunelle Hanekom, 'n beter posisie by die US Bestuurskool aangebied is en die departement aan die einde van die jaar verlaat het. Die ontydige sterfte van mnr. Johan Mouton, beheertegnoloog, het ook 'n reuse leemte agtergelaat. Na die formele aansluiting van die CMEL by die departement, is prof. Keymanthri Moodley en haar personeel "oorgedra" na die departement vir verslaglewering-doeleindes. William Ferris, hoof van die Basiese Wetenskap-laboratorium, is bevorder tot medeprofessor.

**Prestasies**

Verskeie lede van die departement het erkenning ontvang vir hul uitmuntende bydraes. Rektorstoekennings is aan Anton Doubell, Marina Ackerman, Jenny Stopford en Suzette Visser toegeken. Drie kliniese assistente in die Departement Geneeskunde, drs. Lou Hofmeyer, Mo Jansen, en Annari du Plessis, is as die mees uitmuntende kliniese onderwysers deur die voorgaande studente verkies (Tygerberg-studenteraad), dr. Hofmeyer vir die tweede agtereenvolgende jaar.

Nuwe nasionale/internasionale aanstellings

Prof. Moosa is herverkies vir die volgende drie jaar as lid van die Internasionale Raad van Niersiekte: Wêrelduitkomstes. Prof. Moosa is ook tot die Raad van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika verkies. Prof. Hough is tot die raad van die Internasionale Stigting vir Osteoporose verkies, en prof. Rosenkranz is as vise-president (vir drie jaar) van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Basiese en Kliniese Farmakologie verkies. In hierdie hoedanigheid sal prof. Rosenkranz verantwoordelik wees vir die wêreldkongres van hierdie vakgebied. Prof. William Ferris is as vise-president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Endokrinologie en Metaboliese Siekte verkies. Nog ander senior personeellede dien op verskeie redaksies van nasionale en internasionale vaktyskrifte (sien afsonderlike verslae).

Tabel 1 – Uitslae van die Genootskap van die Kolleges van Geneeskunde-eksamens (FCP, 2011)

FCP DEEL I	FCP DEEL II	ANDER FCP-EKSAMENS
Dr. Mohammed Alteer	Dr. Zane Stevens*	Sertifikaat in Gastroënterologie: Monique Marais
Dr. Zaheera Cassimjee	Dr. Danie Kotze	Sertifikaat in Infeksiesiektes: Philip Botha
Dr. Ankia Coetzee	Dr. Sajith Sebastian	Sertifikaat in Kardiologie: Dr. Lou Hofmeyr
Dr. Robert Cooper	Dr. Ighsaan Carr	Sertifikaat in Endokrinologie: Dr. Marli Conradie
Dr. Annari du Plessis	Dr. Pieter de Witt	FC Neurologie Deel I: Dr. Naeem Brey
Dr. Ashnee Govender	Dr. Hannes Koornhof	
Dr. Donald Simon	Dr. Riya Moodley	
	Dr. Arifa Parker	
	Dr. Pieter vd Bijl	
Slaagkoers: 50%	Slaagkoers: 100%	Slaagkoers: 100%
	*Medalje	

Nagraadse studente

Die departement het 'n uitstekende rekord van nagraadse resultate gehandhaaf. Die departement spog daarmee dat dit vanjaar drie doktorsgrade bygekry het, dié van drs. Coenie Koegelenberg, Gerhardt Sissolak, en Micheline Sanderson; en prof. Moosa het toesig gehou oor dr. Bates van Patologie, wat ook vanjaar sy doktorsgraad bekom het. Die departement het baie goed gevaar in die genootskapseksamens (sien tabel hierbo), met 'n 100%-slaagsyfer in die Deel II- en subspesialiteitseksamens. Die slaagkoers van die Deel I-eksamen was egter slegs 50%, wat dui op ruimte vir verbetering. Een van ons kandidate, dr. Zane Stevens, het die hoogste punte in die FCP Deel II-eksamen behaal – dit is die tweede agtereenvolgende jaar wat een van ons kandidate hierdie prestasie bereik het. 'n Nuwe, basiese wetenskap-onderrigprogram is van stapel gestuur om kliniese assistente te help met hul voorbereidings.

Voorgraadse studente

Die onderwys en opleiding van voorgraadse studente is steeds een van die departement se kernfunksies. Die slaagkoers in Interne Geneeskunde bly deurlopend bo 90%. In 'n poging om die voorgraadse onderrig te verbeter, is 'n inisiatief van stapel gestuur deur dr. Whitelaw om die voorgraadse

program te moderniseer. Daar word gehoop dat van die aanbevelings van die taakspan by die onderrig- en opleidingsprogramme in die komende jaar geïntegreer sal word.


Verfrissingskursus vir geneeskundiges

Hierdie tweejaarlikse geleentheid, aangebied deur die departement en georganiseer deur 'n span onder leiding van dr. Jantjie Taljaard, is op 3 en 4 Junie 2011 by die Lord Charles-hotel aangebied en was 'n groot sukses. Die tema was MIV-siekte en die geneeskundige. Die kursus is bygewoon deur 200 afgevaardigdes van sentrums dwarsoor die land. Die gasspreker was prof. Francois Venter, wat 'n bydrae van onskatbare waarde gemaak het.

Dienslewering

Die Departement Geneeskunde verskaf 'n omvattende kliniese diens aan Tygerberg-hospitaal. Basiese dienste asook alle dienste wat betrekking het op die toepaslike subspesialiteite, word gelewer. Die departement het deelgeneem aan die jaarlikse bedryfsbeplanningswerksessie van Tygerberg-hospitaal. Sake wat daar aan die lig gekom het dat dit aandag benodig, was die Hematologie-eenheid se behoefte aan isolasiegeriewe, die verkeer in, en druk op die Mediese Toelatings-saal, die tekort aan waakeenheidbeddens, asook die gebrek aan 'n onafhanklike noodgeneeskunde-sentrum.

Figuur 1: Publikasies in 2011 vergeleke met vorige jare



'n Ander saak wat kommer gewek het, was die diensverskuiwings wat gepaard sou gaan met die inwerkingtreiding van die nuwe Khayelitsha-hospitaal. Laastens was uitreik-aktiwiteite ook 'n prioriteit in die departement, waarvan die grootste gewig deur Algemene Interne Geneeskunde en Infeksiesiektes gedra is.

Akademiese aktiwiteite

Buiten die onderrig-aktiwiteite het die departement 'n toename van 54% in publikasies ondervind, wat die rykdom van navorsing in die departement weerspieël (sien Figuur 1 hierbo). Die toename in publikasies is inderdaad verblydend, veral die toename vanuit ons basiese wetenskap-laboratorium, onder leiding van prof. William Ferris. Buiten die rekordgetal publikasies het die basiese wetenskap-laboratorium ook aansienlike befondsing bekom, ter waarde van altesaam R700 000. Hierdie toekennings is onder andere afkomstig van die Mediese Navorsingsraad, die Nasionale Navorsingstigting en die Harry Crossley-stigting.

Hoewel die komende jaar interessante uitdagings vir ons inhou, is dit niks wat die departement nie tesame met die fakulteit en die hospitaal die hoof kan bied nie.

Algemene Interne Geneeskunde

Dr. N. Schrueder

Agtergrond

Die Afdeling van Algemene Interne Geneeskunde (AIG) is die grootste afdeling in die Departement van Geneeskunde en het 'n groot dienslading. Die afdeling het baie nuwe ontwikkelings en veranderings gedurende die 2011/12-jaar ondergaan.

'n Nuwe afdelingshoof, dr. Neshaad Schrueder, is na die bedanking van dr. Parrish in 2010 aangestel. Hierdie aanstelling sluit 'n oorsigtelike verantwoordelikheid oor die Algemene spesialisdienste vir Geneeskunde in die Metro Oos-subdistrik in. Prof. Moosa (Uitvoerende Hoof: Geneeskunde) en lede van die Departement van Geneeskunde het hulself daartoe verbind om die AIG in 2011 te verbeter en te versterk. Dit het gelei tot strategiese beplanningssessies en -vergaderings ten einde, onder die leierskap van die nuwe hoof, die afdeling te herontwikkel en herorganiseer tot 'n hoogs funksionerende, doeltreffende en doelmatige afdeling binne die Departement van Geneeskunde.

Die klem het op die verbetering van dienslewering, onderrig en navorsing geval. Die pas is versnel deur die aanstelling van 'n bykomende twee algemene geneeskunde-konsultante, drs. Abu Mowlana en Yazied Chothia. Dr. Mowlana het vir dr. A. de Kock,

wat in Oktober 2011 uitgetree het, vervang, en dr. Chothia is in 'n nuwe pos aangestel.

Hulpbronne

AIG werk in vier algemene sale, 'n agtbed-hoësongsaal, 'n mediesenuood-eenheid-en-toelatingsaal. Vir die grootste gedeelte van die jaar was 'n totaal van 154 beddens in gebruik vir die AIG, waarby 10 beddens in April gevoeg is vir die diensverskuiwing van die Khayelitsha-subdistrik. Die mediese buitepasiëntklinik word vier dae per week in die C8- buitepasiëntblok aangebied.

Mediese personeel met primêre verantwoordelikheid in Algemene Geneeskunde sluit in dr. Nesaad Schrueder (Hoof: AIG), prof. Paul Brink, dr. Steve Walsh, dr. Abu Mowlana, dr. Braam Viljoen, dr. Philip Botha, en dr. Yazied Chothia. Ander klinici wat 'n bydrae tot die afdeling lewer vanuit hul subspesialiteitsenhede, is dr. Manie en dr. Du Toit (Rumatologie); dr. Prozesky en dr. Taljaard (Infeksiesiektes); dr. Bouwens (Geriatric); en dr. Wilken en prof. Van Rensburg (Gastroënterologie).

Uitsette

Toelatings: F1 Noodeenheid	8 330
Toelatings: Mediese sale	5 473
MBPD-besoeke	7 432

Toelatings tot die mediese saal het konstant gebly maar met 'n hoë bedbesettingskoers van meer as 90%, tesame met 'n toename in die noodwerkslading. Die behoefte aan 'n toegespitste mediese noodarea, apart van die F1 Toelatingsaal, het kritiek geword, veral na die Khayelitsha-subdistrik se diensverskuiwing na Tygerberg-hospitaal.

Getalle by die mediese buitepasiënt-departement (MBPD) het konstant gebly, maar 'n verbetering in die verhouding van nuwe tot opvolgbesoeke is bereik, met meer nuwe pasiënte wat gesien is.

Aktiwiteite en gebeure Tygerberg-hospitaal

Verbeteringshoogtepunte sluit in:

Dienslewering

1. Die bestuur van die Mediese noodeenheid-en-Toelatingsaal is verbeter. 'n Toegespitste konsultant met 'n span op 'n skofstelsel verskaf 24-uur-dekking. Dit het die omset en besluitneming in die noodeenheid verbeter.
2. Daaglikse saalrondes deur konsultante en nourse dekking van die Hoësongsaai het doeltreffendheid en kliniese beheer verbeter.

3. Ontslagbeplanningsinisiatiewe is onderneem om pasiëntomset en doeltreffendheid in die mediese sale te verbeter.

Onderrig

1. Nagraadse onderrig is verbeter deur die koördinerende van 'n organiseerde program, waaronder mortaliteit-en-morbiditeitsveranderings, die vaktydskrif klubvergaderings en onderwerp-aanbiedings, asook 'n objektiewe toets vir die nagraadse studente.
2. Die multidissiplinêre onderrig van fisioterapie en arbeidsterapie aan nagraadse studente is gekoördineer.
3. Dr. Botha en dr. Mowlana het die nagraadse interne geneeskunde- kliniese eksamens gekoördineer.
4. Die kliniese groot kliniese rondte vir alle kliniese assistente duur voort en word deur dr. Manie gekoördineer.

Bestuur

1. 'n Weeklikse afdelings- bedryfsvergadering het die koördinerende en kommunikasie binne die afdeling verbeter.
2. 'n Gehalteversekeringsfokus in alle areas het ten doel om kliniese sorg en toegang tot dienste te verbeter.

Khayelitsha-distrikshospitaal

Die nuwe Khayelitsha-distrikshospitaal (KDH) het sy deure op 15 Januarie 2012 vir diens geopen nadat dit uit Tygerberg-hospitaal se J-blok getrek het. Die geneeskunde- en noodgeneeskundediens was die eerste wat in diens gestel is en het vinnig en bo verwagting by KDH in aktiwiteit toegeneem. Dit het gelei tot 'n skerp styging in die getal pasiënte wat na Tygerberg-hospitaal verwys is. Om daarvoor op te maak, is 'n bykomende 10 beddens in diens gestel in Tygerberg-hospitaal se Geneeskunde, in J1, met die volgende poste wat by die afdeling gevoeg is: twee Mediese Beampes, een Kliniese Assistent en een Konsultant. Die afdeling lewer strategiese steun en het 'n sterk motivering verskaf vir die aanstelling van 'n bykomende geneesheer.

Uitreik

Uitreik op distriksvlak het gegroei, met besoeke aan die Elsievier-gemeenskapsgesondheidsentrum (CHC) (deur dr. Schrueder), Stellenbosch-hospitaal (deur dr. Taljaard) en weeklikse besoeke aan Eersterivier-hospitaal (deur dr. Schrueder). Daar word om die twee weke saalrondes by KDH gedoen

(deur Dr. Heys – Infeksiesiektes, en dr. Schrueder). Dr. Bouwens hou steeds haar veel gewaardeerde uitreikprogram aan nabygeleë ouetehuse.

Ander aktiwiteite

Inligtingstegnologie

1. Dr. Steve Walsh ontwikkel steeds sy nagraadse Internetportaal.
2. Toegang tot die webgebaseerde laboratorium-resultate van die NHLS is ontplooi, met verbeterde toegang tot die inligting vir pasiëntsorg.

Publikasies

Carstens N, Van der ML, Revera M, Heradien M, Goosen A, Brink PA, Moolman-Smook JC. *Genetic variation in angiotensin II type 2 receptor gene influences extent of left ventricular hypertrophy in hypertrophic cardiomyopathy independent of blood pressure.* J Renin.Angiotensin.Aldosterone.Syst. 2011; 12(3): 274-80.

'n Navorsings- en publikasie-agenda word tans ontwikkel en besprekings daarvoor duur voort.

Afdeling Vir Kardiologie

Hoof: Prof. A.F. Doubell

Samevatting

Die Kardiologie-eenheid is 'n integrale komponent van Tygerberg-hospitaal en die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch (US). Die kliniese aktiwiteite van die eenheid sentreer om die 25-bed-waakeenheid, die hartkateterisasie-laboratorium, die eggokardiografie-laboratorium en die buitepasiëntkliniek. Daar is vier klinieke per week: drie algemene kardiologieklinieke en een gespesialiseerde kardiologiekliniek vir: lipiedsteurings (die eerste en derde week van elke maand), erge hartversaking (tweede week van elke maand) en volwasse aangebore hartsiekte (GUCH – elke vierde week van die maand). Die diens wat gelewer en die onderrigplatform wat verskaf word, is baie afhanklik van die elektrokardiogram-(EKG), Holter-EKG-, stres-EKG-, pasaangeër-, eggokardiografie- en kateterisasie-diens.

Ons pogings tot uitnemendheid in dienslewering, onderrig en navorsing word steeds gekniehalter deur kritieke tekorte aan personeel ('n Kardioloog, 'n Mediese Beampte, asook tegniese en verpleegpersoneel). Ten opsigte van toerusting moet dit genoem word dat kritieke tekorte steeds bestaan, byvoorbeeld 'n tekort aan monitors in die koronêre

noodsorg-eenheid (A6) en in die eggo-eenheid, asook 'n tekort aan eggokardiografie-geriewe in die noodgebiede van die hospitaal. 'n Belangrike tree vorentoe was egter die installering van 'n nuwe hartkateterisasie-laboratorium, met die vrygewige hulp van die D.G. Murray-trust. Verbouings het in November 2010 begin en die nuwe laboratorium is amptelik op 7 Desember 2011 geopen.

Ondanks die uitdagings wat ons in die gesig staar:

- het Kardiologie volhou in sy diensuitnemendheid (weereens danksy die groot persoonlike opofferings van personeellede).
- is goeie studente-onderrig steeds 'n kenteken van die eenheid.
- het die eenheid daarin geslaag om 'n redelike akademiese uitset te handhaaf (15 in 2010), en verskeie navorsingsprogramme is van stapel gestuur ten einde op die uitset in 2012 te verbeter.
- is die eenheid steeds 'n kernrolspeler onder die akademiese kardiologiesentrums in die land, en prof. Doubell op die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging (SAHV) en ook die redakteur van SA Heart, die amptelike vaktydskrif van die SAHV. Die vaktydskrif verskyn nou in elektroniese en gedrukte formaat en word deur die Departement van Onderwys geakkrediteer.
- het prof. Doubell die US se Rektorstoekening vir Algemene Prestasie in 2011 ontvang.

Personeel

Professore

Prof. A.F. Doubell

Spesialiskardioloë

Dr. H. Weich

Dr. P. Herbst

Die vierde Kardioloogpos word tans deur 'n Senior Kliniese Assistent gevul ten einde ons opleidingskapasiteit te vergroot. Dit is 'n tydelike maatreël vir die volgende (driejaar)opleidingsiklus.

Kardioloë in opleiding

Dr. Hofmeyr (opleiding in November 2011 voltooi)

Dr. W. Lubbe (opleidingsiklus het 1 Desember 2009 begin)

Dr. C. Kyriakakis (opleidingsiklus het 1 Januarie 2010 begin)

Dr. A. Pecoraro (opleidingsiklus het in Augustus 2010 begin)

Dr. Mokwunyei (botallige leerling van Nigerië – opleidingsiklus het in Julie 2010 begin – in April 2011 vertrek)

Dr. Kieran Mwazo (botallige leerling van Kenia – opleidingsiklus het in Augustus 2011 begin).

Mediese Beamptes

Dr. H.P. Cyster

Die 5/8-Mediese beampte-pos in eggokardiografie is vakant. (Hierdie pos word tans gebruik om die pos waarin dr. Pecoraro aangestel is, te finansier – wat verder aangevul word deur 'n Discovery-toelae wat aan dr. Pecoraro toegeken is.)

Navorsingspersoneel – US-aanstellings

Prof. L. Burgess

Ms. M. Carstens

TEGNIËSE PERSONEEL**Beheertegnoloog**

1 (Y. Singh)

Tegnoloë

4 (S. Ahmed, M. Claasen/Van der Wal, A. Husselman, J.P. de Villiers, M. Swanepoel, P. Rantoaleng, J. Loubser) (Ahmed, Claasen, Husselman en De Villiers het in 2011 bedank)

Tegniese Assistent

5 (M. Africa, C. Faroe, S. Baron, H. Charles, E. Kainda)

Tegnologiestudente

4 (P. Rantoaleng, J. Loubser, S. Matshika, A. Meiring)

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL**Sekretaris** Y. Waller**Tikster** E. Burger**Kliniese Assistent**

(Geroteer vir periodes van ses maande)

Dr. Bilal Bobat

Dr. Kushroo Aubeelack

Dr. Michael Cass

Dr. Jacques Badenhorst

Dr. Morne Vorster

Dr. Keethal Somers

Dr. Raquel Brauns

Dr. Annari du Plessis

Noodgeneeskunde- Kliniese Assistent

(Geroteer vir periodes van ses maande)

Dr. Koekemoer

Dr. Ndebele

Dr. Maharaj

Dr. Cloete

Getal beddens

Koronêre intensiewe sorgseenheid	8
Koronêre hoërsorg	17
D4 (elektiewe toelatings)	5

Faktore wat 'n negatiewe uitwerking op die eenheid se dienste het**1. PERSONEELTEKORTE****Konsultant**

Die laaste rondte van aansoeke vir opleidingsposte in Kardiologie het uitsonderlike resultate gelewer. Ten einde 'n bykomende Kardioloog op te lei, is daar besluit om die pos vakant te hou vir een opleidingsiklus (van drie jaar) en 'n senior kliniese assistent (drie jaar) in die pos aan te stel. By voltooiing van hierdie opleidingsiklus sal die pos terugverander na 'n konsultantpos.

Mediese Beampte

Ten einde 'n bykomende navorsings-/opleidingspos in Kardiologie te skep, is daar ooreengekom met die bestuur om 'n pos in eggokardiografie (5/8-mediese beamptepos) vakant te hou vir die korttermyn, ten einde die pos te gebruik om 'n navorsings-/opleidingspos daar te stel vir een opleidingsiklus (van drie jaar). By voltooiing van hierdie opleidingsiklus sal die pos terugverander na 'n 5/8-Mediese-beamptepos in eggokardiografie. Gedurende hierdie tydperk sal die eggokardiografiediens wat van hierdie pos vereis word deur die kardiologieleerling wat in die pos aangestel is, verskaf word.

Tegnoloë

Ons het in hierdie boekjaar drie bedankings gehad, wat erge druk op ons diens geplaas het terwyl vervangings gevind moes word.

Verpleegpersoneel

Die tekort aan akute verpleegkundiges in die koronêre sorgseenheid gee steeds aanleiding tot gevalle van suboptimale mediese sorg, wat 'n kommerwekkende probleem is.

2. TEKORT AAN TOERUSTING**Monitors**

Ons wag steeds vir moniteertoerusting vir die eggokardiokardiografie-laboratorium (vier monitors). Daar is vir die monitors wat vir A6 benodig word, vir die volgende boekjaar begroot.

Eggokardiografie-masjien

Daar bestaan 'n toenemende behoefte om die eggokardiografiediens by die kontakpunt in die noodsentrums van die hospitaal te verskaf, veral in die kritieke sorgseenheid. Hierdie diens word tans verskaf deur baie duur toerusting te vervoer van die eggokardiografie-eenheid na die noodarea. Een nuwe mobiele masjien is toegeken aan die koronêre sorg-eenheid en behoort vroeg in 2010 afgelewer te

word. Die voorsiening van eggokardiografie-geriewe vir F1 en die obstetriesse hoësondeerbaarheid is die volgende prioriteite. Daarna moet daar vir die ander intensiewe sondeerbaarhede beplan word.

Pasiëntstatistiek

BINNEPASIËNTE	AANTAL
A6-toelatings	781
A6-toelatings: Eenheid	1 312
D4- elektiewe toelatings	389
Totaal	2 482
Pasiënte wat in die noodafdeling gesien is	1 087
Resussitasies	70

KONSULTASIES	AANTAL
Binnepasiënt konsultasies	949
Konsultasies verwys van hospitale	2 455
Totaal	3 404

BUITEPASIËNTE	AANTAL
Hartkliniek	
Nuwe pasiëntkonsultasies	742
Opvolgkonsultasies met pasiënte	3 512
Lipiedkliniek	
Nuwe pasiëntkonsultasies	54
Opvolgpasiëntkonsultasies	697
Volwasse kardiologie totaal	5 005
Pediatriese kardiologiekliniek	1 032

ELEKTROKARDIOGRAFIE	AANTAL
Standaard EKG	14 345
Oefening- ECG	1 101
Holter-toetse	172
Totaal	15 618

EGGOKARDIOGRAMME	AANTAL
TTE ¹ (volwassenes)	4 567
TTE (pediatries)	525
TEE ²	139
Oefeningstres-eggo	43
Dobutamienstres-eggo	139
Totaal	5 413

KARDIALE KATETERISASIE	AANTAL
Links en koronêr	1 081
Femoraal	333
Radiaal	748
Weefseloorplanting (hierbo ingesluit)	40
Aortogramme (ingesluit by koronêre statistiek)	2
Koronêre vloeiadraden (ingesluit by koronêre statistiek)	37
Intravaskulêre ultraklank (ingesluit by koronêre statistiek)	13
Pulmonêre arteriogram (ingesluit onder MVP, i)	31
Hartstudie regs	35
Totaal	1 116

KORONÊRE INGRYPINGS	AANTAL
PCI ³ (getal pasiënte)	443
PTCA ⁴ -ballonne	335
Stente	455
Koronêre aspirasies (hierbo ingesluit)	53

INTRA-AORTIESE BALLONPOMP (IABP)	25
PERKUTANE MITRALE BALLON VALVULOPLASTIEK	31

DUIKERSHART-INGRYPINGS	14
PDA ⁵ embolisasie	0
Aortiese valvuloplastiek	5
Pulmonêre valvuloplastiek	1
Trikuspidaleklepvervanging (TKV)	0
Koarktasiestent	1
PFO ⁶ afsluiting	0
ASD ⁷ afsluiting	1
Miokardiale biopsie (RA)	1
Lus-opnemer	2
Brongiale stent	3

KLEPSIFTING (FLUOROSKOPIE)	38
----------------------------	----

¹ TTE: Transtorakale eggokardiografie

² TEE: Transesofageale eggokardiografie

³ PCI: Perkutane koronêre intervensie

⁴ PTCA: Perkutane transluminale koronêre angioplastiek

⁵ PDA: Patent ductus arteriosus

⁶ PDO: Patent foramen ovale

⁷ ASD: Atriale septale defek

PERIKARDIALE ASPIRASIES	56
Perikardioskopie	13

PASAANGEËR-INPLANTINGS	AANTAL
Nuut	99
Vervanging	23
Loodvervanging	0
Loodverwydering	0
Epikardiale afleiding	1
Totaal	122
VVI ⁸	59
VVIR	34
VDD	4
DDD	12
DDDR	6
CRT	5

TYDELIKE PASAANGEWING	200
A6	66
Kateterisasielaboratorium	134

PASAANGEËR-OPVOLG	909
ICD ⁹ -INVOEGING	0
SWAN GANZ-KATETERS	0
ARTERIËLE LYNE	4
VENTILASIE	78

Akademiese aktiwiteite

Die eenheid is aktief betrokke by die departementele onderrigprogram.

Voorgraads

- Die Kardiologie-module is aan die tweedejaargestudente aangebied. Die kliniese inhoud van die module is onder die voorsitterskap van prof. Doubell.
- Student-interns (laat rotasie) roteer deur Kardiologie vir 'n sewedagperiode, waartydens intensiewe opleiding by die siekbed aangebied word. Die middelste rotasiestudente woon weekliks 'n EKG-seminaar by (twee besoeke per student gedurende hul tweeweek-rotasie in Interne Geneeskunde).

- Die opleiding van tegnoloë (vier poste) akkommodeer die kurrikulums van beide die Sentrale Universiteit van Tegnologie in die Vrystaat en die Durban Universiteit van Tegnologie.

Nagraads

- 'n Gestruktureerde onderrigprogram is aangebied vir kliniese assistente wat vir ses maande op 'n keer deur Kardiologie roteer.
- Die opleidingsprogram vir Kliniese Assistentie is aansienlik uitgebrei in 2010 en sluit nou gestruktureerde opleiding in eggokardiografie in, met toesig, en onder leiding van dr. Herbst.
- Prof. Doubell was 'n eksaminator in die Augustus/Oktobreksamen vir die Sertifikaat in Kardiologie.

Voortgesette mediese onderwys

- 'n Eggokardiografie-uitreik vir Paarl-hospitaal is voorgelê aan en goedgekeur deur die bestuur van Tygerberg-hospitaal. Die nodige gereedskap sal gesamentlik voorsien word deur die hospitaalbestuur en die Afdeling vir Kardiologie (US-kardiologienavorsingsfonds).

⁸ VVI – CRT: Hierdie groep akronieme is die afkortings vir pasaangeërs met 'n verskeidenheid van funksies.

⁹ ICD: Inplantbare ritmeversteller-defibrillator

Uitsonderlike prestasies in 2011

H. Weich

Dr. Weich het 'n unieke transkateter- trikuspid-êreklepvervanging uitgevoer (tweede waarvoor verslag gelewer is en die eerste in Afrika).

A. Doubell

Prof. Doubell het die US se Rektorstoekenning vir Algemene Prestasie ontvang, is 'n lid van die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging en die redakteur van die kardiologievaktydskrif, *SA Heart*.

Navorsingsuitset

Gesubsidieerde vaktydskrifartikels

- Esterhuyse A, Van der Westhuizen K, **Doubell AF, Weich H**, Scheffer C. *Application of the finite element method to the fatigue life prediction of a stent for a percutaneous heart valve. Journal of Mechanics in Medicine and Biology.* Ter perse.
- Smuts AN, Blaine DC, Scheffer C, **Weich H, Doubell AF**, Dellimore KH. *Application of finite element analysis to the design of tissue leaflets for a percutaneous aortic valve. Journal of the Mechanical Behaviour of Biomedical Materials.* 2011; 4: 85-98.

Hoogtepunte vir 2011

Tygerberg-Kinderhospitaal (TKH) Verwelkom Nuwe Tegnologie



Dr. John Lawrenson, Hoof van die Pediatriese Kardiologiesdiens van die Wes-Kaap, toets die nuwe draagbare ekkokardiografiemasjien.

Die fondse wat nodig was om 'n nuwe, draagbare ekkokardiografiemasjien vir TKH aan te koop, is amptelik op 18 Augustus deur Pareto, Suid-Afrika se vernaamste winkelsentrumbelegger en 'n vooraanstaande speler in die kleinhandeleiedombedryf, oorhandig.

Die masjien, ter waarde van R500 000, is draagbaar en liggewig, en omtrent so groot soos 'n skootrekenaar waar die vorige ekkokardiografie-eenheid groot en swaar was, wat gemaak het dat dit moeilik was om te skuif.

RetCam



Dr. Nicola Freeman, met die hulp van sr. Rebecca Dick, demonstreer hoe die RetCam werk.

Tygerberg-kinderhospitaal het die amptelike oorhandiging van die RetCam op 9 Maart gevier. Die RetCam is 'n toestel met 'n gerekenariseerde kamera wat gebruik word om die oë (retinas) van babas en jong kinders te ondersoek. Die RetCam sal help met die vroeë bespeuring en voorkoming van gesiggestremdheid as gevolg van retinale besering na suurstofterapie, asook met die bespeuring van oogkanker (retinoblastoom) by ouer kinders.

Tygerberg-hospitaal is een van drie instellings in Suid-Afrika wat die besondere apparaat bekom het met die hulp van skenkings van die KidsRights Foundation in Holland (R730 000), die Foschini-groep (R500 000), en Pareto Beperk (R360 000). Tygerberg-kinderhospitaal is die enigste instelling waar die apparaat gebruik word om die retinas van jong kinders te ondersoek.

Jean de Villiers besoek Tygerberg-kinderhospitaal



Die 12-jarige pasiënt Gixwon de Kock deel sy droom met Jean de Villiers.

Die Stormer- en Springbok-rugbyspeler Jean de Villiers, wat die ambassadeur van die mediese fonds Resolution Health is, het op 9 Junie Tygerberg-kinderhospitaal besoek. Hy het die kinders aangemoedig met 'n boodskap van hoop, deur te sê: "Julle is die toekoms van hierdie land; julle is die mense wat hierdie land na die volgende vlak moet neem." Die siek kinders se gesigte het opgehelder gedurende die interaksie met hul rolmodel; sommige was selfs stomgeslaan.

Die DG Murray-trust het 'n nuwe hartkaterisasielaboratorium (Cath Lab) aan Tygerberg-hospitaal geskenk



Die opening van die nuwe Cath Lab is op 7 Desember gehou. Die DG Murray-trust het 'n Cath Lab ter waarde van R13 miljoen aan Tygerberg-hospitaal geskenk. Dr. Beth Engelbrecht, Adjunkdirekteur-generaal: Sekondêre, Tersiêre en Noodsorg van Wes-Kaapse Regering Gesondheid, het die skenking amptelik ontvang.

Gepaardgaande infrastruktuurupgraderings, ter waarde van R1,5 miljoen, is ook gedoen en deur Wes-Kaapse Regering Gesondheid betaal.

Van links na regs: Dr. D. Harrison (Hoof- uitvoerende beampte, DG Murray-trust), dr. P. Ciapparelli (Hoof- Operasionele Beampte, TBH), Dr. B. Engelbrecht (Adjunkdirekteur-generaal: Sekondêre, Tersiêre en Noodsorg, Wes-Kaapse Regering), Mnr. D. Orton (Voorsitter van die Raad, DG Murray-trust), prof. J. Volmink (Dekaan van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch [US]) en Prof. A. Doubell (Hoof van Kardiologie, US).

Kardiale Waakeenheid verwelkom skenking van 28 nuwe beddens



Hierbo is die Mnr. Theuns Botha, Minister van Gesondheid, en Me. Muriel Jones, Eenheidsbestuurder, by 'n pasiënt.

Mediclinic Suider-Afrika het 28 nuwe beddens aan die Kardiale Waakeenheid geskenk as deel van hul korporatiewe maatskaplike beleggingprogram (CSI). Hierdie beddens, ter waarde van R500 000, het al die beddens in die harte-eenheid (saal A6) vervang.



Van links na regs: Prof. Anton Doubell, me. Natalie Wolfaardt, Dr. Dimitri Erasmus (Hoof- Uitvoerende Beampte van TBH), die Minister van Gesondheid, Mnr. Theuns Botha, Dr. Beth Engelbrecht (Adjunkdirekteur-generaal: Sekondêre, Tersiêre en Noodsorg van die Wes-Kaapse Regering), Mnr. Dawood Khan (hospitaalraadlid), Mnr. Koert Pretorius (Hoof- Uitvoerende Beampte, MCSA), Me. Rachel Basson (Direkteur: Verpleging) en Dr. Revere Thomson (Bestuurder: Mediese Dienste).

Hoogtepunte vir 2011

Tygerberg-Hospitaal-Verpleegskool 2011 Sertifikaat- en Verpleegbelofte-seremonie



Altesame 42 leerders van Tygerberg-hospitaal se Verpleegskool het op 22 September hul Florence Nightingale-belofte afgelê, en opleidingsertifikaat en wapens as ingeskrewe verpleegkundiges ontvang. Die groep bestaan uit vier verskillende klasse, en het

erestudente en beamptes van Gemeenskapsdienste, Psigiatrie, en landelike hospitale ingesluit.

Me. Florence Africa, Direkteur van Verpleegdienste in die Wes-Kaap, was die gasspreker by die geleentheid.

22ste Hartman-gedenkseremonie vir Kliniese Uitnemendheid in Verpleging



Tygerberg-hospitaal het op 21 September sy 22ste jaarlikse Hartman-gedenkseremonie by die Disa-saal gehou.

Die seremonie, wat na me. M. Hartman – die eerste Hoofmatrone by Tygerberg-hospitaal – vernoem is, is gehou om verpleegkundiges te beloon vir hul uitnemende diens in die jaar. Kandidate is in hul modules van die drie verpleegkategorieë benoem, i.e. professionele verpleegkundige, ingeskrewe verpleegkundige, en ingeskrewe verpleeg-assistent.

Die verpleegbenoemdes vir Kliniese Uitnemendheid in Verpleegkunde in die Pediatrie-module van links: Me. Susan Lyners, me. Maria Koopman, me. Mary Adonis, me. Deidre Pitts, me. Alice Harmse, me. Mariana Humphries, me. Sintie Lawrene, dr. Dimitri Erasmus, me. Lee-Ann Hammers, me. Sylvia Webster.

Me. Lente-skoonheidskompetisie



Tygerberg-hospitaal het sy eerste Me. Lente-skoonheidskompetisie gehou. Ons eie personeellede was die deelnemers. Hulle het 'n eersteklas-skoonheidskompetisie op die planke gebring wat die skare hulle heertyd laat toejuig het. Die volgende borge het bygedra tot die sukses van die dag: Donna-Claire, Northlink-kollege, Woolworths Parow-sentrum, Moondrops, Ou Mutual, Liberty Promenade-winkelsentrum (Pep Stores), Pilano Fashions, Beauty and Wellness Centre Parow, Protea-hotel Tygervallei, Achmat se vrugtestalletjie en Feedem-spyseniers.

Die deelnemers by Me. Lente 2011, me. Jennifer Juta (voorste ry, middel), is me. Olivia Sanders (eerste prinses en Me. Fotogenies, links) en me. Thembela Pongoma (tweede prinses, regs). In die tweede ry, middel, is me. Lorraine de Vries (Me. Persoonlikheid), en me. Laticia Pienaar (Hoof- Kommunikasiebeampte).

Bekendstelling van die PET/RT-skandeerder



Die bekendstelling van die Positron-emissie-tomograaf – Rekenaartomografie-skandeerder (PET/RT-skandeerder) is op 25 November 2011 by die Gene Louw-gebou gehou. Die bekendstelling het plaasgevind in 'n intermediêre stadium van die installering van die PET-skandeerder, wat R32 miljoen werd is, by Tygerberg-hospitaal (TBH). Hierdie projek is moontlik gemaak deur 'n vennootskap tussen Wes-Kaapse Regering Gesondheid, en NTP Radioisotopes (Edms) Bpk en sy moedermaatskappy Necsa.

PET is 'n moderne mediese funksionele beeldingstegniek wat in die hantering van kankerpatiënte gebruik word. Dit word ook in infeksie en inflammasie, Kardiologie en Neurologie gebruik. Die PET-tegniek bied akkurate diagnose, stadiumbepaling en her stadiumbepaling by sekere kankers, en stel vinnige evaluasie van die doeltreffendheid van terapie in staat.

By die bekendstelling van links is: Me. Mapula Letsoalo (NTP: Uitvoerende Direkteur), me. Manette de Jager (Hospitaalraadvoorsitter), me. Rachel Basson (Direkteur: Verpleging), dr. Beth Engelbrecht (Adjunkdirekteur-generaal: Sekondêre, Tersiêre en Noodsorg), dr. Matodzi Mukosi (Bestuurder: Mediese Dienste), en mnr. Joseph Valentin (Hospitaalraadlid).

Hoogtepunte vir 2011

Personeel se Jaareindvieringe



Die hospitaalfasiliteitsraad het sy jaarlikse jaareindvieringe op 29 en 30 November, en 1 Desember gehou. Emo Adams en die groep Take Note het die personeel op die drie dae vermaak, en Ashley Pienaar was die MC. Gelukkige trekkings is gehou waar die wenners Emo se foto huis toe geneem het. Hulle het ook die kans gehad om foto's met Emo te neem. Capitec-bank het horlosies weggegee aan sommige van die gelukkige wenners, en middagete is aan alle personeellede bedien.

Die wenners van die gelukkige trekking het 'n fotogeleentheid met Emo Adams gewen.

Van links na regs: Me. Nomakhaya Thembekwana, me. Charlene Coetzee, mnr. Hiram Miggel, me. Berenice Adams, Emo Adams (agter, middel), me. Sophia Dawson, me. Hermien Temba, mnr. Andries Boois, me. Wilhemien Charles, me. Maria Sindi en me. Mary-Anne Hofstande.



Kersvader by die partytjie by die susters Amber en Adriene Armenville.

TKH 2011-Kerspartytjie

Die Departement van Openbare Betrekkinge het die jaarlikse Kerspartytjie op 9 Desember gehou. Die partytjie het voorsiening gemaak vir 400 kinders wat van verskeie omliggende gebiede gekom het, en wat óf binnepatiënte óf buitepatiënte by die hospitaal was. Die partytjie is moontlik gemaak deur die vrygewigheid van verskeie borge wat vermaak verskaf het en kos en geskenke aan die kinders geskenk het. Die vermaak het 'n kulkunsvertoning deur Jabulani die Nar, Spiderman, Dora the Explorer, Moshe en Kami van Takalani Sesame, en gesigverwery ingesluit. Daar was verskeie musiekoptredes deur die groep Acoustic Element, die Hoërskool Durbanville en Jaydon Valentine.

Penny die Feetjie verf Faiz Claasen se gesig.



Die Kfm-liefdestrok bring Kersvreugde na TKH



Me. Laticia Pienaar en Kersvader stoot geskenke in vir die TKH-pasiënte.

Die Kfm-liefdestrok het op die oggend van 9 Desember 400 Kersgeskenke aan die pasiënte van Tygerberg-kinderhospitaal (TKH) afgelewer. Die opgewonde TKH-pasiënte en hul ouers het die trok met die Kfm-personeel hartlik verwelkom.



Kersvader deel 'n geskenk uit aan een van die TKH-pasiënte.

Losliftdag



Die personeel by Tygerberg-hospitaal het die regte van mense met gestremdhede ondersteun deur soos rock-sterre of musikante van hul gunstelingmusiekera aan te trek.

Van links na regs: Me. Anneke Warwick, mnr. Jordan Faro, me. Glenda Esterhuizen en me. Samantha Basson

Hoogtepunte vir 2011

Nuwe glimlagte vir Wes-Kaapse kinders



Altesame 27 kinders met gesigtoestande het gedurende die Vodacom Smile-week by Tygerberg-hospitaal rekonstruktiewe chirurgie ontvang. Toestande van die kinders wat chirurgie ontvang het, sluit gesplete lippe en verhemeltes, oortoestande, sommige kraniofasiale toestande en brandwonde in. Premier Helen Zille en die Minister van Gesondheid, Theuns Botha, het besoek afgeleë en interaksie met die pasiënte en hul ouers gehad.

Prinses Irene van Griekeland besoek Tygerberg-kinderhospitaal



Prinses Irene van Griekeland, president van die organisasie sonder winsbejag World in Harmony, en me. Sonia Catris (onderpresident) het op 14 Maart sale A9, G9 en G8 by die Tygerberg-kinderhospitaal (TKH) besoek. World of Harmony het 60 slaapbanke asook diagnostiese toerusting aan TKH geskenk.

Nathalie en haar seun Nathan sit op een van die banke wat deur World of Harmony geskenk is. Die banke dien in die dag as 'n stoel en saans vou dit uit as 'n bed waarop ma's kan langs hul siek kind kan slaap.

Premier besoek Carel du Toit-sentrum



Premier Helen Zille het op 22 Junie die Carel du Toit-sentrum by Tygerberg-hospitaal besoek waar dowe kinders leer om te praat. Me. Zille het teen die einde van haar besoek gesê: "I wens alle dowe kinders kan dieselfde gehalte opvoeding kry as wat daar by die Carel du Toit-sentrum is."

Julian Marx (links), Meagan May en Alana Muller verwelkom die Premier.

Internasionale Dag vir Verpleegkundiges



Die verpleegkundiges van Tygerberg-hospitaal is op gesigsbehandelings, manikure, pedikure, en grimering getraakteer by 'n spesiale geleentheid om Internasionale Dag vir Verpleegkundiges op 12 Mei te vier. Elke verpleegkundige is met 'n warm glimlag en 'n blom begroet, en het 'n kaartjie ontvang as die hospitaal se blykie van waardering vir hul harde werk.

Internasionale Dag vir die Vroedvrou



Baie vroedvroue dwarsoor die wêreld het op 5 Mei Internasionale Dag vir die Vroedvrou gevier. Die doel van die dag was om verloskunde te vier en om bewustheid te skep by soveel mense as moontlik van die belangrikheid van vroedvrou se werk.

By die uitstalling van links: Me. Jennifer Sapiro, me. Rachel Basson, me. E. Van Zyl, me. Charmain de Villiers, me. Desiree Joseph en dr. Simon Moeti.

Jaarlikse Ope Dag



Die tweede jaarlikse ope dag is by Tygerberg-hospitaal gehou, en die komitee het homself weer eens oortref met die tentoonstelling van die unieke dienste wat die hospitaal lewer.

'n Gemeenskapslid se bloeddruk word by die Buitepasiënt-departement se stalletjie getoets.

Welstandsdag vir Personeel



Die jaarlikse Personeelwelstandsdag is op 11 en 13 Oktober 2011 gehou. Personeel is op welstandssifing en rug- en nekmasserings getraakteer. Sr. Thami Matyeni toets me. Marilyn Pyper se bloeddruk.

3. **Terblanche M, Burgess L.J.** *Cardiovascular trials in Africa: Advantages and Pitfalls*, **SA Heart**; Autumn 2011; 8(2): 114-121.
4. Van Aswegen K.H.J, Groenwold A.A, Scheffer C, **Weich H, Doubell A.F.** *Investigation of leaflet geometry in a percutaneous aortic valve with the use of fluid-structure interaction simulation*. **Journal of Mechanics in Medicine and Biology**. 2011; 11(5): 1-15.
5. **Weich H**, Ackermann C, Viljoen H, Van Wyk J, Mabin T, **Doubell A.F.** *Transcatheter aortic valve replacement in a patient with an anomalous origin of the right coronary artery*. **Catheterization and Cardiovascular Intervention**. Ter perse.
6. **Weich H**, Janson J, Van Wyk J, **Herbst P**, Le Roux P, **Doubell A.** *Transjugular tricuspid valve-in-valve replacement*. **Circulation**. 2011; 124(5): e157-60.

Nasionale en internasionale verrigtinge

1. **Kyriakakis C.G, Weich H, Doubell A.F.** *Percutaneous pericardioscopy in tuberculous pericarditis: improving the diagnostic yield*. Twaalfde Kongres van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging, Oos-Londen, Suid-Afrika. **SA Heart**. 2011; 8(4): 238.
2. **Lubbe W, Doubell A.F, Herbst P.** *Pericardial Constriction: Haemodynamics in a nutshell*. Twaalfde Kongres van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging, Oos-Londen, Suid-Afrika, 2011. **SA Heart**. 2011; 8(4): 240.
3. **Stevens Z, Doubell A.F.** *Retrospective audit of percutaneous balloon mitral valvuloplasty: Experience over the last 14 years at Tygerberg Hospital*. Twaalfde Kongres van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging, Oos-Londen, Suid-Afrika, 2011. **SA Heart** 2011; 8(4): 257.

Aanbiedings by die jaarlikse Akademiedag van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch

1. Kyriakakis CG, Weich H, **Doubell A.F.** *Percutaneous pericardioscopy in tuberculous pericarditis: Improving the diagnostic yield*. 2011.
2. Stevens ZD and **Doubell A.F.** *Retrospective audit of percutaneous balloon mitral valvuloplasty: Experience over the last 14 years at Tygerberg Hospital*. 2011.
3. Van der Bijl P, Heradien M, Brink P.A. and **Doubell A.F.** *QTc prolongation prior to angiography predicts poor outcome and associates significantly with lower left ventricular ejection fractions and higher left ventricular end-diastolic pressure*. 2011.

Ander voortgesette navorsing

Perikardiale siekte

- Ons ondersoek tans die gebruik van adenosindeaminase (ADA)-isoensieme in tuberkuleuse effusies.
- die rol van perikardioskopiese perkutane perikardiale biopsies in die hantering van tuberkuleuse effusies.

Miokardiale siekte

- assessering van die linker ventrikulêre funksie in pasiënte met erge pre-eklampsie.

Klepsiekte

- die rol van atriale natriuretiese peptied (ANP) en brein- natriuretiese peptied (BNP) om die uitkomst van ballon-mitrale valvuloplastiek te voorspel.
- die langtermynuitkomst van mitrale ballonvalvuloplastiek – 'n tienjaaroudit (ter voltooiing in 2011).
- gevaartekens vir trombo-embolisie in mitrale stenose.
- perkutane klepvervanging.
- nuwe eggokardiografiese assessering om die ergheidsgraad van mitrale stenose vas te stel.
- die ontwikkeling van nuwe eggokardiografiese vereistes vir die diagnose van rumatiese hartklepsiekte.

Nuwe tegnologie

- die evaluering van hartklanke met behulp van 'n "beluisteringsjas" – 'n gesamentlike navorsingsprojek met die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese; die waarde van lasergebaseerde hartklanksensors word tans ondersoek.

Kontraknavorsing

- Die eenheid het 'n aktiewe geneesmiddelproefeenheid en is steeds 'n leier op hierdie gebied in die fakulteit.

Nasionale samewerking en vennootskappe

Prof. Doubell is die stigter van die Nasionale Register van Kateterisasielaboratoria, wat daarna streef om alle hartkateterisasielaboratoria (katlab'e) in die land te werf vir deelname. Die register word voortdurend by nuwe deelnemende laboratoria van stapel gestuur, en die program word uitgebrei na alle katlaboratoria wat wil deelneem.

Afdeling Dermatologie

Prof. H. Francois Jordaan

Opsomming

Die missie van die Departement, naamlik doeltreffende administrasie, basiese navorsing, uitstekende dienslewering, voorgraadse onderrig, nagraadse onderrig en uitreik, is bevredigend behaal.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Mede professor Hoofspesialis	1	1
Spesialis	1	1
Kliniese assistent	4	4
Mediese Beampte	1	0
Botallige Kliniese Assistent	2	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)		
	AANTAL	GEVUL
Spesialiste		
Deeltydse poste	1 4 uur per week	1
Locum-poste	1	1
Voltydse ekwivalente	4 uur per week	-
Getal beddens (bruikbaar)		12

Uitset

Buitepasiëntbesoeke:	11 340
Koltoetse:	22
Toelatings:	7 tot 8/maand
Teaterprosedures:	±1000

Kommentaar op uitset

Twee spesialiste en ses kliniese assistente het met pasiënte gekonsulteer. Pasiënte het hul bevrediging oor die gehalte van die diens uitgespreek. Spesiale ondersoeke soos velbiopsies vir dermatopatologie en koltoetse het bygedra tot die doeltreffende hantering van pasiënte.

Ongeveer 90 pasiënte is hanteer. Die algemeenste rede vir die toelating was wydverspreide of komplekse psoriasis, wydverspreide dermatitis refraktêr tot behandeling, subepidermiese blaasvormende kwale, en pasiënte met MIV-verwante velletsels.

Samewerking met ander departemente word aktief bevorder. Kliniese assistente van Gesinsgeneeskunde en Arbeidsgeneeskunde roteer deur Dermatologie en sien pasiënte in die Buitepasiëntdepartement.

Infrastruktuurontwikkeling

Installering van 'n Olympus-multikop-onderrig-mikroskoop NB-UVB-kabinet vir die behandeling van ingewikkelde velsiektes.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

- Voorsetting van 'n maandelikse uitreik-kliniek by Worcester Hospitaal – 120 pasiënte hanteer (verhoging van 30%).
- South-to-South-vennootskap vir Uitgebreide MIV-sorg en -behandeling (6 lesings).
- Kursus by Universiteit van Fort Hare, Oos-Londen-kampus: MIV en die Vel.
- Radio-onderhoude: RSG en Radio Tygerberg.
- Opvoedkundige lesings aan lede van die publiek
- Onderriglesings aan algemene praktisyns as 'n komponent van 'n opknappingskursus vir algemeen praktisyns.
- Konsultasies by MIV-klinieke in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap (Ukwanda-inisiatief).
- Lesing by Noordwes-universiteit (Jaarlikse Simposium vir Siektes toepaslik op Suid-Afrika).
- Lesings (2) by die 32ste Jaarlikse Mediese Kongres in Windhoek, Namibië.
- Betrokkenheid by Telegeneeskunde en eGesondheid, 'n inisiatief van die Mediese Navorsingsraad (MNR) en MTN.

Aantal van publikasies uit departement 1

Onderrig en Opleiding

Elektiewe studente 4

Besondere prestasies

- Prof. H.F. Jordaan – lid van die Melanoom-adviesraad;
- Prof. H.F. Jordaan – lid van die UK van die DSSA;
- Prof. H. F. Jordaan – eksaminator van Mmed Deel 2, Universiteit van die Vrystaat;
- Dr. W.I. Visser het die sertifikaat vir Goeie Kliniese Praktijk verwerf;
- Dr. S.M.H. Kanneberg het 'n Galderma-toekenning verwerf vir 'n publikasie in 'n portuurbeoordeelde vaktydskrif;
- Dr. W.I. Visser het lesings nasionaal en internasionaal gelewer oor die huid-nuwe-effekte van die Eidermiese Groeifaktor reseptor-inhibeerders.

Departement van Endokrinologie

Prof. B.H. Ascott-Evans

Opsomming

Bevestiging van onderring-, opleidings- en uitreik-programme.

Stigting van volledige Swanger-diabeet-kliniek met prof. Hall.

FSH is gekies om op die raad van die Internasionale Osteoporose-federasie (IOF) te dien as verteenwoordiger vir Afrika.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor	2	2
Spesialis	1	0
Senior Registrasie	1	1
Mediese Beamppte	2	2
Mediese Tegnikus	1	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)		
	GETAL	GEVUL
Spesialiste	4 uur per week	4 uur per week
Deeltydse poste	12 uur per week	8 uur per week

Getal beddens (bruikbaar):	13	2 gedeel met GIT
----------------------------	----	------------------

Uitsetbron

Buitepasiëntbesoeke:	2 457
opvolgbesoeke	
Spesialisklinieke:	427 nuwe pasiënte
Opnames (Saal A10):	440
DEXA-skanderings:	820
Verwysings gesien (nie in klinieke)	3 150

Kommentaar op uitset

Hoë lading en omset van dikwels ingewikkelde gevalle wat uitgebreide ondersoek benodig.

Kwartêre verwysingsentrum vir sekere toestande.

Vennootskappe

Nasionaal:

Prof. F.S. Hough – Voorsitter van NOFSA.

Hoofredakteur van JEMDSA (amptelike vaktydskrif van SEMDSA).

Voorsitter: Reëlingskomitees van 5de NOFSA-IOF Gevorderde Opleidingskursus (Kaapstad).

BAE: afdelingsleier van Departement Gesondheid (en SEMDSA) se 2011 Diabetes-riglyne.

Internasionaal:

Prof. F.S. Hough – Lid van Wetenskapsadvieskomitee van Internasionale Osteoporose-stigting (IOF).

Lid van die Lidmaatskapkomitee van die Internasionale Been- en Mineralevereniging (IBMS).

Lid van die Advieskomitee van die Amerikaanse Paget-stigting.

Gewone lid van die Amerikaanse Endokrienvereniging vir Been- en Mineralemetabolisme, ens.

Verskeie: vele voorleggings op nasionale en internasionale konferensies.

Privaat sektor

BAE: op adviesrade van internasionaal (plaaslike geaffilieerde) farmaseutiese maatskappye

Prestasies

Aantal (syfer) publikasies uit departement / afdeling. Handboeke en bydraes tot handboeke. 14 - 3

Onderrig en Opleiding

FSH Voorsitter: Departementele Nagraadse Komitee.

Koördineerder: Nuwe Nagraadse Diploma in Farmaseutiese Medisyne.

FSH en BAE: Promotor of eksaminator van M- en D-grade.

Besondere prestasies

Prof. S. Hough is verkies tot die Beheerraad van die Internasionale Osteoporose-stigting.

William Ferris is bevorder tot Medeprofessor.

William Ferris is:

(1) verkies as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Endokrologie, Metabolisme en Diabetes (SEMDSA) se uitvoerende komitee en ondervoorsitter van die vereniging.

(2) het die SEMDSA-prys ontvang vir die beste referaat in 2010–2011 deur Suid-Afrikaanse ondersoekers in die diabetes-veld vir die manuskrip: Ferris W.F.,

Marriott C.E., Ali T., Landy C., Campbell S.C., Macfarlane W.M. *The Tumour suppressor Pcd4 is major transcript that is upregulated during in vivo pancreatic islet neogenesis and is expressed in both beta cell and ductal cell lines.* *Pancreas*. 2011 Jan; 40(1):61–6.

- (3) met Hanel die SEMDSA-prys ontvang vir die beste referaat deur Suid-Afrikaanse ondersoekers in die endokrinologie-velde vir die manuskrip: Sadie-Van Gijsen H., Crowther, N.J., Hough F.S., Ferris W.F. *Depot-specific differences in the insulin response of adipose-derived stromal cells.* *Mol Cell Endocrinol*. 2010 Okt 26; 328 (1-2):22–7.

PhD-voltooiing en -graduasie: Micheline Sanderson.

Laboratorium-befondsing en toekennings

- Mediese Navorsingsraad (MNR) Self-ingewyde Toekenning (WFF).
- MNR loopbaanontwikkelingstoekenning (HSVG).
- MNR PhD-beurs (CLB).
- Nasionale Navorsingsfonds (NRF) PhD-beurs (M vd H).
- Harry Crossley-stigting Navorsingsfonds (WFF, M vd H, CLB, EA).
- Ander navorsingstoekennings (gemeenskapsuitreikstudies):

Toekennings

- MNR Self-ingewyde Toekenning (PI Stephen Hough): *A study on the effects of antiretroviral drugs on bone and mineral metabolism.*
- Harry Crossley-stigting Navorsingsteuntoekenning (PI dr. M. Hoffman – PhD-kandidaat): *Prevalence and clinical significance of acanthosis nigricans in mixed race populations in the Western Cape.*

Ander:

- Dr. Marli het as endokrinoloog gekwalifiseer.

Eenheid vir Gastroënterologie en Hepatologie

Prof. C. J. van Rensburg

Opsomming

Akademiese aktiwiteite wat verband hou met die Departement Interne Geneeskunde, Departement Patologie en Algemene Chirurgie.

Konsultasie van pasiënte met gastroënterologiese probleme.

Diagnostiese en terapeutiese gastroïntestinale endoskopiediens.

Gastroïntestinale-beweeglikheidslaboratoriumdiens.

Opleiding van studente en genote in gastroënterologie.

Samewerking met die Nasionale Gesondheidslaboratorium-dienste.

Opleiding van Narkotiseur (Diploma in Sedasie en Pynbeheer).

Opleiding van internasionale elektiewe studente.

Jaarlikse Akademiedag, 17 en 18 Augustus 2011.

Lesings aan derde- en vierdejaar- mediese studente.

Lid van die uitvoerende komitee van die Suid Afrikaanse Vereniging van Gastroënterologie (SAGES, akademiese portefeulje).

Lede van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Gastroïntestinale Verpleegkundiges (SAGINS).

Lid van Voortgesette Professionele Ontwikkeling (VPO)-komitee.

Lid van die laserkomitee.

Aktiewe betrokkenheid by die onderhoudvoering van nuwe senior mediese personeellede.

Oorspronklike navorsing in samewerking met die Departement Chirurgie van Groote Schuur-hospitaal (GSH) en die Internasionale Sentrum vir Genetiese Ingenieurswese en Biotegnologie, van die Universiteit van Kaapstad.

Eksaminator vir die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika (prof. C.J. van Rensburg).

Redakteur van South African Gastroenterology (die amptelike vaktydskrif van SAGES).

Redakteur van die *World Journal of Gastroenterology* (prof. C.J. van Rensburg).

Dr. E Wilken is 'n lid van verskeie komitees:

- bestuurskomitee;
- departementele-hulpbronne-komitee;
- nagraadse komitee.

Die senior kliniese assistent het sy Sertifikaat in Gastroënterologie suksesvol in Mei 2011 voltooi.

Dr. Marais het 'n aanbieding oor MIV-cholangiopathy by die jaarlikse Verfrissingskursus vir Geneeskundiges gedoen in Junie 2011.

Verskeie werkwinkels en kongresse is bygewoon:

Dr. Marais is genooi om die IBD10 in Wene by te woon, van 17 tot 19 November 2011.

Die konsultant en kliniese assistent het die Lewer-oggendmeesterklas op 3 Desember 2011 bygewoon.

Die Genote-naweek vir Gastroënterologie is deur dr. M. Spies bygewoon, by Spier buite Stellenbosch.

Verskeie personeellede het die 2011-jaarkongres van SAGES bygewoon, van 12 tot 16 April 2011, en prof. Van Rensburg was die voorsitter van verskeie sessies.

Dr. M. Marais het die Verenigde Europese Gastroënterologie-week in Stockholm, Swede bygewoon van 19 tot 27 Oktober 2011.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor Eerste Spesialis	1	1
Spesialis	1	1
Kliniese Assistent	1	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)		
	AANTAL	GEVUL
Deeltydse poste	1	1

Getal (bruikbare) beddens:	2
----------------------------	---

Buitepasiëntbesoeke

Opvolgpasiënte:	9 526
Nuwe pasiënte:	3 892
Totaal	13 418

Teaterprosedures

Gastroskopies	3 978
Kolonoskopie	1 859
Sigmoïdoskopie	129
ERCP ¹	306
Laserbehandeling	0
Dilatasie Manometriese ondersoek (pasiënte na GSH verwys)	81
Stentplasinge	81

Kommentaar op uitset

Die uitset is vergelykbaar met die vorige jaar. 'n Tekort aan toerusting, 'n mediese beampte en spesialis personeel, aan administratiewe steun en hulpbronne het roetinedienslewering onvoldoende en by tye onmoontlik gemaak. Die manometrie-laboratorium is tans buite werking weens 'n gebrek aan personeelopleiding.

Infrastruktuur-ontwikkeling

Ons het die volgende ontvang:

- twee endoskoopwasmasjiene (bouwerk aan die waskamer is steeds aan die gang).
- 'n kolonoskopie met ligbron en prosesseerder.
- drie elektriese teaterbeddens.

Die manometriestelsel en een kolonoskoop is afgeskryf.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Tydens die jaarlikse Kolonoskopie-waaktoesig-uitreikprogram na die Weskus, van 15 tot 19 Augustus 2011, is verskeie kolonoskopieë en gastroskopies uitgevoer (prof. C. J. van Rensburg).

- Prof. Van Rensburg en Dr. M. Marais het 'n hoofstuk in 'n boek gepubliseer: *Management of acute peptic ulcer bleeding*. ISBN: 978 – 953 – 307 – 976 – 9. Redakteur: Jianyuan Chai.

Vennootskappe

Nasionaal:

Die volgende projekte is in samewerking met die Universiteit van Kaapstad uitgevoer:

"The role of genetic polymorphisms of carcinogen metabolizing enzymes in the development or susceptibility to oesophageal cancer."
Verwysingsnommer: 040/2005

The efficacy of profound acid inhibition with Esomeprazole 40 mg bd to reverse -C-MYB mRNA expression in patients with Barrett's oesophagus.
Verwysingsnommer: M08/07/036.

Prestasies

Uitvoerbaarheidsvraelyste is vir 'n aantal studies voltooi.

Getal publikasies uit departement/afdeling	5 + 1
--	-------

Onderrig en opleiding

Aktief betrokke by die daaglikse opleiding van voorgraadse studente.

Nagraadse kliniese assistente in Chirurgie en Interne Geneeskunde – 8 per jaar.

Tans is twee kliniese assistente geregistreer vir hul M.Med.-projekte.

Internasionale elektiewe studente van Europa en Kuba word hier opgelei.

Besondere prestasies

Navorsing en projekte:

1. Oprigting en instandhouding van Universiteit Stellenbosch se toegangsdatabasis vir Barrett se esofagus, vir navorsingsdoeleindes (tans is daar ongeveer 150 pasiënte op stelsel).
2. Die rol van genetica in Barrett se esofagus: die vasstelling van klinies insiggewende biomerkers binne die spektrum van gastro-esofageale refluks-siekte in die Suid-Afrikaanse bevolking.
3. 'n Studie van HBV-weerstandigheid onder MIV-geïnfekteerde pasiënte by Tygerberg-hospitaal: Drs. M. Andersson, W. Preiser, C.J. van Rensburg en J. Taljaard.

Afdeling Hematologie

Dr. Fatima Bassa

Opsomming

- Die afdeling is steeds 'n baie besige een, en die getal baie siek pasiënte met komplekse verwysings neem toe.
- 'n Subspesialiteits- Kliniese Assistent is in Julie 2012 aangestel, tans op 'n geleende pos. Die afdeling benodig 'n toegespitste pos vir die toekoms.
- Rotasie van die hematopatologie kliniese assistente deur die kliniese eenheid het in Junie 2011 begin. Hulle roteer vir vier maande op 'n keer.
- Goedkeuring vir die ontwikkeling van 'n Hematologie-hoërsorgeenheid is ontvang. Baie vergaderings is gehou om die voorlegging te ontwerp en te implementeer. Die aanbou van die eenheid sal in 2012 begin.
- Goedkeuring vir die uitbreiding van die Chemoterapie-suite in die X-blok is goedgekeur. Onderhandelinge oor die uitbreiding van die buitepasiëntkliniek duur voort.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Konsultante	2	2
Senior Kliniese Assistent (pos geleen van Pulmonologie)	1	1

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Kliniese Assistent (roterend)	2 van Departement Geneeskunde, 1 van Hematopatologie-eenheid	

Uitset

Opvolg- buitepasiënte:	5513
Nuwe buitepasiëntverwysings:	410
Toelatings:	539
Getal pasiënte wat chemoterapie ontvang het	1741

Kommentaar op uitset

Die hoeveelheid verwysings, toelatings en chemoterapieë wat hanteer word, neem elke jaar toe. Die nuwe verwysings hierbo weerspieël slegs die getal pasiënte wat na die kliniek verwys is. Dit sluit nie die binnepasiëntverwysings en telefoniese konsultasies in nie.

Uitdagings:

- Die rotasie van kliniese assistente duur slegs drie maande en die kliniese assistente het minimale vroeëre ondervinding. Gevolglik benodig hulle noulettende toesig, wat baie arbeidsintensief is. 'n Moontlike oplossing sou wees om die aanstelling van 'n senior mediese beamppte te oorweeg wat opgelei kan word en 'n permanente lid van die span is.
- Die aanstelling van 'n senior kliniese assistent is 'n mylpaal, maar dit is steeds moeilik om toe te sien dat die kliniese assistent vir die vereiste jaar binne Hematopatologie roteer. Die aanstelling van 'n mediese beamppte sal ook met hierdie probleem help.

Infrastruktuurontwikkeling

Soos vroeër vermeld is daar voortdurende samewerking met die verskeie belanghebbendes om 'n hoërsorgeenheid tot stand te bring asook om buitepasiëntfasiliteite uit te brei. Aanbouing is aan die gang, en aansoeke om die opgradering van ou gereedskap, asook die aankoop van nuwe gereedskap, is ingedien.

Gemeenskapsuitreikprogramme

Ons beskik nie tans oor die kapasiteit om uitreik-aktiwiteite te behartig nie. Ons huidige verpligtinge in die hospitaal, beide klinies en akademies, is

oorweldigend. Ons erken die noodsaaklikheid om Hematologie-dienste na afgeleë gebiede uit te brei, en hoop om in die toekoms daaraan aandag te gee.

Vennootskappe

Samewerking met die mediese sentrum van die Universiteit van Nebraska duur voort, danksy die D43-toekenning. Laasjaar het twee lede van Tygerberg-hospitaal op 'n opleidingsprogram gegaan danksy hierdie projek. Die D43-spanleiers het Tygerberg-hospitaal in Desember 2011 besoek.

Ons werk ten noueste saam met die Departement van Hematopatologie. Die rotering van die Hemopatologie kliniese assistent deur Kliniese Hematologie het in Julie 2011 begin. Navorsing in samewerking met die Tygerberg-limfoom-studiegroep duur voort.

Navorsingsuitset

1. Abayomi E.A, Somers A, Grewal R, Sissolak G, Bassa F, Maartens D, Jacobs P, Stefan C, Ayers L.W. *Impact of the HIV epidemic and Anti-Retroviral Treatment policy on lymphoma incidence and subtypes seen in the Western Cape of South Africa, 2002-2009: Preliminary findings of the Tygerberg Lymphoma Study Group.* **Transfus Apher Sci.** 2011; 44(2): 161-166.
2. Louw V, Bassa F, Dreosti L, Du Toit M, Gunther K, Jogessar V, Mahlangu J, McDonald A, Patel M, Ruff P, Sissolak G, Webb M.J. *Guideline for the treatment of myelodysplastic syndromes (MDS) in South Africa.* **SAMJ.** 2011; 101(12): 900-906.

Nagraadse studente

Ph.D.-graad voltooi

Dr. G Sissolak. *Impact of rituximab on standard chemotherapy for diffuse large b-cell lymphoma subtyping using a new immunohistochemistry algorithm.*

Promotor: prof. P Jacobs

Meestersgraad voltooi

Dr. D. Kotze. *Retrospective analysis of treatment outcome in HIV positive and negative patients with Burkitt's lymphoma treated in Tygerberg Hospital.*

Promotor: dr G. Sissolak

Dr. R. Moodley. *Retrospective clinical audit of treatment outcome in adult patients with acute Myeloid Leukemia at Tygerberg Hospital from 2000 – 2009.*

Promotor: Dr. G. Sissolak

Dr. P. de Witt. *AIDS-related diffuse large B-cell lymphoma at Tygerberg Hospital, Cape Town, South Africa.*

Promotor: Dr. G. Sissolak.

Voortgesette navorsing

Meesters

Dr. M.P. Cass. *Evaluation of patients with neutropenia at the Haematology Unit at Tygerberg Academic Hospital.*

Promotor: Dr. Fatima C. Bassa

Pasiëntaanwas in Maart 2012 voltooi.

Onderrig en opleiding

- Ons is aktief betrokke by die voorgraadse opleidingsprogram en dra by tot beide die onderrig en assessering van nagraadse studente.
- Ons onderrig en assesser derdejaarstudente wat die Hematologie-module neem.
- Dr. Bassa is die koördineerder vir die laat rotasie in die Departement Geneeskunde.
- Ons onderrig elektiewe studente aan die Universiteit van Nebraska se mediese sentrum op beide voor- en nagraadse vlak.
- Ons neem weekliks deel aan die nagraadse onderrigprogram in die Departement Geneeskunde.
- Ons is ook deelnemers aan die gekombineerde, kliniese, nagraadse Hematologie-Hematopatologie-onderrigprogram.

Afdeling Infeksiesiektes

Dr. Jantjie Taljaard

Opsomming

Buitepasiëntdiens

Die Tygerberg-hospitaal (TBH) se Infeksiesiektes-kliniek het sedert Januarie 2004, 3 500 pasiënte voorberei vir en op teenretrovirusterapie (ART) geplaas.

Die plasing op ART is 'n primêrevlakdiens en was 'n tussentydse maatreël om kapasiteitsontwikkeling in die subdistrik toe te laat. Provinsiale pogings om meer ART-klinieke in die TBH-area tot stand te bring het egter nie tred gehou met die verspreiding van die MIV-epidemie in die Noord-Oostelike metro nie. Ons kliniek het in 2008 'n projek (ShareCare) befonds deur die VSA-president se Noodplan vir VIGS-verligting (PEPFAR) van stapel gestuur, ten einde die Provinsie te steun in die oprigting van nuwe klinieke deur die vasstelling van behoeftige gebiede, die opleiding van personeel en die lewering van tussentydse apteek- en verpleegdienste. Die Bishop Lavis-kliniek is sedertdien geopen en het in 2011 volkome in werking getree. Die Elsiesrivier-kliniek is ook in 2011 geopen, maar is nog nie volkome oorgedra na die Provinsie nie. Die volgende kliniek wat as 'n deel van hierdie program geopen sal word, is die Kasselsvlei-kliniek (Bellville-Suid). Die projek se befondsing kom in September 2012 tot 'n einde. Die inisiatief het dit moontlik gemaak om 409 pasiënte na 'n meer toepaslike vlak van sorg oor te dra (100% toename). Ten spyte van hierdie oënskynlike lae getal, het ons 'n toename van meer as 2 000 kliniekbesoeke aangeteken in vergelyking met 2010.

Ten spyte van die toenemende primêresorg-las op die kliniek, moet dit steeds sy Vlak 2- en 3-funksies verrig. Bykomend tot die bestaande geïntegreerde spesialisklinieke (HPV/Cx Ca-sifting, HBV/MIV-koïnfeksie en die voorkoming van ma-na-kind-oordrag [VMNKO] in hoërisiko-gevallen), is die MIV-niersiektekliniek ook in 2011 tot stand gebring, in samewerking met die Afdeling Nefrologie.

'n Sakeplan is deur dr. Taljaard opgetrek (in samewerking met Algemene Geneeskunde en die bestuur van TBH) vir die totstandbrenging van 'n Vlak 2- en 3 snelberamingseenheid vir MIV. Die geprojekteerde datum vir die implementering van laasgenoemde is September 2012.

Die elektroniese databasisse wat pasiëntsorg en -opvolg vergemaklik, dra aansienlik by tot vinniger konsultasies, beter kommunikasie met klinieke en die

vermoë om uitsette te ouditeer.


Die MIV-apteek het in werking getree in April 2011 en het pasiënte se totale besoektyd met tussen een en vier uur verkort, afhangend van die tyd wat hulle by die hospitaal aangekom het.

Binnepasiëntdiens


Binnepasiëntdienste vir Infeksiesiektes word op 'n konsultasie-grondslag gelewer. Kliniese assistente sien pasiënte so gou as moontlik na verwysing en alle gevalle word bespreek by die daaglikse konsultatiewe rondte. Die gemiddelde getal konsultasies per week is 15, en die meeste verwysings kom van die Algemene Geneeskunde-, Obstetriesse Hoërsorg- en Mediese Hoërsorg-sale. In 2011 is 'n poging aangewend om die sterftekoers onder erg siek MIV-pasiënte te verlaag. In 2012 sal hierdie inisiatief Intensiewe sorgeenheid-pasiënte insluit, en sal die diens in samewerking met Mediese Mikrobiologie voortgesit word.

'n Sakeplan vir die oprigting van 'n isolasiesaal vir mediese pasiënte is deur dr. Taljaard opgetrek, op instruksie van die hospitaalbestuur en die Eenheid vir die Voorkoming en Beheer van Infeksie. Die gerame tyd vir strukturele veranderinge aan Saal D10 is vroeg 2013.

Pasiënte op ART by TBH IDC (2008 – 2011)



TBH IDC – Totale getal kliniekbesoeke (2008 – 2011)



Uitreik-aktiwiteite

Maandelikse uitreikbesoeke aan TC Newman-gemeenskapsgesondheidsentrum, en Paarl-, Worcester- en Brewelskloof-hospitaal is voortgesit, asook weeklikse uitreikbesoeke aan die Khayelitsha-hospitaal. Die weeklikse besoeke aan Khayelitsha is moontlik gemaak deur PEPFAR-befondsing, wat in September 2012 gestaak sal word.

Kapasiteitstekortkominge verhoed ons om die omvang van uitreik-aktiwiteite in die streek te verbreed. Ander gebiede wat 'n groot behoefte aan steun benodig, is onder meer Karl Bremer-, Stellenbosch- en Malmesbury-hospitaal.

Khayelitsha-hospitaal benodig meer deurlopende spesialisgeneeskundige/infeksiesiekte-steun.

Bestuur

Kwartaallike multidissiplinêre sakevergaderings word gehou om die sorg wat gelewer word, voortdurend te evalueer. Die personeellede wat by hierdie vergaderings verteenwoordig word, is dokters, verpleegkundiges en aptekers.

Maandelikse siekte-en-sterfte-vergaderings maak dieptebesprekings moontlik en word as 'n leergeleentheid beskou om pasiëntsorg te verander en te verbeter.

Die TBH- antibiotika-toesighoudingskomitee, onder die voorsitterskap van dr. Kurt Maart, se aktiwiteite is in 2011 voortgesit, en spesifieke projekte is vir 2012 gekies.

Onderrig

Dr. Cronje Heys het sy eerste jaar as 'n botallige Infeksiesiektes-genoot voltooi. Dr. Taljaard het die voorsitterskap van die Infeksiesiektes en Immunologie-module vir vierdejaarstudente oorgeneem. Alle lede van die afdeling, drs. Botha, Prozesky, Thebe en Zeier, is betrokke by voorgraadse onderrig.

Alle lede van die afdeling was in 2011 betrokke by Voortgesette Mediese Onderwys, waaronder STI-hanteringskursusse vir verpleegkundiges, en MIV-kursusse vir dokters, verpleegkundiges en aptekers.

Elektiewe mediese studente uit Nederland, Duitsland, Swede en Denemarke het blootstelling gekry in MIV-sorg en lewer bystand met navorsingsprojekte; dit is 'n verrykende ervaring vir beide die personeel en studente.

'n Toevoeging tot ons akademiese program is 'n maandelikse kliniese vergadering met HAST-subdistrikdokters en -verpleegkundiges. Die doel

daarvan is die hantering van uitdagende gevalle te bespreek, inligting te versprei oor riglyne, en om die jongste plaaslike en internasionale verwickelinge in infeksiesiektes te deel.

Die samewerking met die Universiteit van Fort Hare is in 2011 voortgesit. Die groep van 35 geregistreerde verpleegkundiges was die vyfde groep studente om die eenjaarkursus in die gevorderde hantering van MIV-pasiënte te volg. Die kursus het in September 2011 weereens hoogs suksesvolle mentorbesoeke aan TBH ingesluit. Die kursus het ten doel om verpleegkundiges voor te berei en te bemagtig om pasiënte op ART te plaas in die gemeenskappe wat hulle bedien, en is in ooreenstemming met die nasionale inisiatief NIM-ART.

Ons samewerking met die Ierse Internasionale Geneeskunde-opleidingsraad het tot die baie suksesvolle rotering van 'n tweede Ierse subspesialis-kliniese assistent vir die eerste ses maande van 2011 gelei.

Navorsing

Die MIV-navorsingseenheid in die kliniek is besig met 'n aantal kliniesnavorsingsprojekte. Die kombinasie van navorsing en kliniese sorg strek tot die voordeel van pasiënte, aangesien dit bykomende prosedures en behandeling aan hulle bied en bykomende gesondheidsorg-spanlede befonds – 40% van die personeel poste word deur navorsing befonds. Huidige protokolle, waaronder ons ShareCare-afwaartseverwysingsprojek, die HPV-projek ('n studie wat die uitwerking van gekombineerde ART op HPV onder MIV-positiewe vroue ondersoek), die hepatitis-kohortstudie en 'n vergelykende studie van die progressie van servikale displasie onder MIV-positiewe teenoor MIV-negatiewe vroue.

Buiten publikasies in vaktydskrifte, het die span ook verskeie kliniese oudits voltooi en bydraes tot akademiese vergaderings gelewer.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Subspesialis Graad 2 (gedeel met die Afdeling Algemene Geneeskunde)	2	2
Hoof-Mediese Beampte (Voltyds)	2	2
Subspesialis-Kliniese Assistent	0	0

POSTE (PER SESSIE – UUR PER WEEK)		
	AANTAL	GEVUL
Spesialis	6	6

Uitset

Spesialisklinieke

VOLW. ART STATISTIEKE	2008	2009	2010	2011
Nuut begin op ART	368	399	511	491
Oorplasing uit (TFO)	192	170	202	409
Oorplasing in (TFI)	18	38	56	86
Soek, vir opvolg (LTF)	104 (11%)	111 (10%)	139 (10%)	174 (12%)
Sterftes	21 (2%)	26 (2%)	31 (2%)	28 (2%)
Totale getal op ART	826	958	1 199	1 240

VOLW. MIV-KLINIEKBESOEKE	2008	2009	2010	2011
Besoeke: Dokter	5 888	6 593	7 324	7 233
Besoeke: Verpleegkundige	4 241	5 293	2 281	4 233
Besoeke: Apteek	-	-	3 184	2 505
Totale kliniekbesoekte	10 140	11 888	12 791	13 971

Kommentaar op uitset

Die feit dat buitepasiëntgetalle toeneem ten spyte van pogings om pasiënte afwaarts te verwys na 'n meer toepaslike vlak van sorg, is kommerwekkend. Indien ons nie die getal pasiënte met 50% in 2012 kan verminder nie, sal dit onmoontlik wees om ons mandaat te vervul, naamlik die lewering van toepaslike sorg aan die subdistrik deur die skepping van 'n Vlak 2- en 3-sorg-verwysingskliniek.

Infrastruktuurontwikkeling

Die teenretrovirusmiddel (TRV)-apteek het uit die hoofapteek op die grondvloer na die IDC op die agste vloer van TBH verskuif. Ou toilette is in 'n ruimte omskep wat groot genoeg is vir ons behoeftes. Die skuif uit die hoofapteek is genoodsaak deur ons behoefte om 'n beter diens aan ons kliënte te lewer (kortere wagtye en meer persoonlike en vertroulike sorg), om 'n nadere verhouding met ons TRV-apteker te hê (wat 'n integrale deel van ons span uitmaak –

pasiëntnavrae en vergaderings word vergemaklik deur die apteker se nabyheid), en om die druk op die hoofapteek te verminder, ten opsigte van bergingsruimte en die ruimte benodig om pasiënte te akkommodeer.

'n Babadoek-omruilgebied is ook in gebruik geneem, en die nuwe urientoetskamer, wat oor 'n toilet vir rolstoelpasiënte beskik.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Dienste aan adolessente (MIV-babas wat adolessensie bereik het)

Hoewel nie 'n nuwe inisiatief nie, groei die adolessentediens dramaties. Hierdie diens maak tans nie deel uit van die provinsiale HAST-visie nie, en word deur PEPFAR-befondsing aan die gang gehou. Die befondsing kom tot 'n einde in September 2012. 'n Kamp is in April 2011 in samewerking met die Anglikaanse Kerk van Durbanville gereël, ten einde die verhouding tussen die kinders te versterk, hulle te bemagtig om onafhanklik te word, en vir hulle om met portuurberaders kennis te maak. Aangesien die Anglikaanse Kerk die kinders aangeneem het, sal hulle, ooreenkomstig die voorsiening van programme, voortdurend op uitstappies gaan.

Die kundige-pasiënt-inisiatief

'n "Kundige pasiënt" uit die gemeenskap is deur PATA (Pediatriese VIGS-Behandeling vir Afrika) om kliniekpersoneel in 2011 met klein pasiëntverwante take te help, met 'n klem op gesinne wat leef met MIV en VIGS. Sy het inligtingsessies met moeders in die kliniek gelei. Die inisiatief bring hoop aan nuwe pasiënte wat die stelsel betree en bemagtig ook pasiënte wat hul werk en inkomste weens 'n MIV-diagnose verloor het.

Vennootskappe

Nasionaal

Dr Taljaard:

- is aangestel tot die provinsiale VIGS-raad, onder voorsitterskap van die LUR vir Gesondheid.
- is 'n lid van die Provinsiale HAST-beleid-adviesforum.
- is medeskrywer aan die Provinsiale Raamwerk vir Infeksiesiektes, wat in 2011 as 'n amptelike beleidsdokument van die Provinsie aanvaar is.
- het deelgeneem aan die Universiteit Stellenbosch se Landelike Mediese Onderwysvennootskap-inisiatief (SUR-MEPI).
- was projekteur van twee aktiwiteite as 'n deel

van die NIH-toekenning, en werk saam met die Kennisvertalingseenheid by die Universiteit van Kaapstad se long-instituut oor 'n ander aktiwiteit.

- het navorsing-kapasiteitsbou by Brewelskloof-TB-hospitaal in Worcester gehou, deur 'n navorsingsforum te stig en 'n kliniese databasis (vir klinici) te ontwikkel. 'n Datavaslegger sal in 2012 aangestel word en navorsingsprojekte sal vasgestel word met die doel om bevindinge in portuur beoordeelde vaktydskrifte te publiseer.
- het Voortgesette Mediese Onderwys-aktiwiteite aan Worcester-HAST, Worcester-hospitaal se -Huisartskunde en Interne Geneeskunde-afdelings, en aan Brewelskloof-TB-hospitaal, deur middel van 'n maandelikse akademiese en kliniese vergadering by Worcester-hospitaal.
- sal die PALSA-plus MIV/TB/SOI-opleiding bekendstel aan die voorgraadse mediese studente, as 'n deel van die teoretiese Infeksiesiektes-module – hierdie inisiatief sal die eerste van sy soort in die land wees en skop in Februarie 2012 af.
- het primêresorg-verpleegkundiges aan die Universiteit van Fort Hare se Verpleegskool opgelei in die hantering van MIV, TB en SOI's.

Dr Prozesky

- is die hoof- ondersoeker vir die leDEA Suid-Afrika MIV dataversamelingsinisiatief. In die besonder stuur hy tans 'n program van stapel wat TB-uitkomstes vasstel deur Suid-Afrikaanse ART-programme met provinsiale TB-registers te skakel, by TBH.
- is 'n lid van die nasionale komitee vir die lys van noodsaaklike geneesmiddels (EDL).

Prestasies

1. Du Toit R, Whitelaw DA, Taljaard JJ, Du Plessis L-M, Esser M. *Lack of specificity of anticyclic citrullinated peptide antibodies in advanced human immunodeficiency virus infection.* **Journal of Rheumatology** 2011; 38(6): 1055-1060.
2. Keiser O, Chi BH, Gsponer T, Boule A, Orrell C, Phiri S, Maxwell N, Maskew M, Prozesky HW, Fox MP, Westfall A, Egger M. *Outcomes of antiretroviral treatment in programmes with and without routine viral load monitoring in Southern Africa.* **Aids** 2011; 25: 1761-1769.
3. Van Zyl GU, Van Mens TE, McIlleron H, Zeier MD, Nachega JB, Decloedt E, Malavazzi C, Smith P, Huang Y, Van Der Merwe L, Gandhi M, Maartens G. *Low lopinavir plasma or hair concentrations explain second-line protease inhibitor failures in a resource-limited setting.* **Journal of Acquired Immune Deficiency Syndromes** 2011; 56(4): 333-339.
4. Wasserman E, Taljaard JJ. *Update on infections caused by Staphylococcus aureus.* **Southern African Journal of Epidemiology and Infection** 2011; 26(2): 60-64.
5. Dutilh JC, Taljaard JJ. *A bulky mass in an HIV-positive patient.* **The Netherlands Journal of Medicine** 2011; 69(6): 287-291.
6. Mitha M, Naicker P, Taljaard JJ. *Cutaneous Mycobacterium kansasii infection in a patient with AIDS post initiation of antiretroviral therapy.* **The Journal of Infection in Developing Countries** 2011; 5(7): 553-555.
7. Zeier MD, Nachega JB. *Targeting HIV: past, present and future.* **Infectious Disorders – Drug Targets** 2011; 11: 98-114.
8. Nachega JB, Mugavero MJ, Zeier MD, Vitória M, Gallant JE. *Treatment simplification in HIV-infected adults as a strategy to prevent toxicity, improve adherence, quality of life and decrease healthcare costs.* **Patient Preference and Adherence** 2011; 5: 357-367.
9. Nachega JB, Rosenkranz B. *Targeting tuberculosis and HIV/AIDS: a global progress report of a deadly partnership.* **Infectious Disorders - Drug Targets** 2011; 11(1): 96-97.
10. Mills EJ, Kanters S, Hagopian A, Bansback N, Nachega JB, Alberton M, Au-Yeung C, Mtambo A, Bourgeault IL, Luboga S, Hogg RS, Ford N. *The financial cost of doctors emigrating from sub-Saharan Africa: human capital analysis.* **British Medical Journal** 2011; 343: d7031.
11. Mills EJ, Bakanda C, Birungi J, Chan K, Hogg RS, Ford N, Nachega JB, Cooper C. *Male gender predicts mortality in a large cohort of patients receiving antiretroviral therapy in Uganda.* **Journal of the International Aids Society** 2011; 14(52): 1-7.
12. Maher D, Harries AD, Nachega JB, Jaffar S. *Methodology matters: what type of research is suitable for evaluating community treatment supporters for HIV and tuberculosis treatment?* **Tropical Medicine & International Health** 2011; 00: 1-8.
13. Bakanda C, Birungi J, Mwesigwa R, Nachega JB, Chan K, Palmer A, Ford N, Mills EJ. *Survival of HIV-infected adolescents on antiretroviral therapy in Uganda: Findings from a nationally representative cohort in Uganda.* **PLOS ONE** 2011; 6(4): 1-6.

14. Bakanda C, Birungi J, Mwesigwa R, Ford N, Cooper C, Au-Yeung C, Chan K, Nachega JB, Wood E, Hogg RS, Dybul M, Mills EJ. *Association of aging and survival in a large HIV-infected cohort on antiretroviral therapy.* **Aids** 2011; 25: 701-705.

Onderrig en opleiding

Voorgraads

Aangestel as voorsitter van die Infeksiesiektes en Immunologie-module.

Nagraads

Subspesialisasie in infeksiesiektes – Dr. Cronjé Heys (eerstejaar).

M.Med.-projekleier – Dr. Arifa Parker (MIV-uitkomstes in Mediese Intensiewe Sorg).

Na-basiese opleiding aan verpleegkundiges in MIV-hantering (Universiteit van Fort Hare) (lesings), asook opleiding aan huisartskundedokters en verpleegkundiges (een week praktiese rotasie by TBH).

Elektiewe studente

Dr. Ciaran Bannan het ons eenheid vir 'n sesmaande-periode van Januarie tot Junie 2011 besoek. Hy is 'n senior Genoot in Infektiewe Siektes, van Ierland.

Voorgraadse elektiewe studente uit Brittanje, Swede, Duitsland, Nederland en Denemarke het ons afdeling in 2011 vir periodes van een tot drie maande besoek.

Besondere prestasies

Om 'n groot getal chroniese-siekte-pasiënte te behandel met regimens wat geen versuim om medikasie te neem duld nie, en pasiëntvloei terselfdertyd te stroomlyn vir die vermyding van behandelingsuitputting, vereis meer as slegs die gewone besoek aan 'n kliniek. Die interaktiewe kliniese databasis van die IDC verloop glad, hoewel papiernotas steeds deur die geneeskundiges verkies word en deur hospitaalregulasies vereis word. Hier word dit op 'n templaar gedoen, wat 'n opgedateerde verslag per besoek is wat vorige diagnoses, die behandelingstatus, medikasie en laboratorium-ondersoeke weergee. Voorskriffoute word hierdeur feitlik uitgeskakel, en dokters reageer op 'n por (*prompt*) wat die rekenaar hul gee, wat die werk van roterende personeel vergemaklik. Die monitoring van, en verslaggewing oor kliniese toestande, behandeling geassosieer met teenspoedige voorvalle, sterftes-en-siekte-verslae, provinsiale statistiek en samewerking oor nasionale en Suider-Afrika kohorte, word alles moontlik gemaak deur elektroniese rekordhouding. Oorplasinge Uit-briewe word oombliklik geskep en jare se data word in 'n oogwink saamgevat. Buiten die IDC-databasis, hou die Infeksiesiektes-databasis 'n rekord

van verwysings, en die COLPOS-databasis, tesame met die binnekort geïmplementeerde limfoom- en hepatitis-databasisse, vorm beveiligde, gerieflike en kragtige bedienergebaseerde instrumente vir terugskouende en toekomstige monitoring van hierdie kohorte.

Aangesien MIV 'n chroniese siekte is, word dit van pasiënte verwag om vir dekades op medikasie te wees; maar baie pasiënte migreer uit die provinsie, net om na 'n paar jaar weer terug te keer. Die suksesvolle toekomstige behandeling van hierdie pasiënte is afhanklik van rekordhouding en toegang tot kliniese notas. Die tekort aan bergplek in die kliniek het hierbenewens die implementering van 'n e-lisseringstelsel genoep. Die stelsel is webgebaseerd en gee dokters dus afstandstoegang tot pasiëntlêers asook tot bestuursprotokolle vir infeksiesiektes en MIV. Kantore word dan ook van oorvol lissieerkabinette en berge klinieklêers verlos. Die databasis is nou ook uitgebrei om die nuwe HBV/MIV-koïnfeksiekliek te steun, in samewerking met die afdelings Mediese Virologie en Gastroënterologie

Voorbeeld van inligting deur die databasis geskep:

Volwassenes

GETAL PASIËNTE WAT IN DIE MAAND BEGIN HET	
GESLAG	TOTAAL
Vroulik	17
Manlik	11
Totaal	28

GETAL PASIËNTE OP TBH-ONTPLOOÏNG TEEN DIE EINDE VAN DIE MAAND	
GESLAG	TOTAAL
Vroulik	750
Manlik	449
Totaal	1199

GETAL PASIËNTE WAT TBH-ONTPLOOÏNG GESTAAK HET GEDURENDE DIE MAAND		
GESLAG	EINDPUNT	TOTAAL
Vroulik	Gesterf	2
Vroulik	Terapie vir ontplooiing onderbreek	1
Vroulik	Soek, vir opvolg	16
Vroulik	Oorgeplaas	4
Manlik	Gesterf	1
Manlik	Soek, vir opvolg	14
		38

Afdeling Nefrologie

Prof. M.R. Davids

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Nefroloë	3	3
Kliniese assistente	4	4

Uitset

Toelatings:

Saal A7	
Totaal	(altesame 270 toelatings)
Pasiënte op chroniese dialise teen jaareinde:	
Hemodialise	63
Peritoneale dialise	40

Buitepasiëntbesoeke vir die jaar:

Nefrologie-buitepasiëntdepartement (327 nuut, 1 723 opvolg)	2 050
Peritoneale Dialise-kliniek	595
Oorplantingsklinik	2 805
Hemodialise-eenhede	8 075

Prosedures:

Hemodialise: Chronies	7 353
Hemodialise: Akuut	698
Plasmaferese:	168
Houtskoolhemoperfusie:	5
Nierbiopsies:	186

Nieroorplantings:

Nuwe nieroorplantings	19
Lewende skenker-oorplantings	10
Oorlewende pasiënte by Tygerberg Hospitaal opgevolg	164
Kumulatiewe totale oorplantings	893

Assessering vir dialise- of oorplantingsprogram:

Totaal geassesseer	225
Aanvaar	55
Nie aanvaar nie	148
Geen besluit	22

Infrastruktuurontwikkeling

Nuwe tru-osmose-waterbehandelingstelsel verkry. Watergehalte het drasties verbeter.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Nefrologie-opleiding vir studiegenote van ontwikkelende lande duur voort: dr. Wala van Kenia.

Dr. Manadhar van Nepal het sy opleiding voltooi. Hierdie studiegenote word hoofsaaklik deur die Internasionale Vereniging van Nefrologie befonds. Dr. Adeniyi van Nigerië het die graad MSc Clin. Epi. voltooi.

Staat-privaat-vennootskappe met Paarl en Vredenburg se eenhede van Nasionale Niersorg, en Hermanus se eenheid van Fresenius Mediese Sorg duur suksesvol voort. Dit verbeter toegang tot dialise en verbeter die lewensgehalte van betrokke pasiënte.

Vennootskappe

Internasionaal:

Betrokkenheid by die PACT-kohortstudie met ander Afrika-sentrums en die Harvard-universiteitskool van Openbare Gesondheid.

Samewerking met Kliniese Aansteeklike Siektes (CID) en ander op projek oor MIV en niersiekte.

Prestasies

Davids M.R., Chikte U.M.E., Halperin M.L. *Development and evaluation of a multimedia e-learning resource for electrolyte and acid-base disorders. **Advances in Physiology Education** 2011; 35: 295-306.*

Adeniyi A.B., Adeniyi F.B., Davids M.R. *The use of inferential statistics in clinical research: Between hypothesis testing and confidence interval. **South African Rheumatology Journal** 2011; 3(2): 16-19.*

Congress presentation: Volmink J., Laurence C., Davids M.R., Naude C., Adeniyi A.B. *Partnership for Cohort Research and Training (PaCT): pilot study, South Africa. **IEA World Congress of Epidemiology Symposium**. Edinburgh, Scotland, August 2011.*

Studieleiding vir Magister- navorsingsprojekte

Prof. Davids: Promotor vir dr. Aderemi Adeniyi – MSc (Kliniese Epidemiologie) aan die Universiteit Stellenbosch 2011. Projek-titel: *The prevalence of chronic kidney disease and its association with cardiovascular risk factors among teachers in South Africa: A Partnership for Cohort Research and Training (PaCT) pilot study.*

Supervision of Doctoral thesis

Prof. Moosa: Promotor vir dr. William Bates. Titel van

tesis: *Hepatitis-B-associated glomerular disease: A clinicopathological study of hepatitis B virus associated membranous glomerulonephritis in Namibian and South African children 1974-2005 and a comparison with hepatitis B associated membranous glomerulonephritis as well as idiopathic glomerulonephritis in adults.* Graad is in Desember 2011 toegeken.

Sabbatsverlof

Dr. Johan Nel het van Julie tot Augustus 2011 'n kort sabbatsverlof na Leuven, Holland, geneem.

Onderrig en Opleiding

Kliniese assistente in Interne Geneeskunde is in Nefrologie opgelei (drs. Pretorius, Brauns, Bezuidenhout, Pellizon, Jooste, Sauls, Jansen, Nwankwo, Simons, Du Toit en Swart). Dr. Chothia het sy subspecialisopleiding in Maart 2011 suksesvol voltooi. Dr. Sebastian begin sy subspecialisopleiding in September. Voorgraadse MBChB-studente het 'n goeie slaagsyfer in Nefrologie behaal.

Afdeling Neurologie

Prof. J. Carr

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Spesialiste	3	3
Kliniese assistente (Net getal)	2	2

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)		
	GETAL	GEVUL
Spesialiste	1	1

Uitset

Buitepasiëntbesoeke:	3 494
Spesialisklinieke Opnames:	325
Teaterprosedures:	
EEG:	1 385
EMG:	548
Slaapstudies:	36

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Maandelikse uitreiking na die Worcester Departement Geneeskunde en uitreikingsdiens na Helderberg Hospitaal is voortgesit, insluitend die EEG-diens aan Worcester Hospitaal.

Prestasies

- Keyser R.J., Oppon E., Carr J., Bardien S. *Identification of Parkinson's disease candidate genes using CAESAR and screening of MAPT and SNCAIP in South African Parkinson's disease patients.* **J Neural Transm.** 2011 Jun; 118(6):889-97.
- Zatjirua V., Butler J., Carr J., Henning F. *Neuromyelitis optica and pulmonary tuberculosis: a case-control study.* **Int J Tuberc Lung Dis.** 2011 Dec; 15(12):1675-80.
- Ross O.A., Soto-Ortolaza A.I., Aasly J.O., Abahuni N., Annesi G., Bacon J.A., Bardien S., Bozi M., Brice A., Brighina L., Van Broeckhoven C., Carr J., Chartier-Harlin M.-C., Dardiotis E., Diehl N., Ferrarese C., Ferraris A., Friske B.J., Gibson B., Gibson R., Hadjigeorgiou G., Hattori N., Heckman M.G., Jasinska-Myga B., Jeon MD B.S., Kim Y.J., Klein C., Kruger R., Kyrtzi E., Lesage S., Lin C.-H., Lynch T., Maraganore D.M., Mellick G., Nilsson C., Nuytemans K., Opala G., Park S.S., Pedersen N.L., Puschmann A., Quattrone A., Sharma M., Silburn P.A., Sohn Y.H., Stefanis L., Tadic V., Tomiyama H., Ryan J., Uitti R.J., Maria Valente E.M., Vande Loo S., Vassilatis D., Vilariño-Güell C., White L.R., Wirdefelt K., Wszolek Z.K., Wu R.-M. and Farrer M.J. namens die konsortium van die Genetiese Epidemiologie van Parkinson se Siekte (GEOPD). *LRRK2 exonic variants and susceptibility to Parkinson's disease.* **Lancet Neurology** 2011.
- Bardien S., Lesage S., Brice A., Carr J. *Genetic characteristics of leucine-rich repeat kinase 2 (LRRK2)-associated Parkinson's disease.* **Parkinsonism & Related Disorders** 2011; 17(7):501-8.

Departement van Geneeskunde, Famakologie-afdeling

Prof. B. Rosenkranz

Opsomming

Dienste:

Die Farmakologie-afdeling verrig dienste wat die volgende insluit: die Terapeutiese geneesmiddelbepalings-laboratorium (32 geneesmiddels) en die Tygerberg-gifinligtingsentrum wat 'n diens aan die hele land verrig. Albei sentrums lewer 'n diens 24 uur, 7 dae per week. In 2011 het die Terapeutiese geneesmiddelbepalings-laboratorium 23 732 monsters ontleed, waarvan 60% van die monsters vir Tygerberg-hospitaal, hul hoofkliënt, was. Die res van die ontledings was vir die ander provinsiale hospitale en vir verskeie uitreiksentrums.

In totaal het die Tygerberg-gifinligtingsentrum 6 263 konsultasies gehad. Altesame 41% van die konsultasies was a.g.v. blootstelling aan huishoudelike of industriële chemikalieë, 40% was verwant aan geneesmiddel-oordosering, 9% a.g.v. biologiese blootstellings en 10% van die konsultasies was algemene navrae wat nie verband hou met pasiënte nie. Altesame 39% van hul oproepe het uit die Wes-Kaap gekom en die ander 61% het uit die ander agt provinsies en selfs die buiteland gekom.

Personeel van die afdeling was ook aktief betrokke by die geneesmiddel-en-terapie-komitee, die provinsiale apteek-en-terapie-komitee en die etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.

Onderrig:

Voor- en nagraadse programme was suksesvol aangebied deur die afdeling farmakologie vir mediese en fisioterapie-studente.

Die kontaksessies van die eerste Diploma in Farmaseutiese Geneeskunde is suksesvol voltooi deur die afdeling in samewerking met die Tiervlei-proefsentrum (TTC). In 2011 het vyf studente aan die program deelgeneem. Daar is 'n samewerkingsooreenkoms begin met die EU IMI-inisiatief PharmaTrain. Die belangrike netwerk help met internasionale erkenning van die program en met gesamentlike onderrigprogramme met kursusverskaffers internasionaal.

In 2011 is vier MSc- en twee PhD-studente opgelei deur die afdeling. Daar was ook drie mediese studente van die Universiteit van Wuerzburg, Duitsland, wat die praktiese werk vir hul mediese tesis (Dr.med.) in die afdeling kom doen het.

Die opleidingsprogram vir Kliniese Farmakologie (MMed) is goedgekeur deur die Departement van Onderwys en vier kliniese assistent-opleidingsnommers is toegestaan deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA). Die program sal begin sodra daar poste beskikbaar is.

Navorsing:

Die fokus van die kliniese navorsings het gebly by die farmakokinetika van TB-middels en antiretrovirale middels in spesiale pasiëntbevolkings (drie projekte). Die navorsing is gedoen in samewerking met ander kliniese afdelings in Tygerberg-hospitaal en buitepasiëntklinieke. Nie-kliniese projekte het interaksies tussen tradisionele middels en konvensionele middels (in vitro-metabolisme), die

vervoer van middels oor biologiese membrane, en chemiese en biochemiese studies op omkeerbare transkriptase-inhibeerders ingesluit. Die bio-analitiese groep in die afdeling was aktief betrokke by al die bogenoemde projekte. Navorsingsprojekte deur die Tygerberg-gifinligtingsentrum het hoofsaaklik gegaan oor ondersoeke of opnames van vergiftiging deur gebruik van die INTOX-databasis waarop alle konsultasies geregistreer word.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor Hoofspesialis	1	1
Senior Spesialis/Navorsers	4	3
Hoofapteker/Wetenskaplike	2	2
Navorsers	1	0
Tegnoloë	6	6
Administrasie-assistent	1	1

SESSIONELE POSTE		
	AANTAL	GEVUL
Spesialis	3	3

Uitset

Tygerberg-gifinligtingsentrum		
Konsultasies:		6 263
Laboratoriumdiens (TDM)		
Ontledings:		23 732

Kommentaar op uitset

Die kapasiteit van die afdeling is verhoog met die aanstelling van 'n kliniese farmakoloog met baie ondervinding in die veld en 'n direkteur vir die Tygerberg-gifinligtingsentrum. Verdere personeelontwikkeling in die afdeling sal bydra tot meer gepaste kliniese konsultasies in Tygerberg-hospitaal en later ook aan geaffilieerde klinieke buite die hospitaal.

Die toksikologiese diens wat deur die Tygerberg-gifinligtingsentrum verskaf word, bly in gedrang as gevolg van 'n tekort aan finansiële bydrae van die provinsie, spesifiek vir die na-uurse diens. Daarom is dit met groot waardering – soos in die verlede – dat die sentrum bygestaan is deur toegewyde deskundiges van Noodgeneeskunde en die Kliniese Farmakologie-afdeling aan Universiteit van Kaapstad.

Lede van die afdeling was aktief betrokke by die Middels en Terapie Komitee, die Provinsiale Apteek en Terapie Komitee en die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Hulle het ook 'n bydrae gelewer tot nasionale en internasionale organisasies.

Die navorsingsuitsette van die afdeling was gepubliseer in portuurbeoordeelde vaktydskrifte en is voorgedra by nasionale en internasionale kongresse. (Sien lys hieronder.)

Infrastruktuurontwikkeling

Die kontak met kliniese departemente is versterk deur gereelde betrokkenheid van die Kliniese Farmakologie-afdeling deur middel van onderrig en spesiale kliniese farmakologie- en toksikologiesaalrondes. Hierdie dienste is verskaf deur ons nuutaangestelde personeel – 'n ervare kliniese farmakoloog (dokter) en die direkteur van die Tygerberg-gifinligtingsentrum (apteker).

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Terapeutiese geneesmiddelbepalings was voortgesit deur die laboratorium vir verskeie uitreikklinieke.

Die volgende opleiding aan gesondheidsverskaffers en die publiek is verskaf deur die Tygerberg-gifinligtingsentrum:

- Giftable-projek – die tabelle is vrylik beskikbaar gestel aan die publiek deur kleinhandelaars d.m.v. gemeenskapsuitreikontwikkeling.
- Die giftable is op 24 Maart 2011 in die koerant, Beeld, gepubliseer.
- Op 7 Junie 2011 is 'n onderhoud met dr. G.J. Müller gevoer oor *Adolescent Volatile Hydrocarbon sniffing* vir Fokus op SABC2.

Goeie samewerking met die NRO HOPE Cape Town (www.hopecapetown.com) wat in die afdeling gestationeer is, het voorgegaan in 2011. HOPE Cape Town het dit moontlik gemaak vir ons om in kontak te kom met twee tradisionele geneeshere. Hulle het vir ons tradisionele kruie verskaf vir analyses vir 'n projek (in vitro-middelinteraksie) deur een van ons PhD-studente. Prof. Rosenkranz dien op die raad van die organisasie.

Vennootskappe

Nasionaal

- Deelname aan 'n gesamentlike werksgroep vir die Nasionale Gifinligtingsentrum onder die sambreel van die Departement van Omgewingsgesondheid.

- Daar is gereeld vergaderings gehou met die Department van Kliniese Farmakologie (Universiteit van Kaapstad) en die Department van Farmakologie (Universiteit van Wes-Kaapland) om gesamentlike navorsingsprojekte te bespreek.
- Was betrokke by navorsing by die Tygerberg Pediatrisse Infeksiesiektes- kliniese navorsingseenheid en die Desmond Tutu TB-sentrum (Universiteit Stellenbosch).
- Prof. Rosenkranz: Komiteelid vir kliniese farmakologie vir die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA), ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Basiese en Kliniese Farmakologie (SASBCP) en voorsitter van die finansiële komitee vir die 2014 Wêreldkongres vir basiese en kliniese farmakologie. Kapasiteitsontwikkeling word verskaf aan een van ons PhD-studente wat as 'n lid op die komitee dien.

Privaat sektor

Middelontleding vir privaat patoloë en ander instellings.

Biologiese toetse vir die WP-bloedoortappingsdiens is gedoen.

Die Tygerberg-gifinligtingsentrum het 'n donasie van Agricultural Crop Protection Dealers' Association of SA ontvang.

Internasionaal

Die internasionale navorsingsamewerking met die kliniek vir infeksiesiektes van die Universiteit van Wuerzburg, Duitsland, en die Department van Aptekers aan die Universiteit van Florida, Gainesville, Amerika. Die Wuerzburg-samewerking word bygestaan deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika, die Deutsche Forschungsgemeinschaft (DFG) en die Bavarian Federal Government (Internasionale Navorsingsopleiding-groeprojek 1522 "MIV/VIGS en gepaardgaande infeksiesiektes in Suid-Afrika"). Die IRTG-program het kapasiteitsontwikkeling en opleiding aan Suid-Afrikaanse en Duitse nagraadse studente, opleidingseminare en uitrustingsprogramme verskaf.

'n MSc-student van die Farmakologie-afdeling was vir drie maande in Wuerzburg om aan haar navorsingsprojek te werk, en drie mediese studente van die Universiteit van Wuerzburg het elkeen vyf maande navorsing gedoen in die Farmakologie-afdeling.

Prof. Rosenkranz is 'n lid van die UK Faculty of Pharmaceutical Medicine (RCP) Internasionale Komitee en 'n lid van IUPHAR.

Die WGO het ons gekonsulteer met betrekking tot die ontwikkeling van 'n gifinligtingsentrum in Afrika asook met die moontlike chemiese vergiftings in Angola. Dr. G.J. Müller het die WGO bygestaan met die ondersoek na die moontlike chemiese vergiftingsgevalle wat in verskeie skole voorgekom het in die Cabinda-provinsie in Angola (Augustus tot September 2011).

Prestasies

Navorsingspublikasies

Die Kliniese Navorsingseenheid vir Kinderinfeksiesiektes (KID-CRU) is in 2002 op die been gebring, hoofsaaklik om ondersoekende kliniese proefnemings uit te voer. Die hooffokusgebiede is MIV en tuberkulose. Die eenheid het sterk samewerkingsbande. KID-CRU is reg langs die Gesinskliniek vir MIV, die tweede oudste gesinskliniek in Afrika (na ons beste wete). Dié kliniek bied Teenretrovirus (TRV)-sorg aan kinders én volwassenes.

Aktiewe pasiënte in studies

KID-CRU STUDIES	TOTAL INGESKRYF	TOTAL AKTIEF IN STUDIES
P1060	89	71
P1066	2	2
P1070	5	5
P1073	28	26
Promise	58	54
BMS	27	22
GSK	30	14
Lipo	234	225
Cher	329	179

Personeel

POS	AANTAL
Direkteur	1
Eenheidsbestuurder	1
Administrateurs	3
Hulpwerkers	2
Beraders	11
Dataklerke	3
Databestuurders	1
Motorbestuurders	3
Laboratoriumassistent	2
Mediese Beamptes	7
Aptekers	4
Projekbestuurders	3
Geregistreeerde Verpleegkundiges	7
Maatskaplike Werkers	1
Stafverpleegkundiges	8
Studiekoördineerders	1
Totaal	58

Internasionale kongresse, werksessies, vergaderings

Prof. M. Cotton – Vergadering van die Tuberkuloseproefnemingskonsortium (TBTC), Denver, VSA, 13 – 14 Mei 2011, **komiteelid**.

Prof. M. Cotton – Vergadering van Internasionale Groep vir Kliniese Proefnemings oor Vigs by Moeders, Kinders en Adolessente (IMPAACT), Washington DC, VSA, 7-10 Junie 2011: **komiteelid**.

Prof. M. Cotton – Werksessie oor TB- en MIV-diagnostiek by volwasse en pediatriese bevolkings populasies, Silver Spring, VSA, 28 – 30 Junie 2011: **genooide deelnemer**.

Prof. M. Cotton – Derde Internasionale Werksessie oor MIV-pediatrie, Rome, Italië, 15 – 16 Julie 2011, **lid van die reëlingskomitee**.

Moderator, aanbiedings oor kliniese gevalle – moeilike gevalle in die behandeling en bestuur van MIV by kinders.

Opsommings, mondelinge aanbiedings

E. Walters, K. Reicchmuth, H. Rabie, **M. Cotton**, A Dramowski, B.J. Marais – *Virological outcomes in South African children co-treated with highly-active anti-retroviral therapy (HAART) and anti-tuberculosis therapy*.

Opsommings, plakkaataanbiedings

S Innes, R Eagar, C Edson, H Rabie, s Hough, R Haubrich, **MF Cotton**, S Browne – *Prevalence, DEXA differences and risk factors for lipoatrophy among pre-pubertal African children on HAART*.

AL Slogrove, H Rabie, **MF Cotton** – *Non-vertical transmission of HIV in children: more evidence from the Western Cape, South Africa*.

S Innes, E Lazarus, K Otwombe, A Liberty, R Germanus, **A Janse van Rensburg, M Cotton**, A Violari – *Significant CD4 depletion and advanced HIV disease in infants initiating HAART before 3 months of age*.

AL Slogrove, T Kollmann, **MF Cotton**, S Williams, J Bettinger, D Speert, M Esser – *HIV exposed uninfected (HEU) infants: evidence of severe infectious morbidity of South Africa*.

H Hassan, H Rabie, **MF Cotton** – *The clinical manifestations and outcomes of HIV infected children with Cryptococcus neoformans at Tygerberg Children's Hospital*.

N O'Connell, H rabie, A Dramowski, J Lawrenson, **M Cotton** – *Cytomegalovirus myocarditis presenting*

as immune reconstitution inflammatory syndrome in an HIV-1-infected child.

Prof. M. Cotton – Internasionale Vigskonferensie, Rome, Italië, 17 – 20 Julie 2011, **lid van die reëlingskomitee**.

Prof. M. Cotton – Vierde Kongres van die Federasie van Infeksiesiekteverenigings van Suider-Afrika (FIDSSA), Durban, 8 – 11 September 2011, **lid van die wetenskaplike komitee, genooide spanlid**.

Prof. M. Cotton – Wegbreesessie vir die Leiers van die Internasionale Groep vir Kliniese Proefnemings oor Vigs by Moeders, Kinders en Adolessente (IMPAACT), Washington DC, VSA, 6-9 November 2011, **komiteelid**.

Prof. M. Cotton – Sewende Internasionale Kongres van die Wêreldvereniging vir Pediatriese Infeksiesiektes (WSPID), 1 – 19 November 2011, Melbourne, Australië, **lid van die reëlingskomitee**.

Opsommings is beskikbaar by <http://www.sajcn.co.za/index.php/SAJCN>.

Prof. M. Cotton – Vierde Jaarlikse Pediatriese Wêreldgesondheidsimposium, 16 September 2011, Philadelphia, VSA – Praatjie: *Prevention and early detection in children: perspectives from the Western Cape, South Africa*.

Prof. M. Cotton – Twee-en-veertigste Wêreldkonferensie oor Longgesondheid, Lille, Frankryk, 26 – 30 Oktober 2011.

- Het 'n praatjie aangebied oor die risiko van TB by kinders wat aan MIV blootgestel is dog nie geïnfekteer is nie (kinders met MIV-positiewe moeders), en bewyse aangevoer van 'n algemene verhoogde siekerisiko. Die TB-voorkomsyfer is drie keer hoër as in die algemene populasie van kinders onder tweejarige ouderdom.
- Het 'n plakkaat aangebied oor tabakverslaafdes wat buite ingang 1 en 2 van Tygerberg Hospitaal rook. Die meeste ly aan matige verslawing, is bewus van die gevare, en sou graag hulp wou hê om op te hou.

Nasionale en plaaslike vergaderings

Prof. M. Cotton – Behandeling, sorg en steun – **lid van tegniese taakspan**, 9 Maart 2011, Pretoria.

Prof. M. Cotton – Dosering van antiretrovirale middels by kinders en adolessente – **voorsitter van vergadering**, Johannesburg, 2 Desember 2011.

Lesings/aanbiedings/seminare

Prof. M. Cotton – Stellenbosch Forum-lesing, 17 Maart 2011, J.S. Gericke-biblioteekouditorium, Stellenbosch – bied seminaar aan: Voorkoming en behandeling van MIV by kinders.

Prof. M. Cotton – Werksessie oor NIAID-toelaagbeleid en -bestuursopleiding, Kaapstad, 28 Maart 2011 – The challenges of conducting research while complying with USA grant funding requirements.

Prof. M. Cotton – US/MNR-Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie, 25 Julie 2011, MIV- en navorsingsnuus.

Pryse

Dr Steve Innes

Fogarty Internasionale Kliniese Navorsingsgenootskap: Studie – Toetsinstrument om lipo-atrofie op te spoor by MIV-positiewe kinders in Afrika op HAART.

Groepstudies oor lipo-atrofie/stavudien:

Die Farmakokinetika-studie oor stavudien het in die vaktydskrif Antiviral Therapy verskyn.

'n Gedeelte van die studie oor lipo-atrofie is ook vir publikasie in Antiviral Therapy voorgelê.

Jaarlikse opvolgbesoeke van lipo-atrofie-kohort tans aan die gang (sal na verwagting in Mei 2012 voltooi wees.

Data van die toetsinstrument vir lipo-atrofie is ontleed en 'n manuskrip vir publikasie opgestel.

Opleiding en onderrig

Daar is weeklikse lesings en aanbiedings oor verskeie werksverwante aspekte, en gassprekers word genooi. Dr. A. Riddick bestuur hierdie inisiatief. Sien G:\Personeel\Paediat\KIDCRU\Training\Library.

Hoogtepunte

- Dr. E. Maritz – Jaarvergadering oor tropiese pediatrie, Hamburg, Duitsland, 29 Januarie 2011 – Praatjie: The influence of pre-mastication on blood borne virus transmission.
- Prof. M. Cotton – Radio 786-praatjie, onderwerp: Moeder-na-kind-oordrag van MIV en verwante kwessies, uitgesaai op 21 Maart 2011.
- Prof M Cotton – Radio Tygerberg, Moeder-na-kind-oordrag van MIV en verwante kwessies, uitgesaai op 21 Maart 2011. Uitstekende terugvoer is van beide radiostasies ontvang.
- Prof. M. Cotton – gesels met dr. Michael Mol op SABC 3, 26 Julie 2011, as mediese kundige en lid

van die Vereniging vir Suid-Afrikaanse MIV-klinici – onderwerp: Voorkoming van moeder-na-kind-oordrag van MIV.

- Prof. M. Cotton – Kongres van Retroviruse en Opportunistiese Infeksies, 5 – 8 Maart 2012, Seattle, VSA – bied finale data van CHER-proefneming aan.
- Prof. M. Cotton – Vierde Werksessie oor Pediatriese MIV, 20 – 21 Julie 2012, Washington DC, tree op as medevoorsitter van werksessie en neem deel aan debat oor relevansie van INH-voorkoming.
- Prof. M. Cotton – Negentiende Internasionale Vigskonferensie, 22 – 27 Julie 2012, Washington DC, neem deel aan TRV-werksessies vir kinders.

South2South-Program vir Omvattende Miv-Sorg en Behandeling vir die Gesin

Dr K van der Walt

In die loop van 2011 het South2South 1 346 gesondheidsorgwerkers opgelei en 386 gesondheidsorgwerkers van mentorskap voorsien oor pediatriese MIV-behandeling, die voorkoming van moeder-na-kind-oordrag, en psigososiale steun. South2South het boonop 4 174 instrumentstelle en opleidingshulpbronne versprei, en in die vorm van verskeie tegniese werkskomitees tegniese bystand aan die nasionale Departement van Gesondheid verleen, onder meer oor pediatriese MIV, voorkoming van moeder-na-kind-oordrag, borsvoeding en gehalteverbetering.

South2South se klem val op kapasiteitsbou en die versterking van die gesondheidstelsel deur opleiding en die ontwikkeling van opleidingsmateriaal, mentorskap, gehalteverbetering, en tegniese bystand aan die Nasionale Departement van Gesondheid.

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Direkteure	2	2
Adjunk-direkteure	2	1
Kliniese Adviseurs	5	4
Verpleegadviseurs	5	4
Sielkundiges	1	1
Maatskaplike Werkers	3	2
Arbeidsterapeute	1	0
Administratief	5	5

SESSIONAL POSTS - HOURS PER WEEK		
	AANTAL	GEVUL
Dieetkundiges	1 (vyf uur per week)	1

Gemeenskapsuitreikprogramme/gemeenskapsdiens en -interaksie

South2South bied opleiding aan gesondheidswerkers deur die volgende kursusse:

- Kursus in pediatriese MIV-behandeling by Tygerberg-hospitaal (weeklange kursus);
- Die rol van die rehabilitasiespan in die vastelling en bestuur van pediatriese MIV;
- Oriëntering met betrekking tot die pediatriese MIV-instrumentstel;
- Pediatriese Verpleegkundige Inisiëring van Teenretrovirusbehandeling (NIMART);
- Kursus in basiese pediatriese MIV-behandeling vir dokters;
- Oriëntering met betrekking tot die instrumentstel; vir voorkoming van moeder-na-kind-oordrag;
- Opleiding in behandelingsvolhouding vir versorgers, kinders en adolessente.

South2South bied ook mentorskap in kliniese stelsels en gehalteverbetering aan gesondheidswerkers in die Moretele-subdistrik, Noordwes.

Vennootskappe

Nasionaal

Nasionale Departement van Gesondheid

Stigting vir Professionele Ontwikkeling

Zoe Life

Right to Care

Keth'Impilo

Anova-gesondheidsinstituut

Internasionaal

Presidensiële Noodplan vir VIGS-onderstand (PEPFAR)

Instituut vir Gesondheidsorgverbetering

Pediatriese Vigsbehandeling vir Afrika (PATA, Paediatric AIDS Treatment for Africa)

Francois-Xavier Bagnout-vereniging

Prestasie met betrekking tot navorsingsaktiwiteite en -uitsette

Clayton, J.A. *Paediatric Disclosure: Legal and Ethical Implications for Nurses and Healthcare Workers*. **HIV Nursing Matters**; 2011, 2(3), 26-29.

Smit, L. *Are Children Small Adults?* **HIV Nursing Matters**; 2011, 2(3), 22-24.

Smit, L.D. *Nurses, HIV and Paediatrics*. **HIV Nursing Matters**; 2011, 2(3), 10-13.

Onderrig en opleiding

	GETAL
Aantal gesondheidswerkers opgelei	1346
Aantal gesondheidswerkers van mentorskap voorsien	386
Hoeveelheid opleidingsmateriaal versprei	4174

Spesiale prestasies

South2South het die Departement Pediatrie en Kindergesondheid in verskeie tegniese advieskomitees van die Nasionale Departement van Gesondheid verteenwoordig, onder meer:

- Voorkoming van moeder-na-kind-oordrag (PMTCT);
- Gehalteverbetering;
- Data-invorderingsinstrumente;
- Openbaarmaking;
- Bors- en babavoeding;
- Pediatriese MIV.

Desmond Tutu TB-Sentrum

Prof. N Beyers

Die Desmond Tutu TB Sentrum (DTTS) werk in ooreenstemming met die domeine van die universiteit, naamlik:

- Navorsing
- Onderrig en Opleiding
- Gemeenskapsdiens

Ons het egter 'n addisionele domein bygevoeg, naamlik dié van

- Invloed op die beleid en praktyk.

Infrastruktuurontwikkeling

1. Sewe veldkantore is deur die Zambië-Suid-Afrika-studie oor die Vermindering van TB en MIV (ZAMSTAR) (in Kuyasa, Delft-Suid, Wallacedene, Mzamomhle, Nyanga, Kayamandi en Mbekweni) aan die Departement van Gesondheid geskenk.
2. Die terreinkantoor in Site C in Khayelitsha is aan die span vir pediatriese TB geskenk om studies oor TB onder kinders te doen.
3. 'n Nuwe lokaal is by die Brooklyn-borshospitaal

aangebou vir die bestudering van MDR-TB onder kinders.

4. Die laboratorium is na prof. Paul van Helden oorgedra.
5. Die twee veldkantore in Ravensmead en Uitsig word in stand gehou.
6. Die kindervriendelikheid van pediatriese lokale in die veldkantore in Ravensmead, Uitsig en Site C in Khayelitsha word in stand gehou om studies oor TB onder kinders te doen.
7. Die e-nose-studie (met 'elektroniese neuse') gaan voort, en kantore word in Adriaanse en Elsiesrivier in stand gehou.
8. Die DTTS is besig om die gemeenskapsentrums vir vrywillige berading en toetsing (VCT) na nie-regeringsorganisasies (NRO's) oor te dra, en die hele projek sal gedurende 2012 volkome afsluit.
9. Die voertuigvloot is in stand gehou en nuwe voertuie is aangekoop.
10. Die nuwe kantore (waar die ou sekuriteitsafdeling was, by die westelike ingang op die onderste vlak van die grondverdieping) is nou volledig in gebruik nadat opknappingswerk aanvanklik vertraag is.
11. Daar word tans gewerk aan fasiliteite om toegang vir mnr. Dunbar se dienshond te verleen (tuin en grasperk).
12. Die kombuis is opgeknop om vir mnr. Dunbar rolstoeltoegang tot die tuin te gee.
13. Die webblad (www.sun.ac.za/tb) is in stand gehou.

Gemeenskap-uitreikprogramme

1. Die ZAMSTAR-studie is uiteindelik afgehandel, en bedrywighede in die agt gemeenskappe is afgesluit.
2. Befondsing vir 'n nuwe ewekansige proefneming met teenretrivirusbetaling in gemeenskapsklusters (Population ART to Reduce Transmission – PopART) is verkry, en die DTTS is besig om nege veldterreine vir hierdie proefnemings te reël.
3. Die PMTCT-program gaan voort om opleiers oral in die provinsie op te lei ter voorbereiding van die DTTS se uitgang.
4. Die TB-vrye Kinders-projek is as vlagskipprojek van die US in stand gehou. Talle bedrywighede is in die gemeenskap onderneem. Me. Erica Jacobs doen tans 'n uitreestudie in Ravensmead en Uitsig.
5. Pediatriese studies by die DTTS is op die volgende navorsingsterreine gerig:

- a. Gemeenskapsgebaseerde huishouding-studies oor kontakopsoring, diagnosering en voorkoming, en biomerkerstudies van TB.
 - i. Hierdie voorgenome gemeenskapsgebaseerde studie gebruik die ontwerp van 'n huishoudelike-kontakstudie om die diagnostiese nut van nuwe TB-toetse wat op bloed gebaseer is, naamlik interferongamma-loslatingstoetse (IGRA's), te bepaal. Die DTTS het tot dusver 550 kinders by drie studiegemeenskappe ingeskryf. Opvolgwerk wat inskrywings en longitudinale vlak betref, sal gedoen word. Hierdie groot kohortstudie het ook gedien as platform vir verskeie ondergeskikte studies (kyk hieronder), studenteprojekte, en kapasiteitsbou- en opleidingsgeleenthede.
- b. Daar is ook 'n studie wat die invloed van omgewingsrook op kinders ondersoek. Altesaam 196 kinders uit drie studiegemeenskappe (Uitsig, Ravensmead en Site C in Khayelitsha) is betrek, waarvan 65,3% aan omgewingstabakrook blootgestel is.
- c. 'n Studie wat privaat gesondheidsorg ondersoek, het 210 pasiënte uit Site C betrek.
- d. Studies word in Khayelitsha gedoen oor TB-infeksie en -blootstelling onder kinders wat nie aan MIV blootgestel is, wat wel aan MIV blootgestel is, wat nie met MIV geïnfekteer is nie en wat wel met MIV geïnfekteer is. Studies word ook daar gedoen oor Helminth-ko-infeksie en hoe dit kinders se gevaar om TB op te doen, beïnvloed.
- e. Navorsing oor gesondheidstelsels met die oog daarop om die instel van voorkomende behandeling met isoniasied (IPT-behandeling) onder hoë-risiko-kinders in die gemeenskap te versterk, is in Ravensmead en by die Nolungile-kliniek in Khayelitsha gedoen.
- f. 'n Gedesentraliseerde kliniek vir die bestuur van kinders wat met MDR-TB in aanraking kom of daarmee geïnfekteer is, is in Site B in Khayelitsha ingerig, en meer as 150 kinders is daar hanteer.
- g. Die verskaffing van voorkomende behandeling met isoniasied (IPT) aan pasgebore babas wat aan TB blootgestel is, is by Tygerberg-hospitaal geassesseer.
- h. Die INH-farmakokinetika in Suid-Afrikaanse babas met 'n lae geboortegewig in die MIV-era is by Tygerberg-hospitaal ondersoek.
- i. Die uitdagings waarvoor veldwerkers te staan

kom wanneer hulle kliniese navorsing doen, is ondersoek in 'n studie wat deur die veldwerkers self geloods is.

- j. Die farmakokinetika en toksisiteit van tweedelinie-antituberkulosemiddels is by die Brooklyn-borshospitaal ondersoek in kinders wat met MIV geïnfekteer is, sowel as wat nie geïnfekteer is nie.
6. Die studie oor die evaluering van nuwe diagnostiek fokus op die aard en omvang van die insette wat nodig is om LPA's by die diagnostiese algoritmes in roetine-gesondheidsdienste in te sluit, die omvang en verskeidenheid van voordele vir pasiënte en hulle kliniese bestuur, en die mate waartoe hierdie voordele en bestuur na gelang van die konteks – wat epidemiologie en die gesondheidstelsel betref – wissel. Die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste (NHLS) stuur elke dag TB-data wat vanaf alle Stads- en provinsiale fasiliteite ontvang word, en MDR-TB-data word onttrek. Dit is 'n ingewikkelde studie wat die aanvang van MDR-TB-behandeling evalueer, asook gesondheidstelsels en -prosesse, pasiënte se gesigspunte en ekonomiese faktore.
7. Dr. Mareli Claassens het, in samewerking met die nasionale Departement van Gesondheid, haar studie oor aanvanklike versuiming in TB-gevallen na vyf ander provinsies (Noordwes, KZN, Oos-Kaap, Limpopo en Mpumalanga) uitgebrei om te bepaal hoekom basiese versuim plaasvind en om huisbesoeke te doen ten einde sulke primêre versuimers op te spoor. 'n Nuwe studie oor aanvanklike versuim is in die Wes-Kaap begin.
8. Befondsing is verkry om 'n kliniek vir volhoubare primêre gesondheidsorg in samewerking met die Wes-Kaapse provinsiale Departement van Gesondheid te ontwerp en op te rig.
9. Die Women in Networks(WIN)-projek gaan voort in Site C in Khayelitsha. In hierdie projek is die DTTS se doelwit om, in vennootskap met die Philani-voedingsentrum, te verseker dat kinders toegang tot die kindersorgtoelaag het. Virgin Unite het bykomende befondsing geskenk.
10. 'n Huis vir mama Maphosela
 - a. Die DTTS is al 'n hele aantal jare betrokke by mev. Maphosela, wat weeskinders en kwesbare kinders versorg. Die sentrum wag steeds dat die Stad Kaapstad die plan vir die nuwe huis goedkeur.
11. Die TB-MIV-integrasieprojek, wat tans in die laaste jaar van sy beplande vyf jaar is, het die

tweeledige mikpunt om die TB-las te verlig deur die opsporing van TB-gevallen te verbeter en gepaste TB-behandeling te verseker, en om MIV-oordrag in gemeenskappe te verminder en die impak van MIV op individue te verklein. Daar is drie mikpunte:

- a. Die projek se eerste mikpunt – om toegang tot dienste vir MIV-berading en toetsing (MBT) te verhoog – is bereik deurdat sewe MBT-gemeenskapsentrums in samewerking met NRO's opgerig en onderhou is. In 2011 het hierdie sentrums 29 950 kliënte getoets, ewe veel mans en vroue.
- b. Die projek se tweede mikpunt is om gesondheidstelsels te versterk, en om toegang tot en die gehalte van TB- en MIV-dienste te verbeter, asook samewerking tussen sodanige dienste.
 - Talle bedrywighede ter versterking van die gesondheidstelsel, onder meer opleiding en mentorwerk, is reeds vroeër in die projek in al 101 TB-klinieke in Kaapstad onderneem en gaan steeds voort.
 - Die DTTS het in al 101 klinieke sowel as op subdistriktvlak in Kaapstad 'n wye verskeidenheid ingrypings gedoen om TB-gevallen beter op te spoor, die TB-genesingskoers te verhoog deur infeksiebeheer te verbeter, en vatbaarheid vir TB en MIV te verlaag.
 - Kapasiteitsontwikkeling het voortgegaan: 81 kliniekpersoneellede het opleiding oor die geïntegreerde ouditinstrument vir MVST (HAST – MIV, VIGS, SOI's en TB) ontvang. Altesaam 39 algemene praktisyns is opgelei, en 59 beraders en kliniekpersoneellede het opleiding oor TB-behandelingsvolhouding ontvang.
 - Die DTTS het, in vennootskap met die Departement van Gesondheid, 'n databestuurstelsel vir uitslae vanaf die NHLS se sentrale laboratoriums ingestel met die oogmerk om diagnose van TB-gevallen te verbeter.
 - 'n Loodsingryping is in die Tygerberg-subdistrik gedoen om die aantal pasiënte te verminder wat versuim om hulle TB-medikasie te neem. Hierdie loodsprojek sal nou na alle klinieke in Kaapstad uitgebrei word.

c. Die projek se derde mikpunt is om toegang tot PMTCT-dienste te verbeter en omvattende sorg vir swanger vroue in die hand te werk, voordat én nadat hulle geboorte geskenk het.

- Alle gesondheidssubdistrikte in die Kaapstadgebied het steun ontvang (aanvanklik is net een subdistrik gesteun).
- Generiese programsteun is verskaf in die vorm van opleiding oor die hersiene PMTCT-protokol en die implikasies daarvan vir babavoeding:
- Steun is verskaf vir die ontwikkeling van materiaal vir inligting, opvoeding en kommunikasie oor swangerskap en oor PMTCT.

Die voorsiening van infrastruktuur aan die Departement van Gesondheid

1. Sewe veldkantore van die ZAMSTAR-studie (in Kuyasa, Delft-Suid, Wallacedene, Mzamomhle, Nyanga, Kayamandi en Mbekweni) is aan die Gesondheidsdepartement teruggeskenk. ZAMSTAR-aktiwiteite in gemeenskappe het tot 'n einde gekom, maar die kantore word nou vir nuwe studies gebruik.
2. 'n Nuwe lokaal word by Brooklyn-borshospitaal aangebou vir MDR-TB-studies onder kinders.
3. Die twee veldkantore in Ravensmead en Uitsig word steeds bedryf.
4. Die pediatriese lokale in die veldkantore van Ravensmead, Uitsig en Site C word as 'kindervriendelik' bedryf met die oog op TB-studies onder kinders.
5. Die e-neusstudie duur voort en bedryf kantore in Adriaanse en Elsiesrivier.
6. Die gemeenskapsentrums vir vrywillige berading en toetsing wat in die TB-MIV-integrasieprojek gebruik is, word nou aan nieregteringsorganisasies (NRO's) oorgedra, en die hele projek sal in die loop van 2012 finaal ten einde loop. Gemeenskapsvermoë is gebou en die onttrekkingsplan is bespreek met die Departement, wat steeds met hierdie NRO's sal saamwerk.

Projekte en studies met komponente van gemeenskapsinteraksie en -uitreik

1. Maandelikse vergaderings met die Stad Kaapstad en Wes-Kaapse Regering om gesamentlik op aktiwiteite te besluit.
2. MIV-berading-en-toetsing: Het sewe gemeen-

skapsentrums vir MIV-berading-en-toetsing in vennootskap met NRO's op die been gebring. Dié sentrums het 29 950 kliënte in 2011 getoets, van wie die helfte mans was.

3. Versterking van gesondheidstelsels en verbetering van toegang, gehalte en samewerking tussen MIV- en TB-dienste. Baie aktiwiteite ter versterking van gesondheidstelsels in ál 101 TB-klinieke in Kaapstad, onder meer opleiding en mentorskap.
4. 'n Wye verskeidenheid intervensies ter verbetering van TB-gevallen-opsporing, die TB-genesingskoers en TB-infeksiebeheer sowel as om vatbaarheid vir TB en MIV te verminder, is aan die gang in ál 101 klinieke sowel as op subdistriksvlak in Kaapstad.
5. Opleiding op versoek van die Direkoraat Gesondheid van die Stad Kaapstad:
 - a. MVST-geïntegreerde ouditinstrument: 81 kliniekpersoneel is hierin opgelei.
 - b. TB-opleiding: 39 huisartse het opleiding ontvang.
 - c. TB-behandelingsgetrouheid: 50 beraders en kliniekpersoneel het opleiding ontvang.
6. DTTS het met die Gesondheidsdepartement saamgewerk om 'n databestuurstelsel op die been te bring vir die bestuur van resultate uit die gesentraliseerde laboratoria van die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste, ten einde die aantal gediagnoseerde TB-gevallen te verminder. 'n Proefintervensie is in die Tygerberg-subdistrik aangevoer om die aantal TB-behandelingsversuimers te verminder. Hierdie proefprojek sal nou na al die klinieke in Kaapstad uitgebrei word.
7. Dienste ter voorkoming van moeder-na-kind-oordrag:
 - a. Steun aan alle gesondheidssubdistrikte oor Kaapstad heen
8. Die ZAMSTAR-studie is uiteindelik voltooi en aktiwiteite in die agt gemeenskappe is beëindig. Die model vir huishoudelike berading op grond van hierdie studie is bespreek met die Stad Kaapstad se Direkoraat Gesondheid, standaardbedryfsprosedures is uitgeruil, en opleiding is aangebied.
9. Gemeenskapsgesondheidswerkers sit die TB-Free Kids-projek in Ravensmead en Uitsig voort. Hulle lê huisbesoek af en spoor TB-pasiënte op om hulle weer met hul behandeling te laat begin.

10. Die gemeenskapspediatriestudies by DTTS vind hoofsaaklik in Ravensmead, Uitsig en in Site C in Khayelitsha, plaas. Hoewel dit navorsingstudies is, val die klem op die verbetering van gesondheidstelsels. Deur huishoudelike kontakstudies te onderneem en IPT-registers in te stel, word kinders wat met TB-gevalle in aanraking kom, beter versorg.
11. Studies oor die bestuur van kinders met MDR-TB of wat met MDR-TB in aanraking is in Site C aangevoer, en meer as 150 kinders word hier versorg.
12. Die studie oor die evaluering van nuwe diagnostiek konsentreer op die versterking van gesondheidsdienste, en verbeter die koppeling tussen gesondheidsdienste en die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste. 'n Databasis word tans ontwikkel wat met TB-toetsuitslae sal kan tred hou.
13. 'n Studie oor 'eerste behandelingsversuim' onder TB-gevalle word saam met die nasionale Departement van Gesondheid in vyf ander provinsies (Noordwes, KZN, Oos-Kaap, Limpopo en Mpumalanga) onderneem om die redes vir versuim te bepaal en om huisbesoek af te lê om hierdie versuimers op te spoor. 'n Nuwe studie oor eerste behandelingsversuim en die redes daarvoor is ook in die Wes-Kaap in samewerking met die Stad Kaapstad van stapel gestuur.
14. Finansiering is bekom om 'n volhoubare primêre gesondheidsorgkliniek in samewerking met die Wes-Kaapse Regering Gesondheid te ontwerp en te bou.
15. Die Women in Networks (WIN)-projek gaan voort in Site C. Hiervoor werk ons saam met die Philani-voedingsentrum ten einde te verseker dat kinders toegang tot kindertoelaes bekom. Virgin Unite het bykomende finansiering beskikbaar gestel.
16. DTTS werk ten nouste saam met die nasionale, provinsiale en plaaslike gesondheidsdepartemente, en verleen op alle vlakke bystand met die ontwikkeling van riglyne, handleidings en opleidingsmateriaal.
17. DTTS het 'n jaarlikse vergadering met die Nasionale TB-program om nuwe prioriteite vir TB-navorsing in Suid-Afrika te bepaal.
18. Op versoek van, en in vennootskap met, die Gesondheidsdirektoraat van die Stad Kaapstad, bied DTTS maandeliks 'n TB- kliniese forum vir klinici in die Stad se klinieke aan. In 2011 was daar tien TB-kliniese forums wat deur 534 gesondheidsorgwerkers bygewoon is.
19. 'n Vyfdaelange werksessie oor die ontwikkeling van bedryfsnavorsingsprotokolle is in 2011 vir kollegas van die Departement van Gesondheid in elk van die nege provinsies sowel as hul verbonde akademiese instellings aangebied. Altesaam 23 mense van die nege provinsies het die geleentheid bygewoon, en 13 voorstelle is opgestel.
20. 'n Werksessie oor die skryf van manuskripte is in Junie vir kollegas van die Departement van Gesondheidsd aangebied, en 11 manuskripte word tans afgerond vir voorlegging.

Vennootskappe

Nasionaal

1. Die DTTS het stewige bande met die nasionale, provinsiale en plaaslike gesondheidsdepartemente, en help op alle vlakke om riglyne, handleidings en opleidingsmateriaal te ontwikkel.
2. Die nasionale TB-program het die DTTS versoek om navorsingsdata by hulle kwartaallikse nasionale vergaderings voor te lê.
3. Die DTTS vergader elke jaar met lede van die nasionale TB-beheerprogram om nuwe prioriteite vir TB-navorsing in Suid-Afrika te stel.
4. Alle bedrywighede word in noue samewerking met die onderskeie vlakke van die Departement van Gesondheid beplan. Die DTTS vergader elke maand met regeringsvennote.
5. Alle bedrywighede word met die ondersteuning van die plaaslike gemeenskapsadviesrade beplan en uitgevoer.

Internasionaal

1. Die DTTS is steeds 'n samewerkingsentrum van die Internasionale Unie Teen TB en Longsiekte.
2. Die DTTS werk steeds saam met verskeie partye:
 - a. London School of Hygiene and Tropical Medicine.
 - b. Universiteit van Zambië.
 - c. KNCV-TB-stigting.
 - d. Universiteit van Amsterdam.
 - e. Universiteit van Oslo.
 - f. Case Western-universiteit.
 - g. KIT.
 - h. CDC: Tuberculosis Trials Consortium (TBTC), by meer as 20 internasionale terreine.

- i. Universiteit van Bergen, Noorweë.
- j. Case Western Reserve-universiteit, VSA.
- k. Columbia-universiteit, VSA.
- l. Imperial College, Londen.
- m. All India Institute of Medical Sciences.
- n. St John Medical College, Indië.
- o. Bernard Nocht-instituut van Tropiese Geneeskunde, Hamburg, Duitsland.
- p. Max Plank-instituut vir TB-navorsing, Berlyn, Duitsland.
- q. Charité-hospitaal, Berlyn, Duitsland.
- r. McGill-universiteit, Kanada.
- s. Suid-Afrikaanse TB-Vaksien-inisiatief (SATVI).
- t. Universiteit van Kaapstad: Afdeling vir Kliniese Farmakologie.
- u. Universiteit van Kaapstad: Eenheid vir Gesondheidseconomie.
- v. Universiteit van Wes-Kaapland: Afdeling vir Menslike Voeding.
- w. Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad se Sentrum vir Biostatistiek.
- x. Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Ontleding (SACEMA).

Prestasies in verband met navorsingsaktiwiteite en navorsingsuitsette

Die DTTS het 27 eweknie-beoordeelde artikels gepubliseer.

Onderrig en opleiding

1. Die DTTS bied, op versoek van en in vennootskap met die Kaapstadse Direkoraat van Gesondheid, een keer 'n maand 'n kliniese forum oor TB aan vir klinici wat in die Stad se klinieke werk. Daar is in 2011 tien kliniese forums oor TB gehou, en 534 gesondheidsorgwerkers het dit bygewoon.
2. 'n Vyfdaglange werksessie oor bedryfsnavorsings-protokol-ontwikkeling vir kollegas in die departemente van gesondheid van al nege provinsies, sowel as die akademiese instellings wat aan hulle verbonde is, is in 2011 aangebied; 23 persone uit nege provinsies het dit bygewoon, en 13 voorstelle is uitgewerk.
3. Prof. Donald Enarson het die DTTS twee keer besoek om die personeel te onderrig en as mentor vir hulle op te tree.
4. TB-opleiding is aan 50 algemene praktisyns verskaf.
5. 'n Werksessie oor manuskripskryfvaardighede is in Junie aangebied, en elf manuskripte word tans

afgerond vir voorlegging.

6. Minstens 21 nagraadse studente (4 Ph.D.'s, 15 meestersgrade en 2 baccalaureusgrade) het studieleiding ontvang.
7. Proff. Hesseling en Beyers gee onderrig in the magisterprogram in kliniese epidemiologie.
8. Prof. Beyers gee onderrig in verskeie programme van die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, waaronder die NIH se etiekprogram en die magisterklasse vir navorsers.
9. Die jaarlikse kursus oor TB onder kinders is in Desember 2011 weer by Goudini gehou, en deelnemers uit meer as 20 lande het dit bygewoon. Die kursus sal in 2012 herhaal word.

Besondere prestasies

1. Prof. Beyers het werk op drie terreine gedurende haar sabbatsverlof afgehandel:
 - a. Sy het 'n verslag oor die TB-situasie in Suid-Afrika geskryf oor die uitdagings wat TB stel, met spesifieke verwysing na die lesse wat by die DTTS geleer is uit navorsing wat in die Wes-Kaap onderneem is. Hierdie verslag is saam met ander aan die nasionale Minister van Gesondheid, mnr. Motsoaledi, voorgelê.
 - b. Sy het 'n handleiding oor die onderneming van operasionele navorsing afgehandel en gepubliseer.
 - c. Sy het modules vir 'n transdissiplinêre Ph.D. in gesondheid ontwikkel.
2. Die DTTS is vir die US se HOOP-projek aanvaar.
3. Strategiese-bestuursvergaderings is gehou en Strategie 2020 is ontwikkel vir die rigtings wat die DTTS die volgende paar jaar behoort in te slaan.
4. Kongreswerk:
 - a. verskeie voordragte.
 - b. 'n simposium oor operasionele navorsing by die 42ste Wêrelduniekonferensie oor Longgesondheid, Lille, Frankryk.
 - c. 'n simposium oor ZAMSTAR-uitslae by die 42ste Union World Conference on Lung Health, Lille, Frankryk.
5. Mnr. Rory Dunbar het nou 'n dienshond wat hom met sy take kan help.
6. Me. Wena Moelich is steeds die DTTS se gesekondeerde verteenwoordiger by die nasionale Departement van Gesondheid om die nasionale Kick TB-veldtog van stapel te stuur.
7. Daar was talle mediaberigte oor verskeie studies.
8. Voorsitter: die Pediatrisiese TB-belangegroep (TB-

- PIG) van die gemeenskapsdagsentrum se TB-opleidingsentrum, 2010 tot op hede (Hesseling).
9. Voorsitter: die Kinder-TB-subgroup van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se Nuwe Diagnostiese Werkgroep, 2009 tot op hede (Hesseling).
 10. Sekretaris: die Longgesondheidsafdeling van die Internasionale Unie teen Tuberkulose en Longsiektes (IUTALD), 2009 tot op hede (Hesseling).
 11. Voorsitter: IUTALD se werkgroep oor BCG, 2006 tot 2010 (Hesseling).
 12. Lid en voorsitter: die WGO se Dots-uitbreidingswerkgroep oor Kindertuberkulose, 2005 tot 2011 (voorsitter: Gie, lid: Hesseling).
 13. Mederedakteur: IUTALD (Hesseling).
 14. Mederedakteur: Public Health Action (Beyers).
 15. Lede: die provinsiale pediatriese TB/MIV-stuurkomitee van die Wes-Kaap, 2007 tot op hede (Schaaf, Hesseling).
 16. WGO-konsultant: Stop TB Global Plan – bywerk van navorsing, instrumente (2009 – 2011, Hesseling).
 17. Lid: die US se Institusionele Forum (Beyers).
 18. Lid: die Provinsiale Gesondheidsnavorsingskomitee (Beyers).
 19. Lid: die US se eregradekomitee (Beyers).
 20. Lid: die Navorsingsetiekkomitee van die US Senaat (Beyers).
 21. Lid: die Provinsiale TB-taakspan (Beyers).

PSIGIATRIE

Uitvoerende Departementshoof

1987 tot Junie 2011

Professor Robin Emsley

Waarnemende Uitvoerende

Departementshoof

Julie tot Desember 2011

Professor Soraya Seedat

Opsomming

- Prof. Robin Emsley het uitgetree as Departementshoof – 'n posisie wat hy voortreflik beklee het sedert 1987. Hy is steeds betrokke by die departement in die hoedanigheid van navorser.
- 'n Nepad-toekenning is vir 'n samewerkende Afrika- uitkomstestudie oor skisofrenie bekom vir die periode 2008 tot 2012.
- 'n Stanley- mediese navorsingsinstituut-toekenning is vir 2010 en 2011 toegeken.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Departementshoof	1	0
Hoofspesialis	2	2
Spesialis	5	5
Kliniese Assistent	7*	7*
Mediese Beampte	0	0

Uitset

BUIEPASIËNTBESOEKE		
JLG - Volwassenes	1464	1627
Skakel-/Noodpsigiatrie – Volwassenes	1451	1778
F.LG – C&A	2762	2854
Totale buitepasiëntbesoeke	5677	6259

TOELATINGS		
DG - Volwassenes	264	245
DLG - Volwassenes	204	220
DG - C&A	98	105
DLG - C&A	146	91
Totale toelatings	712	661



Getal (bruikbare) beddens

41 (en 3 vir afsondering)

41 (en 3 vir afsondering)

Teaterprosedures

Elektro-konvulsietherapie

27 (4 pt'e)

28 (4 pt'e)

Die departement lewer ook 'n volledige kliniese diens by Stikland-hospitaal en het insette gedeel met Lentegeur-hospitaal, die statistiek waarvan nie hier ingesluit is nie. (Statistiek vir Kliniese Sielkunde word ook nie hier ingesluit nie.)

Kommentaar op uitset

Daar was 'n geleidelike toename in skakel- of noodverwysings van binne Tygerberg-hospitaal. Toegang tot binnepasiëntbeddens het in aanvraag gebly, moontlik omdat 'n meer pasiënte, wat ook sieker is (ook liggaamlik), hospitaaltoelating benodig. Metamfetamien- en MIV-verwante toelatings het hoog gebly. Baie pasiënte moes op waglyste geplaas word voor toelating. Die totale buitepasiënt- en skakelassesserings het met 10,2% toegeneem.

Infrastruktuurontwikkeling

Die eerste fase van die daarstelling van 'n aparte kinder-en-adolesent- psigiatriese eenheid (GLG), wat in 2010 voltooi sou gewees het, sal na verwagting in 2012 voltooi word. Verdere fases is die opknapping en omruiling van die buitepasiënte vir volwassenes (JLG) en dié vir kinders-en-adolesente (FLG).

Gemeenskapsuitreikprogramme

Dienslewering en indiensopleiding (Volwasse en Peditries) het voortgegaan in gemeenskapsgeestesgesondheidsklinieke in die Weskus, Wynland, en Oostelike Metro-distrikte. Buiten die 24-uur telefoniese steundiens, word kliniese assistente ook vir 'n halfdag per week aan klinieke afgestaan. Om te help met die bekamping van die vinnig stygende middelprobleme in die Wes-Kaap, het die departement voortgegaan om psigiatryse steun te verskaf aan 'n aantal middelbehandelings-NRO's, waaronder SANCA, Sultan Bahu, Toevlug, Ramot en Hesketh King, asook regeringsdepartemente soos die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. **Dr. Lize Weich** het voortgegaan met die opleiding van primêre gesondheidsorgwerkers in die Wes-Kaap in die hantering van middelgebruikversteurings.

Die selfgeldende gemeenskap-behandelingspan by Stikland-hospitaal steun steeds, onder leiding van **Dr. Ulla Botha**, individue met psigiatryse siektes en hul gesinne in die metro. Die diens omvat ook 'n dagsentrum by Stikland-hospitaal vir die Noordelike Voorstede.

Prof. Christine Lochner vermeld dat die Geestesgesondheid-inligtingsentrum (MHIC), sedert 2011 onder leiding van me. Janine Roos, nog 'n Brein-bewusmakingsweek gehou het. Laasgenoemde is 'n internasionale veldtog van die Dana-bondgenootskap om bewusmaking onder die publiek te kweek van die vordering, belofte en voordele van breinnavorsing. As 'n vennoot van Brein-bewusmakingsweek, het die MHIC weereens hierdie week gevier, van 14 tot 18 Maart 2011. MHIC-personeel het 200 gr. 12-leerlinge besoek by Valhalla- sekondêre skool, Marion-sekondêr en Hoërskool Excelsior. Praatjies is daar aangebied oor die gevolge van middelmisbruik en oor die brein, oor die sielkundige impak van trauma in die algemeen, en oor die verskeie navorsingsprojekte aan die gang by die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Eenheid vir Angs- en Stresversteurings. Me. Jennifer Hsieh van die Universiteit van Kaapstad (UK) het 'n aanbieding gedoen oor die uitwerking van metamfetamien op die brein, en me. Lindi Martin (MNR-eenheid) het die reëlings getref vir sommige van die aktiwiteite by die skole en het die leerlinge oor die MNR se huidige navorsingsprojekte ingelig. Elke skoolbiblioteek het boeke en brosjures wat deur die Dana-bondgenootskap versprei word, ontvang.

Die leerlinge het deelgeneem aan vasvrakompetisies wat gebaseer was op die inligting wat verskaf was, en pryse is aan die weners uitgedeel.

Die MHIC het ook deelgeneem aan geestesgesondheid-bewusmakingsprojekte in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Beeldende Kunste in Mei 2011 en gedurende die universiteit se Welstanddag in Junie 2011. Voorts het die MHIC ook plakaataanbiedings gedoen by die US se Gemeenskapsinteraksie-simposium in September 2011 en by die Wêreldkongres vir Geestesgesondheid in Oktober 2011. Die MHIC het ook 'n Boendoetrapdag ter viering van Geestesgesondheidsmaand in Oktober 2011 gehou, en gasheer gespeel vir die Anxiety Expert op die webblad Health24.com.

Die Departement van Psigiatrie is deur middel van die MHIC ook gereeld in verbinding met verbruikersteungroepe soos die Suid-Afrikaanse Depressie en Angs-groep, die Kaapse Geestesgesondheidsvereniging, BIG/MIND, die Suid-Afrikaanse Bondgenootskap vir Geestesgesondheid en die Postnatale Depressie-steungroep. Ander belangrike vennote is die Departement van Gesondheid se Subdirektoraat vir Geestesgesondheid en Middelmisbruik. Professionele organisasies soos die Suid-Afrikaanse Vereniging van Psigiaters, die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging, die Mediese Navorsingsraad en die geneesmiddelbedryf.

In 2011 is die MHIC se webblad opgeknop en is die aanlynweergawe van die MHIC-hulpbrongids ook gefinaliseer. Opdaterings word voortdurend gedoen onder die toesig van me. Roos en met die hulp van die navorsingsassistent me. Bronwyne Coetzee.

Dr. Francois Pretorius het in samewerking met die Nasionale Instituut vir Dowes 'n maandelikse "Visuele-interaksie-kliniek" by Worcester-hospitaal op die been gebring, waar psigiatryse dienste beskikbaar gestel word aan mense wie se eerste taal Suid-Afrikaanse gebaretaal is. Hierdie diens is enig in sy soort in Afrika.

Vennootskappe

Prof. Robin Emsley het 'n Nepad-toekenning vir 'n samewerkende Afrika- uitkomstestudie oor skisofrenie bekom vir die periode 2008 tot 2012. Die studie word in samewerking met prof. Gureje van die Universiteit van Ibadan, in Nigerië, gedoen. 'n Deel van die befondsing was vir kapasiteitsbou – jong psigiaters van die US en die Universiteit van Ibadan, asook

navorsingsverpleegkundiges van Ibadan, het reeds in 2008 opleiding ontvang in navorsingsmetodologie en inter-betroubaarheidstoetse.

Die MNR se Eenheid vir Angsversteurings het onder die leiding van **Prof. Soraya Seedat** voortgegaan om te funksioneer as 'n multi-universiteitsentrum (wat die UK insluit) waarin verskeie hoofnavorsers gesamentlik fokus op sleutel-wetenskaplike temas.

Die Fetale Alkoholsindroom-substudie, Etiekprojek-nommer N 06/07/129A, is op 6 Oktober 2009 goedgekeur en op 1 November 2009 begin. Die studie se voorlopige bevindinge is vrygestel by 'n media-inligtingsessie in September 2011. Die projek nader tans voltooiing en die finale uitslae sal aan die einde van 2012 vrygestel word.

In haar hoedanigheid as provinsiale koördineerder vir psigiatriesemiddel-dienste, was **Dr. Lize Weich** betrokke by verskeie projekte. Sy het ook gedien as 'n lid van die SANCA-raad, van die stuurkomitee vir Suid-Afrikaanse Gehaltemaatstawwe, van die opioïedbehandelingsadvies-raad, en van die Wes-Kaapse Forum vir Middelmisbruik se uitvoerende komitee.

Prestasies t.o.v. navorsingsaktiwiteite en navorsingsuitsette

Die Departement van Psigiatrie is aktief betrokke by oorspronklike navorsing wat 'n wye verskeidenheid van onderwerpe dek, waaronder angsversteurings, skisofrenie en genetica. In 2011 is 20 referate by internasionale konferensies en 55 by nasionale konferensies voorgedra. Ongeveer 70 artikels is hierbenewens gepubliseer.

Verrigtinge: Internasionaal

1. **ADAMS RCM, COTTON MF, ESSER M, DE BEER C.** *Pilot study of the innate immune abnormalities in HIV exposed uninfected infants.* *Virology Africa* 2011. *Virology Africa* 2011, V&A-waterfront, Kaapstad, Suid-Afrika, 2011: 1.
2. **ALEXANDER D.** *Concussion in early adolescent rugby players: impact on cognitive and academic performance.* Sestiende Internasionale Konferensie van die Vereniging van Sielkunde en Psigiatrie vir Volwassenes en Kinders, Athene, Griekeland, 2011: 2.
3. **ASMAL L, EMSLEY RA, CHILIZA B, OOSTHUIZEN PP.** *Previous offending among first episode psychosis patients: Prevalence and clinical correlates.* Tiende Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, Praag, Tjeggiese Republiek, Wêreldfederasie van Verenigings vir Biologiese Psigiatrie, 2011: 92.

4. **ASMAL L.** *Bridging bedside and bench: developing translational neuropsychiatry research in Africa.* Tweede Simposium van die Sentrum vir Wêreld-Geestesgesondheid in Afrika, Mbarara, Uganda, 2011: 15.
5. **ASMAL L.** *Family intervention for schizophrenia: an exploratory qualitative study.* Wêreld-Geestesgesondheidskonferensie, Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum, Kaapstad, Suid-Afrika, 2011: 2.
6. **EMSLEY RA, OOSTHUIZEN PP, KOEN L.** *Relationship between antipsychotic medication adherence, remission and relapse in first episode psychosis.* Tiende Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, Praag, Tjeggiese Republiek, Wêreldfederasie van Verenigings vir Biologiese Psigiatrie, 2011: 59.
7. **EMSLEY RA.** *The EMEA ADHES survey in schizophrenia, an initiative to raise awareness of non-adherence to medication, demographics and methodology.* Negentiende Kongres van Psigiatrie, Wene, Oostenryk, *European Psychiatry Supplement*, 2011: 1445.
8. **EMSLEY RA.** *The EMEA ADHES survey in schizophrenia: psychiatrists' perceptions of reasons for partial or non-adherence.* Neëntiende Kongres van Psigiatrie, Wene, Oostenryk, *European Psychiatry Supplement*, 2011: 1444.
9. **EMSLEY RA.** *The EMEA ADHES survey in schizophrenia: psychiatrists' perceptions of the extent of assessment and management of partial and non-adherence to medication.* Sestiende Tweejarige Winterwerkswinkel in Psigose, Innsbruck, Oostenryk, *International Clinical Psychopharmacology Supplement*, 2011: e168-e169.
10. **JORDAAN GP.** *Resting brain perfusion in alcohol-induced psychotic disorder: a comparison in patients with alcohol dependence, schizophrenia and healthy controls.* Negentiende Kongres van Psigiatrie, Wene, Oostenryk, *European Psychiatry Supplement*, 2011: 1850.
11. **LOCHNER C.** *Comorbid obsessive-compulsive personality disorder in obsessive-compulsive disorder (OCD): a marker of severity.* Vyftiende Wêreldkongres van Psigiatrie, Buenos Aires, Argentinië, 2011: 28.
12. **LOCHNER C.** *Comorbid obsessive-compulsive personality disorder in obsessive-compulsive disorder (OCD): a marker of severity.* Agtiende Jaarlike Konferensie oor Hare-uittrek- en Velpuk-versteurings, Kalifornië, San Francisco, VSA, 2011: 8.

13. **LOCHNER C.** *The validity of DSM-IV-TR criteria B and C of hair-pulling disorder (trichotillomania): evidence from a clinical study.* Vyftiende Wêreldkongres van Psigiatrie, Buenos Aires, Argentinië, 2011: 12.
 14. **LOCHNER C.** *The validity of DSM-IV-TR criteria B and C of hair-pulling disorder (trichotillomania): evidence from a clinical study.* Agtiende Jaarlikse Konferensie oor Hare-uittrek- en Velpluk-versteurings, Kalifornië, San Francisco, VSA, 2011: 7.
 15. **NIEHAUS DJH, KOEN L, EMSLEY RA.** *Duration of illness as a predictor of latent class allocation in a Xhosa schizophrenia sample.* Tiende Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, Praag, Tjeggiese Republiek, Wêreldfederasie van Verenigings vir Biologiese Psigiatrie, 2011: 48.
 16. **NIEHAUS DJH.** *A prospective randomized controlled trial of paliperidone ER versus oral olanzapine in patients with schizophrenia.* Agtiende Europese Kongres van Psigiatrie, München, Duitsland, IBRO, 2011: 1109.
 17. **POTOCNIK FCV.** *Leukocyte counts in multiple sclerosis and Alzheimer's disease.* Agtste Wêreldkongres van Neurowetenskap van die Internasionale Breinnavorsingsorganisasie (IBRO), Florence, Italië, IBRO, 2011: 90.
 18. **ROOS J.** *Mental health information with the click of a button.* Wêreld-Geestesgesondheidskonferensie, Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum, Kaapstad, Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Genootskap vir Geestesgesondheid, 2011: 8.
 19. **ROOS J.** *The Mental Health Information Centre of Southern Africa: a call centre with a difference.* Wêreld-Geestesgesondheidskonferensie, Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum, Kaapstad, Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Genootskap vir Geestesgesondheid, 2011: 7.
 20. **SEEDAT S.** *Contributory effects of childhood trauma to white matter tract injury in HIV infected and uninfected women.* Vrye mondelinge kommunikasie, 10de Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, Praag, Tjeggiese Republiek, 29 Mei tot 2 Junie 2011.
 21. **SPIES G.** *Neurocognitive outcomes in HIV and childhood trauma.* Tiende Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, Praag, Tjeggiese Republiek, Wêreldgenootskap van Verenigings vir Biologiese Psigiatrie, 2011: 71.
- Verrigtinge: Nasionaal**
1. **AHMED F.** *Associations between neurocognition and brain volumes in adolescents with and without posttraumatic stress disorder (PTSD).* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 186.
 2. **ASMAL L.** *Bridging bedside and bench: developing translational neuropsychiatric research in Africa.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 1.
 3. **ASMAL L.** *Family intervention for schizophrenia: an exploratory qualitative study.* Provinsiale Navorsingsdag, Valkenburg-hospitaal, Kaapstad, Suid-Afrika, Departement van Gesondheid, 2011: 10.
 4. **BAKELAAR SY.** *The aetiological contributions of early childhood trauma to social anxiety disorder (SAD) and post traumatic stress disorder (PTSD): a systematic review.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 187.
 5. **BAKELAAR SY.** *The aetiological contributions of early childhood trauma to social anxiety disorder (SAD) and post traumatic stress disorder (PTSD): a systematic review.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 26.
 6. **BARNARD MP.** *Utilizing bayley scales to determine developmental functioning of infants and toddlers born to high risk alcohol exposed women: the fetal alcohol syndrome prevention study.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 118.
 7. **BOTHA M.** *The impact of voluntary exercise on relative telomere length in a rat model of developmental stress.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 2.
 8. **CHILIZA B.** *Typical versus atypical antipsychotics.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 2.
 9. **COETZEE B.** *Impulsivity in obsessive-compulsive disorder: clinical and genetic correlates.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 183.
 10. **COETZEE B.** *Impulsivity in obsessive-compulsive disorder: clinical and genetic correlates.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of

- Psychiatry Supplement, September 2011: 26.
- 11 **COETZEE B.** *Impulsivity in obsessive-compulsive disorder: clinical and genetic correlates.* Mediese Navorsingsraad-navorsingskonferensie, Mediese Navorsingsraad, Parow, Suid-Afrika, 2011: 9.
 - 12 **DE VRIES MM.** *Addressing maternal risk factors for fetal alcohol spectrum disorders.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 151.
 - 13 **DU PLESSIS SA.** *Validation of an fMRI stop signal anticipation task for use in Xhosa South Africans.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 188.
 - 14 **DU PLESSIS SA.** *Validation of an fMRI stop signal anticipation task for use in Xhosa South Africans.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry, 2011: 6.
 - 15 **EMSLEY RA.** *Does relapse in schizophrenia cause long-term harm?* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 7.
 - 16 **FJELDHEIM C.** *Effects of mediators and moderators amongst mortuary workers and paramedic students.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 188.
 - 17 **FOUCHE JP.** *Diffusion tensor imaging in HAART-NAIVE children vertically infected with HIV.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, 2011: 189.
 - 18 **FOUCHE JP.** *Evidence for fractional anisotropy and mean diffusivity white matter abnormalities in the internal capsule and cingulum of patients with OCD.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 197.
 - 19 **HEMMINGS SMJ.** *Effects of childhood trauma and telomere length on HIV-associated neurocognitive impairments in South African women.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 27.
 - 20 **HEMMINGS SMJ.** *Identification of ligands interacting with the wolframin protein, a candidate in the pathophysiology of posttraumatic stress disorder (PTSD).* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement September, 2011: 9.
 - 21 **HEMMINGS SMJ.** *Investigating telomere length and psychological stress in South African rape victims.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 8.
 - 22 **JORDAAN GP.** *Resting brain perfusion in alcohol-induced psychotic disorder: a comparison in patients with alcohol dependence, schizophrenia and healthy controls.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 10.
 - 23 **LOCHNER C.** *Obsessive Compulsive Disorder – The myths, the facts, its course, symptoms, causes and the cognitive behavioural treatment of OCD.* 'n Voortgesette Professionele Ontwikkelingspraatjie by Vista-kliniek, Centurion, Oktober 2011.
 - 24 **LUCKHOFF M.** *Assault and seclusion monitoring at Stikland Hospital.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 13.
 - 25 **MALAN S.** *Effects of childhood trauma and telomere length on HIV-associated neurocognitive impairments in women.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 29.
 - 26 **MARTIN L.** *Correspondence between self-reported and objectively determined memory and attention/concentration performance in traumatized adolescents.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 30.
 - 27 **MCGREGOR NW.** *The identification of novel susceptibility genes in anxiety disorders.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 191.
 - 28 **MCGREGOR NW.** *The identification of novel susceptibility genes in anxiety disorders.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 31.
 - 29 **NASSEN R.** *A case series of medically ill HIV positive children referred to a paediatric consultation liaison service for a psychiatric evaluation.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 16.

- 30 **NIEHAUS DJH.** *Facial affect recognition and medical students.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 16.
- 31 **OJAGBEMI AA.** *Association between duration of untreated psychosis and baseline demographic characteristics among Nigerian patients with first episode schizophrenia.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 16.
- 32 **OOSTHUIZEN PP.** *Should depression be treated by algorithm? A call to arms against Zombie science.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 17.
- 33 **PIENAAR WP.** *Informed consent in psychiatric research - overrated and exclusionary.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 18.
- 34 **PIENAAR WP.** *The interface of morality, bioethics and the law by case discussion.* Tweede Forensiese Geestesgesondheid-konferensie, Opvoedingsentrum, Valkenburg-hospitaal, Kaapstad, Suid-Afrika, Departement van Gesondheid 2011: 3.
- 35 **RAS J.** *Audit of non-urgent general adult referrals to a state psychiatric facility.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 192.
- 36 **RAS J.** *Audit of non-urgent general adult referrals to a state psychiatric facility.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 18.
- 37 **REVINGTON N.** *Does the number of experienced abuses impact on measures of neurocognition in trauma exposed South African youth?* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 192.
- 38 **REVINGTON N.** *Does the number of experienced abuses impact on measures of neurocognition in trauma exposed South African youth?* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 32.
- 39 **ROOS A.** *Hair-pulling disorder (trichotillomania): white matter changes and their clinical correlates.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 33.
- 40 **ROOS A.** *White matter integrity in trichotillomania is altered by illness duration and severity.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 193.
- 41 **ROSENSTEIN D.** *The state of child and adolescent cognitive behavior therapy in South Africa: a case series and oral presentation.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 18.
- 42 **SEEDAT S.** *Contributory effects of childhood trauma to white matter tract injury in HIV (Human immunodeficiency virus) infected and uninfected women.* Biological Psychiatry Congress, Protea Hotel, Stellenbosch, South Africa, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 20.
- 43 **SMIT I.** *Neurological soft signs as an endophenotype in an African schizophrenia population - a pilot study.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 193.
- 44 **SMIT I.** *Neurological soft signs as an endophenotype in an African schizophrenia population - a pilot study.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 20.
- 45 **SPIES G.** *Neurocognitive outcomes in HIV and childhood trauma.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 194.
- 46 **SPIES G.** *Neurocognitive outcomes in HIV and childhood trauma.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 35.
- 47 **SULIMAN S.** *Memory, sleep and acute stress disorder.* Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 195.
- 48 **SULIMAN S.** *Memory, sleep and acute stress disorder.* Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 35.
- 49 **VAN DEN HEUVEL L.** *Prevalence and correlates of anxiety and mood disorders among TB and HIV*

infected Zambians. Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 23.

- 50 **VAN DER WALT L.** *Resilience and PTSD in the acute aftermath of rape: comparative analysis of adolescents versus adults*. Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 196.
- 51 **VAN DER WALT L.** *Resilience and PTSD in the acute aftermath of rape: comparative analysis of adolescents versus adults*. Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 36.
- 52 **VOGES J.** *Assessment of the verbal communication skills of medical students*. Vyf-en-vyftigste Jaarlikse Akademiese Dag, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Tygerberg, Suid-Afrika, 2011: 82.
- 53 **VOGES J.** *Assessment of the verbal communication skills of medical students*. Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 36.
- 54 **WEICH LEM.** *Medical management of opioid use disorders*. Biologiese Psigiatrie-kongres, Protea-hotel, Stellenbosch, Suid-Afrika, African Journal of Psychiatry Supplement, September 2011: 24.

Hoofstukke in boeke

1. **EMSLEY RA, CHILIZA B, ASMAL L, DE FLEURIOT M.** 2011. "Long-acting injectable antipsychotics in early psychosis". In *Antipsychotic long-acting infections*. New York: Oxford University Press. Pp. 145-162.
2. **KATZ C, STEIN M, RICHARDSON JD, SEEDAT S, SAREEN J.** 2011. "A review of interventions for treatment-resistant posttraumatic stress disorder". In *Different views of anxiety disorders*, InTech, Rijeka, Croatia (Plaaslike naam: Hrvatska). Pp. 251-270.
3. **MATSUNAGA H, SEEDAT S.** 2011. "Obsessive-compulsive spectrum disorders: cross-national and ethnic issues". In *Obsessive-compulsive spectrum disorders - refining the research agenda for DSM-IV*. Arlington, USA: American Psychiatric Association. Pp. 205-222.
4. **PIENAAR WP.** "Ethics in mental healthcare". 2011. In *Medical Ethics, Law and Human Rights*.

Pretoria: Van Schaik. Pp. 203-222.

5. **VAN RENSBURG SJ, POCNIC FCV, KOTZE MJ, STEIN DJ.** 2011. "Antemortem markers in Alzheimer's disease". In *Principles and practice of geriatric psychiatry*. Chichester: John Wiley & Sons. Pp. 299-303.
6. **WANG PS, AGUILAR-GAXIOLA S, ALONSO J, LEE S, SCHOENBAUM M, ÜSTÜN TB, KESSLER RC, BRUFFAERTS R, BORGES G, DE GIROLAMO G, GUREJE O, HARO JP, KOSTYUCHENKO S, KOVESS V, LEVINSON D, MATSCHINGER H, MNEIMNEH Z, OAKLEY BROWNE M, ORMEL J, POSADA-VILLA J, SEEDAT S, TACHIMORI H, TSANG A.** 2011. "Assessing Mental Disorders and Service Use Across Countries: The WHO World Mental Health Survey Initiative". In *The Conceptual Evolution of DSM-5*. Eds Regier DA, Narrow WE, Kuhl EA, Kupfer, DJ. Arlington, USA: American Psychiatric Publishing. Pp. 261-301.

Onderrig en opleiding

STUDENTE	AANTAL
M.Med.-studente geregistreer in 2011	21
M.Med.-studente tans (2012) geregistreer	22
D.-studente geregistreer	16
D.Med.-studente (Drs Chiliza en Hawkrigde)	2
Ph.D.-studente	14
F.C. Psych. Deel II suksesvolle kandidate (Dr's Sunet Bodenstein en Elsa du Toit en Mpogi Mashile)	3
M.Med.-grade toegeken (Dr Elsa du Toit)	1
Gefal D.-grade toegeken (Drs Helen Ferrett en Georgina Spies)	2

Die eerste jaar waar die M.B.Ch.B. III-kursus met die Geallieerde Gesondheidswetenskappe (Pat AGB) gekombineer is, het suksesvol afgeloop onder die leiding van **Dr. Helena Lategan**, om ooreen te stem met die fakulteit se benadering van geïntegreerde onderrig.

Me. Michele Ainslie is in Januarie 2011 aangestel as die Onderrig-en-Leer-bestuurder en as die Diensopleidingskoördineerder in die Departement van Psigiatrie.

Spesiale prestasies

Prof. Robin Emsley:

- het 'n Stanley Mediese Navorsingsinstituut-toelaag ontvang, VSA (2010-2011).
- het 'n Nepad-toelaag ontvang vir 'n samewerkende Afrika-uitkomstestudie oor skisofrenie (vir 2008 tot 2012).
- en het gedien as:
 - komiteelid en beamppte van die Afdeling oor Skisofrenie van die Wêreld- Psigiatrisie Vereniging.
 - raadslid van die Fakulteit van Psigiatrie van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika.
 - komiteevertewoordiger van die Suider-Afrikaanse Biologiese Psigiatrie-groep.
 - lid van die Collegium Internationale Neuro-Psychopharmacologicum.
 - lid van die internasionale adviesraad van die Internasionale Vereniging van Skisofrenienavorsing en lid van die Opvoeding- en Opleiding- en Finansieskomitees.
 - fakulteitslid van die Lundbeck- Internasionale Psigiatrie-instituut.
 - fakulteitslid van die Janssens Internasionale Psigiatrisie Akademie.
 - lid van die Internasionale adviesrade vir Janssen-Cilag en Servier, en dien in die redaksierade van nege internasionale en een nasionale psigiatrisie joernaal.

Prof. Soraya Seedat

- het, in samewerking met navorsers aan die UK, 'n vyfjaartoelaag van die Nasionale Instituut van Gesondheid (NHI) ontvang vir 'n studie getiteld: *Mechanisms of HIV Neuropathogenesis: Emerging Domestic and Global Issues* (vir die periode 2009 tot 2013).
- het 'n gesamentlike Afrikatoelae ontvang vir 'n samewerkende genetikastudie ontvang, saam met dr. Eugene Kinyanda van die MNR se MIV- eenheid in Kampala, Uganda.
- is verkies tot die Internasionale Wetenskaplike Programkomitee (ISPC) vir die tiende Wêreldkongres van Biologiese Psigiatrie, wat plaasgevind het in Praag, die Tjeggiese Republiek, van 29 Mei tot 2 Junie 2011.
- is aangestel as medenavorser van (i) 'n VIGS- verwante TB-studie in Zambië, getiteld *Common Mental Disorders among TB and HIV-Positive Patients Accessing Treatment at Primary Health*

Care Facilities in Zambia, en van (ii) *International Study of Student Career Choice in Psychiatry*, wat 'n toelaagstudie is wat gesubsidieer word deur die Wêreld- Psigiatrisie Vereniging (WPA).

- is hoofredakteur van die *Journal of Child and Adolescent Mental Health*, sedert 2010.
- is verkies tot:
 - lid van die Senaat van Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika, 2009 tot 2011.
 - lid van die Wêreldgenootskap van Verenigings van Biologiese Psigiatrie se Taakspankomitee oor die Ontwikkelende Wêreld, 2006 tot hede.
 - lid van die Collegium Internationale Neuro-Psychopharmacologicum en van die Grondwet- en Verordeningkomitee.
 - lid van die Amerikaanse Psigiatrisie Vereniging.
 - president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Biologiese Psigiatrie.
 - visevoorsitter van die Etiekkomitee vir Gesondheidsnavorsing van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch, 2011 tot 2013.
 - lid van die Suid-Afrikaanse nasionale komitee vir die Internasionale Breinnavorsingsorganisasie, 2009 tot 2011, en is herverkies tot die MNR-toekenningskomitee, vir 2010 tot 2012.

Prof. Christine Lochner

- is herverkies tot lid van die Etiekkomitee vir Gesondheidsnavorsing van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit.
- is verkies tot lid van die komitee vir nagraadse onderrig, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch.

Prof. Willie Pienaar

- is 'n lid van die Etiekkomitee vir Gesondheidsnavorsing van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch.
- is 'n lid van die Bio-Etik- eenheid van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe.
- is voorsitter van die Geestesgesondheid- en Terapie-forum van die Geassosieerde- Psigiatrisie Hospitale.

Dr Bonginkosi Chiliza

- het die Nasionale Navorsingstigting (NRF) se toekenning vir die Verbetering van 'n Akademiese Kwalifikasie ontvang vir 2011.
- was 'n begunstigde van die Andrew Mellon-stigting se Loopbaanprogram vir Jong Navorsers in 2011.
- dien as:
 - voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Psigiaters (SASOP) se Wes-Kaapse subgroep.
 - voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale YMCA-raad.
 - Voorsitter van die komitee vir die Jaarlikse Akademiese Dag van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe.

Prof. Christine Lochner

- het 'n reistoelae en stipendium van die Trichotillomanie-leersentrum ontvang.
- is verkies tot Jong Affiliaat van die Akademie van Wetenskappe vir die Ontwikkelende Lande (TWAS) by die Sub-Sahara-streekkantoor vir die periode 2011 tot 2015.
- is stigterslid van die Suid-Afrikaanse Jong Akademie van Wetenskap (SAYAS), 'n tak van die Akademie van Wetenskap van Suid-Afrika, vir 2011 tot 2016.
- het 'n NRF-beurs vir 2012 tot 2013 ontvang (Mededingingsprogram vir Gerekende Navorsers).

Dr. Laila Asmal

- het die Oppenheimer-gedenkrusttoekenning ontvang en befondsing vir reis na 'n wetenskaplike waarnemingsprogram in neuro-psigiatrie by die Massachusetts- algemene hospitaal, Harvard-universiteit, Boston, vir Junie 2011.
- is gekies om 'n Vroeëloopbaan-Psigiaterlidmaatskapprogram by te woon by die Wêreld- Psigiatryse Tematiese Konferensie in Istanboel in Julie 2011.
- het 'n Wêreldgenootskap van Biologiese Psigiatrie reistoekenning ontvang en is gekies vir 'n Jong Dokter-leierskapswerkwinkel by die Wêreld-Gesondheidsberaad in Oktober 2011 in Berlyn ('n DRD-toekenning vir 'n navorsingsbesoek).

Dr. Chris Verster

- is die verteenwoordiger van Psigiarie en komiteelid van die provinsiale Geneesmiddel-en-Terapie-komitee.

Drs. Sue Hawkrige, Felix Potocnik, Chris Verster, Lize Weich and Gerhard Jordaan

- is lede van die Geassosieerde Psigiatryse Hospitale se Geestesgesondheid- Geneesmiddel-en-Terapie-forum.

Dr. Rob Allen

- is ons verteenwoordiger en lid van die Metro-Oos- Geografiese Diensgebiedkomitee
- is die sameroeper van die provinsiale jaarlikse Geestesgesondheidsdag.

Dr. Francois Pretorius

- is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geestesgesondheid en Doofheid, en dien as konsultant vir die Afrika-kontakgroep vir Geestesgesondheid en Doofheid.
- is ook die voorsitter van die provinsiale koördineringskomitee vir Geestesgesondheid.

Dr. Gerhard Jordaan

- is 'n lid van die Lentegeur-hospitaalfasiliteitsraad
- is 'n lid van die Tygerberg-hospitaal se Geneesmiddel-en-Terapie-komitee.

Dr. Inge Smit

- het 'n toekenning ontvang vir die beste voorlegging deur 'n kliniese assistent by die Biologiese Psigiatrie-kongres in Stellenbosch in September 2011.

Dr. Annerine Roos

- het 'n beste-plakkaat-toekenning ontvang by die 55ste Jaarlikse Akademiese Dag by die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe.

Ms. Janine Roos

- het die wenplakkaat gehad in die kategorie Interdisiplinêre Gesondheidswetenskappe by die Jaarlikse Akademiese dag, vir *The Mental Health Information Centre of Southern Africa: A call centre with a difference.*

Dr. Georgina Spies

- het 'n Toekenning ter Verbetering van 'n Akademiese Kwalifikasie (IAQ) ontvang vir 2011.
- het 'n internasionale reistoekenning bekom vir 2011.
- het 'n Postdoktorale Lidmaatskap vir 2012 en 2012 van die Claude Leon-stigting ontvang.

CHIRUGIESE WETENSKAPPE

Departement van Chirurgiese Wetenskappe

Professor B.L. Warren

AFDELING CHIRURGIE

Hoof van Afdeling

Professor B.L. Warren

Hoof van Algemene Spesialisdienst:

Chirurgie – Dr. J. de V. Odendaal

EENHEDE

- **Chirurgiese Gastroënterologie**
Professor B.L. Warren (Hoof)
 - Maandag-firma – Dr. A. v V. Lambrechts
 - Dinsdag-firma – Dr. J. Lübbe
 - Woensdag-firma – Drs. J. de V. Odendaal, S. Hofmeyr
 - Donderdag-firma – Dr. C.E. Cooper
- **Vaskulêre Chirurgie**
Prof. D.F. du Toit (Hoof), Drs. J. de V. Odendaal, J.P. Mouton.
- **Kop-, Nek- en Mammachirurgie**
Prof. J.P. Apffelstaedt (Hoof), Dr KJ Baatjes.
- **Chirurgiese Intensiewe Sorg**
Drs CE Fourie (Hoof), I Aggenbach, N Ahmed.
- **Brandwond Eenheid**
Drs AE van der Merwe (Hoof), M Jansen.
- **Trauma Chirurgie**
Dr A v V Lambrechts (deelydse hoof)
- **Karl Bremer Hospitaal Chirurgiese Diens**
Dr AE Victor (Hoof)

Altesame 20 kliniese assistente is op Tygerberg Hospitaal se diensstaat, plus een elk in diens van Karl Bremer, Paarl en Worcester-hospitale, en twee botallige kliniese assistente (Nigerië en Namibië) roteer op 'n driemaandelikse basis, om diens te verrig by voorafgemelde eenhede en dek ook die geaffilieerde provinsiale hospitale.

Enkele Syfers

Gemiddelde Bedbesettings C1D-Oos Chirurgiese Toelatingsaal	181%
Trauma Pasiënte Behandel	18 494
Pasiënte wat toelating tot die Resussitasie-eenheid benodig het	1 097



- **Waaksaal**
(12 beddens indien alle verpleegpersoneel vir diens rapporteer)

Toelatings	746
Gemiddelde Duur van Toelating	6 dae
Sterftes	44 (5.8%)

- **Brandwond Eenheid**
(Tersiêre Verwysingseenheid vir Volwasse Brandwondpasiënte in die Wes-Kaap: 22 Beddens)

Toelatings	58
Gemiddelde Duur van Toelating	13 dae

Kommentaar

Hierdie syfers weerspieël die intense druk op chirurgiese dienste by Tygerberg Hospitaal en die noodsaaklikheid dat voorsiening gemaak word vir 'n toenemende pasiënt-lading in die jare wat voorlê.

Die jaar is gekenmerk deur voortgesette optimale pasiëntsorg binne vaste bronne, maar met die verwagting van verbetering in die nabye toekoms, insluitend die uiteindelijke aanstelling van 'n voltydse spesialis in Traumachirurgie, bykomende Waaksaal- of hoë-sorg-beddens en uitbreiding of opgradering van die Chirurgiese Toelatingsaal in 2012. Van die elektiewe pasiëntlading is na Eersterivier Hospitaal oorgeplaas en daar deur Tygerberg-personeel behandel, terwyl weeklikse uitreikbesoeke na Helderberg Hospitaal gevestig is.

Hoogtepunte

Dr. AE (Elbie) van der Merwe, Hoof van die Brandwond-eenheid, het die hoogsaangeskrewe Whitaker-toekenning vir die mees betekenisvolle bydrae tot brandwond-sorg wêreldwyd ontvang.

Al sewe kandidate vir die Kollege van Chirurge Finale Eksamen het geslaag, met hierdie inrigting die enigste in die land wat 'n 100%-slaagsyfer kon handhaaf. Dr. Helene Louwrens het die 2011 Douglas-medalje vir die beste vertoning uit 90 kandidate landswyd in hierdie eksamen ontvang. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar, en die derde keer in ses jaar, dat 'n kandidaat van Tygerberg/ Universiteit Stellenbosch dié medalje ingepalm het.

DEPARTEMENT KARDIOTORAKALE CHIRURGIE

Opsomming

As 'n klein department is ons trots op die dienslewingsdoelwitte wat behaal is asook ons pligte met betrekking tot opleiding wat nagekom is.

Hulpbronne

POSTE	AANTAL
Spesialiste/konsultante	3
Kliniese assistente	4
Perfusie-tegnoloëë/Tegnoloëë	3
Skropsusters	2
Hulp- teaterpersoneellede	4
Saalsusters	27
Hulp- saalpersoneel lede	17
Administrasie	3
Huishouding	7

SESSIONELE POSTE	AANTAL
Konsultante	1 x 25 uur/week
	1 x 4 uur/week
Vakante poste	3 Saalsusters
	3 Stafverpleegkundiges
	2 hulp- saalpersoneellede

Uitsette

	AANTAL
Teaterprosedures	
Groot hartchirurgie	346
Groot longchirurgie	224
Groot pediatriese hartchirurgie	50
Trauma	57
Ander	148
Saaltoelatings	800
Spesialis- kliniekbesoeke	1 760

Multidissiplinêre vergaderings	138
Lesings	132
Elektiewe studente	20

Kommentaar op uitsette

Gegewe die beperkte getal personeellede en die begrensing van beperkte waaksaal-, hoësoorg- en saalbeddens, het die departement 'n uitmuntende uitset met uitstekende pasiëntkomste handhaaf. Ons het uitkomstastatistiek handhaaf wat met die beste eenhede in Suid-Afrika en oorsee vergelyk kan word.

Infrastruktuurontwikkeling:

- 'n Nuwe hart-long-masjien is aangekoop.
- Operasietafels is verbeter.
- Wagkamer is verbeter.
- Pasiënttevredenheid-oudit is geïmplementeer.

Vennootskappe

Nasionaal

- Deelname aan nasionale konferensies.
- Vennootskappe met ander universiteitsdepartement.

Privaat sektor

Samewerking met en instandhouding van verhoudinge met kollegas in privaat hospitale.

Internasionaal

- Internasionale kongresse bygewoon;
- Internasionale kursusse bygewoon;
- Skakeling met oorsese departemente

Gemeenskapsuitreikprogramme

Geen gemeenskapsuitreik kon uitgevoer word nie weens die departementele werkslading.

Navorsingsaktiwiteite

Publikasies	3
Boeke aangekoop	3

Onderrig en opleiding

Voorgraads	150
Nagraads	4
Elektiewe studente	20

DEPARTEMENT VAN NEUROCHIRURGIE**Prof. H.B. Hartzenberg****Opsomming**

Gedurende 2011 het twee spesialiste – drs. A. Gretschel en F. Taleb – vanuit die Afdeling Neurochirurgie gegraduateer. Alle vakante poste is gedurende 2011 gevul en dr. Gretschel is aangestel as spesialis in die afdeling.

Die afdeling het ook twee belangrike stukke apparaat ontvang wat hoogs voordelig vir die chirurgiese hantering van pasiënte sal wees. Hierdie supermoderne toerusting was neuronavigasie met elektromagnetiese opsporing en 'n buigbare endoskoop.

Die afdeling het ook heelwat onderrig-werksessies vir kliniese-assistent-opleiding aangebied.

Drs. Ian Vlok en A Gretschel het in Worcester op pasiënte met rugpatologie geopereer. Hierdie is 'n belangrike uitreikprogram wat die afdeling begin het om plattelandse pasiënte van hierdie gebied te help.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Spesialiste	3	3
Kliniese Assistent	5	5
Botallige kliniese assistente	2	2
Deeltydse spesialiste	20 uur per week	

Uitset

BUIEPASIËNTE	AANTAL
Buitepasiënt-besoeke: Nuwe gevalle	822
Opvolg	2236
Totaal	3058

OPNAMES	AANTAL
Pediatrics:	35 hoërsorg-gevalle 215 saaltoelating
Volwassenes Beddens	52
Saaltoelating A4 west	2740
Intensiewe sorg	472
A4 Oos	553
Totale toelatings en interne oorplasinge:	4 015

Teaterprosedures:	
Elektief in Neurochirurgie-teaters:	319
Noodgevalle	353
Totaal	672

Kommentaar op uitset

Daar is 'n beduidende verhoging in uitsette in vergelyking met verlede jaar se uitsette. Hierdie statistiek is ontvang van Clinicom en die akkuraatheid kan bevestig word. Die toelatings sluit interne oorplasinge in die neurochirurgie-eenheid in. 'n Pasiënt kan byvoorbeeld van die hoërsorg in A4 geskuif word na die A4 Wes-saal en later na die A4 Oos-saal. Dit sal dan hierdie syfers beïnvloed.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

'n Aantal lesings oor breintrauma is deur dr. Gretschel en Vlok in samewerking met StellMed aangebied.

Prof. H.B. Hartzenberg het lesings oor kraniofasiale chirurgie en traumatiese breinbesering by Panorama Medi-Clinic aan verpleegsters en die algemene publiek (ondersteuningsgroep) aangebied.

Dr. Ian Vlok reël die maandelikse Kaapse Spinale vergadering by Tygerberg-hospitaal vir spesialiste en kliniese assistente van beide die privaat en openbare sektor.

Spinale chirurgie by Worcester-hospitaal soos hierbo genoem.

Vennootskappe**Nasionaal**

Hierdie afdeling, onder die voorsitterskap van prof. H.B. Hartzenberg, reël die 22ste kongres vir die Suid-Afrikaanse Vereniging van Neurochirurge. Hierdie kongres vind plaas van 3 tot 6 Oktober 2012.

Privaat sektor

Ons reël gereeld kadawer-werksessies met privaat maatskappye soos Southern Medical, Karl Storz, Synthes, Baroque Medical, Medtronic en Johnson & Johnson.

Internasionaal

London School of Hygiene and Tropical Medicine: navorsingsprojekte.

Prestasies

Vaktydskrif-publikasies waarby lede van Neurochirurgie betrokke was:

1. Vlok AJ, Dunn RN, 2011, *Spondylotic spondylolithesis: Surgical management of adult presentation*.
2. Hardcastle P, 2011, *Tuberculosis of the skull with associated cranio-cervical subluxation* Taleb F, Vlok AJ, 3 *Proceedings National Combining structural and functional MRI with 3D model printing as a neurosurgical planning tool*. Abstract 200. 2011 Spottiswoode B, Chung YC, Engelhardt S, Gretschel A.
3. Vlok AJ, 2011, *Proceedings National Shallow water diving injuries – Devastating but Preventable*.
4. Gretschel A, 2011, *Masters completed: Transcranial stab wounds – A retrospective analysis to assess the incidence of septic complications following penetrating stabwounds to the head*.

Voordragte by die 55ste Akademiese Jaardag van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, universiteit Stellenbosch:

1. Vlok AJ, *National Shallow water diving injuries – Devastating but Preventable*
2. Gretschel A, *Transcranial stab wounds – A retrospective analysis to assess the incidence of septic complications following penetrating stabwounds to the head*.

Kongresse of werksessies bygewoon en referate gelewer

Prof. H.B. Hartzenberg het in Desember 2011 'n referaat, *Controversies in Craniofacial Surgery*, by 'n kranio-fasiale werksessie by Rooi Kruis-kinderhospitaal gelewer.

Prof. H.B. Hartzenberg het die Suid-Afrikaanse Spinale Vereniging se kongres in Mei 2011 in die Drakensberge bygewoon.

Dr. Ian Vlok het die Eurospine-kongres in Milan in September 2011 bygewoon.

Onderrig en Opleiding

Die afdeling is betrokke by voorgraadse onderrig en eksaminering tydens die neurowetenskappe-blok; en die fisioterapie- en arbeidsterapie-patologieblok. Ons gee onderrig aan kliniese assistente in nagraadse neurochirurgie sodat hulle as neurochirurgen kan kwalifiseer. Daar word ook opleiding gegee aan kliniese assistente in Ortopedie wat spesifiek vir neurospinale patologie en chirurgie roteer.

Prof. H.B. Hartzenberg is 'n eksaminator vir finale neurochirurgie-eksamens vir die Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde. Hy was ook 'n eksaminator vir kandidate vir die Universiteit Stellenbosch MMed Neurochirurgie; Universiteit Vrystaat MMed Neurochirurgie en Universiteit van KwaZulu-Natal MMed Neurochirurgie.

Dr. Ian Vlok was op die fakulteit vir die AO gevorderde-ruggraatkursus in Johannesburg in Julie 2011 en ook op die fakulteit vir die vergadering van die Internasionale Groep vir Bevordering in Ruggraatwetenskap (IGASS) aan die einde van 2011.

Dr. Ian Vlok eksamineer ook voorgraadse studente en is 'n eksaminator vir die Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde se neuro-anatomie-eksamen.

Prof. H.B. Hartzenberg het ook lesings voorgedra by die Codman kliniese-assistent-werksessie in Pretoria in Julie 2011.

Besondere prestasies

Prof. H.B. Hartzenberg is aangestel op die stuurkomitee van die CRASH 3, die internasionale proefneming van die London School of Hygiene and Tropical Medicine.

DEPARTEMENT VAN OFTALMOLOGIE

Prof. D. Meyer

Opsomming

Hierdie jaarverslag weerspieël die harde werk van al die toegewyde personeel van die Afdeling van Oftalmologie wat onder die druk van uitdagende toestande 'n uitmuntende diens gelewer het aan die pasiënte in ons dreineringsgebied en verder.

Ons tekort aan buitepasiëntverpleeg- en steunpersoneel was steeds onaanvaarbaar hoog.

Gedurende 2011 het **23 844** pasiënte (22 714 om mediese redes en 1130 slegs vir refraksie) ons buitepasiëntdepartement besoek, wat van hierdie departement die besigste chirurgiekliniek in die hospitaal gemaak het. Hierdie getalle verteenwoordig nietemin 'n vermindering van 5,8% in pasiënte, vergeleke met die vorige jaar.

Pasiënttoelatings tot ons sale (D7, D4 en G4) het **2 962** beloop, 'n getal soortgelyk aan 2010 (2918).

Chirurgiese gevalle het **2662** operasies (2176 in 2010), verdeel in **436** dagchirurgiegevalle (216 in 2010), **1467** algemene-oftalmologiegevalle (1070 in 2010) en **759** katarakoperasies (1059 in 2010), beloop. Dit verteenwoordig 'n toename van 22% in

totale prosedures vanaf die vorige jaar, 'n toename van 102% in dagschirurgiegevalle (hoofsaaklik aangedryf deur Avastin-intravitreale inspuitings), en 'n 37% toename in hoofteatergevalle (hoofsaaklik aangedryf deur subspesialiteits- en traumachirurgie. Die getal katarakgevalle het 'n geleidelike afname in getalle getoon, teen 16% in 2010 en 15% in 2011.

Laserprosedures het van 909 in 2012 tot 1241 in 2011 toegeneem ('n toename van 27%).

Gedurende uitreik-aktiwiteite is 45 bykomende operasies in Namibië uitgevoer.

Die algehele toename in dienslewering is merkwaardig, gegewe die feit dat die getal dokters nie toegeneem het nie. Hierdie dienslewering is gehandhaaf gedurende 'n baie aktiewe navorsings- en akademiese program, wat duidelik weerspieël word in die navorsingsverslag van die Universiteit van Stellenbosch. Vier kliniese assistente het hul M.Med.-grade in 2011 ontvang.

Ons innige dank aan al die personele vir hul toegewydheid, veral die kliniese personeel.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor	1	1
Eenheidshoof	1	1
Spesialis	3	2
Kliniese Assistent (slegs die getal)	10	10
Mediese Beampte	3	3

POSTE (SESSIONEEL – UUR PER WEEK)	AANTAL	GEVUL
Spesialiste	1	6
Deeltydse poste	1	5/8
Locum-poste	0	0
Voltydse ekwivalente	5	5
Getal beddens (bruikbaar):	D7=31 G4=4	35

Uitset en bron

BUITEPASIËNTBESOEKE	Totaal: 23 844
----------------------------	-----------------------

Spesialisklinieke:

1. Mediese Retinale
2. Chirurgiese Retinale
3. Pediatrisse Oftalmologie
4. Oogplastiek
5. Kornea en anterior segment
6. Refraksie (1 130 refraksiekliniekbesoeke)

TOELATINGS (D7, D4 EN G4):	Totaal: 2962
-----------------------------------	---------------------

TEATERPROSEDURES	AANTAL
Algemeen Oftalmies	1 467
Dagchirurgie	436
Katarak	759
Totaal	2 662

LASERPROSEDURES	AANTAL
Yag-laser	580 (AxTrap)
Argon-laser	579 (AxTrap)
Diode-laser	82
Totaal	1 241

Kommentaar op uitset

Ongelukkig is dit steeds 'n feit dat die meeste van die oogsorg in die Wes-Kaap deur die Provinsie se drie akademiese hospitale gelewer word. Met die verbetering van die oftalmologiedienste in ons dreineringsgebied (naamlik by Worcester en Paarl), behoort die druk op Tygerberg-hospitaal se hulpbronne egter te stabiliseer.

Die Oftalmologie-buitepasiëntklyniek is die besigste chirurgiese buitepasiëntdepartement in die hospitaal, met 23 844 pasiëntbesoeke in 2011. Dit verteenwoordig 'n skrale afname van 5,8% sedert die vorige jaar. Katarak-operasies is met 16% verminder, van 1 059 in 2009 na 890 in 2010, en weer met 15% na 759 in 2011. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat meer tersiêre en traumagevalle verwys word na Tygerberg Akademiese Hospitaal as wat voorheen die norm was, gevalle wat die beperkte teatertyd beskikbaar vir elektiewe katarakgevalle, beset.

Die sentrale akademiese hospitale kan nie voortgaan om die vereiste oftalmiese dienste aan 'n ewig toenemende bevolking te lewer nie. Die

daarstelling van sekondêre oogsorgeenhede apart van hierdie akademiese komplekse is steeds die enigste aanvaarbare langtermynoplossing om verantwoordelike oogsorg aan die gemeenskappe te verskaf.

Hierbenewens behoort die Provinsie die skepping van 'n enkele tersiêre toegespitste ooghospitaal wat die hele provinsie bedien, te oorweeg, waarnaas die twee sekondêre dienssentrums by die twee hoof-onderdigkomplekse dan steeds die Provinsie se steun sal benodig.

Gemeenskapsuitreik-programme

- Kliniese assistente is na 'n nasionale werkwinkel gestuur oor die voorkoming van blindheid, geborg deur die Gemeenskaps- Ooggesondheidsinstituut van die Universiteit van Kaapstad. Hulle het deelgeneem aan die ontwerp van provinsiale strategieë vir die behandeling en voorkoming van blindheid.
- **Suid-Afrikaanse uitreikprogramme:**
Die afdeling maksimeer sy uitreikprogramme in vennootskap met NRO's soos die Buro vir die Voorkoming van Blindheid, die Suid-Afrikaanse Mediese Lugdiens en Lions-klubs Internasionaal. Ons kliniese en chirurgiedienste lewer onskatbare bystand in onderbediende gebiede en klein dorpe in die Wes- en Noord-Kaap, soos benodig.
- **Afrika-uitreiking:**
Namibië: Prof. Meyer het by drie geleenthede Namibië besoek, waar hy ingewikkelde oogchirurgie op spesiale gevalle in Windhoek se staatshospitaal uitgevoer het as 'n welwillendheidsgebaar. Gedurende hierdie besoeke het akademiese aktiwiteite die oordrag van chirurgiese en kliniese vaardighede aan plaaslike chirurpe en akademiese aandessies vir Voortgesette Mediese Onderrig, aangebied deur prof. D. Meyer, ingesluit. Gedurende hierdie drie eenweekbesoeke aan Windhoek is vyf-en-veertig subspesialiteit-operasies uitgevoer en 131 pasiënte gekonsulteer.

Vennootskappe

Nasionaal

1. Die Oftalmologie-afdelings van Grootte Schuur-, Rooi Kruis- en Tygerberg-hospitale werk akademies en klinies tesame deur kwartaalliks te vergader onder die vaandel van die Oftalmologievereniging van Suid-Afrika en deur dosente onder mekaar uit te ruil. Daar bestaan 'n positiewe en hartlike verhouding tussen die twee instellings.

2. Die samewerking tussen die Afdeling en die Departement van Menslike Genetika van die Universiteit van Kaapstad, ten opsigte van die navorsingsinisiatief oor retinale siektes, duur voort.
3. Die Afdeling lei een kliniese assistent op 'n slag op vir die Nasionale Weermag by 2 Militêre Hospitaal. Hierdie samewerking is reeds 20 jaar in suksesvolle bestaan. Die nuwe kliniese assistent het in 2011 by die Afdeling aangesluit.
4. Die eerste kliniese assistent het in 2008 by die Afdeling begin, en is volledig befonds deur die Noord-Kaap. Na afloop van die opleiding hier ontvang, is hierdie spesialis terug na Kimberley-hospitaal aan die einde van 2011 om daar broodnodige spesialisdienste te lewer.

Privaat sektor

1. Die Kaapse Ooghospitaal, as 'n deel van die nagraadse geakkrediteerde onderwysplatform, lewer akademiese asook tegniese steun met instrumentasie en opleiding (byvoorbeeld in Excimer-laser- refraksiechirurgie en kornea-oorplantingschirurgie) wat nie gereedlik beskikbaar is vir ons kliniese assistente by Tygerberg Akademiese hospitaal nie.
2. Tygervallei Oog- en Lasersentrum het ook ingestem om kliniese assistente van ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe toe te laat om daar besoek af te lê vir leerervarings. Hierdie steun is waardevol, veral omdat hulle in besit is van die enigste femtosekonde-laser in die Wes-Kaap.

Internasionaal

Die eerste botallige kliniese assistent van 'n ander Afrika-land het in April 2008 aangekom en volledige borgskap van die Namibiese Departement van Gesondheid en Sosiale Welstand ontvang. Die kandidaat het sy Lidmaatskap in Oftalmologie van die Kollege van Geneeskundiges in 2011 verwerf en sal vroeg in 2012 terugkeer na Namibië as 'n gekwalifiseerde oftalmoloog om in sy land te praktiseer.

Prestasies

Joernaalartikels (gesubsidieer)

- O'Connell N., Freeman N., Rabie H., Cotton M.F. *Presumed cytomegalovirus retinitis in human immunodeficiency virus type I-infected South African children.* **Pediatric Infectious Disease Journal** 2011; 30(6): 2.
- Oystreck D.T. *When straight eyes won't move: phenotypic overlap of genetically distinct*

ocular motility disturbances. **Canadian Journal of Ophthalmology/Journal Canadien d'Ophthalmologie** 2011; 46(6): 477-480.

- Rautenbach R.M., Bardiën S., Harvey J., Ziskind A. *An investigation into LOXL1 variants in black South African individuals with exfoliation syndrome.* **Archives of Ophthalmology** 2011; 129(2): 206-210.
- Whigham B.T., Williams S.E.I., Liu Y., Rautenbach R.M., Carmichael T.R., Wheeler J., Ziskind A. *Myocilin mutations in black South Africans with POAG.* **Molecular Vision** 2011; 17: 1064-1069.
- Smit D.P. *Allergic conditions of the eye.* **South African Family Practice** 2011; 53(5): 425-430.

Joernaalartikels (ongesubsidieer)

- Meyer D. *Serendipity, the humble case report and modern health science challenges.* **Middle East African Journal of Ophthalmology** 2011; 18(4): 303-304.
- Smit D.P. *Complications of contact lens wear: what pharmacists should know.* **South African Pharmaceutical Journal** 2011; 78(8): 31-34.

Hoofstukke in boeke

- **Freeman N.** "Pediatric Glaucoma". 2011. In *Pediatric Ophthalmic Surgery*. New Delhi: Jaypee Brothers Medical Publishers. pp. 181-184.

Onderrig en opleiding

Voorgraadse opleiding

'n Behoefte aan bykomende kliniese opleiding en kurrikulumontwikkeling vir die M.B.Ch.B.-program is lank reeds vasgestel. Omdat die huidige personeel oorwerk is en gevolglik nie in staat is om genoeg tyd af te staan aan kliniese opleiding en kurrikulumontwikkeling nie, het die Afdeling bykomende befondsing van die Departement van Onderwys bekom, waarmee twee spesialiste as deelydse dosente aangestel is om bykomende opleiding in ondersoekmetodes te verskaf, asook om die oftalmologiekurrikulum te verfyn. In 2011 is die notas van lesings in oftalmologie in beide Afrikaans en Engels opgedateer. Tesame met verbeterde kliniese opleiding behoort die selfvertroue van mediese studente in hul vermoë om oogondersoeke uit te voer, te verbeter, só ook hul kennis en kliniese vaardighede in oftalmologie.

Nagraadse opleiding

'n Soortgelyke behoefte aan nagraadse opleiding in vitreoretinale chirurgie is vasgestel, en daar is ook in hierdie behoefte voorsien deur 'n spesialisdosent aan te stel om M.Med.-studente op 'n sessionele grondslag te help, met die doel om pasiëntsorg en chirurgie-uitkomstes te verbeter. Die vergoeding van hierdie spesialis word ook deur die Departement van Onderwys voorsien.

DEPARTEMENT VAN ORTOPEDIËSE CHIRURGIE

Prof. G.J. Vlok

Opsomming

Die Afdeling Ortopedie funksioneer teen volle kapasiteit veral t.o.v.:

- Na-uurse dienste;
- Buitepasiënt-dienste;
- Spesialis-klinieke;
- Operasionele dienste;
- Voor- en nagraadse opleiding.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor & Hoof	1	1
Konsultante	8	8

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)	
	AANTAL GEVUL
Spesialis-sessies	13 uur per week
Voetkundige	20 uur per week

Uitset Bron

BUIETEPASIËNTE	GETAL
C6B Wes Buitepasiënte	
Hand-kliniek	6 483
Rug-kliniek	793
Heup-en-knie-kliniek	1 196
Pediatrie-kliniek	2 308
Voet-kliniek	1 075
Skouer-kliniek	186
Gipse	511
Verbande	2 598

C6B Oos Buitepasiënte	
Trauma-kliniek	9 347
Koue / Rekonstruktiewe Ort.	5 224
Verbande	2 673
Gips	2 988
Na-uurse gevalle	
Handbesering	1 690
Koue verwysings	989
Ortopediese beserings	5 467
Totaal	8 146

BUITEPASIËNTE	AANTAL
Ortopediese Dagchirurgie	773
X-straal-ondersoeke aantal pasiënte	18 458
Ondersoeke	24 318
Artroplastiek- en gewrigsvervangingsoperasies:	
Heupe	127
Knieë	80
Toelatings in sale: (Deurgaans word op maksimum kapasiteit gewerk)	
Pediatriese Ortopedie toelating	1157
A3 Wes	831
J6	791
A3 Oos	149

Kommentaar op uitset

Die departement dra 'n groot werkslading met wagglyste wat oor ses maande strek. Daar word gedurig geprioritiseer en pasiënte word verwys na omliggende fasiliteite vir opvolgbesoeke.

Infrastruktuurontwikkeling

Toerusting word gedurig vervang, veral deur skenkings van instansies. 'n Groot toevoeging is die rugmurg-moniteringstelsel.

Gemeenskapsuitreikprogramme

Uitreik word veral gedoen na die Paarl-skool vir gestremdes, sowel as Helderberg-hospitaal.

Vennootskappe

Verskeie ortopediese chirurge in die privaat sektor help met nagraadse opleiding in die departement. Donasies is ontvang vir die oprigting en

instandhouding van 'n opleidingsentrum in die departement.

Prestasies

Nagraadse studente lewer bydraes by kongresse en is vereer vir die beste referate.

Onderrig en Opleiding

Daar is tans 16 nagraadse studente en 'n volle lading voorgraadse studente wat in die departement roteer.

Besondere prestasies

Die departement word verteenwoordig by die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika en op die Uitvoerende Komitee van die Ortopediese Vereniging.

DEPARTEMENT VAN PAEDIATRIC SURGERY

Prof. S.W. Moore

Opsomming

Pediatriese Chirurgie werk tans met 15 beddens in Saal G4, maar meer as 50% van die afdeling se pasiënte lê in die beddens van die Pediatrie-diens buite hierdie saal.

- Pediatriese Chirurgie het in 2010 1 002 pasiënte in saal G4 opgeneem (Clinicom).
- Altesame 226 dringende Pediatrie-binnepasiëntverwysings in Pediatrie-sale is gesien.
- Altesame 96 neonate is op geopereer in en geassosieer met die neonatale afdeling.
- Buiten die interne verwysings is 1 045 buitepasiënte (Clinicom) gesien in die twee gespesialiseerde klinieke (algemene pediatriese chirurgiese kliniek en anorektale kliniek).
- Hierdie syfers sluit daaglikse noodverwysings van G-grond pediatriese toelatings uit.

Chirurgiese prosedures

- Die beskikbare teater tyd (baie beperk) kon 706 elektiewe prosedures (teaterlyste) hanteer.
- Daar is 136 noodoperasies uitgevoer (buiten vaskulêre toegang wat gereeld voor gevra is in die Waaksaal en ander eenhede).

Daar is ook 'n dagteaterlys (1 halfdag per week) – 254 gevalle – en die eerste uur van die abseslys is gereserveer vir kinders waar die personeel die intern help.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Konsultant	2	2
Kliniese assistent	1	1
Mediese beampte	1	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)	AANTAL	GEVUL
Konsultant	16 uur	16 uur

Uitsetbron

BUITEPASIËNTE	AANTAL
Buitepasiëntbesoeke	1 275
Spesialisklinieke: G-grond-verwysings	551
Opmates	1 284
Teaterprosedures	
Dagchirurgie	614
Hoofteater [653 elektief + 314 nood]	967
Ander prosedures	260
Totaal	1 841*

*onderhewig aan verifikasie

Kommentaar op uitset

Uitset is beperk as gevolg van baie beperkte hulpbronne.

Gevallading is verhoog met die Khayelitsha-skuif met min ekstra hulpbronne.

Infrastruktuurontwikkeling

- I. Ontwikkeling van Seminaarkamer in saal G4 vir vergaderings en onderrigdoeleindes.
- II. Herplasing van afdelingskantoor na saal G4.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

- Proberslae om 'n uitreik- opleidingsteaterlys by Eersterivier Hospitaal te begin, is gekanselleer as gevolg van 'n tekort aan narkose-personeel.
- Verbeterde skakeling en diens aan klinieke.
- Onderriginisiatief met die Addis Abeba-universiteit in Ethiopië is verder ondersoek.
- Kontak met die Universiteit van Zimbabwe gevestig – prof. Moore is uitgenooi as eksterne eksaminator.
- Adviesdiens aan Afrika- pediatriese-onkologie-inisiatief.

Vennootskappe**Privaat sektor**

Blaauwberg Hospitaal – openbaar-privaat-vennootskap ondersoek

Prestasies**Publikasie in**

- A. Portuurbeoordeelde vaktydskifte
5 in 2011 gepubliseer
- B. Hoofstukke in boeke
5 in 2011 gepubliseer
- C. Beoordeling van studentehandboek “*Student Guide to Paediatric Surgery*”
- D. Hersiening en vertaling van Afrikaanse weergawe “*Studentenotas in Pediatriese Chirurgie*”

TOTAAL 11 in 2011 gepubliseer**Onderrig en opleiding**

Die onderrigtoewysing betrek beide voorgraadse en nagraadse onderrigprogramme

Voorgraadse onderrig Personeel van Pediatriese Chirurgie is betrokke in die onderrig van tweedejaar- MBChB-, derdejaar- MBChB-, vierdejaar- MBChB-studente en studentinterns asook betrokkeheid by toetse en eksamens in Algemene Chirurgie asook 'n Pediatriese Chirurgie-komponent van voorgraadse middel- chirurgie-rotasie.

Nagraadse onderrig

Betrek beide opleiding van algemene chirurgie in Pediatriese Chirurgie en spesialisopleiding

Opleiding van kliniese assistente in Algemene Chirurgie

Algemene Chirurgie-studente het ook groepsklasse op intermediêre en finale modules ontvang asook praktiese opleiding in rotasie.

Spesialisopleiding in Pediatriese Chirurgie

Die Universiteit Stellenbosch is 'n geakkrediteerde opleidingsentrum vir Pediatrie en Pediatriese Chirurgie-opleiding, wat aktief bly by doelgerigte navorsing.

Een van die hoogtepunte van 2011 was die verdere ontwikkeling van die nuwe MMed-program by die Universiteit Stellenbosch as 'n RGBSA-geakkrediteerde vierjaar-magisterprogram om spesialisering in Pediatriese Chirurgie toe te laat. Die afdeling het vier nagraadse studente in 2011 geregistreer en volg 'n sistematiese onderrig- en opleidingskursus.

As gevolg

- vind gereelde vergaderings tussen eenhede plaas om beleid en individuele pasiënte te bespreek.
- Dit sluit weeklikse vergaderings met Radiologie, Pediatriese Onkologie, Algemene Chirurgie asook Neonatologie – Pediatriese Gastroënterologie, Endokronologie, Fetale Geneeskunde, Anatomiese Patologie en Kliniese Genetika in.
- 'n Gereelde onderrigprogram Woensdaemiddae is van stapel gestuur wat 'n sterflikheids- en sterftesyferoorsig, 'n vaktydskrifklub, en sistematiese onderrig deur prof. Heinz Rode insluit, wat deur befondsing van die Departement Onderwys vir hierdie doelwit befonds word.
- 'n Gereelde nagraadse onderrigronde het begin.
- Voorleggings en deelname aan ander forums vind betreklik gereeld plaas.
- Gesamentlike vergaderings vir fetale assessering is bekendgestel.

Programhoogtepunte

- Dr. N. Tshifularo was suksesvol in die Kolleges van Geneeskunde se finale eksamen van die Genootskap in Pediatriese Chirurgie van Suid-Afrika (FCP(SA)). Hy het die vereistes van die Mmed-graad in Pediatriese Chirurgie voltooi, en sal by die 2012-gradeplegtigheid sy graad ontvang.
- Dr. C. Zabiegaj-Zwick was suksesvol in die primêre eksamen in Chirurgie by die Kolleges van Geneeskunde.

Besondere prestasies

- Prof. Moore het die prys vir die beste referaat in die Suid-Afrikaanse Chirurgie-vaktydskrif 2009-2010 ontvang, en is die eer gegee om die referaat by die ASSA-konferensie by KIKS in April te lewer, en die sertifikaat te ontvang.
- Dr. C. De Vos (kliniese assistent) het die toekenning vir die tweede beste referaat (in oop kompetisie) ontvang by die Suid-Afrikaanse Gastroënterologiese konferensie (SAFES), en het 'n jaar se intekening van die Britse vaktydskrif Surgery ontvang.

DEPARTEMENT VAN PLASTIESE EN REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE

Prof. Frank Graewe

Opsomming

Ons het in November 2011 'n Smile-week gehad wat deur die Smile-stigting Suid-Afrika befonds was. Ons het op kinders met aangebore kraniofasiale en gesplete lip-gebreke geopereer. Ons het ook by 'n ander geleentheid op twee ander kinders geopereer, is deur FIFA geborg en deur die Smile-stigting gefasiliteer.

Ons afdeling was gasheer vir die Kollege se finale mondelinge eksamen in Plastiese Chirurgie in Oktober 2011 by Tygerberg Hospitaal, nadat Groote Schuur op die nippertjie gekanseller het. Ons het ook in Oktober die eerste werkswinkel oor vetafkomstige stamseltegnieke in Suid-Afrika by Tygerberg Hospitaal gehou, wat deur Cytori geborg is.

Ons het 'n reeks groepklasse begin vir ons kliniese assistente wat opgelei word deur geakkrediteerde deelydse konsultante en dosente dr. Wayne Kleintjies en Liezl du Toit.

Nog 'n hoogtepunt was dr. Van Deventer se publikasie oor sy nuwe tegniek in kosmetiese borschirurgie met langtermyn-opvolg en uitslae.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Konsultante	2	2
Kliniese assistente	3	3
Botallige kliniese assistent	1	1
DoE funded sessions	5	5

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)

Konsultant	10 uur	10 uur
------------	--------	--------

Uitsetbron

BUIEPASIËNTE	GETAL
Buitepasiëntbesoeke	4 507
Spesialisklinieke	178 gesplete lip en verhemelte, en kraniofasiaal
Opnames	1301
Teaterprosedures	760 elektiewe gevalle (gevalle onder algehele verdoving en gevalle op ander lyste uitgesluit)

Prestasies

Aantal (syfer) publikasies uit department / afdeling 1

Van Deventer P., Graewe F. 2011. *Craniomedial pedicled mammoplasty based on Wuringer's horizontal septum*. **Aesthetic Plast Surg**. Oct;35(5):936-7)

Onderrig en Opleiding

Voortgesette nagraadse opleiding in Plastiese Chirurgie, elektiewe mediese studente van die Universiteit Stellenbosch en oorsee.

DEPARTEMENT UROLOGIE

Dr A van der Merwe

(Waarnemend: Dr. A. van der Merwe in die plek van Prof. C.F. Heyns)

Opsomming

Die Departement lewer steeds 'n goeie diens ten spyte van beperkings ten opsigte van teatertyd, personeeltekort in vergelyking met die aantal buitepasiënte, beddens (veral in die intensiewe sorgeenheid), moderne toerusting en infrastruktuur. Die toewyding en lojaliteit van die senior verpleegpersoneel is een van die grootste bates van die departement. Die aftrede van Stafverpleegster Mockey was 'n groot verlies vir BP Oos.

In die Hoofteater was stabiliteit gebring deur permanente personeel wat reeds jare by Tygerberg Hospitaal werk. Ook Sr. Witbooi wat op kontrak werk, is uiters onmisbaar. Nog 'n groot bate is die geesdrif en toewyding van die konsultante, kliniese assistente en mediese beamptes, wat nie net 'n uitstekende kliniese diens lewer nie, maar ook op die gebied van navorsing, kongresreferate en publikasies beter presteer as enige ander Urologie-departement in Suid-Afrika. Dr. Shaun Smit, dr. Jo van der Merwe en dr. Chris van der Walt was suksesvol in hul finale eksamens by die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika.

Die spesialisklinieke neem baie druk van die algemene buitepasiënte weg en hulle is essensieel in die gladde verloop van die departement. Skoopteater is een van die besigste areas in Urologie en vorm dalk die belangrikste enkele area buite die hoofteater. Die druk word van die hoofteater geneem in terme van pasiënt-waglyste. Skoopteater het 'n rekord aantal toelatings in die tydperk gehad.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Professor Hoofspesialis	1	1
Spesialis	3	3
Kliniese assistent	6	6
Mediese beampte	2	2
Botallige kliniese assistent	1	1

Getal beddens (bruikbaar): 31

Uitset Bron


BUITEPASIËNTE:	AANTAL
C6A Wes	5 404
C6A Oos	5 605
Totaal	11 009
Spesialis-klinieke	
Onkologie	1 697
Andrologie	567
Strikturie	484
Urodinamika	329
Prostaatbiopsies	296
Totaal	3 373
Toelatings	
Saal D6	1 271
Saal D4	48
Saal G4 (Pediatrie)	6
Totaal	1 325
Teaterprosedures	
Hoofteater	730
Sistoskopie-teater	2 466
Dagteater	230
Skokgolf-litotripsie	58
Totaal	3 484

Kommentaar op uitset

Die 31 beddens beskikbaar is te min om 'n totaal van meer as 14 000 buitepasiënte te dien. Die teatertyd beskikbaar is in goeie balans met die beskikbare beddens, maar skiet hopeloos te kort om ons pasiëntbevolking te dien. Die nieroorplanting-pasiënte wat ons in A7 evalueer, is by hierdie getalle uitgesluit. Die nieroorplantingsprogram is steeds suksesvol en ons werk met entoesiasme saam met

ons Nefrologie-kollegas. Die dringende probleem daar is dat teaterlyste te min is om genoegsame oorplantings te kan doen. Feitlik alle getalle is drasties verhoog in vergelyking met verslae ingedien van 2007 tot 2010, met rekordgetalle in Saal D6, Buitepasiënte en Skoopteater. Siende dat die personeelgetal nie vermeerder nie, verklaar dit die wagtyd in klinieke en ook teaterlyste wat oorvol bespreek word.

Figuur 1. Beweging van pasiënte deur Departement Urologie se afdelings in 2011 vergelyk met die vorige twee jare.



Tabel 1. Pasiëntgetalle die afgelope drie jaar in Departement Urologie

	2009	2010	2011
Saal D6	898	1 275	1 271
Saal G4	127	170	6
Saal D4	44	38	48
BP Wes	3 265	5 161	5 404
BP Oos	5 661	6 048	5 605
Hoofteater	890	837	730
Skoopteater	2 149	2 323	2 466
Dagteater	231	257	230

Indien na Figuur 1 en Tabel 1 gekyk word, is die eerste opvallende item dat Saal G4 (Pediatrie) se toelatings van 170 na 6 gedaal het. Dit kan egter slegs 'n boekhoudingfout wees, aangesien my eie diensgroep (een van drie) maklik 40 of meer pasiente opereer het via G4, dus is die werklike getal waarskynlik naby aan die syfer van 170 vir die vorige jaar. Dit stel egter die statistiek-opname in 'n twyfelagtige lig vir alle data. Die vraag is of data akkuraat gehou is in al die areas.

Infrastruktuurontwikkeling

Nuwe toerusting (bv. retraktors, C-arm en laparoskopiese video-eenheid) is vir die teater aangevra en dit lyk baie belowend om dit in 2012 te kan ontvang.

Hoë definisie-kameratoerusting en televisie-monitors is aangekoop en in ons Seminaarkamer in E6 geplaas. Dit stel ons in staat om 'n besondere kwaliteit werkwinkels te kan aanbied. Die beplanning is om dit in 2012 vir 'n groep Hollandse uroloë te gebruik.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Dr. A van der Merwe het na Abuja, Nigerië, gereis om 'n driedag-werkswinkel aan te bied oor laparoskopie en PKNL niersteenoperasies. Hy het ook ten aanskoue van vele opereer. Daar was ongeveer vier kragonderbrekings in een van die gevalle. Hy het tuisgegaan by 'n plaaslike inwoner weens die gevaar van ontvoering en bomaanvalle in daardie deel van Nigerië.

Dr. Samson Maina van Kenia en dr. Victor Mapulanga van Zambië sluit by ons aan vir die jaar en neem vaardighede terug na hul lande van oorsprong. Hulle word vervang deur dr. Rajab Kakaire van Uganda, wat tot einde 2012 by ons sal wees.

Dr. Pedro Fernandes werk saam met 'n navorsingsgroep van Senegal, Uganda en die VSA en doen aansoek vir 'n NIH-fonds. Die navorsing is gerig op prostaatkanker in Afrikane.

Lede van die Departement behartig die vasektomie-diens wat deur die Gesinsbeplanningseenheid by Tygerberg Hospitaal en die Vereniging vir Vrywillige Sterilisering van Suid-Afrika (AVSSA) gekoördineer word. Hierdie diens voer die oorgrote meerderheid van vasektomies uit wat in die Wes-Kaap gedoen word.

Vennootskappe

Nasionaal

Dr. Van der Merwe het na Pretoria Urologie Hospitaal gereis en hulle geleer om laparoskopiese skenking nefrektomies te kan doen en hy sal opvolgwerk doen indien gevra.

Internasionaal

Die laparoskopiese skenking nefrektomieprogram wat inisieer was deur vennootskap met prof. Alex Bachmann van Basel in Switserland gaan goed voort. Prof. Bachmann besoek self die Departement en voer 'n enkelpoort skenker nefrektomie saam met dr. van der Merwe uit. Departement Urologie is steeds die engste sentrum wêreldwyd wat retroperitoneale enkelpoort skenker nefrektomies doen. Nadat ons gevalle publiseer was (met Basel as mede-outeurs) is daar nou heelwat retroperitoneale enkelpoort eenvoudige- en gedeeltelike nefrektomies te bespeur in die literatuur. Tygerberg Hospitaal/Universiteit Stellenbosch sal egter altyd in die geskiedenis die eerste sentrum wees wat die tegniek beskryf het.

Daar word ook 'n navorsingsvennootskap geskep met dieselfde Switserse eenheid en in 2012 sal daar gepoog word om die diagnose van TB na 10 dae of minder te verkort en ook sensitiwiteit teen middels beskikbaar te hê.

Prestasies

Tydskrifartikels	9
Referate by internasionale kongresse	17
Referate by nasionale kongresse	7

Besondere prestasies

Prof. Heyns word verkies as Inkomende President van die Internasionale Urologiese Vereniging (SIU). Dit beteken dat hy die liggaam in 2013 sal lei. Dit is waarskynlik die grootste eer wat 'n Suid-Afrikaanse uroloog nog toegekom het.

Dr. Amir Zarrabi sit sy uitnemende akademiese loopbaan voort deur die Rektorsprys vir die beste nagraadse student in die Gesondheidswetenskappe in te palm.

KLINIESE INGENIEURSWESE

Departement Kliniese Ingenieurswese**Mnr. J. du Preez**

'n Vraag wat ons dikwels gevra word is wat kliniese ingenieurswese behels. Die antwoord, soos omskryf deur die Werkskomitee oor Kliniese Ingenieurswese in 2000, is eenvoudig "die hantering, steun, ontwikkeling en gehalteversekering van gesondheidsorgtegnologie as 'n deel van 'n veilige, kostedoeltreffende en volhoubare gesondheidsorglewering".

Ten spyte van verskeie terugslae, kwyt die Departement Kliniese Ingenieurswese (DKI) hom goed van sy taak om te verseker dat behoorlik funksionerende toerusting by Tygerberg-hospitaal beskikbaar is en dat vervangingstoerusting van 'n goeie gehalte is. Ongeveer 2 000 nuwe items is in 2011 op ons instandhoudingsinligtingstelsel (MIS) aangemeld, en die DKI het spesifikasies vir die meeste hiervan verskaf. Die waarde van hierdie items, wat geskenkte toerusting insluit, bedra ongeveer R40 miljoen. In die verslagjaar het die DKI ook spesifikasies verskaf vir toerusting wat nie gewoonlik deur die DKI hanteer word nie. Laasgenoemde sluit 'n Flight-skottelgoedwasmasjien (wat 4 000 borde per uur was) in, asook waakeenheidbeddens, teaterligte (vastes en verskuifbares) ondersoekligte en trollies.

Projekte

In 2011 was die DKI betrokke by verskeie projekte van Tygerberg-hospitaal, waarvan sommige nie binne die normale bestek van sy aktiwiteite val nie, soos verbouings vir die nuwe kateterisasie-laboratorium en vir die Departement Gastroënterologie, om maar 'n paar te noem. Verbouings val gewoonlik onder die funksie van hospitaal-ingenieurswese.

Waarteenoor sekuriteit gewoonlik 'n funksie van fasiliteitebestuur is, is die sekuriteitstelsel ontwerp op versoek van dr. Carter, wat ons in 2008 gevra het om 'n sekuriteitsplan vorendag te kom. Uitgebreide navorsing is gedoen en die hulp van verskeie deskundiges is met behulp van die hospitaalraad bekom. 'n Paar voorstelle is ingehandig oor die jare, met veranderinge grootliks deur tegnologie aangedryf. Insette is van alle departemente aangevra deur middel van 'n omsendbrief, ten einde die sekuriteitsbehoefte van die hospitaal vas te stel. 'n Plan is daarvolgens ontwikkel, en sal



ongeveer R12 miljoen kos om te implementeer. Dit sou ongeveer 350 sekuriteitskameras insluit, asook 'n baba-spoorvolgstelsel. Die plan is so uitgewerk dat dit opgradeerbaar sou wees om later ook ander aspekte soos bate-spoorvolgstelsels, 'n tyd-en-presensie-stelsel en toegangsbeheer te dek. 'n Beheerkamer is gespesifiseer wat gekoppel sou kon word met ander fasiliteite, ten einde die diens uit te brei om die sekuriteit by die meeste gesondheidsfasiliteite sentraal te monitor (solank as wat hulle aan sekere vereistes voldoen).

In 2011 is beperkte fondse beskikbaar gemaak, en die projek is aan Openbare werke oorhandig. Die DKI het Openbare Werke bygestaan met die afskaling van die plan om dit by die begroting aan te pas, vir die projek om later weer te vergroot wanneer meer fondse beskikbaar gemaak word. Die tegnologie wat aan die uiteinde geïnstalleer is, is nuut, aanpasbaar, opgradeerbaar, en sonder twyfel aan die voorpunt van tegnologie. Die installering van die stelsel het in November 2011 begin.

Personeel-uitdagings

In die afgelope jaar is veranderinge aangebring waarvan sommige reeds en ander nog in die toekoms 'n uitwerking op die DKI sal hê. Een van hierdie veranderinge is die nuwe stel mensehulpbronne vereistes vir die vervanging van personeel, volgens die beroepspesifieke bedeling (OSD). Een van die vereistes is registrasie by die Raad vir Ingenieurswese van Suid-Afrika (ECSA). Die probleem hiermee is dat die huidige registrasievereistes dit onmoontlik maak vir gekwalifiseerde tegnisi wat reeds in die Departement van Gesondheid werk, om te registreer, en terselfdertyd dat huidige personeel

nie na hoër poste bevorder kan word sonder registrasie nie. Hierdie stand van sake het reeds tot bedankings in hierdie beroep gelei, en tensy iets aan die saak gedoen word, sal verdere bedankings onafwendbaar wees. Die situasie word vererger deur die feit dat, tot op hede, geen van die individue wat om poste in die DKI aansoek gedoen het, geregistreer was nie, selfs al is die meeste van die poste reeds meermalig geadverteer.

'n Ander menslike hulpbron-uitdaging is die feit dat Kliniese Ingenieurswese 'n paar jaar gelede geklassifiseer is as 'n skaars vaardigheid, maar dat geen skaarsvaardigheidstoelae nog ooit daarvoor aangebied is nie. Dit veroorsaak 'n geleidelike afname in personeelgetalle in die beroep binne die Departement van Gesondheid. Die implementering van OSD het ook aanleiding gegee tot die verlies aan alle toesighouers, aangesien hulle nie meer as sulks vergoed word nie. Die oordrag van vaardighede het ook iets van die verlede geword, aangesien die nuwe betalingskiedule daarop gemik is om intreevlakbetaling te verhoog, waarteenoor die salarisse van bestaande personeel basies onveranderd gebly het.

Volgens 'n werkstudie wat in 2003 gedoen is, behoort daar 30 tegnisi in die DKI te wees. Tans beskik die DKI oor 14 gevulde poste. Die uitkring-effek hiervan is die toename in uitbesteding, wat reeds merkbare afmetings aanneem. Nog 'n faktor waarmee rekening gehou moet word, is die reuse hoeveelheid nuwe toerusting wat die hospitaal binnegekam het sedert 2003. Teen 'n jaarlikse bedrag van R25 miljoen kom dit neer op toerusting ter waarde van meer as R200 miljoen sedert 2004.

Statistieke

Die statistieke vir die DKI hieronder weerspieël 'n 12%-toename in herstelversoeke in 2011, in vergelyking met die vorige jaar.

1 JANUARIE – 31 DESEMBER 2010		1 JANUARIE – 31 DESEMBER 2011	
HERSTELWERK- VERSOEKE IN- TERN HANTEER	UITBESTEDE HERSTELWERK	HERSTELWERK- VERSOEKE IN- TERN HANTEER	UITBESTEDE HERSTELWERK
9 200	8 770	10 323	9 808

Die besluit om herstelwerk uit te bestee word toenemend beïnvloed deur die nuwe verkrygingsprosesse. Wanneer onderdele bestel moet word, vertraag die verkrygingsproses herstelwerk aansienlik, soms vir langer as twee maande. Die

nuwe verkrygingsprosesse vereis dat onderdele op Trade World geadverteer moet word. Daarna moet daar deur kwotasies gesif word, wat nagegaan en vergelykend beoordeel moet word. Eers daarna kan 'n onderdeel bestel word. Dit word voorsien dat die hersteluitset-koers verder sal afneem weens die tyd wat dit neem om onderdele te bestel, want, vanuit 'n mediese perspektief is vertraging in die herstel van noodsaaklike toerusting nie wenslik nie.

Die tabel hieronder gee 'n verdere opsomming van die DKI se aktiwiteite.

HERSTELWERK- VERSOEKE	2010		2011	
Uitbestede herstelwerk	911	11,59%	950	10,72%
Interne herstelwerk	7 859	88,41%	8858	89,28%
Vermelde gevalle van skade	90		186	51,6% toename
Geldwaarde van skade	R1 363 304,35		R1 632 324,08	
Gemiddelde getal herstelwerk per tegnikus	730		892	
Getal nuwe items op MIS gelys	1 029		1 179	
Waarde van nuwe items gelys op MIS			R 27 087 626,54	

Let wel: Die geldwaarde van die gelyste toerusting sluit nie die waarde van geskenkte toerusting in nie. Die waarde van die nuwe kateterisasie-laboratorium (R13,5 geskenk deur die Murray Trust) is byvoorbeeld nie bygereken nie.

Die tabel hierbo maak die volgende inligting duidelik:

1. Herstelwerkversoeke het in 2011 met ongeveer 12% toegeneem.
2. Die getal versoeke deur herstelwerk-rekwisisies is 10 323, waarvan 9 808 herstelwerk voltooi is. Dit beteken dat 'n totaal van 551 herstelwerkversoeke (6%) nie teen die einde van die boekjaar afgehandel was nie. Redes hiervoor strek van

maatskappye wat steeds moet terugkeer om herstelwerk te voltooi, tot die werkwinkel wat nog gewag het vir onderdele wat reeds bestel was.

Skade

Wanneer herstelwerk versoek word en dit duidelik is dat die breuk nie weens gewone slytasie is nie, word 'n skadeverslag uitgereik. Hierdie herstelwerk volg dan 'n ander herstelroete. Die departement wat die item vir herstelwerk gestuur het, moet eers aansoek doen by Finansies, deur hul kliniese bestuurder, vir die goedkeuring van die herstelwerk.

In 2009 is 'n besluit geneem om meer waaksaam te wees oor skade, omdat die DKI elke jaar 'n toename in die hoeveelheid beskadigde toerusting bespeur. Die 50% toename in 2011 in versoeke rakende beskadigde toerusting (sien die tabel hierbo), is in hierdie verband bevestigend.

Een van die redes vir die massiewe toename in beskadigde toerusting, sover die DKI kon vasstel, is die gesindheid van die personeel – baie min mense neem verantwoordelikheid vir die toerusting. Wanneer beskadigde toerusting of 'n skadeverslag hulle in die gesig staar, sal personeel in sommige gevalle eerder die beskadigde toerusting êrens wegbêre of versteek totdat hul departement genoop word om die toerusting te laat herstel om normaal te kan funksioneer. Só word skade wat in vorige jare vermeld kon gewees het, eers gerapporteer wanneer die oorblywende toerusting ook breek en daar 'n ernstige behoefte aan toerusting is. Die afleiding wat die DKI in sulke gevalle maak is dat die betrokke departement 'n oorskot aan toerusting tot hul beskikking het.

Nog 'n rede vir die skielik drastiese toename in skade is die streng beheermaatreëls wat in 2011 geïmplementeer is vir die aanmelding van skade. Hierdie optrede het tot 'n beter begrip van die werklike waarde van skade aan toerusting in Tygerberg-hospitaal gelei, hoewel dit steeds nie 'n presiese beeld gee nie. 'n Skadeverslag word uitgereik wanneer herstelwerk van toerusting versoek word, en waar dit ooglopend is dat die skade nie die gevolg van gewone slytasie is nie.

Spesifikasies

Weens 'n aantal voorvalle waar toerusting van 'n swak gehalte die hospitaal binnegekom het, het die DKI sy betrokkenheid by alle aankope van toerusting versoek. Die nadelige gevolg van hierdie versoek is die groot aantal spesifikasies wat die DKI nou moet voortbring. Weens personeelprobleme is dit nie altyd

vir ons moontlik nie, in welke geval ons generiese spesifikasies uitreik. Tans dien die DKI spesifikasies in vir Trade World-tenders wat wissel van instrumente soos skêre tot ingewikkelde elektroniese mediese toerusting.

Toerusting-spoorvolging

Die DKI volg steeds die spoor van alle toerusting ten opsigte van herstelwerk en versieningskoste, deur middel van ons interne instandhoudingsinligtingstelsel (MIS). Dit beteken dat alle toerusting wat 'n unieke nommertoegekenis, se "instandhoudingspoor" gevolg kan word. 'n Unieke nommer word uitgereik om verskeie redes, byvoorbeeld omdat die toerusting van soveel verskillende vervaardigers in die hospitaal gebruik word, dat verskillende toerusting nie met dieselfde nommer mag opeindig nie. Toegang tot die MIS is beperk en die stelsel sal binnekort vervang moet word.

Personeel

Mnr. J. du Preez	(Hoof van Departement)
Me. M. Rossouw	(Afdelingsbestuurder)
Me. R. Elsegood	(Senior Admin. Klerk)

Eenheidbestuurders: Werkswinkels

Mnr. J. Carstens	(Anesthesiologie/Respirasie)
Mnr. J. Rautenbach	(Kommunikasie)
Me. E. Pieters	(Elektronika)
Mnr. K. Vollmer	(Instrumente)
Mnr. H. Theart	(Opties)
Mnr. J. Mould	(X-straal/ Beelding)

Mediese toerusting

Een van die duur items wat in 2011 in Tygerberg-hospitaal geïnstalleer is, is die kateterisasie-laboratorium by Kardiologie. Dit is deur die Murray-trust geskenk en het 'n geraamde waarde van R13,5 miljoen.

Toerusting-aankope met interne fondse

In die 2010/11-boekjaar het die hospitaal broodnodige kapitaaltoerusting bekom om aan sommige van die behoeftes ten opsigte van kliniese toerusting te voldoen, en ongeveer R34 miljoen is aan nuwe kapitaaltoerusting bestee. Voorbeelde van toerusting is instrumente, X-straalmasjiene, monitors, teatertafels, hemodialise-masjiene, skope, diatermiese toerusting, mikroskope, om basies al die verkillende departemente in die hospitaal te dek. Meer as 280 items is in hierdie tydperk bestel.

Toerustingversoeke

Al die versoeke om kliniese toerusting uit die verskeie departemente het ongeveer R88 miljoen bedra, wat die bestuur moes besnoei om in die begroting toegeken aan Tygerberg-hospitaal te pas. Dit dui op die groot behoefte aan nuwe toerusting in die hospitaal. Desnieteenstaande was daar terselfdertyd geen versoeke van sekere departemente nie (om verskeie redes), wat ook die geldwaarde van die ontvangde versoeke beïnvloed. Die DKI het tot die besluitnemingsproses vir die goedkeuring van toerusting bygedra deur inligting te verskaf oor byvoorbeeld die tegniese steun wat toerusting vereis, die vervangwaarde en die vervangingskedules van toerusting, wat tersaaklik is vir die uiteindelijke toekenning.

Die doel van DKI

Kortom streef die DKI daarna om aan die hospitaal 'n wêreldklas- kliniese-ingenieurswese-steundiens te lewer met die beperkte hulpbronne tot sy beskikking.

MENSLIKE VOEDING

Afdeling vir Menslike Voeding**Professor René Blaauw****Opsomming**

Die Afdeling vir Menslike Voeding bestaan uit drie komponente, naamlik Dienslewering, Opleiding en Navorsing.

1. DIENSVERSKAFFING

Dieetkunde by Tygerberg Akademiese Hospitaal het drie firmas om al die aspekte van voedingsorg te dek en om 'n omvattende voedingsdiens te lewer in al die gebiede in die hospitaal. Hierdie gebiede behels:

Firma 1

Brandwonde, Kardiologie, Chirurgie, Diabetes Mellitus en Endokrinologie, Interne Geneeskunde, Ortopedie, Dermatologie, Ginekologie, Pediatrie, Oftalmologie, Neurochirurgie, Enterale Voeding en Eetstoornisse.

Firma 2

Nefrologie, Chirurgiese Intensiewesorg-eenheid, Respiratoriese Intensiewe Sorgeenheid, Onkologie, Pediatrie (alle aspekte), Enterale Voeding en Psigiatry.

Die Volwasse- Totale Parenterale Voeding

Die Volwasse- Totale Parenterale Voeding (TPN)-span bestaan uit 'n Voedingssteunverpleegkundige, drie dieetkundiges, en 'n mediese dokter wat help met die TPN-voorskrifte. 'n Apteker lewer bystand met die TPN-bestellings.

Die Pediatryse-TPN-span bestaan uit een pediater en een dieetkundige, met die steun van 'n apteker.

Voedseldienste

Voedseldienste is verantwoordelik vir spyskaart-bepanning vir normale en spesiale diëte, kwantiteit- en gehaltebeheer, en die monitering van die maaltydbestelstelsel (MODS).

'n Dieetkundige diens word ook aan een privaat saal gelewer.

Klinieke

Daar is 'n algemene op-bustand-diens aan alle klinieke in die hospitaal, vir beide volwasse en pediatryse pasiënte.

**Gespesialiseerde klinieke**

Die gespesialiseerde klinieke is die Eetstoornis-, Nefrologie-, Diabetes-, Abdominalechirurgie-, en Onkologie-klinieke. Sistiese-fibrose- en biliëre-atresie-konsultasies word ook vir Pediatryse Buitepasiënte gedoen.

Gesondheid- en Leefstyl (G&L)-kliniekdae:

Dinsdae: Oorgewig

Donderdae: Diabetes Mellitus

MIV-kliniek:

Volwasse en Pediatrie

Buisvoedingskamer:

Hierdie is 'n hoogs gespesialiseerde area waar alle buisvoedings en aanvullingsdrankies higiënies voorberei en versprei word. Die personeel bestaan uit ses spesiaal opgeleide voedseldienswerkers. Ons departement is ten volle verantwoordelik vir die administrasie en bestuur van die maaltydbestelstelsel MODS 2 (stelsel vir die buisvoedingsbestellings).

2. OPLEIDING

Dieetkunde behels drie spesialiteitsgebiede: kliniese voeding, voedseldiensbestuur en gemeenskapsvoeding.

3. NAVORSING

Menslike Voeding maak 'n integrale deel van voorgraadse opleiding uit, en die fokusgebied vir die afdeling is die unieke afstandopleiding-Meestersgraad in Voeding. Die Afrika-Mikrovoedingstof-navorsingsgroep (AMRG) lewer ontledingsdienste wat wyd oor Afrika suid van die Sahara strek.

Hulpbronne

Akademiese poste

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL OP DIENS-STAAT	AANTAL GEVUL
Professor	2	2
Medeprofessor	1	2
Senior Dosent	3	3
Dosent	4	4
Junior Dosent	1	1
Administratief	3	3
Laboratorium-technici*	3	3
Navorser	1	1
NICUS Poste*		
Bestuurder	1	1
Dieetkundige	1	2

POSTE (SESSIES – UUR PER WEEK)		
Deeltydse poste (5/8)	2	2
Locum-poste*		
Voltydse ekwivalente		
NICUS-poste*	1	1
Dieetkundige (3/8)		

* Word privaat gefinansier

Poste in Tygerberg- akademiese hospitaal:

Dieetkunde en ander

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL OP DIENS-STAAT	AANTAL GEVUL
Assistentdirekteur	1	1
Hoofdieetkundige	4	4
Produksie-Dieetkundige		
Graad I	9	9
Graad II	1	1
Gemeenskapsdiensjaar-dieetkundige	1	1
Kontrakposte	0	0
Hoof- Professionele Verpleegkundige	1	1
Tikster	1	1
Voedseldienstoesighouer	1	0
Voedseldienshulp	5	5

Uitsetbron

BINNEPASIËNTE	AANTAL
Enmalige besoeke	2 792
Pasiënte >1 keer gesien	17 487
Totale besoeke	59 081
Informele konsultasies	1 315
Buisvoedings	30 670
Aanvullingsdrankies	20 302
BUITEPASIËNTE	
G&L-kliniek (nuut)	221
G&L-kliniek (opvolg)	101
Op bystand (volwasse)	1 524
Op bystand (pediatrics)	504
MIV-kliniek: volwassene	210
MIV-kliniek: pediatrics	26
VOEDSELDIENSTE	
Spesiale diëte	149 590
Vol diëte	246 783
TPN	
Nuwe verwysings	227
Konsultasies (medies)	500
Konsultasies (verpleging)	3 265
VOEDINGSONDERSTEUNING: VOEDINGS	
Nuwe verwysings	1 523
Verplegingskonsultasies	7 686
PEG¹ pasiënte: Nuut	232
PEG¹ pasiënte: Opvolg	1 207
VOEDINGSINLICHTINGSENTRUM RAADGEWING	
Korrespondensie	4 768
Telefonies	490
OPVOEDKUNDIGE	
Radiopraatjies	24
Lekepublikasies	30
Praatjies	9
Televisie	2
Opleidingsessies	
STIKLAND-UITREIK	
Individuele konsultasies	24
Groep-aktiwiteite	12
GEMEENSKAPSVOEDING	
Individuele konsultasies	1 936
Groep-aktiwiteite	2 611
Kampus-gesondheidsdienste en SUSPI ² (nuwe konsultasies)	30

Kommentaar op uitset

Die statistieke wat hierbo vermeld is, sluit die dienste van die vierdejaar-dieetkunde-studente in.

Infrastruktuurontwikkeling

Goedkeuring is ontvang om 'n nuwe voedsel-laboratorium in te rig vir praktiese oefening in voedselbereiding en -eksperimentering.

Die AMRG het die Voedselsekureit-inisiatief (FSI) ondersteun deur biochemiese merkers vir voeding vir die CNSP-studie te ontleed. Die bepaling van vitamien D as beide 'n voedings- en gesondheids-merker word al hoe belangriker. 'n Metode om vitamien D-afbreekprodukte in verskillende biologiese matrikse te ontleed, word tans geëvalueer.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

Voedselsekureitprojek – Data is van Februarie tot Augustus 2011 in twee gebiede in Worcester ingesamel, naamlik Avian Park en Zweletemba. Sestig inwoners van die gemeenskappe is opgelei en tydelik in diens geneem as veldwerkers en sekureitwagte tydens die opname. 'n Kwalitatiewe studie is gedoen om die veldwerkers se ervarings te dokumenteer. 'n Voorstelling van die projek is met die eerste prys bekroon by die US-Gemeenskapsinteraksie-simposium in September.

Finalejaar-dieetkundestudente ondersteun Stikland-hospitaal se dagsentrum deur middel van gesondheidsbevorderingsaktiwiteite en konsultasies met pasiënte.

Die eerste fase van 'n navorsingsprojek, ten einde die implementering van die nuwe Road to Health-boekie in gesondheidsorgfasiliteite in die Metropool en Overberg munisipaliteite te ondersoek, is van stapel gestuur. Agt groepe derdejaar-dieetkunde-studente het die protokol opgestel as deel van hul studies. Hulle gaan die data gedurende 2012 insamel en die resultate sal aan die Departement van Gesondheid voorgelê word.

Vennootskappe

Nasionaal

Dosente lewer insette in verskeie gebiede:

- i) bydraes tot die nasionale tenderdokument (RT9/12);
- ii) bydraes tot die Nasionale VoedseldiensBeleid;
- iii) fasilitering van die proses om die "Padkaart" vir die nasionale voedingstrategie te finaliseer.

Privaat sektor

Samewerking met die industrie d.m.v. ons Glisemiese Indeks (GI)-laboratorium. Die GI van produkte word bepaal op aanvraag van die industrie.

NICUS-konsultasie aan die industrie:

1. 'n Volledige voedingstofontleding van Col'Cacchio Holdings se Restaurantresepte is met Food Finder en ander uitgesoekte databasisse vir voedingstofontleding uitgevoer.
2. Die Voedingsinligtingsentrum van die Universiteit Stellenbosch (NICUS) is deur die Hart-en-Beroerte-vereniging van Suid-Afrika genader om hul huidige restaurant-onderskrywingsprogram te hersien en om kwantifiseringsvereistes vir spesifieke spyskaart-items te ontwikkel vir sleutelvoedingstowwe soos vet, natrium, vesel, totale energie en bygevoegde suiker, waaraan 'n gereg moet voldoen vir goedkeuring met die Hartstempel.
3. Consol Glass: riglyne en aanbevelings vir die voedingstofverwante voorkoming en behandeling van hittekrampe.
4. Marcus Linder, Organic Kitchen. Spyskaartbeplanning vir maaltydpakkies vir babas en peuters.

Internasionaal

Samewerking met die Universiteit van Oslo in die Noorweegse program vir die ontwikkeling van meestersgrade (vir die ontwikkeling en lewering van Meestersgraadprogramme in voeding, menseregte en regering). Dit is 'n projek waaraan die Universiteit Stellenbosch, die Universiteit van Oslo (Noorweë), Akershus Universiteitskollege (Noorweë), Makherere Universiteit (Uganda) en Kyambogo Universiteit (Uganda) meewerk.

Bywoning as 'n kernlid van die inlywingsvergadering van die Wêreldkonsortium vir Voedselsekureit-inisiatiewe.

Prestasies t.o.v. navorsingsaktiwiteite en navorsingsuitsette

Vaktydskrifartikels (gesubsidieer)	18
Vaktydskrifartikels (nie gesubsidieer)	3

Genooid beoordelaar van die volgende wetenskaplike vaktydskrifte:

- Development Southern Africa;
- Public Health Nutrition;
- Current Nutrition & Food Science;

- South African Journal of Clinical Nutrition;
- South African Family Practice;
- South African Journal of Sports Medicine;
- South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation.

Meestersgrade voltooi

1. Cilliers K. *The pharmacokinetics and toxicity of antituberculosis agents and other co-administered drugs in children with tuberculosis, with and without HIV infection, and their relationship to nutritional status.* M Nutrition, 2011. 122 pp. Promotor: Labadarios D. Medepromotor: Donald PR.
2. Guidozi R. *The efficacy of short-messaging service in a weight reduction programme amongst women in a general practice.* M. Voeding, 2011. 108 ble. Promotor: Marais D. Medepromotor: Visser J.
3. Kirsten AP. *The influence of socio-demographic factors on the nutritional intake of overweight and obese children in the Stellenbosch area, Western Cape.* M. Voeding, 2011. 122 ble. Promotor: Marais D. Medepromotor: Schübl C.
4. Lombard L. *Body composition of rheumatoid arthritis patients and their perceptions and practices regarding diet, nutritional supplements and other treatments.* M. Voeding, 2011. 125 ble. Promotor: Du Plessis LM. Medepromotor: Visser J.
5. Notelovitz T. *Abnormal eating attitudes and weight loss behaviours of girls attending a "traditional" Jewish high school in Johannesburg: an examination of teachers' awareness.* M. Voeding, 2011. 107 ble. Toesighouer: Visser J. Medepromotor: Szabo CP, Fredericks N.
6. Oostenhuizen L. *Aspects of the involvement, confidence and knowledge of South African registered dietitians regarding genetics and nutritional genomics.* M. Nutrition, 2011. 99 ble. Promotor: Du Plessis LM. Medepromotor: Naude C.
7. Schoonees A. *Pycnogenol for the treatment of chronic disorders: a systematic review.* M.Nutrition, 2011. 159 ble. Toesighouer: Volmink J. Medepromotor: Visser J.
8. Slegtenhorst S. *Antioxidant intake in paediatric oncology patients.* M. Voeding, 2011. 130 ble. Toesighouer: Visser J. Medepromotor: Meyer R.
9. Stanton M. *Changes in body mass index, dietary intake and physical activity of South African immigrants in Hobart, Australia.* M. Voeding,

2011. 148 ble. Toesighouer: Herselman MG. Medepromotor: Visser J.

10. STEAR GIJ. *Management of food allergies in children in South Africa – determining aspects of the knowledge and practices of dietitians and medical doctors.* M. Voeding, 2011. 196 ble. Promotor: Labadarios D. Medepromotor: Motala C, Potter P.
11. Wasserfall E. *Growth patterns and nutrition-related problems of infants under one year attending Red Cross children's hospital's antiretroviral clinic and the knowledge, attitude, beliefs and practices of their caregivers, concerning infant feeding.* M. Voeding, 2011. 268 ble. Promotor: Du Plessis LM. Medepromotor: Koornhof HE.

Onderrig en opleiding

Voorgaads

Vierdejaar-Dieetkundestudente:	27
Derdejaar-Dieetkundestudente:	32
Tweedejaar-Dieetkundestudente:	27
Eerstejaar-Dieetkundestudente:	26

Elektiewe studente

België:	6
Sint-Lieven Universiteitskollege	3
Kempen Universiteit	3
Noorweë: 3 (Universiteit van Oslo)	
Duitsland:	4
Niederrhein Universiteit	
van Toegespaste Wetenskappe	3
Hohenheim Universiteit	1

Nagraads

M. Nutrition (Navorsing)	7
M. Voeding (Gestruktureerd)	74
Ph.D. (Voedingswetenskappe)	9

'n Dosent, Mev L Koornhof, het die Rektorstoekenning vir Uitnemendheid in Onderrig ontvang.

Spesiale prestasie

Inwydingsredes (2)

NRF-toekenning: "Global Change, Society and Sustainability Initiative" R4, 1 m (2012 – 2014) toegeken in 2011.

Diens in komitees

Lid van die Geïntegreerde Voedingsprogram (INP)-komitee.

Lid van die Hospitaaldiëetkundiges-werkgroep (Wes-Kaapse Regering).

Lid van die CORE-komitee vir die geallieerde Gesondheidsberoep by Tygerberg-hospitaal.

Lid van die Borsvoedingskomitee van Tygerberg-hospitaal.

Lid van die Provinsiale Voedseldienste-spyskaarttaakspan.

Lid van die Provinsiale Porsieskaal-taakspan.

Lid van die Provinsiale NTP-beleidstaakspan.

Lid van die Provinsiale Tegniese Werkgroep: Neonaat- en Babavoeding.

Bydrae tot die provinsiale riglyne vir pediatriese diabetes mellitus.

Lid van die interprofessionele leer- en onderrigwerkgroep.

Lid van die Graduate Attribute-taakspan.

Lid van die organiseringskomitee vir die Kursus in Kliniese Toesighouding (die Kliniese Vaardighede-laboratorium).

Lid van die Voedingsadvieskomitee (NAC).

Lid van die advieskomitee aan Maties Gemeenskapsdiens (2006 tot hede).

Lid van die afdeling se werwingskomitee vir die verbetering van die diversiteitsprofiel van voorgraadse dieetkundestudente (2005 tot hede).

Lid van die GESOG-komitee (2009 tot hede).

Lid van die Bishop Lavis-rehabilitasiesentrum se bestuurskomitee.

Pas gekose president (visepresident) en uittredende president (Januarie tot September 2011) en president (vanaf September 2011) van die raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Parenterale en Enterale Voeding (SASPEN).

Lid van die wetenskaplike komitee vir die SASPEN-kongres.

Redakteursassistent van die South African Journal of Clinical Nutrition (SAJCN).

Lid van die redaksie en bestuur van die SAJCN.

Lid van die redaksie van The Open Nutrition Journal en van Current Nutrition & Food Science (2007 tot hede).

Gekose Adjunkredakteur Nutrition, van ScienceDirect, VSA (2008 tot hede).

Lid van die redaksie van die Journal of Renal Nutrition (1999 tot hede).

Referate van verskeie portuurbeoordeelde vaktydskrifte.

Genoiede lid van die Provinsiale Tegniese Werkgroep: Baba- en Kindervoeding. (Dit is 'n raadgewende subkomitee aan die Departement van Gesondheid se Koördineringskomitee vir Kindergesondheid.

Wes-Kaap-verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Bvereniging vir Sportgeneeskunde.

Lid van die uitvoerende komitee van die Werkgroep vir Sportvoeding, van die Vereniging vir Dieetkunde van Suid-Afrika (ADSA.)

Lid van die Akademiedag-komitee.

Lid van die Ettiëkkomitee vir Gesondheidsnavorsing.

Voorsitter en lid van die Welstandkomitee, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe.

Lid van die direksie van FoodBank South Africa.

Direkteur van Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium.

Voordragte en werkwinkels

Blaauw R. *Probiotics – Helpful or harmful?* SASPEN-kongres, Diep in die Berg, Pretoria, Suid-Afrika, September 2011.

Blaauw R. *Management of GIT-related complications in the critically ill patient.* SASPEN-kongres, Diep in die Berg, Pretoria, Suid-Afrika, September 2011.

Du Plessis LM. *Breastfeeding, the evidence revised.* CPD event: Breedevallei, Departement van Gesondheid, Worcester, Desember 2011.

Du Plessis LM. *Breastfeeding, the evidence revised.* CPD event. Mpumalanga Departement van Gesondheid, Nelspruit, Desember 2011.

Du Plessis LM. *HPS: platform for a successful 3-ring circus.* Skool-colloquium vir Gesondheidsbevordering, Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Studie in Suid-Afrika (STIAS), November 2011.

Kinnear S. (Praktiese demonstrasie:) *Nursing Aspects of TPN.* Universiteit Stellenbosch, Afdeling vir Menslike Voeding, Voortgesette Voedingsonderrig (CNE), 2011.

Lategan E. *Nutrition of the Burns Patient.* Pan-Afrikaanse Brandwondkongres, Februarie 2011.

McLachlan M. *Fostering Innovation for Sustainable Food Security: The Southern Africa Food Lab.*

Universiteit van Kaapstad-konferensie: Die Onderneming van Sosiale en Omgewings-innovering, November 2011.

McLachlan M. Panel presentation: *Rethinking how we each do business: Regional and Actor Perspectives – Africa*. Konferensie 2020 van die Internasionale Instituut vir Voedselbeleidnavorsing (IFPRI), oor die Inspanning van Landbou vir Voeding en Gesondheid, New Delhi, 12 Februarie 2011.

McLachlan M. *The Southern Africa Food Lab: An experiment in cross-sectoral collaboration*. Voedselsekureiteits- en Landbou-beraad, Kaapstad, 6 – 7 Mei 2011.

Meyer N. *Critical Care*. Universiteit Stellenbosch, Afdeling vir Menslike Voeding, CNE, 2011.

Potgieter S. *Body composition and anthropometry of athletes*. Suid-Afrikaanse Vereniging van Sportgeneeskunde, veertiende tweejarige internasionale kongres, Sandton-konvensiesentrum, Johannesburg, 18 – 20 Oktober 2011.

Potgieter S. (Aanbieder:) *GIT Anatomy and Physiology – back to basics*. CNE, Nelspruit 2011; asook by Universiteit Stellenbosch, CNE, 2011.

Potgieter S. (Aanbieder:) *Irritable bowel syndrome*. CNE, Nelspruit 2011.

Potgieter S. *The vegetarian athlete*. Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde, veertiende internasionale kongres, Sandton-konvensiesentrum, Johannesburg, 18 – 20 Oktober 2011.

Van Niekerk E. *Probiotics in Preterm infants*. SASPEN-kongres, Diep in die Berg, Pretoria, Suid-Afrika, September 2011.

Van Wyk L. *The practical management of Type 1 Diabetes in Children*. Suid-Afrikaanse Vereniging vir Anesthesioloë (SASA)-simposiums, September en Oktober 2011.

Visser J. *Identifying patients at risk of the refeeding syndrome*. SASPEN-verpleegkongres, Diep in die Berg, Pretoria, Suid-Afrika, September 2011.

Visser J. *Micronutrients in critical illness – why the lack of progress?* SASPEN-kongres, Diep in die Berg, Pretoria, September 2011.

Navorsingsaanbiedings

Blaauw R, Blanckenberg C. *Determination of the nutritional status of surgical ICU patients and identification of relationships thereof with clinical outcomes*. Drie-en-dertigste kongres van

die Europese Vereniging vir Kliniese Voeding en Metabolisme (ESPEN), 2 – 5 September 2011, Gothenburg, Swede.

Daniels L, Jackson D. *Knowledge, Attitude and Practices of Nursing Staff regarding the Baby Friendly Hospital Initiative in Non Accredited Obstetric Units in Cape Town, 2008*. Mondelinge voordrag by die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe se jaarlikse Akademiedag, 17 Augustus 2011.

Koornhof HE, Lombard MJ, Goosen C, McLachlan MH, namens die CNSP-navorsingspan. *A Community Nutrition Security research Project in the Breede Valley, Western Cape province, South Africa: Fieldwork*, 2011.

Uittreksels

Potgieter S. *The Vegetarian Athlete*. Suid-Afrikaanse Vereniging van Sportgeneeskunde. Veertiende tweejarige Internasionale Kongresverrigtinge, 18 – 20 Oktober 2011.

Potgieter S. *Body composition and anthropometry of athletes*. Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde. Veertiende tweejarige Internasionale Kongresverrigtinge, 18 – 20 Oktober 2011.

Blaauw R, Blanckenberg C. *Determination of the nutritional status of surgical ICU patients and identification of relationships thereof with clinical outcomes*. *Clinical Nutrition Supplement* 2011; 6 (Byv. 1): 211.

Vaktydskrifartikels (gesubsidieer)

1. Blaauw R. *Malabsorption: causes, consequences, diagnosis and treatment*. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(3): 125-127.
2. Bosman L, Herselman MG, Kruger HS, Labadarios D. *Secondary analysis of anthropometric data from a South African National Food Consumption Survey, using different growth reference standards*. **Maternal and Child Health Journal** 2011; 15(8): 1372-1380.
3. Carrasco LN, Vearey J, Drimie S. *Who cares? HIV-related sickness, urban-rural linkages, and the gendered role of care in return migration in South Africa*. **Gender and Development** 2011; 19(1): 105-114.
4. Daniels L, Jackson D. *Knowledge, attitudes and practices of nursing staff regarding the Baby-Friendly Hospital Initiative in non-accredited obstetric units in Cape Town*. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(1): 32-38.

5. Davies H, Visser J, Tomlinson M, Rotherham-Borus MJ, Le Roux I, Gissane C. An investigation into the influence of socioeconomic variables on gestational body mass index in pregnant women living in a peri-urban settlement, South Africa. **Maternal and Child Health Journal** 2011; Sept 6 [E-pub]: 1-10.
6. Faber M, Witten C, Drimie S. Community-based agricultural interventions in the context of food and nutrition security in South Africa. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(1): 21-30.
7. Goeiman H, Labadarios D, Steyn NP. Who is the nutrition workforce in the Western Cape? **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(2): 90-98.
8. Herselman MG, Du Plessis LM. The importance of access to food intake data. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(1): 7-8.
9. Iversen PO, Du Plessis LM, Marais D, Morseth M, Hoisaether EA, Herselman MG. Nutritional health of young children in South Africa over the first 16 years of democracy. **South African Journal of Child Health** 2011; 5(3): 72-75.
10. Iversen PP, Hoisaether EA, Morseth M, Herselman MG. Diverging opinions of supplementation programmes between mothers of small children and staff at primary health clinics in the Western Cape Province of South Africa. **Public Health Nutrition** 2011; 14(5): 923-930.
11. Laurence EC, Lombard L, Volmink J. Risk factors for myocardial infarction and stroke in Africa. **SA Heart** 2011; 8(1): 12-23.
12. McLachlan M, Hamann R. Theme issue on food security. **Development Southern Africa** 2011; 28(4): 429-430.
13. Naude CE, Bouic P, Senekal M, Kidd M, Ferrett H, Fein G, Carey PD. Lymphocyte measures in treatment-naive 13-15-year old adolescents with alcohol use disorders. **Alcohol** 2011; 45: 507-514.
14. Naude CE, Senekal M, Laubscher R, Carey PD, Fein G. Growth and weight status in treatment-naive 12-16 year old adolescents with alcohol use disorders in Cape Town, South Africa. **Nutrition Journal** 2011; 10(87): 1-10.
15. Potgieter S, Labadarios D, Labuschagne IL. Body composition, dietary intake and supplement use among triathletes residing in the Western Cape. **South African Journal of Sports Medicine** 2011; 23(3): 74-79.
16. Stevenson C, Blaauw R. Probiotics, with special emphasis on their role in the management of irritable bowel syndrome. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(2): 63-73.
17. Van Niekerk E. Probiotics in premature infants: focus on necrotising enterocolitis. **South African Journal of Clinical Nutrition** 2011; 24(3): S35-S37.
18. Visser J, Blaauw R, Labadarios D. Micronutrient supplementation for critically ill adults: A systematic review and meta-analysis. **Nutrition** 2011; 27: 745-758.

Vaktydskrifartikels (nie gesubsidieer)

1. Goosen C, Labuschagne IL. New breastfeeding recommendations for HIV-positive mothers. **The Specialist Forum** 2011; Februarie: 62-66.
2. Lombard MJ, Labuschagne IL, Goosen C. The nutritional value of canned vegetables and fruit within a balanced diet. **Food Review** 2011; 38(2): 24-25.
3. Schoonees A, Lombard M, Nel ED, Volmink J. Ready-to-use therapeutic food for treating undernutrition in children from 6 months to 5 years of age (Protocol). **Die Cochrane-medewerking** 2011; 2: 1.
4. Crush J, Frayne, B, McLachlan MH. 2011. Rapid Urbanization and the Nutrition Transition in Southern Africa. **AFSUN Urban Food Security-reek**.
5. McLachlan M, Tchibindat F. 2011. (Ed). Planning and Financing Nutrition Programmes in ECOWAS. **SCN News. SCN News. No. 39 Byv.**

ARBEIDSTERAPIE

Departement van Arbeidsterapie

Me. Fatima Peters

Opsomming

- Die Sesde Metro Arbeidsterapie in Gesondheid-forumvergadering (MOTH-vergadering) is op 14 Oktober 2011 gehou. Die tema van vanjaar se forumvergadering was Occupation Based Practice: Building on Performance Components and Function. Die hoofspreekster was medeprofessor Elewani Ramugondo van die Universiteit van Kaapstad.
- Die 18de Nasionale Arbeidsterapie-forum is in Limpopo byeengeroep deur me. F. Peters wat tans die voorsitter is. Die Nasionale Arbeidsterapie-forum vervul 'n belangrike rol om die Arbeidsterapie-praktyk in die openbare diens in lyn te bring met belangrike beleide, planne en wetgewing.
- Die Arbeidsterapie-departement van Tygerberg-hospitaal neem steeds daaraan deel om die ontwikkeling en vordering in Arbeidsterapie-dienslewering in die Metro-distrik te dryf en te lei deur die Pediatriese Arbeidsterapie-belangegroep, die Psigiatriese Arbeidsterapie-belangegroep, die Werkbeoordeling-belangegroep, en die Drukkleding-belangegroep byeen te bring.
- 'n Doeltreffende sitkliniek (vir volwassenes en kinders) word steeds by Tygerberg-hospitaal hanteer met waglyste wat goed bestuur word. Die Arbeidsterapie-departement van Tygerberg-hospitaal bied nou gevorderde sitbepaling vir volwassenes en kinders aan.
- Die Arbeidsterapie-departement van Tygerberg-hospitaal het weer eens gehelp om 'n suksesvolle Tygerberg-brandwond Gemeenskapspretloop op 8 Oktober te reël. Die geld wat uit die pretloop gemaak is, is gebruik om broodnodige toerusting vir die Brandwondeenheid aan te skaf.
- Die Arbeidsterapie-departement van Tygerberg-hospitaal help steeds met die oorsig van sekere tender-items vir ortopediese bestuur. Sommige personelede het ook op grootskaal deelgeneem om die UPFS-pryslyste vir alle sentrale hospitale te handhaaf.
- Me. R. Gordon het waargeneem as die voorsitter van Tygerberg-hospitaal se Transformasie-komitee en het deelgeneem aan Tygerberg-hospitaal se Afwesighedsopname.



- Tygerberg-hospitaal se Werkbeoordeling-eenheid is nou betrokke by die werk van Tygerberg-hospitaal se Beroepsgesondheid en -veiligheid-komitee.
- Nuwe arbeidsterapie-groepe of -klinieke is in 2011 begin: Diabetes-groep vir adolessente en Diabetes Mellitus Tipe 1, CP-kliniek (in samewerking met pediatriese neurologie en spraakterapie), 'n tweede Stywe-hande-groep en 'n agt-week-voorbereidingsprogram.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYS)	AANTAL	GEVUL
Arbeidsterapie: Hoof van Departement/Bestuurder	1	1
Arbeidsterapie: Toesighouer	4	4
Arbeidsterapie: Klinici	8	8
Arbeidsterapie: Gemeenskapsdiens	2	2
Arbeidsterapie:	5	5
Totaal		20

Uitsetbron

	AANTAL
Chirurgie (Amputasie, Brandwonde, Hande, Ortopedie, Plasties, Interne Geneeskunde, Drukkleding, Rumatologie, Limfedem)	7251
Neurologie en Neurochirurgie	1956
Pediatrie	2207
Psigiatrie (Volwassene en kind) insluitend 360 – met die hand)	1887 + 1385 3272
Werkbeoordeling	783
Totaal	15469
Totaal 2010:	13267

Kommentaar op uitset

- Die statistiek is hoër vanweë die fokus op data-vaslegging – 'n toegewyde klerk plus meer ywer van die Arbeidsterapie-personeel.
- Een addisionele nuwe Arbeidsterapie-pos is ook in 2011 gevul.
- Die uitdagings was egter dat daar in 2011 vier bedankings en ses nuwe aanstellings was wat 'n negatiewe uitwerking op pasiëntgetalle gehad het.
- Daar was ook die volgehoue hoë behandelingsversuimkoers van buitepasiënte.

Infrastruktuurontwikkeling

Aanskaffing van:

- 'n Elektriese plint om te help met die behandeling van volwasse pasiënte met neurologiese probleme.
- Twee gestandaardiseerde toetse vir Pediatriese Arbeidsterapie: Miller Function and Participation Scales en Behaviour Rating Inventory of Executive Function.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

- Kindergesondheid: Outisme-steungroep, uitreik en steun aan onderwysers deur middel van visuele-persepsie-oefeninge en handfunksie-programme, uitreik na verpleegpersoneel in Malmesbury deur groepe met kinders en adolessente wat geestesgesondheidsprobleme het saam te roep.

- Uitreik na Arbeidsterapeute wat in die Metropool-distriksgesondheidsdienste (MDHS) werk – Arbeidsterapeute van Tygerberg-hospitaal het op 5 Augustus 2011 'n werksessie, Assessment and Treatment of Neurobehavioural Deficits, aangebied.

Huidige vennootskappe**Nasionaal**

- Nasionale Arbeidsterapie-forum
- Arbeidsterapie-vereniging van Suid-Afrika (OTASA)

Privaat

- Sanlam en Tygerberg-brandwondvereniging

Internasionaal

- Rangoonwala-stigting/Universiteit van Wes-Kaapland Foundation/University of the Western Cape

Prestasies t.o.v. navorsingsaktiwiteite en navorsingsuitsette:

- Navorsingstudie voltooi: *Exploring parents' and Occupational Therapists' perception on the utilization of the Occupational Therapy service at three paediatric out-patient units in the Western Cape* (Fatima Peters)
- Tygerberg-hospitaal se Arbeidsterapie-departement het 'n etiek-lesing vir alle geallieerde gesondheidsberoepslui by Tygerberg-hospitaal en alle Arbeidsterapie-personeel van die Departement van Gesondheid, Metropool-distrik, aangebied: Aanbieder: dr. Sharon Kling. Datum: 22 Julie 2011.
- Tygerberg-hospitaal se Arbeidsterapie-departement het twee sessies van die werksessie, *Making the most of everyday clinical data*, aangebied vir alle Arbeidsterapie-personeel in die Departement van Gesondheid, Metropool-distrik. Prof. Lana van Niekerk was 'n aanbieder by albei werksessies en dr. Helen Buchanan was net 'n aanbieder by die tweede werksessie. Die werksessies is op 24 Junie en 28 Oktober 2011 gehou.
- Huidige studies in die Arbeidsterapie-departement:
 - *Exploring the experience of mothers on motherhood while having a child on the spectrum of autism* (Elana Laminette)
 - *An exploration of burn survivors' experience of pressure garment therapy at Tygerberg Hospital* (Rogini Pillay).

- R. Pillay het 'n referaat gelewer by die 4de Pan-Afrikaanse Brandwondkongres vanaf 6 tot 9 Februarie 2011: *Managing Patient Compliance: Moving away from the medical model*.
- Bydrae tot die navorsingstudies van Ortopedie-dokters, naamlik:

Dr. R. King: *Clavicle Fractures (Assisted with standardized DASH assessments)*.

Dr. Thiaart: *Distal Radius Fractures (assisted in developing standard treatment and assessments for patients)*. Aanvang: Oktober 2011 (duur voort)
- Die Werkbeoordeling-eenheid is in 2011 deur dr. Shaheed Soekervan UWK genader om betrokke te raak by 'n nadoktorale tesis. Die studie sluit die ontwikkeling van 'n nuwe teoretiese model vir Arbeidsterapie in. Die Werkbeoordeling-eenheid kon toe beoordeling-kliënte van die eenheid uitwys, wat die potensiaal getoon het om deel te wees van die gesteunde werksgeleentheid-projek wat deur dr. Soeker begin is. Altesame 10 van daardie kandidate is gevolglik teruggeplaas in die werksmag van die oop arbeidsmark. Hulle word gesteun in hul poste deur 'n arbeidsterapeut wat met die universiteit verbind is.
- Die Werkbeoordeling-eenheid het 'n formele versoek van dr. Du Toit (Rumatologie-departement, Tygerberg-hospitaal) aanvaar om betrokke te raak by 'n Medikasie-proefneming van geselekteerde pasiënte wat verkieslik steeds werk. Die Werkbeoordeling-eenheid sal help deur verandering in arbeidsprestasie van werkende kliënte te evalueer, met werknemers te skakel, aanbevelings maak en terugvoering verskaf.

Onderrig en Opleiding

- Onderrig en opleiding van voorgraadse Arbeidsterapie-studente van UWK en die Universiteit Stellenbosch.
- Elektiewe studente plaaslik (universiteite van Kaapstad en Pretoria) en buitelandse elektiewe (Duitsland).
- Buitelandse-studenteraad-eksamen (HPCSA) – Zimbabwiese Arbeidsterapeut.

FISIOTERAPIE

Departement van Fisioterapie

Me. Anne-Marie Swart

Opsomming

Die rol van 'n fisioterapeut is om 'n holistiese kliniese diens te lewer wat bestaan uit kuratiewe, voorkomende, rehabiliterende en gesondheidsvoorligting-prosedures in respiratoriese, neurologiese en ortopediese toestande. Fisioterapie-prosedures kan nie maklik verdeel word volgens eerstegraad-, tweedegraad- of derdegraad-vlakke van behandeling nie – alle pasiënte word geëvalueer en behandel volgens hul behoeftes. Uitkomst word gebaseer op die beskikbare hulpbronne en die pasiënt se mediese behandelingsplan soos bepaal deur hul eerstegraad-, tweedegraad- of derdegraad-status.

Kliniese dienste gebied deur Tygerberg-hospitaal se Departement van Fisioterapie:

- Binnepasiënt-diens aan alle sale van Tygerberg-hospitaal (uitsluitend privaat sale en KDH-sale);
- Bepaalde naweek- en na-uurse diens;
- Buitepasiënt-diens aan kliënte woonagtig in die opvangsgebied van Tygerberg-hospitaal;
- Buitepasiënt-konsultasie vir komplekse gevalle verwys vanaf ander klinieke;
- Buitepasiënt-monitering van sekere elektiewe prosedures bv. skouervervangings;
- Gespesialiseerde buitepasiënt-klinieke: Hand-kliniek, Kranio-fasiale kliniek (KF-kliniek), Hipoksiese Isgemiese Enkefalopatie kliniek (HIE-kliniek).

Die Tygerberg-hospitaal Departement Fisioterapie is betrokke by die onderrig en opleiding van personeel, studente en die publiek d.m.v. verskeie programme.

Hoogtepunte

- Implementering van veranderinge aan die kliniese platform – die aantal plasings vir voorgraadse fisioterapie-studente is vermeerder.
- Nasionale Fisioterapie Rug-week was op 'n nuwe manier benader en het oefenklasse ingesluit wat Tygerberg-hospitaal-personeel kon bywoon. Hoewel minder deelnemers bereik kon word, was die impak baie meer effektief as slegs lesings oor rugsorg.



Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Assistent-direkteur	1	1
Hoof Fisioterapeute	4 en 5/8	4 en 5/8
Senior Fisioterapeute	13	13
Gemeenskapsdiens Fisioterapeut	1	1

Personeel-diensstaat 2011 – veranderinge:

- Een interne bevordering na hoof fisioterapeut;
- Een eksterne bevordering na hoof fisioterapeut by Khayelitsha-distrikshospitaal;
- Een bedanking a.g.v. verhuising;
- Alle vakante poste is gevul – kontrakwerkers is aangestel gedurende die periodes dat die poste vakant was.

Addisionele finansiële hulpbronne vir die finansiële jaar:

- Oortyd: begroting van R70 000 vermeerder tot R 182 534 na motivering;
- Verbruikbare items: R46 000 toegestaan;
- Toerusting onder R 5000: R58 000 toegestaan;
- Toerusting bo R 5000: geen fondse toegestaan;
- Die Mobility Assistive Devices Advisory Committee (MADAC) het befondsing toegestaan ter waarde van R29 600 vir die aankoop van toerusting wat nie op tender is nie.

Uitsetbron

Statistiek van Januarie tot Desember 2011 wys 'n totaal van **44 045** pasiënt-bywonings deur Tygerberg-hospitaal se fisioterapie-personeel en -studente – en 'n addisionele **2 377** bywonings van naweek-dienste gelewer.

Bywonings per kliniese area

Chirurgie-binnepasiënte	19 290
Amputasie-buitepasiënte	36
Ortopedie-binnepasiënte	6 359
Ortopedie-buitepasiënte (insl. Hande)	2 250
Interne Geneeskunde-binnepasiënte	7 351
Volwasse Neurologie-buitepasiënte	326
Respiratoriese-buitepasiënte	2
Pediatrie-binnepasiënte	5 452
Pediatrisse Neurologie-buitepasiënte (insluitend KF en HIE)	286

Kommentaar

Die totale aantal bywonings vir 2011 het vermeerder in vergelyking met 2010 (39 450).

Hierdie vermeerdering in bywonings is waarskynlik weens veranderinge in en om Tygerberg-hospitaal, wat 'n verhoging in die fisioterapie-werkslading veroorsaak het:

- Sedert die implementering van die vlak 2- en vlak 3-sale was daar 'n toename in die aantal fisioterapie-verwysings asook die kompleksiteit van gevalle.
- Die buitepasiëntklinieke dra tans 'n groot aantal pasiënte van omringende areas wat nie by hul naaste daghospitaal opgevolg kan word nie. Dit is weens 'n tekort aan fisioterapie-poste in die gemeenskap. Die betrokke areas is hoofsaaklik: Belhar, Kuilsrivier, Durbanville, Ravensmead, Mfuleni en Blackheath.

Kommerwekkende faktore

- Daar is steeds 'n merkbare teenstrydigheid tussen die statistieke volgens Clinicom en departementele rekords.
- Hoë omset en vinnige ontslagte met laat verwysings a.g.v. 'n hoë aanvraag vir beddens lei tot 'n verhoogde werkslading vir fisioterapeute.
- Gereelde onderbrekings in die beskikbaarheid

van loophulpmiddels lei tot vertraging in dienslewering.

- Toenemende MDR TB- en XDR TB-blootstelling
- Die rol van fisioterapie teenoor verpleging ten opsigte van die verantwoordelikheid vir roetine-mobilisering van pasiënte bly 'n onuitgemaakte saak.
- Die verlies aan toerusting weens diefstal – die ortopedie-buitepasiëntafdeling moes vir 10 maande sonder 'n PACS RIC-rekenaar funksioneer nadat die rekenaar tydens werksure gesteel is.
- Die 75 nuwe beddens wat in 2012 geopen gaan word, sal 'n impak hê op fisioterapie-dienste sonder dat daar voorsiening gemaak is vir addisionele personeel.

Infrastruktuurontwikkeling

Departementeel:

- Toerustingaankope:
 - Items onder R5 000 – vir die waarde van R58 000;
 - Twee staanrame en drie rehabilitasie-looprame – van die MADAC- addisionele begroting.
- Die opgradering van die departement is uitgestel weens ander projekte in Tygerberg-hospitaal wat prioriteitaandag verlang.

Vennootskappe

Privaat sektor

- Tygerberg-hospitaal het 'n ooreenkoms met 'n privaat fisioterapeut wat kliniese dienste in die privaat saal D4 lewer.

Onderrig en Opleiding

- Die departement bied plasings vir voor- en nagraadse studente van die fisioterapie-departemente van UWK en die Universiteit Stellenbosch.
- Studente van ander Suid-Afrikaanse universiteite word op elektiewe plasings geakkommodeer.

STUDENTEPLASINGS 2011	
UNIVERSITEIT	GETAL STUDENTE
US III	35
US IV	63
US OMT MSc	0 versoek
UWK II	48
UWK III	19
UWK IV	34
Elektiewe plasings	2

- Altesame 58 voorgraadse finale fisioterapie-kliniese toetse is voltooi in Tygerberg-hospitaal binne 'n bestek van drie weke – fisioterapie-personeel was verantwoordelik vir die seleksie van pasiënte vir die evalueringstoetse asook die koördinerings van alle logistieke reëlings.
- Die departement het 'n besoek van fisioterapie-studente van die Universiteit van Kaapstad aan die Brandwondeenheid van Tygerberg-hospitaal gekoördineer.
- Onderrig oor fisioterapie in ortopediese toestande was gebied aan MBChB finalejaar studente tydens hul Ortopedie- kliniese rotasie by Tygerberg-hospitaal.
- Twee Skoliere Opedae is gehou vir voornemende fisioterapie-studente.
- 'n Kinetiese-hantering-lesing en demonstrasie is gehou vir radiografie-studente van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie (KSUT).

Menslike Hulpbron-ontwikkeling

- Akademiese aktiwiteite van Tygerberg-hospitaal Departement Fisioterapie – ingeskrewe:
 - 1 x nagraads (MPhil in Gesondheidswetenskappe Onderwys)
 - 1 x voorgraads (BCom Regte)

- 'n Aantal lesings of kursusse is deur personeel bygewoon:

	GETAL AANGEBIED	PERSONEEL OPGELEI
Beroepspesifieke VMO-aktiwiteite geborg deur TBH MHO	12	12
Beroepsverwante VMO-aktiwiteite geborg deur SU	1	3
PRWK-kursusse	5	11
Ander MHO / ICAS-kursusse	3	7
Ander Tygerberg-hospitaal-kursusse	3	4

Besondere prestasies

- Die Departement van Fisioterapie het die Departement van Menslike Voeding ondersteun in sy nuwe inisiatief deur insette te lewer aan pasiënte wat die diabetes- en die gewigsverlies-groep bywoon.
- Beroepsgesondheid en –veiligheid-risiko-evaluerings is gedoen in verskeie afdelings van Tygerberg-hospitaal – as deel van Besering Aan Diens (BAD) en ander ondersoeke.
- Verteenwoordiging op komitees of portefeuljes buite die Departement van Fisioterapie:
 - Beroepsgesondheid- en –veiligheidskomitee
 - Transformasie-komitee
 - Loophulpmiddels-komitee
 - Clinicom-komitee
- PACS RIS (digitale beelding van X-strale en RT-skanderinge)
- Deelname aan Tygerberg-hospitaal-inisiatiewe: Tygerberg-hospitaal Opedag en Personeel-welstandsdag.
- Die Departement van Fisioterapie het hul eie interne Personeelwelstandsprogram begin om 'n gesonde leefstyl aan te moedig.
- Beroepspesifieke Bedeling (OSD) is geïmplementeer na vele verdragings.

SPRAAKTERAPIE EN OUDIOLOGIE

Afdeling van Spraakterapie en Oudiologie

Me. H. Elliott

Opsomming

Evaluasie en behandeling van volwassenes en kinders met kommunikasie-, sluk- en gehoorprobleme.

Diensleweringareas sluit in:

Volwasse en pediatriese disfagie, neurologiese kommunikasie- afwykings, pediatriese spraak- en kommunikasie-afwykings (nul tot ses jaar), outismespektrum-versteuring, gespletelipenverhemelte, kop- en nek-onkologie, hakkell, stempatologie, volwasse en pediatriese diagnostiese gehoor-evaluasie (insluitend neonatale gehoorsiffting), volwasse en pediatriese gehoorapparaatpassing en rehabilitasie, evaluasie en hantering van kogleëre inplantings, en ouer- en pasiënt- ondersteuningsgroepe.

Hulpbronne

POSTE (VOLTYDS)	AANTAL	GEVUL
Assistent-direkteur	1	1
Hoof- spraakterapeut	1	1
Hoofoudioloog	4	3
Senior Spraakterapeut	2	2
Senior Oudioloog	3	3
Gemeenskapsdiens-spraakterapeut	1	1

POSTE (SESSIONEEL – GETAL UUR PER WEEK)	AANTAL
5/8 (Oudioloog)	1
30 uur (Oudioloog)	1

Uitsetbron:

BUIEPASIËNTBESOEKE	AANTAL
Oudiologie	7 083
Spraakterapie	2 831
BINNEPASIËNTBEHANDELINGS	AANTAL
Oudiologie	933
Spraakterapie	1 565
Totaal Oudiologie	8 016
Totaal Spraakterapie	4 396

Hulpmiddels uitgereik:

Altesame 380 staat-uitgereikte gehoorapparate
Altesame 8 kogleëre inplantings deur die staat befonds



Kommentaar op uitset

'n Toename in binnepasiënt- spraakterapie-verwysings is ondervind weens die verhoogde bewustheid van spraakterapie-dienste in die hospitaal en bestaan hoofsaaklik uit volwasse neurologiese kommunikasie- en slukafwykings asook pediatriese voedingsprobleme. Pasiëntstatistiek het vermeerder vanaf 2010, hoewel personeelgetalle dieselfde gebly het.

Infrastruktuurontwikkeling

Ons departement het 'n gehoorapparaat-toetsstelsel gekry wat objektiewe en akkurate gehoorapparaatpassings in pediatriese en "moeilik toetsbare" bevolkings kan optimaliseer.

Gemeenskaps-uitreikprogramme

- Drie spraakterapeute het opleiding gegee aan die personeel by St Joseph's Tehuis om vroeë kommunikasie-ontwikkeling in kroniese siek kinders in 'n inrigtingsopset aan te moedig.
- Ons departement het die stigting van 'n Oudiologie- en Spraakterapie-afdeling by Khayelitsha Distrikshospitaal ondersteun, asook die stigting van 'n Oudiologie-afdeling by Paarl Hospitaal. Bestaande dienste op distriks- en streeksvlak was voorheen afwesig.
- Een oudioloog het die Oor, Neus, Keel-uitreikdienste (ONK-uitreikdienste) by Stellenbosch Provinsiale Hospitaal ondersteun deur middel van 'n weeklikse oudiologie-sifftingskliniek.
- Die departement het deurlopend ondersteunende gehoor- en spraakterapiedienste aan die Carel du Toit-sentrum vir gehoorgestremde kinders aangebied.

Vennootskappe

Die Kogleëre Inplanting-afdeling bied ondersteuning en opleiding aan die Kogleëre Inplanting-satellietklinieke in Oos-Londen, Port Elizabeth en Windhoek.

Akademiese Aktiwiteite

Aanbiedings en Plakkate:

- Kogleëre Inplantings: Aangebied deur Lida Müller op 14 Januarie 2011 aan die ONK-departement, Tygerberg Hospitaal.
- Kogleëre Inplantings in Kinders. Aangebied deur Lida Müller op 3 Maart 2011 aan die Hi Hopes-groep.
- Ontwikkeling in Kogleëre Inplanting in Kinders. Aangebied deur Lida Müller op 16 Maart 2011 aan personeel by die Carel du Toit-sentrum.
- Langtermynkoste-implikasie van Kogleëre Inplanting. Aangebied deur Gill Kerr op 26 Junie 2011 by die SAKIG-konferensie, en op 1 September 2011 by die Carel du Toit-sentrum.
- Pediatrisie Kogleëre Inplantering. Aangebied deur Lida Müller op 17 Julie 2011 aan die Departement Pediatrie, Fakulteit Gesondheids-wetenskappe.
- Kogleëre Inplantings. Lesing aangebied deur Lida Müller aan die derdejaarstudente in die Departement Spraak-, Taal- en Gehoorterapie op 18 Augustus 2011.
- Verwysingskriteria vir Kogleëre Inplanting. Aangebied deur Suryn Lombaard op 3 November 2011 aan die ONK- en Oudiologie-personeel Worcester Hospitaal.
- Die Nut van 'n Volwasse Neurologiese Ondersteuningsgroep in 'n Tersiêre Hospitaal-omgewing. Aangebied deur Candice Randall, Lize Rooi en Jamie de Grass by die Nasionale SASGTV/ONK-kongres in November 2011.

Publikasies:

Perold J. *Cochlear implants in South Africa*. **E-Zine, SASLHA**, Januarie 2011.

Kursusse aangebied:

- Die Kogleëre Eenheid het die 6de Kort Kursus in Verdere Opleiding in Kogleëre Inplanting aangebied vanaf 7 tot 18 Februarie, en 14 tot 17 Maart 2011. Die kandidate het almal 'n sertifikaat ontvang van die Departement Spraak-, Taal- en Gehoorterapie, Universiteit Stellenbosch.

Kongresse Bygewoon:

Die volgende kongresse en simposiums is bygewoon:

- Die 10de Europese Simposium oor Pediatrisie Kogleëre Inplanting;
- Ndiyeva Oudiologiese en Ouditiewe Verbale Konferensie;
- SASGTV/ONK-kongres;
- Personeellede het ook gedurende die jaar'n verskeidenheid kort kursusse bygewoon.

Akademiese prestasie:

- Gill Kerr het haar Meestersgraad in Oudiologie verwerf. Die inhoud van haar studie was: Die Langtermynkoste-implikasie vir Kogleëre Inplanting Gebruikers.
- Twee personeellede is ingeskryf vir 'n Meestersgraad.

Onderrig en Opleiding

Alle personeellede was betrokke by weeklikse studenteopleiding van voorgraadse studente in Spraakterapie en Oudiologie van die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van Kaapstad (UK). Dit sluit in kliniese rotasie in elektrofisiologiese toetsprosedures en pediatrisie toetsprosedures vir die Universiteit van Kaapstad, en kliniese spraakterapie-rotasie in vroeë intervensie, pediatrisie spraak- en taalafwykings en volwasse stem- en vlotheidsafwykings vir die Universiteit Stellenbosch. Die volgende lesings is ook aangebied:

- Jenny Perold het die voorgraadse kursus in Kogleëre Inplanting aan derdejaarstudente in Oudiologie van die Universiteit van Kaapstad aangebied.
- Haley Elliott het die voorgraadse kursus in Gesplete Lip en Verhemelte aan die derdejaarstudente in Spraakterapie van die Universiteit van Kaapstad aangebied.
- Haley Elliott het 'n gevorderde seminaar in laringektomie-rehabilitasie aan vierdejaarstudente in Spraakterapie van die Universiteit Stellenbosch aangebied.
- Candice Randall het 'n lesing oor Voedings- en Slukafwykings aan die Arbeidsterapie-studente van die Universiteit Stellenbosch aangebied.
- Oudiologie-lesings is deurlopend aangebied vir vyfdejaar- mediese studente by die Universiteit Stellenbosch op die ONK-blok.
- Alle personeellede was betrokke by informele indiensopleiding van Tygerberg Hospitaal-personeel.

Besondere prestasies

Die Kogleëre Inplantingseenheid het hul 25ste herdenking in November 2011 gevier. Tot op hede het 432 pasiënte kogleëre inplantings ontvang.

VRYWILLIGERSDIENS

Vrywilligersdiens

Voorsitter: Ms. F. MacClune

Komitee lede

Me. G. Scott Ondervoorsitter

Me. L. Layman

Me. R. Rogers

Me. P. Oliver

Me. M. Rhooide

Me. M. Arendse

Me. H. Rudman

Me. M. Parker Finansiële raadgewer

Me. M. de Jager Hoof van Eenheid vir Maatskaplike Werk (amptelik)

Me. Z. Vallie Arbeidsterapeut (op uitnodiging)

Personeel

Die organiseerder, kassiere/voorraadkontroleur, bestuurder van die spysenieringsdiens, ses kombuispersoneellede, een winkelassistent by die apteek en een winkelassistent by die kiosk by uitgang 1 word almal deur die Vrywilligersdiens vergoed.

Algemeen

Die Vrywilligersdiens by Tygerberg-hospitaal lewer steeds na 38 jaar 'n diens aan pasiënte en personeellede. Die vrywilligers voer hul werk met liefde en toewyding dwarsoor die hospitaal uit. Die gekwalifiseerde en toegewyde administrasiepersoneel verseker 'n doeltreffende diens ten spyte van 'n tekort aan vrywilligers.

Dienste

Altesame 60 lede by verskillende werkpunte het altesame 6 692 diensuur gelewer. Altesame 35 junior vrywilligers het in die skoolvakansies 676 uur gewerk. Die volgende areas is bedien:

- Saalbesoeke en saaldiens;
- Kindersale;
- Haarkapperdiens: haarsorg aan 1 035 pasiënte;
- Winkelrolle na sale, klinieke en apteek;
- Gene Louw-gebou, Departement van Radioterapie: spysenieringsdiens en harewasdiens vir pasiënte;



- Kersfees-projek: 480 geskenke is in die kindersale uitgedeel, insluitend pasiënte in die Gene Louw-gebou, psigiatrie-sale en die Brandwondeenheid;
- Geskenkwinkel/snoepwinkel;
- Spysenieringsdiens op grondvloer, teaters en apteek; gratis verversings word gedurende eksamens aan sesdejaar-mediese studente aangebied;
- Uniformwinkel vir verpleeg- en ander personeel in die Skiereiland en landelike gebiede;
- Naweekdiens: gesenkwinkel en snoepwinkel;
- Hulp aan CSSD en die Melkkombuis.

Behoefteverligting

Aansoeke vir finansiële hulp vir behoeftige pasiënte word gereeld ontvang. Finansiële hulp en kospakkies word met die samewerking van die Eenheid vir Maatskaplike Werk aan pasiënte gegee. 'n Aantal pasiënte word ook met vervoergeld gehelp.

Totale bedrag uitbetaal vir Behoefteverligting:

Kleinkas	R24 000.00
Kospakkies	R50 000.00
Totaal	R74 000.00

Spesiale projekte

Van die skenkings aan die hospitaal:

Departement van Arbeidsterapie:

Vervoergeld en toebroodjies vir werksevaluering-pasiënte	R7 200.00
Deurgangsaal: vervoergeld, toebroodjies, tee en koffie	R1 100.49
Daaglikse vervoer: deurgangsaal en ander pasiënte uit die kantoor	R12 000.00
Kantoor van die uitvoerende hoof: planthuurfooi per jaar	R6 075.90
Wassery: haarkapperdiens (handdoeke)	R1 283.40
Tee en toebroodjies vir sesdejaar-mediese studente	R1 370.00
D grond en D laergrond: toiletware en onderklere vir pasiënte	R1 546.83
Kersfees-projek	R3 238.08
Dagchirurgie D5: wasmasjien	R2 298.99
C2A blinding wagkamer	R1 120.00
Skenking Vrouedag	R1 745.10
Gordyne saal F grond	R9 861.00
Gordyne saal D3	R10 367.00
Gordyne saal C2A	R4 095.00
Gordyne saal C2A twee wagkamers	R2 180.00
Verbetering saal D6 badkamers, toilette en kombuis	R17 500.00
Verbetering saal D6	R19 370.00
PALS-kantoor grondvloer blindings	R800.00
2 x TV's saal A8 wes	R11 397.00
1x TV saal F2	
Gordyne saal C3B	R2 175.00
Skenking Tygerberg-fasiliteitsraad	R30 000.00
Verversings Mamma-kliniek	R719.97
Prys vir Beste Arbeidsterapie-student van die Jaar	R500.00
Gordyne ginekologie-buitepasiënte derde vloer	R393.75
Gordyne A grond konferensiesaal en kantoor me. Basson	R3 600.00

Geld toegeken aan twee projekte (nie uitbetaal):	
Portier-projek vir toilette A- en H-gang en Apteek	R23 000.00
Oornagfasiliteite vir buitepasiënte	R37 000.00
Totale bedrag bestee aan Spesiale Projekte	R211 937.51
Totale bedrag bestee aan hospitaalprojekte	R285 937.51

Fondsinsameling en skenkings

Die Vywilligersdiens steun op skenkings en fondsinsamelingsprojekte om geld in te samel. Die grondwet van die Vrywilligersdiens bepaal dat 75% van die jaarlikse netto wins aan Tygerberg-hospitaal gebruik moet word om die gesondheid, welsyn en gemak van die pasiënte te verbeter.

Opsomming

Die pasiënte en personeel waardeur die toegewyde werk wat die lede van die Vrywilligersdiens doen. Vrywilligers bied hul diens met liefde en belangstelling in die welstand van pasiënte aan.

Die Vrywilligersdiens is dankbaar vir die uitvoerende hoof en sy personeel, asook die Adjunkdirekteur: Verpleging en haar personeel vir die vriendelike samewerking en steun wat ontvang is regdeur die jaar wat verby is.

HOSPITAALSKOOL

Tygerberg Hospitaalskool**Skoolhoof: Susan Potgieter****Opsomming**

Die skool gaan van krag tot krag. Ons leerlinggetalle neem steeds toe danksy die bewusmakingswerk wat ons onder personeel en pasiënte doen.

Dit is baie belangrik vir enige kind dat sy omstandighede so normaal moontlik gehou word tydens sy of haar siekte. Sommige van die leerlinge mis baie skooldae gedurende hul verblyf in die hospitaal, en ons probeer om hierdie gaping te oorbrug.

Die skool is 'n veilige hawe vir chronies siek kinders. Sosiaal en emosioneel doen dit die leerlinge goed om na ons skool te kom en 'n skooldag so normaal moontlik te hê.

Ons Ithuba-afdeling (hoërskool) is vir leerlinge uit die Psigiatrisie Eenheid. Ons het tans 16 leerlinge by ons. Weens ons poste-toekenning kan ons nie meer leerlinge inneem nie.



Binnepasiëntstatistiek per saal 2011

SAAL	WERK- LIKE BED- DENS	TOTALE TOELA- TINGS	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS IN	KUMU- LATIEWE TOELA- TINGS	TOTAAL- ONT- SLAAN	STERFTES	DAG- PASIËNTE	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS UIT	SKEI- DINGS	KUMULA- TIEF ONT- SLAAN	BINNE- PASIËN- DAE	PASIËNT DAE	GEMID- DELDE VERBLYF- PERIODE LOS	% BED- BESETTING (U)
A1 Brandwonde	22	498	154	344	393	78	5	109	476	585	6 578	dae	11.2	81.86%
A1 Chirurgie Waaksaal	12	732	687	45	53	48	0	677	101	778	4 022	4 022	5.17	91.73%
A10 Metab	14	556	57	499	521	0	32	35	553	588	2 592	2 608	4.44	50.98%
A2 Torakale Chirurgie Hoërsorg	10	949	559	390	570	12	8	383	590	973	5 745	5 749	5.91	157.33%
A2 Torakale Chirurgie Waaksaal	14	389	374	15	38	18	0	350	56	406	1 558	1 558	3.84	30.46%
A3H Ortopedie	31	1 784	195	1 589	1 650	0	29	129	1 679	1 808	9 986	10 000.5	5.53	88.29%
A3W Ortopedie	31	1 041	179	862	859	18	8	179	885	1 064	10 241	10 245	9.63	90.44%
A4E Neurochirurgie en Torakale Chirurgie	31	593	363	230	458	34	5	142	497	639	7 389	7 391.5	11.6	65.25%
A4W Neurochirurgiese Hoërsorg	18	1 397	866	531	693	36	7	710	736	1 446	7 970	7 973.5	5.51	121.23%
A4W Neurochirurgiese Waaksaal	12	251	214	37	63	61	0	185	124	309	1 198	1 198	3.88	27.32%
A5E Respiratoriese Waaksaal	7	352	275	77	96	91	0	257	187	444	2 291	2 291	5.16	89.57%
A5W Interne Geneeskunde Hoërsorg	13	866	821	45	289	75	2	578	366	944	3 908	3 909	4.14	82.29%
A6 Kardiologie Hoërsorg	16	1 400	550	850	1 011	9	14	385	1 034	1 419	4 366	4 373	3.08	74.80%
A6 Kardiologie Waaksaal	8	836	324	512	325	49	9	511	383	894	1 961	1 965.5	2.2	67.24%
A7 Rendle Hoërsorg	6	340	44	296	321	9	8	20	338	358	1 777	1 781	4.97	81.24%
A7 Rendle Waaksaal	4	25	12	13	20	1	0	6	21	27	331	331	12.3	22.65%
A8 Interne Geneeskunde	28	1 503	1 481	22	1 358	158	0	129	1 516	1 645	9 497	9 497	5.77	92.82%
A8W Dermatologie en Neurologie	27	688	326	362	614	16	1	79	631	710	6 098	6 098.5	8.59	61.81%
A9 Neonatale Waaksaal*	8	372	203	169	85	62	0	277	147	424	2 075	2 075	4.89	70.98%
A9 Pediatriese Waaksaal*	10	497	326	171	61	47	3	428	111	539	2 163	2 164.5	4.02	59.24%
A9 Pediatriese Tragea*	10	23	14	9	17	1	1	1	19	20	1 560	1 560.5	78	42.71%

SAAL	WERK- LIKE BED- DENS	TOTALE TOELA- TINGS	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS IN	KUMU- LATIEWE TOELA- TINGS	TOTAAL ONT- SLAAN	STERFTES	DAG- PASIËNTE	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS UIT	SKEI- DINGS	KUMULA- TIEF ONT- SLAAN	BINNE- PASIËN- DAE	PASIËN- DAE	GEMID- DELDE VERBLYF- PERIODE LOS	% BED- BESETTING (U)
B5E Dagchirurgie	15	2 473	40	2 433	2 356	0	2 131	117	4 487	4 604	73	1 138.5	0.25	20.77%
C1D Resusitasie	4	1 098	336	762	227	172	21	869	420	1 289	1 555	1 565.5	1.21	107.11%
C1D Trauma en Chirurgie	23	6 435	164	6 271	3 924	98	478	2 515	4 500	7 015	12 575	12 814	1.83	152.47%
C2A Kraamsaal	19	8 495	1 913	6 582	594	15	130	7 895	739	8 634	8 280	8 345	0.97	120.20%
C2A Kraamsaal Hoërsorg	4	435	368	67	16	2	0	421	18	439	1 275	1 275	2.9	87.23%
D Grond – Psigiatrie	22	334	217	117	270	0	1	55	271	326	6 225	6 225.5	19.1	77.44%
D1 Vaskulêre Chirurgie	22	1 327	742	585	935	44	14	388	993	1 381	7 522	7 529	5.45	93.66%
D10 Interne Geneeskunde	30	1 645	1 619	26	1 434	130	2	197	1 566	1 763	10 003	10 004	5.67	91.26%
D2 Abdominale Chirurgie	31	1 489	816	673	995	37	50	490	1 082	1 572	6 948	6 973	4.44	61.56%
D3 Plastiese/Rekonstruktiewe Chirurgie	25	1 500	308	1 192	1 362	3	34	137	1 399	1 536	5 849	5 866	3.82	64.21%
D4 Privaat en Kardiologie	29	1 325	378	947	1 151	27	81	175	1 259	1 434	5 709	5 749.5	4.01	54.26%
D5 Abdomen en Kop/Nek en Bors	31	1 380	794	586	1 038	37	3	344	1 078	1 422	8 693	8 694.5	6.11	76.76%
D6 Urologie	32	1 278	392	886	1 168	22	9	120	1 199	1 319	8 222	8 226.5	6.24	70.36%
D7 Oftalmologie	32	2 842	107	2 735	2 703	1	180	138	2 884	3 022	7 691	7 781	2.57	66.55%
D8 Interne Geneeskunde	28	1 438	1 007	431	1 297	95	69	142	1 461	1 603	9 189	9 223.5	5.75	90.15%
D9 Interne Geneeskunde	29	1 668	1 645	23	1 450	142	2	209	1 594	1 803	9 557	9 558	5.3	90.20%
DLG Psigiatrie (GLG)	20	330	90	240	174	0	0	156	174	330	6 316	6 316	19.1	86.43%
F1 Mediese Nood	20	7 790	468	7 322	1 969	249	374	5 823	2 592	8 415	6 937	7 124	0.85	97.48%
F1 Mediese Nood Hoërsorg	6	1 235	357	878	258	211	8	971	477	1 448	929	933	0.64	42.56%
F2M Obstetrie Voorgeboortelik	34	3 106	1 518	1 588	1 471	0	50	1 622	1 521	3 143	9 181	9 206	2.93	74.10%
F4 Ortopedie	32	760	159	601	636	10	18	118	664	782	7 380	7 389	9.45	63.19%
FGR Ginekologie	24	1 793	562	1 231	1 616	33	43	184	1 692	1 876	6 716	6 737.5	3.59	76.83%

SAAL	WERK- LIKE BED- DENS	TOTALE TOELA- TINGS	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS IN	KUMU- LATIEWE TOELA- TINGS	TOTAAL ONT- SLAAN	STERFTES	DAG- PASIËNTE	INTERNE SAAL- OORPLA- SINGS UIT	SKEL- DINGS	KUMULA- TIEF ONT- SLAAN	BINNE- PASIËN- DAE	PASIËNTE DAE	GEMID- DELDE VERBLYF- PERIODE LOS	% BED- BESETTING (U)
G1 Neonatale Geneeskunde	30	1 025	429	596	870	23	16	157	909	1 066	10 648	10 656	10	97.21%
G10 Pediatrisse Geneeskunde	30	1 215	1 003	212	1 054	10	3	158	1 067	1 225	7 726	7 727.5	6.31	70.49%
G2 Neonatale Geneeskunde	24	1 845	2	1 843	849	59	61	998	969	1 967	11 656	11 686.5	5.94	133.26%
G3 Pediatrisse Onkologie	18	608	111	497	567	8	73	41	648	689	3 821	3 857.5	5.6	58.65%
G4 Pediatrisse Chirurgie	25	1 725	323	1 402	1 580	2	88	149	1 670	1 819	6 811	6 855	3.77	75.04%
G5 Oor, Neus en Keel	19	1 464	206	1 258	1 315	6	52	149	1 373	1 522	5 349	5 375	3.53	77.42%
G6LM Pediatrisse Ortopedie	25	1 163	55	1 108	1 120	0	47	38	1 167	1 205	7 442	7 465.5	6.2	81.72%
G7 Pediatrisse infektiewe siektes	23	693	429	264	435	17	12	248	464	712	6 002	6 008	8.44	71.49%
G8 Neonatologie / Kangeroe-moedersorg	30	834	833	1	754	1	0	80	755	835	8 829	8 829	10.6	80.54%
G9 Pediatrisse Interne Geneeskunde	30	1 233	357	876	1 067	8	45	168	1 120	1 288	7 691	7 713.5	5.99	70.37%
GG Pediatrisse Nood	20	4 233	8	4 225	2 993	11	332	1 241	3 336	4 577	4 452	4 618	1.01	63.19%
H1X Stralingsonkologie	21	774	75	699	757	38	10	24	805	829	5 789	5 794	6.99	75.51%
H2X Stralingsonkologie	26	864	70	794	839	46	6	29	891	920	6 599	6 602	7.18	69.49%
J2M Obstetrie Nageboortelik	29	3 072	2 441	631	2 600	0	15	470	2 615	3 085	7 861	7 868.5	2.55	74.25%
J4 Ginekologie	33	2 236	354	1 882	2 056	16	60	184	2 132	2 316	7 243	7 273	3.14	60.32%
J5M Obstetrie Nageboortelik	23	3 926	3 677	249	3 837	0	219	75	4 056	4 131	4 922	5 031.5	1.22	59.87%
J6 Ortopedie	29	932	171	761	728	8	6	206	742	948	8 641	8 644	9.12	81.57%
J7 Traumachirurgie	31	1 473	782	691	1 268	29	4	202	1 301	1 503	8 587	8 589	5.71	75.82%
X(Close)-A9 Pediatrisse/Neonatale Waaksaal**	28		144	102	49	36	0	217	85	302	2 104	2 104	6.97	81.68%
Verslag totaal	1,310	94,583	33,494	61,335	61,277	2,469	4,879	33,490	68,625	102,115	372,304	374,744	7	78%

* Sale op 1 April 2011 geopen ** Sale op 31 Maart 2011 gesluit

Diensgroepebesoeke 2011

DIENSGROEPE	BNB	BEB	GLLR	GD	NBN	NREK	IL
Kliniese Sielkunde	4	1 313		69	135	3	3
Menslike Voeding/ Dieetkunde	71	5 587	28	30	642	2	
Arbeidsterapie	294	12 469	184	327	2 612	16	590
Fisioterapie	7	30 169	13	6 004	105	1	5
Voetheelkunde	1	531		29	410		3
Radioterapie	14	9 620	1	12	17	97	3
Maatskaplike Werk	62	20 291	6	40	193	3	1 209
Spraakterapie	18	4 081	2	516	1 536		254
Oudiologie		219		11			623
Stomaterapie RN	471	84 280	234	7 038	5 650	122	2 690
Grooftotaal	942	168560	468	14076	11300	244	5380

BNB: Bygewoon nie behandel nie BEB: Bygewoon en behandel GLLR: Gekanselleer GD: Gekanselleer op dag NBN: Nie bygewoon nie
NREK: Nie vasgelê/op rekord nie IL: Inloopbesoeke

Buitepasiëntstatistiek bywoningskoerse 2011

SPECIALITEITSGROEP	BYGEWOON NIE BEHANDEL NIE	BYGEWOON	NIE OP REKORD	INLOOPBESOEKE
Ginekologie	184	15 505	2	9 126
Kraam	191	18 129		26 793
Geneeskunde	770	125 336	48	21 761
Niespesialis volgens Departement van Gesondheid	278	45 649	1	74 655
Ortopedie	361	21 062	1	3 628
Pediatrie	110	15 610		12 140
Psigiatrie	19	3 692	1	1 780
Chirurgie	1 157	62 774	6	26 599
Grooftotaal	3 070	30 7757	59	176 482

Buitepasiëntstatistiek 2011 – spesialisklinieke

	NUUT	OPVOLG
Brandwonde	310	345
Kardiorakale	474	999
Kardiologie	6 733	19 235
Kinderpsigiatrie	265	1 651
Kliniese Hematologie	6	251
Dermatologie	2 356	9 155
Diagnostiese Radiologie	26 851	89 263
Oor, Neus en Keel (ONK)	3119	5 927
Pediatriese ONK	827	1 390
Noodgeneeskunde	3 564	928
Endokrinologie	541	3 174
Gastroënterologie	3 079	10 514

	NUUT	OPVOLG
Algemene Geneeskunde	1 456	5 977
Algemene Pediatrie	16	52
Algemene Psigiatrie	952	2 624
Algemene Chirurgie	1 625	2 314
Algemene Abdominale Chirurgie	28	222
Geriatrise Geneeskunde	147	609
Ginekologiese Endokrinologie	1 600	2 375
Ginekologiese Onkologie	8 895	10 780
Ginekologie	917	5 512
Kop-, Nek- en Borschirurgie	719	19 457
Infektiewe Siektes	27	151
Maksillo-Fasiale Chirurgie	273	1 715
Neonatale Geneeskunde	378	12 249
Nefrologie	1 805	3 195
Neurologie	905	2 423
Neurochirurgie	2 030	2 012
Kerngeneeskunde	9 312	35 801
Obstetrie	452	2 243
Beroepsgesondheid	4 644	16 997
Oftalmologie	98	986
Ortopediese Gewrigvervanging	2 030	9 207
Ortopediese Trauma	895	4 264
Ortopedie	1 213	4 477
Ortopedies Hande	50	677
Pediatriese Allergie	148	937
Pediatriese Kardiologie		1
Pediatriese Kliniese Hematologie	19	160
Pediatriese Kliniese Immunologie	11 185	1 579
Pediatriese Noodgeneeskunde	87	1 123
Pediatriese Endokrinologie	58	500
Pediatriese Gastroenterologie	85	292
Pediatriese Menslike Genetika	291	1 018
Pediatriese Infektiewe Siektes	81	1 853
Pediatriese Mediese Onkologie	89	1 133
Pediatriese Nefrologie	464	2 393
Pediatriese Neurologie	161	1 721
Pediatriese Ortopedie	101	1 319
Pediatriese Respiratoriese Geneeskunde	14	147
Pediatriese Rumatologie	691	584
Pediatriese Chirurgie	480	3 989
Aptek – Herhaalde voorskrifte	1 309	3 084
Plastiese Rekonstruktiewe Chirurgie	2 221	23 984
Stralingsonkologie	300	111
Reproduktiewe Geneeskunde	1 226	4 813

	NUUT	OPVOLG
Respiratoriese Geneeskunde	369	3 543
Rumatologie	16 741	4 614
Trauma	2 652	9 268
Urologie	883	1 804
Vaskulêr	128 247	359 121
Groototaal	256,494	718,242

2011	TOTALE KOPELLINGS		TOTALE BYWONINGS	
DEPARTEMENTE	NUUT	OPVOLG	NUUT	OPVOLG
Kliniese Sielkunde	190	981	248	1 072
Menslike Voeding/Dieetskunde	228	324	2 531	3 272
Arbeidsterapie	2 348	6 624	3 792	11 468
Fisioterapie	1 920	8 919	6 508	34 625
Voetheelkunde	101	426	102	433
Radioterapie	866	11 383	1 197	15 623
Maatskaplike Werk	4 464	8 813	8 559	16 444
Spraakterapie/Oudiologie	1 363	3 518	1 428	4 778
Stomaterapie RN	96	503	157	681
Groototaal	11 576	41 491	24 522	88 396

	LANGER AS 60 MIN		KORTER AS 30 MIN		KORTER AS 60 MIN	
	HOSPITAAL	PRIVAAT	HOSPITAAL	PRIVAAT	HOSPITAAL	PRIVAAT
TBH B1AB Abdominale/Neuro/ Rekonstruktief	886	123	5	1	80	11
TBH B1CD Nood/Chirurgie	3 415	1 019	138	28	1 124	229
TBH B1EF Kardiorakaal	538	69	1	0	25	1
TBH B1GH Abdominaal/Ped./ Vask./Mamm.	982	89	23	0	249	18
TBH B1IJ Gedeelde ONK + Urologie	1 055	81	50	2	348	22
TBH B3QR Pediatryse Chirurgie / Ortopedie	166	23	15	1	64	9
TBH B3ST Ginekologie	695	80	10	1	151	12
TBH B3UV Trauma/Ortopedie	341	147	171	33	329	56
TBH B3WX Ortopedie	764	285	42	14	238	72
TBH B3YZ Oftalmologie	747	86	289	25	898	79
TBH C1AT Brandwonde Volw.	335	20	167	12	230	25
TBH C2AT Obstetrie	982	21	71	1	1 496	20
TBH C4B Teater	476	36	160	18	369	26
TBH C5BT Daggevalle chirurgie	248	24	676	102	646	66
TBH C6AT Urologie/Sistoskopie	196	35	1378	204	594	67
TBH C8DT Kardiologie Kateterlab.	259	41	312	43	535	74
TBH CGW Koebergteater	105	22	53	10	151	21
Totaal	12 190	2 201	3 561	495	7 527	798

Tygerberg-hospitaal
Privaatsak X3, Francie van Zyl-laan, Tygerberg 7505
tel: +27 21 938 4911 **faks:** +27 21 938 4890
Webtuiste: www.westerncape.gov.za

Die Engelse en Xhosa-weergawes is elektronies beskikbaar op versoek.



**Wes-Kaapse
Regering**

Gesondheid